University of Pretoria etd – Van Wyk, B J (2005)

DIE KERKORDE EN DIE KERKLIKE REG IN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA AAN DIE HAND VAN DIE PRESBITERIAAL-SINODALE KERKBEGRIP

B J van Wyk

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Philosophiae Doctor (PhD) in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria

Promotor: Prof dr S J Botha

31 Oktober 2004

Voorwoord

Die voltooiing van ‘n proefskrif vul die skrywer daarvan met besondere dank. Dit vanweë die omvang, asook die insette wat ‘n studie van die aard verg. Die toekoms hou soms verrassende moontlikhede in wat by eerste oorweging oënskynlik geen meriete het nie, maar dikwels realiseer in afgehandelde gebeure, wat deel uitmaak van die herleefbare verlede wat sin gee aan die hede. Die skryf van hierdie tweede proefskrif is die gevolg van die voorneme om kommentaar te lewer op die gebruik van die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk as poging om die agtergrond en prinsipiële onderbou van die Reformatoriese Kerkreg, meer toeganklik te maak. Op aanbeveling van kollega prof dr Andries van Aarde het díé proefskrif vorm aangeneem naas die beplande kommentaar wat nog op afhandeling wag.

Hiermee word dank betuig aan die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wat die ruimte is waarbinne die eb en vloed van bedienaar van die Woord as voortreflike dienswerk, beoefen en met toewyding uitgeleef kan word. Die Kerk dien ook as werkruimte vir die beoefening van die kerklike reg, en daarom is die proefskrif bedoel as ‘n werktuig vir die beoefening van die kerklike reg in die Hervormde Kerk.

‘n Hartlike woord van dank aan prof dr Schalk Botha vir sy simpatieke ontvangs, en bruikbare insette tydens die skryf en voltooiing van die proefskrif.

Met groot dankbaarheid word ook die naam van Buks van Staden vermeld wat bereid was om taalkundig na die werkstuk te kyk en op die wyse ‘n waardevolle bydrae gelewer het.

Dank word ook betuig teenoor die Universiteit van Pretoria, met besondere verwysing na die toekenning van ‘n studiebeurs, wat die studie finansieel aansienlik vergemaklik het.

Die Nederduitsch Hervormde gemeente Tsumeb vir wie dank geboekstaaf word, was geduldig en verdraagsaam wat my laat begaan het om díé werkstuk in ‘n relatief kort tyd, af te handel.

Dank en waardering gaan ook aan almal wat met belangstelling verneem het na die vordering van die studie. Besondere dank is waarskynlik verskuldig aan Rensché wat ook gewoond geraak het aan die impak wat proefskrifte op huishoudings het.

Waarskynlik is dit ook gepas om nie na te laat nie om die woorde van prof dr Frans van Zyl in herinnering te roep wat by die aanvang van die teologiese studie reeds daarop gewys het dat 'n dominee wat nie studeer nie, nie bekeer is nie! Die opmerking maak die kern van enige dankbetuiging weer eietyds, naamlik om al die lof en dank te wy aan die Hoof van die kerk, en Heer van die wêreld. Miskien kan die proefskrif ook instrumenteel wees om die weg van akademiese studie aan te dui as ‘n handige stuk gereedskap om die onmoontlike moontlikheid van die opdrag om soos die Here te sê, uit te voer.

‘Denn wie wollen wir ernten, wenn wir gar nicht säen, wie wollen wir Antworten empfangen, wenn wir gar keine Fragen haben, wie wollen wir siegen, wenn wir nicht gekämpft haben’?

(Eduard Thurneysen)

‘Mits de eis van kerkelijk denken, dat er verband is tussen belijdenis en organisatie, worde vastgehouden’.

(Noordmans 1984: 444)

Pretoria

31 Oktober 2004

University of Pretoria etd – Van Wyk, B J (2005)

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

Verantwoording 1

HOOFSTUK 2

Historiese oorsig 8

2.1 Inleidend 8
2.2 Die ontstaan, verloop en vorming: ‘n stelsel op Calvinistiese lees geskoei 11
2.3 Ontwikkeling op Nederlandse bodem 19
2.4 Die Algemeen Reglement van 7 Januarie 1816 30
2.5 Die Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk van 1 Mei 1951 45
2.6 Die 1951 Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 54
2.7 Die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk sedert 1997 57

HOOFSTUK 3

Bybels-Reformatoriese teologie 61

3.1 Bybels-Reformatoriese teologie soos gesien deur enkele woordvoerders in die Kerk 61
3.2 Bybels-Reformatoriese teologie volgens die drie formuliere van eenheid 67
3.3 Samevattend 80

HOOFSTUK 4

Presbiteriaal-sinodaal 83

4.1 Inleidend 83
4.2 Jesus Christus Hoof van die kerk en Heer van die wêreld 87
4.3 ‘n Skriftuurlike kerkorde 89
4.4 Die gemeente as grondslag 92
4.5 Die amp 94
4.6 Die vergaderings van die ampte 101
4.6.1 Die kerkraad 101
4.6.2 Die ring of klassikale vergadering 106
4.6.3 Die sinodale vergaderings 107
4.7 Drie belangrike beginsels 111
4.7.1 Anti-hiërargies 111
4.7.2 Anti-independentisties 112
4.7.3 Rotasiebeginsel 114
4.8 Die leer, sakramente en seremonies 117
4.9 Kerklike dissipline 129
4.10 Kerk en owerheid 134
4.11 Samevattend 143

HOOFSTUK 5

Die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk: Kerkbegrip 145

5.1 Inleidend 145
5.2 Jesus Christus: Hoof van die kerk en Heer van die wêreld 153
5.3 Belydenis 163
5.4 Die ampte 185
5.5 Vergaderings van die ampte 206
5.5.1 Vergaderings in die gemeente 208

5.5.2 Vergaderings op ringsvlak 212
5.5.3 Vergaderings op sinodale vlak 213
5.5.4 Die gesag van meerdere of bykomende vergaderings 224
5.6 Drie belangrike beginsels 241
5.6.1 Anti-hiërargies 241
5.6.2 Anti-independentisties 241
5.6.3 Rotasiebeginsel 241
5.7 Die leer, sakramente, kerklike feesdae en geleenthede 248
5.7.1 Die leer van die Kerk 248
5.7.2 Die doop 248
5.7.3 Die nagmaal 251
5.7.4 Eredienste en ander kerklike feesdae en geleenthede 254
5.8 Kerklike dissipline 257
5.9 Kerk en owerheid 270

HOOFSTUK 6

Samevattende nabetragting 278

Bibliografie 286

Samevatting 304

English summary 306

HOOFSTUK 1

VERANTWOORDING

Wanneer die ontstaan en verloop van die Reformatoriese kerk in oënskou geneem word sedert die Reformasie in die sestiende eeu, kom die name van Johannes Calvyn (1509-1564) en Martin Luther (1483-1546) noodwendig ter sprake as twee figure wat ‘n beduidende bydrae gelewer het om die Hervorming op dreef te bring en daaraan substansie te gee, veral deur woord en geskrif. Hoewel Luther ietwat ouer was as sy Geneefse kollega het Calvyn sy selfstandigheid behou ten opsigte van Luther en bepaalde fasette van kerkwees verder ontwikkel en verdiep. Dit is veral wáár met betrekking tot die orde van die kerk wat Calvyn op grond van die Skrif gereformeer en sodoende die presbiteriaal-sinodale kerkvorm in aansyn geroep het.

> Luther heeft zelf meerdere malen een episcopale kerkorde aanbevolen en zelfs ook stappen ondernomen om deze in te voeren. Gezegd moet worden, dat Luther het bisschopsambt totaal anders opvatte dan Rome en dat hij aan de bisschop geen andere taken toekende dan aan de herder of pastor, nl. de bediening van Woord en Sacrament. In verzet tegen de roomsche hiërarchie is Luther even fel als Calvijn, maar Luther heeft de hervorming niet doorgezet tot in de kerkorde toe....De presbyteriale orde is in westerse landen van wereldhistorische betekenis geworden.
>
> (Balke 1982: 102)

Calvyn en Luther se paaie loop op díé punt uitmekaar daar Calvyn ingesien het dat die leer van die kerk ook ‘n bepaalde orde na vore roep, terwyl Luther uitgegaan het van die *cuius regio, eius religio* beginsel wat daarop neergekom het dat die orde en dissipline van die kerk aan die burgerlike owerheid oorgedra word in die persoon van die staatshoof. ‘De Lutherse opvattingen over de “Zwei Regimente” in deze wereld hebben maar al te gemakkelijk ten gevolge, dat men in Lutherse kringen heel licht geneigd is de ordeningen voor de empirische Kerk aan het overheids-regiment over te laten, dat daarvoor burgerrechtelijke regelingen treft’ (Haitjema 1951: 9).

Die Hervorming onder Calvinistiese invloed loop daarop uit dat oral waar die beweging veld wen en in gemeentes sigbaar word, kom ook die kerklike orde ter sprake as die manier waarop die kerk van die Reformasie homself verstaan het, en as aanduiding hoe díé selfverstaan van die kerk in gemeentes gestruktureer is. Dit is uit die gang van die Reformasie duidelik dat kerkwees wat noodwendig in gemeentevorming sigbaar word, ook gepaard gaan met kerkordelike vormgewing. Daarbenewens blyk ook dat kerkordelike maatreëls nie net deur die praktyk bepaal is nie, maar deur ‘n Skriftuurlike basis voorafgegaan word, wat noodwendig beteken dat die belydenis van die kerk ook hier ter sprake kom. Daarom is dit ook so dat die kerkbegrip sedert die Reformasie ‘n wesenlike deel vorm in die belydenisskrifte van die kerk.

Dit is begryplik dat Calvyn hom daarvoor beywer om in Genève ‘n kerklike orde daar te stel wat op 20 November 1541 na sameroeping van die burgery in die St Pierre-kerk, plegtig voorgelees word (Pont 1981: 21; Plomp 1969: 166, 190). Dieselfde gebeur op Franse bodem tydens die eerste sinodale vergadering gehou op 25 of 26 Mei 1559. Daar word ‘n kerkorde opgestel vir al die Franse gemeentes wat sy oorsprong vind in die kerkorde van 1557 en die Ordonnances Ecclésiastiques van 1541 uit Genève. Die kerkorde van 1557 was ‘n eerste poging wanneer Chandieu na Poitiers gaan om kerklike vraagstukke op te los, en dra die titel: *Articles polytiques pour l’Eglise réformée selon le Saint Evangile* (Pont 1981: 48).

Die belangrike werk van die Reformasie spoel ook oor op Nederlandse bodem, en beteken dat sinodale vergaderings aandag gee aan kerkordelike maatreëls wat in kerkordes gegiet word as die manier hoe die kerk sy werk in die wêreld wil doen, en tegelyk as aanduiding hoe die kerk homself verstaan. Die situasie in Nederland kan gevolg word vanaf die Konvent van Wezel 1568 tot en met die Dordtse Sinode van 1618-19. Laasgenoemde vorm ‘n bepaalde afsluiting, omdat sedert 1619 geen verdere sinodale vergaderings plaasvind waar kerkordelike besluite geneem word nie, tot en met die invoering van die Algemeen Reglement van 1816 wat op sigself ‘n totaal ander kerkregtelike tradisie verwoord wat nie met die voorafgaande ontwikkeling vergelyk kan word nie. Juis by vergelyking van die kerkregtelike ontwikkeling aan die hand

van die Kerkorde van die Sinode van Dordt van 1618-19 en die Algemeen Reglement van 1816, word dit duidelik dat kerkorde en die selfverstaan van die kerk, nou met mekaar verwant is en wesenlik aanduiding vorm van dieselfde saak.

In die lig van die voorafgaande, en vanweë die feit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika homself sien as deel van die kerkregtelike tradisie wat sedert die Hervorming via Nederland ook in Suid-Afrika beslag kry, spreek dit vanself dat kerkwees hier ook beteken om aan die kerklike orde en sy agtergronde aandag te gee. Daarom is daar sedert die vestiging van die kerk met die koms van die volksplanter Jan van Riebeeck op 6 April 1652, en die eerste predikant ds Johan van Arckel wat op 18 Augustus 1665 in die Kaap arriveer, sprake van kerkordelike vormgewing óók met betrekking tot die Nederduitsch Hervormde Kerk (kyk Pont 1991). Die Nederduitsch Hervormde Kerk beskou die totale kerkregtelike ontwikkeling sedert die Reformasie met goeie reg, ook as deel van sy eie kerkregtelike agtergrond.

Wanneer die naam van Calvyn en Luther genoem word en die Reformatoriese Kerk as gevolg van die Hervorming ter sprake kom, dui dit op ‘n radikale afgrensing teen die Roomse Kerk. Dit is duidelik sedert die openbare daad van Luther toe hy op 10 Desember 1520 in die openbaar die Roomse kerkorde, die *Corpus iuris canonici* onder andere, verbrand het (Brecht 1983: 403-4; Haitjema 1951: 10; Van Itterzon 1958: 7). Die belangrikste oorsaak van die Hervorming kan inderdaad toegeskryf word aan twee kerkbegrippe wat lynreg teenoor mekaar staan en onversoenbaar is (Van Wyk 1991: 2). Luther se verbranding van die Roomse kerkorde verwoord hoe verwyderd die inhoud van díé kerkorde geraak het van die vormgewing wat Calvyn, en andere later aan die kerkordelike vorm geheg het, as resultaat van die riglyne wat in die Skrif en die belydenisskrifte gevind word.

Die kerklike orde is nie net van historiese waarde nie. Uit kerkordes word die selfverstaan en hoe die kerk sy dienswerk in die wêreld sien, gevind. In díé sin vorm kerkordes ‘n handige verwysing uit die verlede, met die oog op die toekoms. Noordmans (1984: 444) verwoord die saak met sy stelling: ‘Mits de

eis van kerkelijk denken, dat er verband is tussen belijdenis en organisatie, wordt vastgehouden'. Die argument kan verder op die spits gedryf word met die bewering dat kerk as sodanig kerkorde impliseer, en dat geen kerk sonder 'n kerkorde kan wees nie ongeag die kerkordelike tradisie waarin 'n kerk hom mag bevind. Wanneer die Nederduitsch Hervormde Kerk in die eerste Ordereël van sy Kerkorde in gemeenskap met die kerk van alle eeue bely dat sy belydenis behalwe in die drie ekumeniese belydenisskrifte, óók in die drie Reformatoriese belydenisskrifte, die drie formuliere van eenheid, te wete: die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls gevind word, dui dit op sy Reformatoriese erfenis wat 'n duidelik omlynde kerkregtelike tradisie verwoord (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 2001=NHKA 2001: 1).

Die vraag na die geldende kerkregtelike tradisie in die Nederduitsch Hervormde Kerk, het die Presbiteriaal-sinodale kerkregering as antwoord. Die feit dat die Kerk terughoudend is om van 'n sogenaamde Hervormde teologie te praat (Koekemoer: 1994: 19), en verkies om van die dubbel begrip Bybels-Reformatories as aanduiding van 'n Hervormde teologie gebruik te maak, kom daarop neer dat die Kerk van oortuiging is dat die Presbiteriaal-sinodale kerkregering die kerkregtelike verlenging uitmaak van die Bybels-Reformatoriese teologie.

Op die terrein van die kerklike reg het prof A D Pont besondere grondliggende werk gedoen soos blyk uit 'n groot aantal artikels en publikasies (Van Wyk 1992: 539 verv), asook deur sy tweedelige werk wat die historiese agtergronde van die kerklike reg uiteensit (Pont 1981; 1991). Onder sy leiding het ook die enigste proefskrif tot dusver op die terrein van die kerklike reg verskyn (Van Wyk: 1989). Hy is opgevolg deur prof S J Botha wat self deur verskeie artikels en publikasies van kerkregtelike aard (Breytenbach 2001: 725 verv.) die vormende werk van die kerklike reg voortgesit het tot en met sy aftrede aan die einde van 2000. Sedertdien, en as gevolg van die feit dat die Teologiese Fakulteit van die Nederduitsch Hervormde Kerk met díé van die Nederduitse Gereformeerde Kerk moes saamsmelt, het die bedeling waar iemand voltyds Kerkgeskiedenis en Kerkreg doseer, verval. Die Kerk is

daardeur verplig om selfstandig aan die twee vakgebiede aandag te gee wat vanuit die Teologiese Kollege met die hulp van deeltydse dosente gedoen word. Om aan die taak uitvoering te gee het die Werkgroep vir Kerkgeskiedenis en Kerkreg formeel op 26 Februarie 2004 ontstaan, wat die verantwoordelikheid aanvaar wat die Departement Kerkgeskiedenis aan die Fakulteit gehad het (NHKA 2004d).

Die in gebruik neming van die Kerkorde in 1997 was ‘n besondere gebeurtenis in die kerkregtelike ontwikkeling in die Kerk aangesien die Kerkwet wat deur die Kerkorde vervang is, wesenlik ‘n aangepaste weergawe was van die 1951 Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk. Die reaksie op die Kerkorde was nie net positief nie, vir sommige teleurstellend, selfs negatief (Oberholzer 1999: 456). Die reekse kerkordelike wysigings tydens Algemene Kerkvergaderings sedertdien, waarvan sommige ingrypende wysigings uitmaak wat tekort doen aan die besondere uitgangspunte soos deur die Presbiteriaal-sinodale kerkregering verwoord, wek die indruk dat ‘n bepaalde ongemak beleef word met die geldende kerkordelike maatreëls wat in die Kerkorde gevind word.

Die besluite van die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering, met besondere verwysing na die herinvoering van die deeltydse predikant en die toepassing daarvan in die praktyk van die Kerk, getuig nie van besondere kérklike denke nie, en maak die afleiding moontlik dat die beginsels wat onderliggend is aan die huidige Kerkorde en die tradisie wat daardeur verwoord word, nie uitermate belangrik geag word nie. Die feit dat predikante genoop word om hulle lewenstog óók buite die kerk aan te vul, bring die Algemene Kerkvergadering daartoe om die deeltydse predikant wéér in te voer, maar die feit dat deeltydse ampswerk nou moontlik is, vind sy toepassing in die praktyk onder andere daarin dat bedienaars van die Woord daarvan gebruik kan maak na eie diskresie. ‘n Maatreël wat dus bedoel was om bedienaars van die Woord te hulp te kom wat nie volledig deur gemeentes versorg kan word nie, word nou ook benut deur predikante in voltydse standplase wat vir redes van hulle eie, beroepe buite die kerk volg, maar terselfdertyd nog ampsvoorreg wil geniet.

Die studie poog om opnuut die herkoms en omvang van die geldende kerkregtelike beginsels bloot te lê om sodoende ‘n bydrae te lewer vir die toepassing daarvan in die kerklike lewe. Dit is van wesenlike belang dat vasgehou word aan die geldende uitgangspunte in die Reformatoriese Kerkreg, sodat Kerkreg in die Kerk vanuit die genuanseerde agtergrond, eie aan die kerkbegrip wat in die Kerkorde verwoord word, beoefen word.

Die proefskrif wend ‘n poging aan om die kerkbegrip wat in die Kerkorde ter sprake kom te omlyn teen die norm waarbinne die Kerk as Reformatoriese kerk hom bevind, die Bybels-Reformatoriese teologie, met die kerkregtelike verlenging, die Presbiteriaal-sinodale kerkregering. Die studie neem ‘n aanvang met ‘n oorsigtelike historiese inleiding gevolg deur ‘n uiteensetting van wat onder die sogenaamde Bybels-Reformatories teologie verstaan kan word. Daarna word in ‘n volgende hoofstuk die Presbiteriaal-sinodale kerkregtelike stelsel soos dit vorm aangeneem het sedert Calvyn, en die verdere ontwikkeling in Nederland omskryf wat as maatstaf moet dien vir die uiteindelike beoordeling van die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk, en die kerkordelike praktyk wat daarop volg.

Presbiteriaal-sinodaal het in die reeds genoemde enigste proefskrif ter sprake gekom aan die hand van die Kerkorde van die Sinode van Dordrecht 1618-19, aangevul deur die agtergronde wat daarop invloed uitgeoefen het, asook die toepassing daarvan in die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat gegeld het tot en met die invoering van die Kerkorde in 1997. Die huidige studie neem die Bybels-Reformatoriese teologie en die kerkregtelike verlenging daarvan wat in die Presbiteriaal-sinodale kerkregering ter sprake kom, as maatstaaf waaraan die geldende Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk vergelyk word. Hier kan ook gemeld word dat die Kerk in die verlede ‘n keuse gemaak het vir die Presbiteriaal-sinodale kerkregering en dat die besluit nie sedertdien herroep is nie (NHKA 1967: 179). Die mening bestaan ook dat kennis en vertroudheid met die beginsels en agtergronde van die kerkregtelike tradisie waarop die Kerkorde berus, waardevolle diepgang in die kerklike lewe tot gevolg kan hê.

In die verloop sal ook verwys word na ander kerkregtelike tradisies wat moontlik ‘n rol speel in die Kerk se kerkregtelike denke en praktyk. Wesenlik wil die proefskrif ‘n bydrae lewer tot die beter verstaan en hopelik meer entoesiastiese beoefening van die *Reformatoriese* Kerkreg in die lewe van die Nederduitsch Hervormde Kerk, as kerklike reg wat weliswaar ín die praktyk funksioneer, maar níé deur die praktyk gevorm en bepaal word nie.

HOOFSTUK 2

HISTORIESE OORSIG

2.1 Inleidend

Die godsbegrip onderliggend aan die Presbiteriaal-sinodale stelsel gaan prinsipieel uit van ‘n optimistiese godsbeskouing wanneer Jesus Christus as Hoof van die kerk en Heer van die wêreld bely word. Daarnaas impliseer díé uitgangspunt ‘n pessimistiese mensbeskouing, ‘n mens wat in sonde geval en daaruit alleen deur Jesus Christus uit genade verlos kan word. Dit is juis wat in die Presbiteriaal-sinodale stelsel gevind word wanneer gestel word dat die hoekpilaar van díé kerkregtelike stelsel saamgevat word in die feit dat Jesus Christus Hoof van die kerk, en Heer van die wêreld is. Die feit word in die Kerkorde bely wanneer gestel word ‘[a]mpsdraers is dienaars van Jesus Christus, die enigste Hoof van die kerk’ (NHKA 2001: 36; Van Wyk 1991: 175). Van ‘t Spijker (1987: 432) wys daarop dat Martin Bucer die eerste van die reformatore was wat díé uitgangspunt op die regering van die kerk van toepassing gemaak het. ‘Bucer was de eerste, die het beginsel van de Christusregering toepaste op de kerk, en die daarmee de gedachte, dat Christus het Hoofd van zijn gemeente is hanteerde in het afwijzen van elk hiërarchisch getint vicariaat enerzijds,...’.

Daaruit vloei voort dat wanneer die Hoof en Heerskap van Jesus Christus op die wyse aan die orde gestel word, ‘n wesenlike uitgangspunt van die belydenis van die kerk ter sprake kom. Alhoewel die kerklike orde nie ‘n bykomende belydenis van die kerk is nie, dra dit ‘n belydende karakter. Dit onderskei ‘n kerklike orde ook sonder meer van die konstitusie van ‘n vereniging, wat op bestuur ingestel is. ‘Een organisatie, die op besturen en niet op belijden is ingesteld, mag die naam niet dragen’ (Noordmans 1984: 431; 1984: 446). ‘n Verdere opmerking van dieselfde skrywer in die verband is die volgende: ‘Als de ouderling bestuurslid is, wordt de predikant ambtenaar’ (1984: 446). Wanneer Noordmans (1984: 444) daarop wys dat kerklike denke die voorwaarde is vir kerklike orde, bedoel hy dat daar verband bestaan

tussen belydenis en organisasie. Daarom is dit begryplik dat die Nederduitsch Hervormde Kerk in sy Algemene Kerkvergadering bevestig dat die Presbiteriaal-sinodale stelsel die kerkregtelike vormgewing is waarbinne die Kerk sy roeping in die wêreld sal uitleef.

Die belydende karakter van die Presbiteriaal-sinodale stelsel, dat Jesus Christus Hoof van die kerk en Heer van die wêreld is, dui die episkopale sowel as independentistiese of kongregasionalistiese stelsels van kerkregering as onbruikbaar aan. Kenmerkend van die episkopale stelsel is die wesenlik hiërargiese aard daarvan wat die kerkvolk verdeel in geestelikes en leke. Die pous van Rome as die hoof van die Rooms-Katolieke Kerk beklee ‘n gesagsposisie as opperherder wat ook beteken dat die kerk gesag oor die burgerlike owerheid voer. Alhoewel biskoppe ook gesag uitoefen is hulle tog aan die gesag van die pous ondergeskik. Hierdie vorm staan bekend as die monargale episkopaat. Daar bestaan ander variante van die stelsel wat hier met rus gelaat word (Van ‘t Spijker 1990a: 301).

Die independentisme of kongregasionalisme is verskillende aanduidinge vir dieselfde saak. Die kongregasionalisme dui op die gemeente as uitgangspunt wat as sodanig die draer is van alle kerklike gesag. Die lede van die gemeente het die bevoegdheid om alle sake selfstandig te hanteer. Die naam independentisme dui daarop dat die gemeente nie van ‘n biskop of ‘n sinode afhanklik is nie, terwyl in breëre sin die onafhanklikheid ten opsigte van belydenis en kerkverband ook ‘n rol speel (Van ‘t Spijker 1990b: 313). Bronkhorst (1947: 245) sien die kerkbegrip van die independentisme soos volg: ‘Kenmerkend voor het kerkbegrip der Independenten is al dadelijk, dat het accent valt sterk op de onzichtbare Kerk. Slechts de waarlijk wedergeborenen, de beproefde Christenen, kunnen tot de Kerk worden gerekend’.

Miskien is dit goed om ook die volgende mening van Balke (1992: 119) oor die saak te oorweeg:

> Er is maar een smalle weg tussen episcopalisme en congregationalisme. Het episcopalisme zoekt de uniciteit en de katholiciteit te garanderen door een strakke en hiërarchische kerkvorm. De waarheid wordt er onder bedolven terwijl de liefde er binnen verkilt….
>
> Het congregationalisme meent met een beroep op de vrijheid des Geestes over te kunnen gaan tot vrije gemeentevorming, die ieder iets vertonen van de veelkleurige eenheid en katholiciteit van de kerk. Echter de waarheid wordt gedegradeerd tot deelwaarheid, tot groepswaarheid. En de liefde gaat op in de warmte binnen de eigen groep….Het congregationalisme gaat uit van groepen van gelovigen (congregations), die zich dan kerkelijk organiseren. Het ideaal is: vrije zelfstandige gemeenten van ware gelovigen te vormen, die alleen Jezus Christus als Hoofd erkennen. Men wil vrij zijn van de staat, vrij van bisschoppen, vrij van synodale inmenging, vrij van iedere dwang van buiten of van boven af. Men verwerpt de belijdenis en de ambten. God is immers Zelf de herder van Zijn kudde.

Uit bogenoemde verwysing na die episkopale sowel as na die independentistiese of kongregasionalistiese stelsels van kerkregering, is dit duidelik waarom die presbiteriaal-sinodale stelsel van kerkregering in die Calvinistiese dampkring na vore gekom het as vrug van die Reformasie, met besondere verwysing na die vormende denke van Johannes Calvyn (1509-1564). Selfs die kerkregtelike stelsel wat in die Lutherse denke vorm aanneem en deur die uitgangspunt *cuius regio, eius religio* bepaal is, is deur die Presbiteriaal-sinodale stelsel as ‘t ware gekorrigeer. Dit is ook duidelik dat die nahou van ‘n bepaalde kerkbegrip bepalend is vir die kerkregtelike sisteem wat deur sodanige kerkbegrip vergestalt word. Die Nederduitsch Hervormde Kerk is van oortuiging dat die Presbiteriaal-sinodale stelsel diensbaar is in die belydenis dat Jesus

Christus Hoof van die Kerk en Heer van die wêreld is en gevolg gee aan die roeping van die Kerk wat op die titelblad van die Kerkorde onder andere stel: 'Die roeping van die kerk is om die blye boodskap van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, as die enigste Verlosser te bely en in die wêreld te verkondig' (NHKA 2001: titelblad).

2.2 Die ontstaan, verloop en vorming: 'n stelsel op Calvinistiese lees geskoei

Die vraag na die herkoms van die Presbiteriaal-sinodale stelsel van kerkregering, verplaas die gedagtegang terug na die Reformasie, na die ordenende denke van Johannes Calvyn. 'Dit was Calvyn, as hervormer van die tweede generasie, wat die voorafgaande dinkwerk saamgevat het en 'n kerklike orde ontwerp het wat bepalend vir die denke van die Calvinistiese kerke geword het' (Van Wyk 1991: 4). Wanneer dit so gestel word, beteken dit nie dat die bydraes van ander uitgesluit is, of dat Calvyn geen invloed van tydgenote ondergaan en verdiskonteer het nie. Verskillende skrywers beklemtoon egter die belangrikheid van die beginselvaste dinkwerk van Johannes Calvyn (Van Wyk 1991: 4).

Beklemtoning van die belangrike denkarbeid van díé hervormer verplaas die aandag meteen na Genève waar hy werksaam was, en 'n besondere bydrae gelewer het om in omstandighede eie aan sy tyd, vormende dinkwerk te verrig met die oog op die daarstelling van 'n kerklike ordening.

Díé eerste kerklike orde wat grootliks die resultaat was van die invloed en insig van Calvyn word op 9 November deur die Raad van Tweehonderd en op 20 November 1541 deur die Algemene Raad goedgekeur. Plomp (1969: 166) gee daaraan uitdrukking wanneer hy sê:

> De neerslag van deze wordingsgeschiedenis van de *Ordonnances ecclésiastiques* kunnen wij volgen van concept tot *textus receptus*. Het concept, door Calvijn zelf

> geschreven, bevindt zich in het archief van de stad Genève. In margine en in de tekst zijn toevoegingen aangebracht, zinnen geschrapt en uitdrukkingen vervangen, door een andere hand: die van de man die in die tijd gewoonlijk de notulen van de raadsvergaderingen verzorgde, secretaris Pierre Ruffi.

Die besondere betrokkenheid van Calvyn nadat hy na Genève teruggeroep is, word ook in ‘n brief aan Farel gereflekteer. Hy beklemtoon eerstens die noodsaak van ‘n kerkorde om dissipline te handhaaf wanneer hy skryf: ‘Toen ik de Raad mijn diensten aanbood, deed ik dat met de wetenschap, dat een kerk niet kan bestaan, wanneer niet een tucht wordt ingevoerd, zoals deze in het Woord des Heeren ons is voorgeschreven en in de oude kerk in acht genomen is’. Verder kom sy betrokkenheid in die opstel van die Geneefse Kerkorde ook aan die lig met die volgende meedeling: ‘Zes werden er benoemd. We gaan nu de gehele kerkenorde in artikelen opzetten, welke aan de Raad zullen worden voorgelegd’ (Kuijt 1986: 96).

Díé uitspraak van Calvyn dui aan dat die basiese beginsel van waaruit hy redeneer daarop neerkom dat die noodsaak van ‘n kerkorde deur die Skrif gegee word. Uit die brief is onder andere ook duidelik dat die kerklike dissipline deur Calvyn belangrik geag word.

Die mening dat Calvyn verantwoordelik was vir die kerkorde van Genève wat in 1541 goedgekeur word, is dus nie vergesog nie, maar tóg genuanseerd. Die Raad het sy pleidooi om orde in die stad simpatiek bejeën en ses lede van die Raad daarvoor afgesonder, wat saam met Calvyn, asook Viret, De la Mare, Bernard en Champereau, almal predikante, deel uitgemaak het van die kommissie om ‘n kerkorde daar te stel (Plomp 1969: 166).

Die Ordonnances Ecclésiastiques is op 20 November 1541 voorgelees nadat die burgery van Genève met trompetgeskal en klokgelui na die St

Pierre-kerk opgeroep is. Calvyn was van mening dat die kerk met die burgerlike owerheid moet saamwerk, daar eersgenoemde die taak gehad het ten opsigte van 'die godsdienstige én maatskaplike lewe van die volk, wat kragtens die doop, ook volk van die verbond is. Die owerheid moes die riglyne van die kerk volg en met die owerheidsgesag en die swaardmag die ware diens van God bevorder en beskerm' (Pont 1981: 21).

Wanneer díé kerkorde krities gelees word, is dit opvallend hoe ver die invloed van die burgerlike owerheid in die kerkorde strek. 'n Kandidaat wat as bedienaar van die Woord toegelaat word, lê ook die eed af om die kerklike orde 'soos dit deur die Klein en Groot Raad saam met die algemene burgervergadering van hierdie stad vasgestel is, te onderhou….' (Pont 1981: 25). Die invloed van die burgerlike owerheid blyk ook uit die samestelling van die visitasiekommissie wat bestaan het uit twee lede van die Raad, en twee lede van die predikantevergadering. Die doel waarvoor visitasie ingestel is, naamlik om onder andere vas te stel of die dienaar van die gemeente nie een of ander nuwe leer wat in stryd met die suiwere evangelie is, voorgedra het nie, maak die samestelling nog meer merkwaardig (Pont 1981: 27). As derde voorbeeld is dit opvallend dat die ouderlingslede van die kerkraad uit die rade van die owerheid gekies moes word. 'Afhangend van hoe dit met die kerk gesteld is, moet as ouderlinge twee lede van die Klein Raad, vier lede van die Raad van Sestig en ses lede van die Raad van Tweehonderd gekies word' (Pont 1981: 29).

Die teenwoordigheid en invloed van die burgerlike owerheid in kerklike sake het deurgaans 'n ongemaklike situasie gebly en vorm ook deel van die Dordtse Kerkorde van 1618-19, artikels IV, XXXVII, en L, as die sogenaamde patronaatsreg (Kersten 1980: 177, 184, 187). Die volle deurwerking van die invloed van die owerheid in kerklike sake word waarskynlik die duidelikste beleef in die Algemeen Reglement van 1816.

Positief beskou, word swaar klem gelê op die dienswerk van die bedienaar van die Woord, daar artikels 4 tot 42 daaraan gewy word. Deel een van die kerkorde beslaan artikels 4 tot 68, deel twee artikels 69 tot 140, terwyl die derde deel van die kerkorde uit artikels 141 tot 166 bestaan (Pont 1981: 21). Laasgenoemde derde deel handel hoofsaaklik oor die kerklike tug. Diakens vorm nie deel van die kerkraad nie, en word in twee groepe verdeel, naamlik die diakens wat die armes, en die wat die siekes moes versorg. Dit is ook so dat díé kerkorde hoofsaaklik bestem was vir die stad Genève. Daarom is hier ook nie sprake van meerdere vergaderings nie (Pont 1981: 22).

Huisbesoek vind hier sy oorsprong, en verklaar waarom huisbesoek steeds in Ordinansies 2.1.5 (ii), 2.3.3 en 2.3.4 kerkordelik in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk verwoord is (NHKA 2001: 23, 34). Artikel 148 van die Ordonnances Ecclésiastiques stel die saak soos volg:

> Aangesien in die verwarring van die pousdom baie mense in hulle jeug nie onderrig is nie, in so ‘n mate dat daar vandag mans en vrouens is wat nie weet wat die Christendom (Chrestienté) is nie, het ons besluit om elke jaar die huise van elkeen te besoek om op ‘n eenvoudige wyse die geloof van elkeen te ondersoek, sodat niemand na die nagmaal sal kom wat nie minstens weet wat die grondslag van sy verlossing is nie (*le fondement de son salut*).
>
> (Pont 1981: 42)

Dit was ook duidelik dat die gesprek tydens huisbesoek ‘n toegespitste inhoud gehad het wat nie net oor ‘n gebrekkige kennis van die leer van die kerk gegaan het nie, maar ook gevolge vir die lewe van die gemeente gehad het. Artikel 150 formuleer dit so:

> Elke dienaar sal saam met een ouderling van die kerkraad huisbesoek doen. Hulle altwee moet met mekaar ooreenkom

> wie van die lidmate voor die kerkraad moet verskyn, die één omdat by hom die nodige kennis ontbreek om die nagmaal te kan ontvang, die ander omdat hy hom sleg gedra het.
>
> (Pont 1981: 42)

Die kerkordende maatreëls wat vir die kerk in Genève getref is, spoel oor na ander dele van die destydse wêreld. ‘n Gemeente ontstaan in Parys sedert 1555 wat beskik oor drie predikante, naamlik Jean le Macon, Francois de Morel en Antoine de Chandieu. Wanneer de Chandieu in 1557 na Poitiers gaan om kerklike vraagstukke te hanteer, loop dit daarop uit dat ‘n poging aangewend word om ‘n eerste kerklike orde op te stel:

> Hierdie ontwikkeling het meegebring dat op 25 of 26 Mei 1559 ‘n eerste sinodale vergadering van al die Franse gemeentes in Parys gehou is. Die voorsitter van hierdie vergadering was Francois de Morel, en op dié vergadering was daar verteenwoordigers van die kerkrade van 72 Franse gemeentes.
>
> (Pont 1981: 48)

Tydens hierdie vergadering word ‘n kerkorde opgestel wat bekend staan as die *Discipline Ecclésiastique* 1559, en sy oorsprong vind in die eerste poging om ‘n kerkorde van 1557, sowel as die *Ordonnances Ecclésiastiques* van 1541 uit Genève (Pont 1981: 48).

Dit is die eerste Calvinistiese kerkorde wat bindend is op ‘n verskeidenheid van gemeentes. Hier kom dus die verhouding tussen die plaaslike gemeente en die sinode ter sprake, wat ‘n permanente intrek sou neem in kerkordes wat uit die Calvinistiese kerkordelike denke spruit, asook die vraag na die verhouding en gesag van kerkrade en sinodale vergaderings. Balke (1992: 123) lewer die volgende insiggewende kommentaar op die ekklesiologie wat in die denke van Calvyn ter sprake kom:

> Zo profileert Calvijn een ecclesiologie, die verregaand een theologie van de plaatselijke gemeente is, die als zodanig een volwaardige kerk van God is. Deze plaatselijke gemeenten vormen samen de universele kerk, die overigens de universaliteit niet dankt aan een centrale regering, maar aan de convergentie van het goddelijke predestinatiaanse handelen, die uitkomt in de menselijke bereidheid overeen te stemmen in het rechte geloof en het rechte leven.

Pont (1981: 48) maak die volgende opmerking oor die situasie wat met die invoering van ‘n sinodale vergadering ter sprake kom:

> Die groot waarde van hierdie kerkorde lê dáárin dat dit die eerste poging is om vanuit die Calvinistiese kerkordelike denke ‘n kerklike orde te skep vir ‘n nasionale kerk. Hier word dus ‘n orde geskep wat ál die gemeentes saamvat in één, geordende geheel en waar die geestelike regering van Jesus Christus, die Heer van die kerk, deur middel van sy diensknegte, die ampsdraers, uitgespel word. Hier word die beginsel neergelê dat al die gemeentes alle sake van gemeenskaplike belang op die sinodale vergadering sal beslis, terwyl die plaaslike gemeente as ‘n selfstandige, maar nié outonome onderdeel van die geheel, deur die plaaslike kerkraad onder leiding van die Woord en die Gees regeer word.

Die verhouding tussen sinode en plaaslike gemeente het ‘n sensitiewe saak gebly tot op hede. Wesenlik poog die Calvinistiese kerklike reg om nie toe te gee aan die versoeking om óf volledig in die rigting van die episkopalisme, óf in die rigting van die independentisme te gaan nie. Kwalitatief is besluite van meerdere vergaderings nie op hoër vlak as die van kerkrade in gemeentes nie, aangesien beide onder leiding van die Woord en Gees geneem word. Besluite van meerdere vergaderings is

houdbaar, nie omdat die meerderheid so besluit het nie, maar óók en verál omdat dit onder leiding van die Woord en Gees geneem word. Die sigbaarheid van die vergadering en sy lede, asook die grootte van sinodale vergaderings, mag nie die invalshoek word om demokraties aan die hand van meerderhede te dink nie.

Die eerste artikel van die Discipline Ecclésiastique is die sogenaamde anti-hiërargiese beginsel wat funksioneer teenoor die episkopalisme, en hier stel dat geen gemeente voorrang of heerskappy teenoor 'n ander gemeente geniet nie (Pont 1981: 50). In latere kerkordes (vgl. Emden, Artikel 1) is dit uitgebrei om ook die ampte in te sluit en word sodanig geformuleer in Ordereël 3 van die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk. 'Om hierdie opdrag uit te voer, kom hulle in vergaderings van ampte byeen. Sodoende heers die een gemeente nie oor die ander, die een amp nie oor die ander en die een ampsdraer nie oor die ander nie' (NHKA 2001: 36). Die feit dat die beginsel in die Discipline Ecclésiastique neerslag vind, is waarskynlik 'n maatreël om die *aequalitas*, 'die gelijkheid in rang en rechten zowel tussen kerken als ambtsdragers' te bevestig teenoor die Roomse hiërargie (Plomp 1971: 89; Jansen 1952: 79). Na aanleiding van die uitgangspunt dat geen gemeente vir hom voorrang of heerskappy oor ander kan aanmatig nie, maak Pont (1981: 49) die volgende opmerking:

> Die plaaslike gemeente word dus gewaardeer as *die normale, gewone verskyningsvorm van die kerk op aarde*. Die feit dat hierdie gemeente in 'n gemeenskaplike verband met ander gemeentes leef en bestaan, tas nié sy selfstandigheid aan nie, maar is 'n waarborg vir die blywende voortbestaan en welstand van dié gemeente. Dit is dus duidelik dat plaaslike gemeente in hierdie kerkregtelike sisteem altyd aanvaar moet word as 'n gemeente wat in dié sake wat die algemene belang van die gemeenskap van die kerk nie direk raak nie, selfstandig is om, gelei deur die Woord en Gees van God,

> sy eie selfstandige besluite te neem. Juis hierdie beklemtoning van die eie verantwoordelikheid van die plaaslike gemeente naas sy verbondenheid aan die gemeenskap van die kerk, het die Calvinisme ‘n weerbaarheid en lewenskragtigheid gegee waardeur dit in staat was om al die vervolgings en storms wat oor die kerk en gemeentes gegaan het, te trotseer.

‘n Tweede moontlikheid in diens van die anti-hiërargiese beginsel was die reëling dat die voorsitter van die sinode by elke sitting gekies word, maar sy verkiesing verval na afloop van die vergadering, wat beteken dat hy nie as voorsitter na afloop van die vergadering gekontinueer word nie (Pont 1981: 50). Hiermee is die rotasiebeginsel ingevoer, wat daarna in Calvinistiese kerkordes teruggevind word. Die rotasiebeginsel is ook in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk op sinodale, rings-, en by gemeentelike vergaderings van die ampte, ingevoer sedert die Kerkorde 1997.

Derdens het diakens ook sitting op die sinodale vergadering geneem wat in lyn was met die inhoud van die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 30 wat stel ‘…ook ouderlinge en diakens, om saam met die herders die kerkraad te vorm’ (NHKA 1997: 128).

Artkels 1 tot 5 handel oor die vergaderings. Daarna kom die ampte ter sprake wat vanaf artikel 6 tot 25 bespreek word. Die amp van die bedienaar van die Woord word as ‘n lewensroeping beskou (Artikel 12), wat op die totale lewenstyd van hom wat tot die diens beroep is, beslag lê. Artikel 26 tot 32 handel oor die kerklike dissipline, 33 tot 38 oor die huwelik en 39 tot 40 oor die onderworpenheid aan die meerdere vergadering en die gesag van die kerklike orde (Pont 1981: 50-51).

Die verbreiding van die Calvinistiese kerk in Europa was ten spyte van besondere weerstand in volle gang, en sou nie gestuit word nie. Die invloed van Calvyn het nie tot Genève en Parys beperk gebly nie, maar

ook na Nederland, onder andere, versprei. Rutgers (1901: 5) wys daarop dat sy invloed op die Nederlandse nasie deur persoonlike kontak met wie hy in aanraking gekom het, deur sy geskrifte en deur sy kerklike adviese aan Nederlandse Gereformeerdes, plaasgevind het.

Wanneer die vormende denke en invloed van Calvyn in die reformatoriese kerkregtelike ontwikkeling sterk beklemtoon word, word daarmee by implikasie nie ander prominente persone uitgesluit nie. Van 't Spijker (1985: 6) wys op die feit dat Calvyn deur Luther, onder andere, beïnvloed is met die opmerking: 'Luthers invloed is permanent aanwezig. Ze is duidelijk af te lezen uit Calvijns geschriften tot 1536. Daarna blijft de invloed doorwerken. Maar zij is minder gemakkelijk aan te wijzen'. Naas die invloed van Luther is ook díé van Bucer aanwysbaar: 'Anrich, een van de meest bekwame biografen nog steeds, spreekt van Bucers kerkrechtelijke inzichten, als van een goddelijk kerkrecht, dat bij Calvijn terugkeert en zo in de gereformeerde traditie voortleeft' (Van 't Spijker: 1972: 9).

2.3 Ontwikkeling op Nederlandse bodem

Die Presbiteriaal-sinodale stelsel as vrug van die kerkregtelike denke van Johannes Calvyn (Pont 1981: 3; Plomp 1967: 14; 1971: 110), wat ook na ander Calvinistiese lande uitgebrei het, maak die kerkregtelike ontwikkeling wat op Nederlandse bodem gevolg het aktueel om die agtergronde van die kerklike reg in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te verstaan. So is die kerkregtelike denke wat in Nederland plaasvind, die vindplaas en besondere verwysingsraamwerk vir die verstaan van die kerkreg in die hede.

Wanneer die kerkregtelike verloop in Nederland bestudeer word, kom die verskillende nasionale sinodes ter sprake. Die eerste van hierdie sinodes vind plaas by die Konvent van Wezel in 1568, en eindig by die bekende Sinode van Dordrecht in 1618-19. Die invloed van die Calvinistiese Hervorming het die Suidelike dele van Nederland die

eerste bereik, in die gebied wat vandag as België bekend staan. Hierdie Christene het egter swaar gebuk gegaan onder Roomse vervolging, en kan tereg as gemeentes onder die kruis tipeer word. Ten spyte van die vervolging en die feit dat baie lidmate moes vlug na die Noordelike dele van Nederland en selfs na Engeland, het hier tog gemeentes ontstaan wat selfs in sinodale vergaderings byeengekom het om bepaalde kerkordelike maatreëls te tref. Pont (1981: 55; kyk ook Hooijer 1865: 2-3) verwys daarna met sy volgende opmerking:

> So het die Waalse Calvinistiese kerk in die suidelike Nederlande ontstaan uit Waalse gelowiges wat nié net in hulle geboorteplekke nie, maar ook in Oos- en Wes-Vlaandere gemeentes gevorm het. In die Vlaamse stede Doornik en Gent was daar spoedig groot gemeentes wat onder andere bedien is deur Boulius, ‘n vriend van Calvyn, terwyl ander mense soos Johannes Utenhove en Martin Micron hulle beywer het vir die verbreiding van die Protestantisme.

‘n Belangrike bydrae tot die hervorming wat in hierdie tyd na vore kom, is die Nederlandse Geloofsbelydenis wat in 1561 opgestel word deur Guido de Brès (1522-1567), ‘n jong Calvinistiese predikant wat in Doornik sedert 1559 gewoon het. Daar vind in die tyd drie sinodale vergaderings plaas, die eerste op 26 April 1563 waarop die Nederlandse Geloofsbelydenis behandel en goedgekeur word. Finale goedkeuring geskied tydens die Sinode van Antwerpen in 1566. ‘Hoewel dié geloofsbelydenis in 1566 by die sinode van Antwerpen finaal aanvaar is, is dit reeds op die provinsiale sinode wat op 26 April 1563 gehou is te Armentiéres goedgekeur en is daar bepaal dat alle ampsdraers dit moes onderteken’ (Pont 1981: 56; kyk ook Hooijer 1865: 4).

Die vergaderings van die Waalse gemeentes onder die kruis was belangrik, omdat daar grondliggende Calvinistiese kerkordelike reëls

aanvaar is wat later op die sinodes van Noord-Nederland gegeld het (Pont 1981: 56; Hooijer 1865: 6).

Die Konvent van Wezel 1568 was 'geen Synode in kerkrechtelijke zin, geen vergadering van kerken, gerepresenteerd door deputaten,...Het was geen vergadering van kerken, gerepresenteerd door hare afgevaardigden, die als zoodanig kerkelijk karakter of kerkelijk gezag had' (De Jongh 1911: 28). Die vergadering het in alle waarskynlikheid deur Marnix van St Aldegonde se voorbereidende werk, buite die grense van Nederland in die Hertogdom van Kleef byeengekom. Dit was egter 'n voorlopige vergadering, 'want dit was nie saamgestel uit amptelik-gestuurde verteenwoordigers van kerkrade of meerdere vergaderings van die kerk nie, maar dit was slegs *leiers en woordvoerders* van die Nederlandse gemeentes wat daar vergader het' (Pont 1981: 70; Nauta 1961: 34). Die resultate van die Konvent was voorlopig van aard, en 'n volwaardige sinode word deur hulle in die vooruitsig gestel 'om eene Algemeene Provinciale Synode te vergaderen, om in dusdanige wettelijke Synode te beramen en te besluiten; wat in deze en andere zaken, tot gemeenen welstand der kerken dienende en tot onderhouding van zeer goede orde zal moeten worden gevolgd' (Pont 1981: 75; Kersten 1980: 11; De Jongh 1911: 29).

Die Konvent van Wezel vind plaas teen die agtergrond van bepaalde kerkordelike reëlings wat reeds getref is, en wat by díé geleentheid invloed op die gang van sake uitgeoefen het. Hier word gedink aan die Londense Kerkorde van 1554, asook die Geneefse Kerkorde van 1541 en die Franse Kerkorde van 1559. Daarnaas moet die invloed van die Waalse Sinodes van 1563-66 ook nie buite rekening gelaat word nie. Haitjema is van mening dat op die tafel van die Konvent van Wezel ook 'n eksemplaar van die Ordonnances Ecclésiastiques moes gelê het, voorgelê deur Herman Moded, tweede ondertekenaar van die Konvent, en waarskynlik ook sekretaris wat die verrigtinge op sy terugreis van Genève na Norwich in Engeland, bygewoon het (Haitjema 1951: 18; Nauta 1961: 36; De Jongh 1918: 106).

Die lang lys van dominee-sondes wat by Wezel na vore kom, dui op die invloed van die Geneefse Kerkorde (Haitjema 1951: 18; Van der Linde 1968: 220). Die inspraak van die Londonse Kerkorde van 1554 van Martin Micron word verraai deur die figuur van die profeet (Dankbaar 1956:71), wat waarskynlik deur die invloed van Zwingli en a Lasco vanuit die Londonse Kerkorde by Wezel inslag kry (Pont 1981: 72; Nauta 1961: 55; Van der Linde 1968: 214 verv.).

Artikels 29 en 30 het die posisie van die voorleser gereël. Daarin is bepaal dat ‘n ouderling of diaken die plig gehad het om stukke uit die Skrif aan die gemeente voor die aanvang van die erediens voor te lees (Kersten: 1980: 21; kyk ook Schotel sj: 313 verv.).

Tweedens word by Wezel ook voorsiening gemaak vir die klassikale-naas die sinodale vergadering, wat dui op die invloed van die Franse Kerkorde, die Discipline Ecclésiastique 1559. ‘Hier word dan ook die invoering van die *klassikale vergadering* noodsaaklik geag. Dit is ‘n vergadering wat nie in die Franse kerkorde genoem word nie aangesien dáár slegs van ‘n sinode sprake is. Naas die klassikale vergadering stel Wezel dan die *provinsiale of partikuliere sinode*’ (Pont 1981: 72; Kersten 1980: 11-12).

Vroue is reeds hier tot die amp van diaken toegelaat volgens artikel X, hoofstuk V (Kersten 1980: 28), maar by die Sinode van Middelburg in 1581 deur ‘n gravamen uit Wezel, weer die deur gewys is (Plomp 1971: 113; Kersten 1980: 145).

Navorsers is verdeeld oor die vraag of die sinode van Emden wat op 5 Oktober 1571 byeenkom, ‘n volwaardige sinode was. Rutgers grond sy bedenking op die feit dat die sinode slegs deur twee van die drie groot provinsies bygewoon is. ‘…op het titelblad, van Kerkenordening eener Nationale Synode (van welke de Emdensche Synode zich juist uitdrukkelijk onderscheidde, zich zelve slechts beschouwende als een

Synode van twee der drie groote provinciën, waarin alle Nederlandsche Kerken waren ingedeeld;…)' (Rutgers 1980: 46). Haitjema deel kennelik nie die standpunt nie, omdat hy Emden as die eerste volwaardige Nasionale Sinode beskou (Haitjema 1951: 16; kyk ook Pont 1981: 92). 'n Argument ten gunste van die standpunt van Haitjema is die feit dat die Sinode van Emden volgens Artikel IV besluite as bindend beskou het, selfs op die gemeentes wat nie teenwoordig was nie (Kersten 1980: 41; Pont 1981: 103). Daarom kan aanvaar word dat Emden die eerste volwaardige sinode was wat in die Nederlandse kerk tot stand gekom het (Pont 1981: 93; Van Meer 1892: 152 verv., 176; Van der Linde 1971: 191). Alhoewel by Emden nie formeel 'n kerklike orde opgestel is nie, is hier tog bepaalde kerkregtelike reëlings getref wat later net verder verfyn en nader gepresiseer is. 'Tog is dit duidelik dat by Emden die basiese beginsels van die hervormde kerklike orde reeds aanwesig is en dat die daaropvolgende kerkordes verbetering, uitbreiding en omskrywing is van wat reeds by Emden geformuleer is,' (Pont 1981: 93).

Dit kan aanvaar word dat die kerkregtelike reëlings wat sedertdien in Genève (1541), Parys (1559), London (1554) en Wezel (1568), asook by die Waalse gemeentes onder die kruis getref is (1563-1566), hier direk of indirek ter sprake gekom het. Die invloed van Wezel was redelik beperk en die bepalings rondom die profeet onder andere, word nie verder gehandhaaf nie. Dit hang waarskynlik saam met die feit dat die denke van Zwingli (1484-1531) wat deur die Londonse Kerkorde van 1554 by Wezel meespreek, later deur die Calvinistiese invloed oorwoeker is. Die besluite van die Sinode van Emden 1571 dui daarop dat die vergadering kies vir 'n Calvinistiese vormgewing vir die Nederlandse kerkregtelike struktuur.

> In de Wezelsche acta zijn het broeders, die raden en vermanen, hier meesters, die zonder uitleg van redenen hunne voorschriften geven. Daar is het de zachte geest van Zwingli of á Lasco en de gemoedelijke toon van de *Christelicke ordinanciën der Nederlantscher ghemeynte*

> *Christi te Londen*, hier de strenge geest van Calvijn of Beza en de even gestrenge toon van de *synodes des églises reformées de France.*
>
> (Hooijer 1865: 63; kyk ook De Jongh 1911: 47, 48)

Pont (1981: 95) lewer die volgende kommentaar oor die sinode van Emden as geheel: 'Hier word dus, afgesien van die ander betekenis wat Emden het, die keuse bevestig wat in Nederland gelei het tot daardie botsing op kerklik-teologiese gebied wat eers met die sinode van Dordrecht in 1618-1619 besleg is'. Dit in die lig van die feit dat gekies word vir die kerkordelike weg wat deur Calvyn geïnisieer is teen die moontlikheid om die kerklike orde te reël na die gees van Zwingli en die vroeë sakramentariërs.

Met verwysing na enkele aangeleenthede uit die Kerkorde self, val die eerste artikel op en dien vermeld te word. Die eerste artikel verwoord die anti-hiërargiese beginsel wat ook in die Discipline Ecclésiastique in artikel 1 teruggevind word, maar hier aansienlik uitgebrei word om naas gemeentes, ook bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens in te sluit. 'De emdense kerkorde poneert reeds in haar eerste artikel de "*aequalitas*", de gelijkheid in rang en rechten sowel tussen kerken als ambtsdragers' (Plomp 1971: 89; Van der Linde 1971: 193). Die erns waarmee die saak bejeën is, en daarna in die orde van elke nasionale sinode opgeneem is tot en met Dordt 1618-19, laat duidelik blyk dat die Calvinistiese presbiteriaal-sinodale stelsel nie ruimte het vir die mens wat deur sy eie persoon, ander in die kerk wil regeer nie. Regeer in laasgenoemde verband is dan ook radikaal anders, as wat in Artikel 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis as 'n regering wat bestaan in 'n geestelike bestuurswyse beskryf word, wat die Here ons in sy Woord leer. In die verlenging hiervan bestaan daar 'n kerkraad wat die taak het om op díé wyse te regeer, dit is met die Woord in die hand. Daarom ook die waarskuwing in artikel 32 van die Belydenis 'om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie' (NHKA 1997: 128-9).

Hieruit blyk die belydende karakter van ‘n kerkorde in die Calvinistiese Presbiteriaal-sinodale stelsel, as ‘n orde wat ingebed is binne die belydenis dat Jesus Christus Hoof van die Kerk, en Heer van die wêreld is. Anders gestel, beteken dit dat daar ‘n verband bestaan tussen die kerkorde en die belydenisskrifte van die kerk. Met die formulering van díé beginsel in die kerkorde, het die Sinode van Emden gevolg gegee aan artikel 31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat rondom die bedienaars van die Woord die volgende stel: ‘Hulle het, op watter plek hulle ook mag wees, een en dieselfde gesag omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is – die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk’ (NHKA 1997: 129). As die kerklike praktyk tot op hede beskou word, is dit duidelik dat díé beginsel nie oorbodige ruimte in die kerklike orde beset nie.

Met betrekking tot die vergaderings van die ampte, is die kerkraad volgens Artikel VI die vergadering in die plaaslike gemeente wat bestaan uit die bedienaar van die Woord, ouderlinge én diakens (Kersten 1980: 42). Die situasie is egter sedert die Provinsiale Sinode van Dordrecht 1574 met Artikel XXXVII verander, en so gehandhaaf tot en met die Sinode van Dordrecht 1618-19, wat beteken het dat diakens nie as deel van die kerkraad beskou is nie (Kersten 1980: 184). Die uitsondering het wel bestaan dat in gemeentes waar kerkrade klein is, diakens deel van die kerkraad gevorm het, en sodoende as hulpouderling kon funksioneer (Kersten 1980: 184).

Naas die vergadering van die kerkraad in die gemeente wat hier as primêre vergadering van die ampte gewaardeer word, word op voetspoor van die Franse kerkordelike reëlings meerdere vergaderings ingevoer naamlik, die klassikale vergadering, provinsiale en nasionale sinodes. Die reëling dat Emden die diaken as deel van die klassikale vergadering beskou, het sedert die Provinsiale Sinode van Dordrecht 1574 verval.

Reeds hier word duidelik gestel dat vergaderings slegs sake hanteer wat nie by die vergaderings wat die sake na hom verwys het, afgehandel kon word nie. ‘Zoo daar iet in eenige Kerke des Classis geschiede, dat daar niet in de consistorie konde ter neder gelegt worden, dat zal in de Classische samenkomsten verhandelt en geoordeelt worden, van den welke men zig tot den Provincialen Synodum zal mogen beroepen’ (Rutgers 1980: 107). Op die wyse word die neiging gekortwiek om alles wat problematies lyk, deur te gee na meerdere vergaderings. Die saak word in die artikels wat oor die provinsiale sinode handel ook duidelik geformuleer as gestel word:

> zy en zullen ook geene andere stellen, dan die in de Consistorien en Classische samenkomsten niet hebben konnen uitgevoert worden, ofte zoodanige, die allen de Kerken dier Provincie aangaan, op dat de Provinciale samenkomsten met onnodige vraagstukken niet verlengt en worden.
>
> (Rutgers 1980: 109)

Hier is ook die gebruik gevestig dat die vergadering met prediking geopen word, wat na afloop daarvan deur die vergadering bespreek is. ‘Uit dit laatste blijkt dat de bedoeling niet was de vergadering op deze wijze een stichtelijk karakter te geven, maar te waken over de eenheid van leer, en de dienst des Woords, het voornaamste onderdeel van het predikantswerk, op hoger niveau te brengen’ (Plomp 1971: 91). Na die bespreking van die preek is die voorsitter van die vergadering verkies, wat daarna verskillende vrae aan die vergadering gestel het om vas te stel wat die aard van hulle dienswerk in die gemeente is (Rutgers 1980: 106). Daarna het die sake aan die orde gekom wat in die gemeentes nie afgehandel kon word nie, en wat moontlik na die provinsiale sinode verwys moes word (Rutgers 1980: 107). Vervolgens het ook die sake gedien wat almal raak, en is ook bepaalde sake behandel wat op die Roomse kerk betrekking het om sodoende mekaar op te skerp, en tot studie aan te moedig (Rutgers 1980: 107; kyk ook Plomp 1871: 91).

Die amp van die voorsitter by die sinodale vergadering het aan die einde van die vergadering ten einde geloop, alhoewel dit die vergadering vrygestaan het om dieselfde persoon by die volgende vergadering te herkies (Rutgers 1980: 112; Plomp 1971: 93).

Die wyse waarop kerkraad en sinodale of meerdere vergaderings funksioneer, dui op ‘n tweerigting verkeer tussen kerkrade en sinodes. Die agenda van die meerdere vergadering is dus medebepaal deur die onafgehandelde sake van die kerkraad, terwyl ook sinodale aangeleenthede ter sprake gekom het wat op almal van toepassing is.

Die rotasiebeginsel, asook die tweejarige ampstermyn van ouderlinge en diakens, is ook hier ingevoer. ‘Alle jaren sal ‘t halve deel, soo wel der Ouderlinghen, als der Diaconen, verandert werden, andere in haer plaetse ghestelt zijnde, die oock twee jaren lanck dienen sullen,….’ (Rutgers 1980: 62).

Die bywoning van meerdere vergaderings het trapsgewys plaasgevind. Dit het beteken dat die kerkraad ampsdraers na die klassis of ring gestuur het, die klassis vaardig afgevaardigdes na die partikuliere sinode af, wat op sy beurt weer afgevaardigdes na die nasionale sinode gestuur het. Dit het die aantal ampsdraers wat meerdere vergaderings bywoon beperk, en terselfdertyd verhoed dat kerklike vergaderings in kongresse ontwikkel wat oor alle sake handel. ‘Hier word dus van meet af die beginsel ingevoer dat die meerdere vergadering ‘n vergadering van ampte en nié ‘n vergadering van ampsdraers is nie’ (Pont 1981: 100).

Laastens word verwys na die slotartikel, Artikel 53, van die Emdense Kerkorde wat soos volg verwoord is:

> Deze artikelen de wettelijke en behoorlijke orde der kerken betreffende, zijn alzo met gemeen akkoord gesteld, dat ze

> (zo het de nuttigheid der kerken vereist) veranderd, vermeerderd en verminderd mogen en behoren te worden. Nochtans zal het geen bijzondere kerk vrij staan, zulks te doen. Maar alle kerken zullen arbeiden deze te onderhouden, totdat in een synodale vergadering anders besloten wordt.
>
> (Kersten 1980: 53)

Die beginsel wat hier verwoord word, staan as die anti-independentistiese artikel bekend. Hierdie beginsel waak saam met die anti-hiërargiese beginsel teen ‘n ander uiterste. Enersyds dus teen ‘n onbybelse oorheersing van enige aard, maar andersyds teen ‘n gesindheid wat die indruk skep van losheid, so asof gemeentes net met mekaar skakel oor sake waaroor eenstemmigheid bestaan. Dit het ook verder die gevolg dat die gesag van sinodale vergaderings gehandhaaf word as die vergadering wat as ‘t ware deur die plaaslike gemeente in die vooruitsig gestel word as gevolg van die feit dat alles nie in die plaaslike gemeente afgehandel kan word nie, asook die feit dat sake van gemeenskaplike belang ter sprake is.

Die belangrikheid van die belydenisskrifte kom in artikel 2 aan die orde. ‘Ze zullen het confessioneel karakter van die nederlandse kerken bepalen. Dit zullen gereformeerde kerken zijn. De gereformeerde leer wordt het ferment in elke lokale kerk en tegelijk, doordat alle ambtsdragers er hun instemming mee betuigen, de band die alle lokale kerken met elkaar verbindt’ (Plomp 1971: 97).

‘n Vergelyking van die Kerkorde van die bekende Dordtse Sinode van 1618-19 met die van Emden, toon aan dat sinodes wat op laasgenoemde gevolg het hoofsaaklik op die grondleggende werk wat by Emden gedoen is, gebou, en verder slegs redaksioneel verfyn is (Plomp 1971: 120). Krities beskou het die Sinode van Dordt van 1618-19 te veel toegewings aan die owerheid gemaak in die vorm van die

patronaatsreg wat in díé kerkorde gehuisves word soos geformuleer in artikels IV, XXXVII en L (Kersten 1980: 177, 184, 187).

Naas die invloed van die owerheid was daar ook ander strominge latent wat die toekoms redelik onseker gelaat het. Fiolet, ‘n Rooms-Katoliek, wys daarop dat die Humanistiese gees van Disederius Erasmus (1469-1536) nie meer tot ‘n geestelike elite beperk was nie, maar onder invloed van die werke van verskillende skrywers en predikante het

> een religieus liberalisme gegroeid met een diepe afkeer voor alle dogmatische gebondenheid, zijn streven naar religieuze verdraagzaamheid en zijn zin voor praktische vroomheid op rationeel-humanistische basis, buiten het bereik van de kerkelijke kringen, die met het wapen der leertucht eeuwenlang elke onrechtzinnigheid het zwijgen trachten op te leggen….Kritische zin, vooral op het gebied van de bijbelwetenschap, doet de contouren van de kerkelijke rechtzinnigheid vervagen. Op de hogescholen winnen de tolerantie en de wetenschappelijke breedheid veld op de kerkelijke traditie.
>
> (Fiolet 1953: 11)

Dit is die moeite werd om nogeens na Fiolet te luister wanneer hy die situasie wat na Dordt ontstaan, skerp teken, wat inderdaad verklaar hoe dit moontlik was dat ‘n kerk wat op die Sinode van Dordt 1618-19 regsinninig daar uitgesien het, op die glybaan van vrysinnigheid beland het. Kerkregtelik gestel, sou die twee uiterstes geknoop kon word aan die radikale kontras tussen die Kerkorde van Dordt 1618-19 en die Algemeen Reglement van 1816. Hy stel die volgende:

> Aan allen wilde men onderdak verlenen, aan ortodoxie en verlichting, mits zij luisterden naar de ene regel des

> huizes: gematigdheid en verdraagzaamheid. Dit ideaal werd gevonden in een rationalistisch supranaturalisme, een compromis tussen geloof en verstand, tussen Openbaring en rede,…Men verlangde naar een Christendom van de redelijk denkende mens,…zonder eenige onnutte ceremoniën, bijgeloovigheden, of willekeurige geboden, die enkel dienen om een redelijk mensch te plagen, en zonder noodzakelijkheid dientsbaar te maken.
>
> (Fiolet 1953: 13)

2.4 Die Algemeen Reglement van 7 Januarie 1816

Sedert die Dordtse Sinode in sitting vanaf 13 November 1618 tot 29 Mei 1619 (Doornbos 1967: 83), vind geen verdere sinodes plaas nie tot die aanvaarding van die Algemeen Reglement van 7 Januarie 1816, wat op 1 April 1816 in werking gestel is (Rasker 1981: 27). Die Algemeen Reglement was nie die resultaat van ‘n behoorlike, kerklike besinning op sinodale vlak nie. Die invloed van die owerheid in die kerk, en wat veral in die sogenaamde patronaatsreg bestaan het waar ‘n kommissaris-politiek, ‘n verteenwoordiger van die burgerlike owerheid op elke vergadering van die kerk sitting geneem het, het die selfstandigheid van die kerk erg aan bande gelê. Die bedoeling was dat die kerk as kerk in die wêreld diensbaar sou wees, waardeur die belydende uitgangspunt dat Jesus Christus Hoof van die kerk en Heer van die wêreld is, tot sy reg kom.

Die invloed van die owerheid was reeds by Dordrecht 1618-19 sigbaar omdat die Sinode deur die Staten-Generaal byeengeroep en gefinansier is, en boonop ook die besluite van die Sinode moes uitvoer. Selfs die Bybelvertaling staan bekend as die Staten-vertaling (Pont 1991: 2; Doornbos 1967: 23; kyk ook Van ‘t Spijker et al 1987: 146, 173). ‘n Verdere nadelige gevolg was die invloed van die provinsiale owerhede in die federale staatstruktuur, wat daartoe gelei het dat sodanige

provinsiale owerhede byna sonder uitsondering, seggenskap in die kerklike lewe geëis het. Dit het beteken dat die kerkorde van Dordt nie in al die provinsies ingevoer is nie, en die kerk aan die owerheid uitgelewer was omdat die owerheid die traktement van die predikante betaal het, en ook vir ander kerklike uitgawes verantwoordelikheid aanvaar het. 'In Gelderland, Utrecht en Overijssel is die kerkorde aanvaar. Friesland, Groningen en Zeeland het hulle eie kerkordes behou en in Holland het ook niks verander nie' (Pont 1994: 117). Verder het die burgerlike owerheid eienaarskap van die vroeëre Roomse kerklike eiendomme aanvaar, wat in praktyk beteken het dat die kerk volledig onder die invloed van die owerheid ingewig is. Pont (1991: 2) lewer daaroor die volgende kommentaar:

> Daarom het die owerhede enersyds die traktemente van die predikante betaal en andersyds die kerkgeboue en pastorieë in stand gehou en dit ter beskikking van die kerk gestel….Deur middel van die kommissarisse-politiek, wat van die Kerkraadsvergadering tot Sinodale vergadering sitting gehad het, het die owerheid bepaal waaroor die kerklike vergaderings besluite kon neem. Die stedelike owerhede het in meeste gevalle bepaal wie as predikant beroep kon word en in baie gevalle het hulle predikante geweer of afgesit wat nie na hulle smaak was nie….so het die Staten hulle bemoei met leerkwessies, die Staten het biddae uitgeskryf en bepaal wanneer kerklike feesdae gevier moes word, die Staten het opdrag gegee wanneer en waaroor gepreek sou word en soms selfs hoe lank 'n preek mag wees.

Die merkwaardigste van alles was dat die kerk die situasie langsamerhand aanvaar, en hulle onder die juk van die owerheid geskaar het. 'Selfs die weiering van die Staten-Generaal om die byeenkoms van 'n opvolgende nasionale sinode, na Dordrecht 1619, toe te laat het nie besondere weerstande gewek nie al het dit beteken dat

talle kerklike sake onbeslis moes bly lê' (Pont 1991: 3; Doornbos 1967: 132).

'n Belangrike gebeurtenis in die tydsverloop na 1618, was die tot standkoming van die gereformeerde kerkstaat in 1651, toe die sewe verenigde Nederlandse provinsies in 'n Nasionale vergadering byeengekom het waartydens die verhouding tussen kerk en owerheid gekonsolideer is, en bepaal het dat die gereformeerde religie die openlik erkende godsdiens van die Nederlande sou wees. 'Die noue samegaan tussen owerheid en kerk het daartoe gelei dat die kerk inderdaad as bevoorregte kerk in 'n unieke posisie in die Nederlandse samelewing gestaan het' (Pont 1991: 3). Dat die noue skakeling tussen owerheid en kerk nie noodwendig heilsaam mag wees nie, kan duidelik uit die volgende opmerking van Haitjema afgelei word:

> Een Christus-belijdende volkskerk laat de zuivere resonnantie van de klankbodem, die alleen een kerkstaat geven kan, volledig en onverkort vrij en voorkomt tegelijkertijd de wereldse verwording van zulk een kerk als "stad op de berg" tot een "staatskerk" , welke de Kerk in beginsel tot een sector van het staatsbedrijf omschakelt en verkracht.
>
> (Haitjema 1964: 11; kyk ook Fiolet: 1953: 25)

Naas die politieke reëling waardeur die kerk tot staatskerk omvorm is, het op kerklike gebied ook bepaalde grondverskuiwings plaasgevind wat vir die voortgang van die Woord nie bevorderlik was nie. Die soort van grondverskuiwings vind in die kerk plaas wanneer die kerk in sy vergaderings van die ampte nie meer kerklik dink nie en wanneer die verbinding tussen sy optrede, oftewel sy kerkorde, en die belydenis van die kerk, nie meer belangrik geag word nie. Pont som die situasie op met die volgende opmerking:

> Die ortodoksie wat by Dordt die oorwinning behaal het, het geleidelik al meer veruitwendig en al meer ‘n ortodoksisme geword. Die evangelie van God se groot genade in Jesus Christus het ‘n vanselfsprekende saak geword en die kerklike belydenis het ‘n wet geword waarvoor almal moes buig, die sentrum van ‘n skolastieke dogmatiese stelsel waar die filosofie van Aristoteles en die logika belangriker was as die Bybel. Die Bybel is vervlak tot ‘n arsenaal van bewysplase wat die goeie reg en die waarheid van die dogmatiese sisteem moes bewys. Die *sola fide* van die hervorming van die 16de eeu, is verskraal tot die verstandelike aanvaarding van die vasgestelde sisteem. Die prediking van die kerk het in dié proses ook agteruitgegaan en was nie meer die *viva vox evangelii* nie maar veel eerder dogmatiese uiteensettings wat die geleerdheid van die predikant ten toon moes stel. Nie die evangelie van Jesus Christus nie, maar die suiwere leer het nou die botoon gevoer.
>
> (Pont 1991: 4; kyk ook Graafland 1987: 4 verv.)

Op hierdie situasie het daar verskeie reaksies gekom. Daar was díé van Johannes Coccejus (1603-1669) wat teenoor die gereformeerde leerstelsel weer die Bybel in die sentrum van die teologiese denke wou plaas. Daarnaas figureer die Nadere Reformasie wat die begrippe wedergeboorte en heiligmaking wou herdefinieer om daaraan nuwe betekenis te gee. ‘Dan was daar die rasionalistiese, filosofiese reaksie wat vanuit die beginpunt van die menslike rede, die gereformeerde leersisteem wou hersien. Hierin het die Fransman René Descartes wat van 1629-1649 in Nederland gewoon het, ‘n leidende rol gespeel’ (Pont 1991: 4; kyk ook Haitjema 1964: 19 verv.).

Die situasie word radikaal gewysig wanneer Nederland in 1795 deur ‘n Franse leër binnegeval en die laaste stadhouer, Prins Willem V verplig word om na Engeland te vlug. Uiteindelik het die Betaafse Republiek in

1798 uit hierdie situasie ontstaan (Pont 1991: 5). Een van die eerste gevolge van die verandering was dat die owerheidstruktuur radikaal gewysig is, en in die plek daarvan ‘n sentrale owerheid in ‘n eenheidstaat na vore kom. Die nuwe owerheidstruktuur volg uit ‘n gedesentraliseerde bedeling en beteken dat die Provinsiale owerhede baie van hulle onafhanklike gesagsposisies aan die gesentraliseerde owerheid in ‘n eenheidstaat moes oordra. Die verskillende Provinsiale owerhede boet sodoende gesag in, aangesien hulle bepaalde funksies aan die sentrale owerheid afstaan. Die verandering was veral te wyte aan die Franse invloed wat uit die Franse Rewolusie spruit en die vestiging van die demokrasie inlei. Die staatsbestel wat uit die nuwe demokrasie spruit, beteken dat die kerk sy bevoorregte posisie moes inboet en gelyk gestel is aan al die ander kerklik-godsdienstige groepe. Die owerheid vaardig in sy nasionale vergadering op 5 Augustus 1796 ‘n dekreet uit en stel: ‘Er kan of zal geen bevoorrechte noch heerschende Kerk in Nederland meer geduld worden’ (Van Loon 1942: 22).

Hierdie reëling is die soort denke wat die kerk in die oog van die burgerlike owerheid degradeer tot net nog ‘n vrywilige vereniging. Pont bevestig die feit wanneer hy stel:

> Dit was een van die gevolge van die begrip *volkssoewereiniteit* wat nou algemeen aanvaar is. Alle gesag, ook dié van die staat en die kerk, vloei voort uit die regte en gesag van die volk. Dit beteken dat die staat die gedagte van die *ius divinum*, waarvolgens die kerk bestaan, moet afwys en nie wou toelaat dat ‘n eiesoortige liggaam, soos die kerk met sy eie reg en gesag, in die volksgemeenskap bestaan nie. Die kerk word nou gereduseer tot ‘n vereniging of genootskap wat óók sy regte uit die volk aflei en daarom kan één vereniging of genootskap nie meer regte as ‘n ander hê nie.
>
> (Pont 1991: 6)

Die reëling van die kerk as vrywillige vereniging in die samelewing impliseer ook die status van die burgerlike owerheid, as synde ‘n sogenaamde neutrale owerheid. Van Loon (1942: 23) sê daaroor:

> De situatie was nu zoo geworden, dat de overheid, hoewel den Godsdienst “nuttig” voor den staat oordeelend, niet langer de belijdenis van die Gereformeerde kerk, liet prevaleeren boven die van andere en, dienovereenkomstig, haar ook geen voorrechten boven andere kerken wilde toekennen. Dit zou de rechten der vrije burgers immers beknotten en de gelijkheid verhinderen.

Die beskouing dat die kerk net nog ‘n vrywillige vereniging is, is vir die kerk onaanvaarbaar en verlaag die kerk tot ‘n vereniging waar die verenigingsreg, en nie die kerklike reg nie, die botoon voer. Die selfstandigheid van die kerk naas die owerheid is verkieslik, en gee uiting aan die teokratiese bestel wat deur die Nederlandse Geloofsbelydenis in Artikel 36 in die vooruitsig gestel word. Die feit word in die denke van Van Ruler gestel wanneer hy in sy teokratiese beskouing die verhouding van die kerk en staat tot mekaar sien soos die twee brandpunte van ‘n ellips. Dit kom neer op ‘n naasbestaan van kerk en owerheid terwyl beide deur die Hoof en Heerskap van God genormeer word (Van Ruler 1945: 153; 1947: 160). Díé beskouing verwoord die tipiese teokratiese denke wat Calvyn reeds aangedui het. Teokrasie aan die hand van die beeld van ‘n ellips is waarskynlik Van Ruler se eie siening (Van der Graaf 1989: 121).

In die Nederlandse situasie was dit egter opmerklik dat die kerk nie in staat was om op die moontlikheid te reageer nie, maar deur die stoflike afhanklikheid aan die owerheid toegelaat het dat die kerk méér afhanklik van die owerheid geword het. Die afhanklikheid het veral bestaan in die feit dat die owerheid die traktemente van predikante betaal, en verder is van elke bedienaar van die Woord verwag om by die aanvang van sy dienswerk ‘n politieke eed af te lê, wat onder andere uit die volgende

bestaan het: ‘Ik zweere en belove aan God op het Heilige Evangelie gehoorzaamheid en trouw aan de Regeering, door de Constitutie voor het Fransche Rijk gevestigd, te zullen betoonen;’ (Pont 1991: 7).

Die aflegging van die eed wat van voornemende bedienaars van die Woord gevra is, was kerklik gesproke, benede kommentaar. Dit is getuienis van die ongelooflike verwording van die eie aard van die kerk waarin die eiesoortigheid wat kenmerkend van die kerk moet wees, totaal oorwoeker is. Verder kom dit daarop neer dat die genuanseerde begrip, bedienaar van die Woord, uitgehol en die amp vervlak word tot ‘n funksionaris van die burgerlike owerheid. Die situasie is versterk deur die feit dat die owerheid verantwoordelikheid aanvaar het vir die traktemente van die kerk se predikante, wat op sy beurt weer die verhouding tussen predikant en gemeente versteur het.

Die harde kern van onwelkome inmenging van die owerheid in kerklike sake, is deurgaans in die Calvinisties georiënteerde Presbiteriaal-sinodale stelsel teruggevind. Wat egter opval, is die feit dat die inmenging van die owerheid ‘n onhoudbare situasie word wanneer die kerk deur die heersende omstandighede van geestelike verval, en oorbeklemtoning van die subjektiewe element van die enersyds geleerde en andersyds vroom mens, oorwoeker word. Teologies gestel, kom dit daarop neer dat die situasie hand uitruk wanneer die kerk nie meer met sy belydenis erns maak, en die verband tussen Skrif, belydenis en kerklike orde handhaaf nie.

Daarom duur die situasie voort, ten spyte van die politieke veranderinge wat op die Nederlandse werf plaasgevind het. Selfs na die val van Napoleon in 1814 bly die toestand onveranderd, en ag die nuwe koning, Willem Frederik, wat op 2 Desember 1813 die monargie weer in Nederland vestig, dit as sy plig om die bestuur van die kerk op hom te neem (Rasker 1981: 25; Hooijer 1846: 16-20). ‘n Departement van hervormde en ander eredienste word in die lewe geroep onder ‘n Kommissaris-generaal O Repelaer van Driel, later minister, en J D

Janssen as sekretaris en adviseur (Rasker 1981: 26). Rasker (1981: 26) sê daaroor vervolgens: ‘Er is dus, overeenkomstig de ideeën van de Verlichting, geen staatskerk of bevoorregte kerk meer, maar wel, overeenkomstig de ideeën van het verlicht despotisme, een intensieve bemoeienis van de vorst met kerkelijke zaken’.

Die reorganisasie van die kerk neem ‘n aanvang wanneer op 28 Mei 1815 ‘n kommissie benoem word, met die opdrag om ‘n ontwerp te maak wat later bekend sou staan as die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koningrijk der Nederlanden*. Die werkswyse om van ‘n kommissie gebruik te maak is insiggewend, en word vererger deur die feit dat die elf predikante wat benoem is, slegs die voorreg geniet het om deur korrespondensie inspraak te lewer oor die ontwerp wat deur Jánssens opgestel is. Daarna het die kommissie afwisselend onder voorsitterskap van Repelaer van Driel en Janssen in sewe sittings tussen 25 Oktober en 4 November 1815 byeengekom. ‘Bij deze werkwijze was er geen gelegenheid om wezenlijk alternatiewe voorstellen te doen, laat staan om de kerk en haar organen te raadplegen (Rasker 1981: 26). Die op díé wyse saamgestelde ontwerp word daarna aan nog drie lede van die Raad van State voorgelê, en nadat die koning self ook nog bepaalde wysigings aangebring het, op 7 Januarie 1816 per koninklike besluit vasgestel om op 1 April 1816 in werking te tree. Fiolet (1953: 27) lewer die volgende kommentaar op die omstandighede wat toe in die kerk geheers het:

> Dit alles had de Kerk te boven kunnen komen, als er niet een innerlijke stimulans had ontbroken, die in deze kritieke jaren al de uiterlijke moeilijkheden had kunnen overwinnen: het kerkelijk bewustzijn, voortkomend uit een innerlijk, diep-godsdienstig leven. Doch halfheid en onbepaaldheid beheersten de Kerk. Voor alles was er behoefte aan rust en verdraagzaamheid. Dit was het enige, wat men van de nieuwe orde verwachtte: een technish-administratief apparaat, dat de orde kon handhaven en de traktementen

> uitbetaalde. Dat de Kerk, en de Kerk alleen, hier een taak had, drong nauwelijks door.

Nadere beskouing van die Algemeen Reglement van 1816 bring aan die lig dat hier ‘n ander gees geadem word as wat in die kerkregtelike ontwikkeling gevind word sedert Genève, of beperk tot die Nederlandse situasie, sedert Emden 1571 tot en met Dordt 1618-19. Die verband tussen belydenis en kerklike orde is hier losgelaat, met die uitsluitlike klem op bestuur. Immers het die Kommissaris-generaal Repelaer van Driel aan die protesterende classis van Amsterdam aangedui dat, ‘het Sijnode thans niet opgeroepen werd om leerstellige geschillen te beslissen, maar om de Kerk te besturen’ (Bartels 1946: 3) wat ook uit die volgende uitspraak onderstreep word, naamlik: ‘dat het bedoeld Reglement alleen is een regeling van het uitwendig kerkbestuur, en niets gemeen heeft met den Hervormden Godsdienst’ (Bartels 1946: 2; kyk ook Van Wyk 1991: 99 verv.).

Bespreking van enkele aspekte van die Algemeen Reglement geskied hoofsaaklik met die oog op relevansie vir die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Die siening dat die kerk volgens Artikel 1 ‘n genootskap is, spreek boekdele oor die kerkbegrip wat in die Reglement funksioneer (Hooijer1846: 24). Die kerk as ‘n genootskap beteken dat die kerk as ‘n vrywillige vereniging binne ‘n demokratiese bestel gesien word. Die feit word bevestig wanneer Artikel 2 stel dat lidmate deel van die kerk bly ‘…,zoo lang zij niet vrijwillig en duidelik verklaard hebben, zich daarvan af te scheiden, ….’ (Van Loon 1942: 223). Die vrywilligheid vervlak die kerk meteen tot ‘n vereniging net soos enige ander vereniging wat in die gemeenskap aangetref word, en dui die lidmaat wat vrywillig tot die kerk toegetree het aan as wesenlik vir die kerkbegrip, wat hier van toepassing is. Die uitgangspunt staan in skerp kontras met die formulering van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NHKA 1997: 127) wat in Artikel 28 stel: ‘Inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit

en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar,…' Die saak word nie in die reine gebring as Artikel 1 stel dat die lidmaat deur sy belydenis van geloof en deur sy doop aan die kerk behoort nie. Beide doop en belydenis van geloof versterk die feit dat hier uitgegaan word van die lidmaat wat in die middelpunt staan en van waaruit die kerkbegrip opgebou is. 'So word dit duidelik dat die kerk 'n suiwer menslike vereniging is want die lidmaat bepaal of hy deel is of wil wees van die kerkgenootskap' (Pont 1991: 86).

Daarom is dit ook nie verbasend nie dat doelstellings vir die kerk geformuleer word soos dit in Artikel 9 aangetref word:

> De zorg voor de belangen, zoo van het christendom in het algemeen, als van de hervormde kerk in het bijzonder, de handhaving harer leer, de vermeerdering van godsdienstige kennis, de bevordering van christelijke zeden, de bewaring van orde en eendragt, en de aankweeking van liefde voor Koning en Vaderland,….
>
> (Van Loon 1942: 224)

Die vaagheid in die formulering is opvallend, en dit kan verwag word dat die intensie om die leer van die kerk te handhaaf van weinig betekenis was in die lig van die gees en aard van die reglement as geheel, wat meer daarop ingestem was om die kerk te bestuur.

Uit die intensie van Artikel 3 is dit duidelik dat die vergaderings wat as vergaderings van die ampte bekend is, hier as bestuursliggame tipeer word wat die opdrag het om die kerk te bestuur. Die bestuur word ook duidelik hiërargies opgestel as geformuleer word: 'Het bestuur der hervormde kerk wordt sijnodaal, provinciaal, classikaal en gemeentelijk uitgeoefend' (Van Loon 1942: 224). Die feit dat die verskillende bestuursvergaderings suiwer hiërargies opgestel is, lei tot die aanname dat die vergaderings bekend staan as hoër en laer vergaderings en word die kerk se werk dus ruimtelik beskryf as 'n beweging van onder na

bo, waarvan die sinode volgens Artikel 16, die hoogste vergadering vorm.

Die sinode is saamgestel uit een predikant uit elke provinsiale kerkbestuur, slegs een ouderling, en ‘n teologiese professor uit die fakulteite van Leiden, Utrecht en Groningen as adviseurs. Daarnaas is die vergadering ook deur ‘n verteenwoordiger van die owerheid asook een of meer kommissarisse-politiek bygewoon, indien verkies. Verder het die sinode ook ‘n vaste sekretaris wat deur die koning uit die predikante van Den Haag benoem is, asook ‘n vaste penningmeester uit die ouderlinge van Amsterdam. Die sinode het dus bestaan uit tien predikante, en een ouderling as volle lede, asook ‘n permanente sekretaris en penningmeester, saam met die drie professore in adviserende hoedanigheid en verteenwoordigers van die owerheid. Die grootte van die sinodale vergadering was belaglik klein in verhouding tot die kerk as geheel, en dit was duidelik dat ‘n sinode van sodanige grootte niks meer kon doen as om die kerk te bestuur nie. Van ‘n werklike vergadering van die ampte soos wat eie was aan die Calvinisties bepaalde presbiteriaal-sinodale kerkregering, het hier nie veel tereg gekom nie. ‘Die beperkte getal lede van die sinode en die feit dat daar twee permanente lede was, het byna vanselfsprekend algaande ‘n oligargie gevorm wat al die kerklike mag in hulle hande gehad het’ (Pont 1991: 92).

‘n Verdere saak waarop gewys moet word, is die feit dat die sinodale kommissie in hierdie bestel die lig sien. Volgens artikel 9 van die reglement vir die sinodale kommissie, het die kommissie bestaan uit ‘n president, vise-president en die sekretaris van die sinode asook uit drie predikante en drie ouderlinge (Hooijer 1846: 44). Die opdrag van die kommissie was volgens Artikel 2 enersyds om te ‘waken voor de uitvoering der Kerkelijke wetten en besluiten,…’ Artikel 3 bepaal dat die kommissie ‘uitvoeren en voltooijen, hetgeen de Synode,…uitdrukkelijk aan de commissie zal opdragen.’ Artikel 4 het verder bygevoeg ‘(z)ij zal daarenboven, ook buiten zoodanigen uitdrukkelijken last, de Kerkelijke

belangen voorstaan en bevorderen in alle gevallen, welker behandeling tot de bevoegdheid der Synode behoort,….' (Hooijer 1846: 43).

Artikel 4 dui aan dat 'n sinodale kommissie binne díé struktuur volledig in die plek van die sinode in beweeg, daar aan sodanige kommissie die bevoegdheid verleen word om sonder opdrag van die sinode, kerklike belange te bevorder en dus na goeddunke af te handel. Die instelling van die kommissie op 26 November 1827 ter vervanging van die bestaande blykbaar minder amptelike kommissie (Hooijer 1846: 41-43), het die neiging om die regering van die kerk te vervang deur 'n klein kommissie waar die klem op bestuur geval het, beklemtoon.

Die sinodale kommissie het die deputate vervang wat tydens die Dordtse Sinode van 1618-19, Artikel XLIX, nog geldig was (Kersten 1980: 186). Die instelling van die kommissie is ook deur eietydse beoefenaars van die kerkreg nie kritiekloos aanvaar nie (Roijaards 1834: 103; Hooijer 1846: 41).

Rotasie in die Algemeen Reglement is volgens Artikel 17 behou op sinodale vlak, maar slegs met betrekking tot ouderlinge (Pont 1991: 32). Dieselfde gebeur in die Provinsiale Sinode volgens Artikel 31, 'en voor eene der classen bij jaarlijksche beurtwisseling één Ouderling of Oud-Ouderling' (Pont 1991: 34). Die kommissie van die klassikale vergadering het volgens Artikel 55 bestaan uit die Praeses, Assessor, Skriba en twee, drie of vier 'gecommitteerde Predikanten,..., alsmede uit eenen Ouderling of Oud-Ouderling, die na één jaar aftreedt'. Van die 'gecommitteerden' (gemagtigdes) het volgens Artikel 58 twee of ten minste een, jaarliks afgetree wat egter weer benoem kon word (Pont 1991: 37). Die sinodale kommissie het naas die President, Vise-President en Sekretaris ook volgens Artikel 9 uit drie predikante en drie ouderlinge bestaan (Pont 1991: 43). Verder dui Artikel 12 aan dat die ses laasgenoemde lede vir drie jaar benoem word, en bepaal volgens Artikel 13 dat 'jaarlijks eene aftreding plaats hebben, van twee der zes laatsgenoemde leden, één Predikant en één Ouderling zullende de

aftredende binnen twee jaren na hunne aftreding, als leden der commissie, niet weder benoembaar zijn' (Pont 1991: 44). Die President, Vise-President en Sekretaris van die 'Algemeene Synodale Commissie' was nie aan rotasie onderhewig nie.

'n Verdere aspek wat vermelding verdien is die proponentsformule wat in die reglement vervat is, en van die kandidaat wat tot bedienaar van die Woord toegelaat wou word, gevra het om die leer van die kerk 'welke overeenkomstig Gods Heilig woord, in de aangenomen formulieren van eenigheid der Nederlandsche Hervormde kerk is vervat, ter goeder trouw aannemen en hartelijk gelooven,…' (Hooijer 1846: 56).

Uit die onenigheid wat gevolg het, was dit duidelik dat die formulering so vaag was dat dit aanleiding gegee het tot 'n dispuut wat gewentel het oor die vraag of die formule onderteken word op grond van die *quia,* of die *quatenus* standpunt. Die sinode van 1835 het geoordeel dat dit nie op hulle weg was om die aangeleentheid op te helder nie. 'n Verdere versoek in 1841 om die bestaande formule met die oue te vervang, lei daartoe dat 'n verklaring aangebied word, naamlik: 'als dat zich niet vergenoegt met de aankleving van deze of gene waarheid in de formuliers-artikelen vervat, maar in het algemeen, de leer, die in dezelve voorkomt, gelijk die in haren aard en geest het wezen en de hoofdzaak uitmaakt van de belijdenis der Hervormde kerk,…' (Hooijer 1846: 58). Die kritiek teen die huidige was dat veel in die duister gelaat word. Dit was nie duidelik wat bedoel word met formuliere van eenheid, of die ondertekening op grond van die *quia* of *quatenus* standpunt nie, en die onderneming ooreenkomstig God se Woord, het te veel in die duister gelaat (Nauta 1969: 9). Terugkeer na die oue het beteken dat die ondertekeningsformulier soos vasgestel by die Sinode van Dordt 1618-19, weer ingestel moes word (Kersten 1980: 208).

Soos verwag kon word, is die saak nie hiermee bygelê nie. Dit was uit die herformulerings wat later vasgestel is duidelik dat dit eintlik oor leervryheid gegaan het. Uit die formulering van 1854, wat duidelik vir die

quatenus standpunt kies 'dat wij des zins en willens zijn den geest en de hoofdzaak der leer, welke in de aangenomen formulieren van eenigheid der Nederlandsche Hervormde Kerk begrepen is, getrouw te handhaven' (Pont 1991: 99) word die ware feite duidelik.

Kerkregtelik beoordeel, is daar 'n besonder groot kontras tussen die Kerkorde van Dordt 1618-19, en die Algemeen Reglement van 1816. Bondig opgesom, kom dit neer op die verwoording van die verskil tussen regering en bestuur van die kerk. Daarbenewens tree die radikale verskuiwing in as gevolg van die verandering wat plaasvind in die gemeenskap wat die kerk omring, en veral 'n pendeling van die objektiewe na die subjektiewe beteken. Dit het beteken dat die gesag van die Woord van God soos geformuleer in die belydenisskrifte, kerkordelik omlyn en in die kerk verkondig is, nie meer die objektiewe norm vir leer en lewe is nie. In die plek daarvan tree die mens met sy verstand in die middelpunt, wat met die metodes van die wetenskap gelei deur die rede van die mens, besluit wat waar of vals is.

Pont (1991: 107) maak die volgende opmerking:

> Dit is duidelik dat die *Algemeen Reglement* wat aan die kerk opgelê is in die tyd van die hoogbloei van die optimistiese, rasionalistiese supranaturalisme nie net die kerkordelike tradisie van die vorige twee eeue deurkruis het nie, maar ook die calvinistiese teologie in sy riglyne verbygegaan het. Die probleem was egter dat **in die kerk** self daar nóg kerkordelik nóg teologies werklik die vermoë was om die invoering van die *Algemeen Reglement* teen te staan….Die *Reglement*, met sy aanvaarding van leervryheid, het meegebring dat die kerk self 'n belangrike rol gespeel het, in die sekularisasieproses wat in Nederland vanaf die 18e eeu na vore kom.

Die vraag kom hier na vore hoe so ‘n geweldige grondverskuiwing met betrekking tot die Nederlandse Hervormde Kerk, moontlik was vanaf Dordt 1618-19 tot en met die invoering van die Algemeen Reglement van 1816. Die Algemeen Reglement van 1816 verwys in Artikel 1 na die Kerk as ‘n genootskap (Hooijer 1848: 24), terwyl die geldende belydenisskrifte, naamlik die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en die Leerreëls van Dordt 1618-19, dit nie so verwoord het nie. Dit is daarom voor die hand liggend dat die Kerk onveranderd oor sy belydenisskrifte beskik het, maar dit nie gehandhaaf het nie. Hieruit blyk dat geldende belydenisskrifte of ‘n kerkorde, nie die regte leer in die kerk kan waarborg nie, daar moet iets bykom, naamlik ampsdraers en lidmate wat deur die lewende geloof aangespreek voel. Fiolet debatteer die saak en dui op die Kerk se verknogtheid aan die owerheid wat formeel in 1796 die Nederlandse Hervormde Kerk as staatskerk opgehef het. Die verwagting sou wees dat die Kerk die bevryding sou verwelkom, aangesien die patronaatsreg wat by Dordt 1618-19 gegeld het, sodoende opgehef is. Maar dit het nie gebeur nie, omdat ‘lauwheid en geestelijke krachteloosheid zochten uitvluchten en zij verscholen zich achter financiële moeilikheden’ (Fiolet 1953: 26). Hy verwoord die innerlike toestand van die Kerk ook soos volg:

> Dit was het dilemma. Links en rechts lag de dreiging om uit de Kerk te treden. En de Synode moest besturen, wat in haar opvattingen betekende: tegen elke prijs eenheid bewaren. Met een principieel optreden zou zij niet ver komen....Men eiste van haar handhaving van de leer. Natuurlijk, de drie Formulieren van Enigheid bleven immers van kracht. Doch tegelijkertijd verklaarde zij zich onbevoegd door een uitspraak duidelijk te omschrijven, wat precies tot die leer behoorde....Dit waren de wapenen – zich onbevoegd verklaren tot iedere leeruitspraak en onbewogen blijven onder iedere kritiek -....
>
> (Fiolet 1953: 31).

Pont wys daarop dat die klimaat waarin die Algemeen Reglement van 1816 tot stand gekom het, díé was van die neutrale staat wat alle godsdienste verdra, en die kerk vervlak tot ‘n randverskynsel wat op dieselfde vlak funksioneer as enige ander vrywillige vereniging. So verdwyn die kerk as draer van die openbaringswaarheid van God uit die sentrum van die daaglikse lewe (Pont 1987: 36). Behalwe die beskouing van die kerk deur die demokratiese owerheid van díé tyd, kon die kerk ook vanweë die skolastiek waarin die teologie vasgevang was, nie weerstand bied teen die opkomende rasionalisme en sekularisme nie. Hy wys daarop dat daar ‘n etiese verskuiwing in die kerklike leer plaasgevind het wat deur die nadere Reformasie en die Reveil gevoed is. Dit bring mee dat geloof en werke naas mekaar te staan kom en word die kwaliteit van die gelowige belangriker as die verkondiging van die *iustitia Christi* (Pont 1987: 35).

Die Nederlandse Hervormde Kerk was nie in staat om op díé situasie te reageer nie, ten spyte van die geldende belydenisskrifte, proponentsformule en die Dordtse Kerkorde van 1618-19. Rasionalisme en sekularisme oorwoeker ‘n teologie wat aan die skolastiek uitgelewer is. Reaksie daarop kom uit etiese hoek, en loop uit op die kerklike afskeiding deur Hendrik de Cock in 1834 (Van ‘t Spijker 1985b). Die moontlikheid dat die Kerk in die negentiende eeu so kon verword ondanks belydenisskrif en kerklike orde, is en bly ‘n waarskuwende les vir die kerk tot op die jongste dag. Dit toon aan dat geloof bely moet word, en nie mag vereng tot bepaalde formules wat kosmeties van aard is, en nie meer die hart van die geloof verwoord nie.

2.5 Die Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk van 1 Mei 1951

Die lang tydverloop tussen 7 Januarie 1816 en die nuwe Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk wat op 7 Desember 1950 goedgekeur, en op 1 Mei 1951 in werking gestel is (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXXV), bring die siniese woorde van Noordmans onwillekeurig in

gedagte toe hy gesê het: ’Een der meest eigenaardigheden van de organisatie van 1816 is haar vermogen om te duren. Bij de pogingen om haar te breken zijn geslachten versleten, zonder dat er merkbare ruimte tussen haar voegen kwam’ (Noordmans 1984: 209). Die woorde van Noordmans kan met goeie gevolg ernstig geneem word. In die tydperk van honderd vyf en dertig jaar wat verloop het, kan reeds die afleiding gemaak word dat dit nie maklik was om van die opgelegde Reglement ontslae te raak nie. Bronkhorst (1945: 39-42) bied ‘n volledige lys van pogings wat sonder sukses aangewend is om aan die situasie verandering te bring. Wesenlik was dit so dat die stryd om verandering eintlik eers momentum begin kry in die tien jaar voor die aanbreek van die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945), en met die oprigting van die twee verenigings Kerkherstel en Kerkopbouw. Dit is voorafgegaan deur die besluit van die sinode op 11 Augustus 1927 om ‘n kommissie vir die reorganisasie van die Kerk te benoem (Bartels 1946: 8). Die resultaat van die poging tot herstel wat aangedui word as die Ontwerp-1929, word tydens ‘n buitengewone samekoms van die sinode in sitting van 7-10 Januarie 1930 verwerp (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XX). ‘Van de lange rij pogingen om de kerk van een besturenkerk weer te maken tot een belijdende kerk was het voorstel van 1929 een van de belangrijkste en het was dus niet denkbaar, dat de verwerping van dit voorstel tevens het einde van de strijd om een belijdende kerk zou betekenen’ (Bartels 1946: 34).

Op 10 Junie 1930 word dan by Amersfoort *die Nederlandsch Hervormd verbond tot Kerkherstel* opgerig as poging uit konfessionele hoek om die Kerk te ontworstel van sy verlede. Kort daarna op 16 Februarie 1931 kom uit etiese rigting die vereniging Kerkopbouw in Utrecht tot stand. Alhoewel die verhouding tussen die twee verenigings nie heel gemaklik verloop het nie, was daar egter meer aan die positiewe kant te vind soos uit die volgende uitspraak blyk:

> Een zeer gunstig gevolg van het optreden van beide verenigingen was ook, dat de oude richtingsverschillen

> meer op de achtergrond begonnen te geraken. In Kerkherstel, hoewel confessioneel gekleurd, verenigden zich Hervormden uit alle groepen der orthodoxie en Kerkopbouw, hoewel etisch van karakter, heeft aan het kerkelijk leven een grote dienst bewezen door reëel contact te leggen met het rechts-modernisme.
>
> (Bartels1946: 46)

Die toenadering tussen beide verenigings, hoewel onverwags, loop daarop uit dat ‘n akkoord aanvaar word wat in die winter van 1935-36 saam met sinodale waarnemers gevorm is, tydens die sinodale vergadering van 6 Augustus 1936, aanvaar en gepubliseer word (Bartels 1946: 145). Op dieselfde vergadering word besluit om ‘n reorganisasie-kommissie te benoem, wat met die aanvaarde akkoord ernstig rekening moes hou. Die resultaat van die kommissie kom op die buitengewone sinodale vergadering gehou op 12 Januarie 1938 ter tafel, en word met ‘n skrale meerderheid van tien teen nege stemme aanvaar in eerste lesing (Bartels 1946: 162, 166). Hierna is die ontwerp voorgelê aan die provinsale kerkbesture en klassikale vergaderings, wat in tweede lesing op die sinodale vergadering van 10 Augustus 1938 aan die orde kom (Bartels 1946: 201).

Bartels stel dat die sinode so sinodaal was dat hulle nie gebruik gemaak het nie van hulle voorreg wat deur artikel 62 verleen word naamlik, dat hulle ‘naar eigen oordeel gebruik maakt van de consideraties der classicale vergaderingen’ (Bartels 1946: 203). Die uitslag was teleurstellend. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in die somer van 1939 bring díé fase tot ‘n definitiewe stilstand.

Dit was merkwaardig om die invloed te sien wat die slegte nuus van die oorlog tot gevolg gehad het. Ten spyte van die slegte gevolge wat gewoonlik met oorlog gepaard gaan, het dit in die Nederlandse Kerk ‘n verstommende ommeswaai tot gevolg gehad. Dit toon andermaal dat voorspoed en dan veral finansiële voorspoed, vir die kerk gerieflik is,

maar nie noodwendig ten goede nie. Anders gestel, kom dit daarop neer dat ongunstige omstandighede waarin die kerk hom bevind, nie vir die kerk sonder meer sleg is nie.

> Na de schok van de Duitse inval op 10 Mei 1940 bleek de Kerk één der eerste te zijn, die opstond uit de verlamming, die zich van ons volk meester had gemaakt. Het was Gravemeyer, de secretaris van de Algemene Synode, die vanwege de Algemene Synodale Commissie op 17 Mei 1940 een boodschap zond aan alle kerkeraden. Het was een woord van troost en getuigenis. Het was een schreeuw om Gods barmhartigheid voor Kerk en volk….Het verrassende en nieuwe was echter, dat er vanuit de synode plotseling een leidinggevend woord werd gesproken tot alle gemeenten en dat werd gesproken door heen te wijzen naar de Bijbel.
>
> (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXII)

Tog was dit duidelik dat die Kerk nie in staat was om uitspraak teen die nasionaal-sosialisme te lewer nie, gewoon omdat die Kerk homself die voorreg ontneem het om ‘n profetiese getuienis teenoor die wêreld te lewer. Die inspirerende woorde van professor Hendrik Kramer het baie laat besef dat die Kerk weer kerk moes wees. Gemeentes moes geaktiveer word tot ‘waarachtige gemeenschappen, die evangeliseren en die een warm toevluchtsoord zijn voor verslagenen en verdrukten’ (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXII). Dit beweeg die sinode om ‘n *Commissie voor Kerkelijk Overleg* in die lewe te roep, wie se werk saamgevat word onder die werkgroep Gemeenteopbouw, wat telkens tot die slotsom gekom het dat die Kerk onder die Algemeen Reglement verstar het. Deel van die insette van Gemeenteopbouw was om ‘n subkommissie, *de Commissie voor beginselen van Kerkorde* in die lewe te roep, met die opdrag om uit die bestaande impasse te geraak deur die bestudering van die beginsels van ‘n nuwe kerklike orde. ‘n

Kommissie word in Februarie 1942 benoem bekend as *de Commissie voor beginselen van Kerkorde* (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXIII).

Na ‘n ietwat moeisame begin vanweë die oorlog kon die werk van die kommissie eers teen Februarie 1943 begin. Die werk het uit twee dele bestaan, naamlik om enersyds die bestuurstelsel van 1816 te vervang, en andersyds om die belydenis en leertug te herstel. Vanweë die feit dat die herstel van die belydenis en die gevolglike leertug wat daaruit spruit pogings tot vernuwing laat struikel het, word deur die Voorsitter Scholten aan die hand gedoen om eers net ‘n werkorde op te stel wat die kerk in staat sou stel om die bestuurstelsel van 1816 af te skaf, en te vervang met ‘n breë kerklike vergadering wat ‘n nuwe kerkorde sou kon ontwerp. Sy voorstel het daarop neergekom dat die 44 classes en die Waalse Reünie elk een afgevaardigde stuur, sodat die 45 afgevaardigdes ‘n nuwe meer verteenwoordigende sinode kon vorm. Die kommissie bestaande uit prof mr P Scholten, prof dr S F H J Berkelbach van der Sprenkel, dr E Emmen, ds K H E Gravemeyer, prof dr A A van Ruler, prof dr J Severijn, dr H de Vos en dr H M J Wagenaar het die voorstel aanvaar, en dr Wagenaar het die taak opgeneem om ‘n werkorde saam te stel.

> Deze werkorde zou het de Kerk mogelijk maken om zelf een nieuwe kerkorde op te stellen.
>
> De werkorde bevatte een korte en eenvoudige regeling, die het bijeenkomen van een nieuwe synode regelde en de taak van deze synode beschreef. Deze taak zou voornamelijk bestaan uit de bevoegdheid om een nieuwe kerkorde te maken...
>
> De commissie kwam ten slotte met een regeling, die zonder grote wijzigingen aan het Algemeen Reglement kon worden toegevoegd. Het bevatte acht zogenaamde additionele artikelen en vijfentwintig invoeringsbepalingen.

> Deze invoeringsbepalingen regelden de wijze waarop het Algemeen Reglement gewijzigd moest worden om het gehele plan vervolgens te kunnen uitvoeren. Het voordeel van dit plan was, dat het Algemeen Reglement nu niet artikel voor artikel behoefde te worden gewijzigd. Deze gedachte is van doorslaggevend belang geweest voor het slagen van de inzichten van de commissie.
>
> (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXIV)

Tydens die sinodale vergadering van 26 April 1944 word die werkorde met algemene stemming aanvaar. Die eindstemming vind op 25 Julie 1945 plaas nadat die prosedure vir ‘n wysiging van ‘n reglement nagekom is, en word met met twee en sestig stemme teen twee aanvaar.

> Op het historische ogenblik, waarop deze uitslag in de synode werd bekend gemaakt, stond secretaris Gravemeyer op om een symbolische daad te verrichten. Hij bedekte de Reglementebundel van 1816 met de Bijbel. Hij sprak daarbij de bede uit: “dat de Vader van onzen Heere Jezus Christus door Zijn Heilige Geest zoo sterke, dat de Nederlandsche Hervormde Kerk als Christus belijdende volkskerk de groote opdracht in samenwerking met de andere Kerken kan vervullen en de herkerstening van het Nederlandsche volk kan ter hand genomen worden. *Veni creator Spiritus*!”
>
> (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXV)

Die werkorde het op 20 September 1945 in werking getree, en gevolg gegee aan die samekoms van ‘n nuut saamgestelde sinode op 31 Oktober 1945 wat deur die werkorde geskep is. ‘n Kommissie bekend as *Commissie voor de Kerkorde* word op 11 Desember 1945 saamgestel, bestaande uit die bestaande lede van die *Commissie voor beginselen van Kerkorde*, asook lede van die moderamens en ander kundiges.

Lede wat bygevoeg is, was dus: ds J Boonstra, prof dr Th L Haitjema, dr O Noordmans, mr G Vixseboxse, ds H F J Wesseldijk en ds W A Zeydner. Die kommissie het op 24 Oktober 1947 ‘n *Ontwerp voor een Kerkorde der Nederlandse Hervormde Kerk* aan die Generale Sinode aangebied (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXVI).

Op 20 Desember 1945 het die kommissie vir die eerste keer byeen gekom. Tydens die vergadering word besluit dat die sogenaamde *bouwplan* van Wagenaar as basis van bespreking sou dien. Laasgenoemde het tydens die afwagting van die besluit oor die werkorde ‘n geheel nuwe kerkorde opgestel vir die Kerk. Op 24 Oktober 1947 het die kommissie die *Ontwerp voor een Kerkorde*, na drie en dertig vergaderings, gereed (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXXIV).

Die oorhandiging het plaasgevind op 24 November 1947 tydens ‘n besondere sitting van die Generale Sinode in die Domkerk in Utrecht. Na uitvoerige bespreking aanvaar die sinode die kerkorde in eerste lesing op 14 Oktober 1949, waarna dit aan die provinsiale kerkbesture voorgelê is vir kommentaar. Nadat 6000 amendamente ontvang is, is die kerkorde artikelgewys bespreek deur ‘n verdubbelde sinodetal vanaf 20 November tot 7 Desember 1950 toe die finale produk met ses en sewentig teen veertien stemme aanvaar is. Die Kerkorde het op 1 Mei 1951 in werking getree (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXXV).

Wanneer die 1951 Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk van nader bekyk word, val dit op dat die Kerkorde uit twee gedeeltes bestaan wat as kerkorde en ordinansies aangedui word. Met die eerste oogopslag is dit duidelik dat díé Kerkorde heel anders daar uitsien as die Algemeen Reglement van 1816 (Nederlandse Hervormde Kerk 1969=NHK 1969).

In die eerste artikel word gestel dat die Nederlandse Hervormde Kerk ooreenkomstig sy belydenis, openbaring is van die een heilige, algemene, Christelike kerk. Daaruit is dit duidelik dat die Kerk vanuit sy

belydenis homself sien as openbaring van God, en homself as belydende Kerk in die wêreld verstaan wat dus nie gegrond is in die wil en konsensus van sy lede nie. Dit word ook verder in die tweede artikel omlyn wanneer gestel word dat lidmate van die Kerk kragtens die genadeverbond tot die Kerk behoort, wat rondom Woord en sakrament vergader. Dit beklemtoon die objektiewe belewenis van die Kerk, en is aanduiding van die feit dat die kerk nie sy bestaan te danke het aan die inisiatief van mense nie (NHK 1969: 11).

Die kerk se orde en werk strek oor die verkondiging van die Woord , die bediening van die sakramente en alles wat daarop volg in rangorde, waarvan die verkondiging van die Woord as die belangrikste beskou word. In diens van hierdie orde word in Artikel 4 gestel dat die ampte die taak het om die orde van Christusweë te onderhou. Ampte is dus nie ten dienste van die bestuurtaak van die kerk nie, maar tot onderhouding van die kerk (NHK 1969: 12).

Artikel vyf (NHK 1969: 13) bevat die sogenaamde anti-hiërargiese beginsel wat wil voorkóm dat vergaderings of ampsdraers oor ander vergaderings of ampsdraers heers. Opvallend in vergelyking met die Algemeen Reglement, is die opstelling van die vergaderings van die ampte vanuit die kerkraad as die primêre vergadering van die ampte, aangesien geen saak op meerdere vergaderings behandel sal word nie as dit nie op die vergadering wat die meerdere vergadering impliseer, afgehandel kan word nie (Artikel V/3).

Die apostolaatskarakter van die kerk word in Artikel VIII omskryf as ‘n

> Chistus-belijdende geloofsgemeenschap gesteld in de wereld om Gods beloften en geboden voor alle mensen en machten te betuigen, vervult de Kerk, in de verwachting van het Koninkrijk Gods haar apostolische opdracht in het bijzonder door haar gesprek met Israel, door het werk der zending, door de verbreiding van het Evangelie en de

> voortdurende arbeid aan de kerstening van het volksleven in de zin der Reformatie.
>
> (NHK 1969: 15)

Daarop word verder onder andere gestel:

> De Kerk richt zich in de verbreiding van het Evangelie tot hen, die daarvan zijn vervreemd, om hen terug te brengen tot de gemeenschap met Christus en Zijn Kerk, blijft in al haar geledingen strijden voor het reformatorische karakter van staat en volk en wendt zich, in de verwachting van het Koninkrijk Gods, in de arbeid der kerstening tot overheid en volk, om het leven naar Gods beloften en geboden te richten.
>
> (NHK 1969:16)

Uit die formulering van die artikel blyk die volkskerklike intensie as ‘n poging om die volkslewe te kersten in die sin van die Reformasie. Wanneer díé intensie verwoord word om die owerheid en volk te kersten, word die teokratiese uitgangspunt aan die orde gestel as ‘n proklamasie om die lewe na die beloftes van God en sy gebooie te rig.

Die belydende karakter van die Kerk word in Artikel X (NHK 1969: 16) verwoord wanneer die Heilige Skrif as die bron vir die prediking, en reël vir die geloof belydend gestel word. Die belydenis geskied ook in die vergaderings van die ampte in gemeenskap met die vadere, in verantwoordelikheid tot die hede en met die oog op die toekoms in Jesus Christus. Die belydenis is ‘n belydenis van die selfopenbaring van die Drieënige God.

Die verskillende belydenisskrifte word by die naam genoem, sodat daar geen twyfel kan wees oor die inhoud van die Kerk se belydenis nie. Verder bely die Kerk in sy prediking, getuienisse, kanselboodskappe, herderlike briewe, kerkliedere, gebede, formuliere, leerboeke en

belydenisskrifte, Jesus Christus as Hoof van die Kerk en Heer van die wêreld.

Laasgenoemde belydenis is die mees wesenlike vir enige Reformatoriese kerkorde, en plaas meteen die totale dienswerk van die kerk in al sy geledinge onder die heerskappy van Christus. Die belydenis onderskei die kerk van ‘n vereniging van die wêreld en ‘n kerkorde van die konstitusie van ‘n vereniging.

Die artikels en die ordinansies van die kerkorde verkeer nie op dieselfde vlak nie. Die onderskeid lê in die feit dat dit moeiliker is om ‘n artikel van die kerkorde te wysig, as ‘n ordinansie. Artikel XXVIII 4, 5 (NHK 1969: 22) bepaal dat die finale stemming oor die wysiging van ‘n artikel van die kerkorde deur ‘n verdubbelde sinode geskied na vooraf kennisgewing, terwyl ‘n wysiging van die ordinansies slegs deur die normale aantal afgevaardigdes hanteer word. Die feit dat selfs ‘n ordinansie eers aan kerkrade ter insae gestuur word volgens artikel XXVII 4, dui aan dat ordinansies ook in rangorde belangriker geag word as die gewone besluite van die Generale Sinode.

Die gebruik om die kerkorde met ordinansies aan te vul, dien dus as kommentaar en nadere uitleg van die artikels van die kerkorde.

2.6 Die 1951 Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Bogenoemde Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk het sy ontstaan te danke aan die besluit van die Algemene Kerkvergadering van 11 Mei 1948, om ‘n nuwe uitgawe van die Kerkwet uit te gee wat alle wysigings bevat tot op datum (Van Wyk 1991: 171). Wanneer die onderhawige Kerkwet met die Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk vergelyk word, is daar ‘n opvallende ooreenkoms wat spruit uit die feit dat die kommissie wat saamgestel is om die nuwe kerkwet daar te stel, dit goed gedink het om ‘n eksemplaar van die

Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk aan te vra wat op 1 Mei 1951 in gebruik gestel is (Van Wyk 1991: 173). Die invoering van die Kerkwet van 1951 het ‘n kerkordelike verloop sedert Die Algemeen Reglement van 1824 (Pont 1991: 216), vervang deur die 1842-Kerkwet, waartydens ook die naam van die Kaapse Kerk verander is van Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika, na Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika (Pont 1991: 262; Botha 1963: 34; Coertzen 2000: 253).

Die 1824-Kerkwet was die geldende kerkordelike reëlings wat in die Kaap gegeld het en wat later, nadat diegene wat die Kaap verlaat het, deur die 1842-Kerkwet vervang is. Eersgenoemde is ook dikwels in die Transvaalse Kerk gebruik vir sovêr dit nie in stryd was met die aangenome beginsels nie (Botha 1963: 26). Dit was eers later, op 24 Oktober 1863, wanneer die Kaapse Kerkwet amptelik vervang word deur die Reglementen van de Nederduitsche-Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaanse Republiek (Pont 1963: 36; Storm 1989:131). Pont wys daarop dat die kerkreg wat aan die Kaap beoefen is en deur die Kerk in Transvaal oorgeneem is, deur die kollegialistiese beginsels beïnvloed is. ‘Dat die negentiende eeuse kollegialistiese beginsels in ons kerklike orde ingeweef was, is reeds in 1924 deur S P Engelbrecht gekonstateer en dat díé beginsels van ‘n totaal ander aard is as die fundamentele beginsels vir die inrigting van die Kerk wat deur Calvyn op grond van die Heilige Skrif neergelê is, is ook al meermale betoog’ (Pont 1963: 37). Die kerkwet word in 1869 hersien en geld tot in 1904. Die wet van 1904 het met wysigings bly geld tot die vervanging deur die Kerkwet van 1951.

Die invloed van die Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk van 1951 was duidelik in die Kerkwet van 1951 sigbaar. Díé Kerkwet het bestaan uit 24 artikels wat die wet uitgemaak het, terwyl die bepalings 19 hoofstukke beslaan het (NHKA 1951). Die eerste weergawe is aangevul en gewysig sodat die Kerkwet wat in 1997 deur die Kerkorde

vervang is, uit 25 artikels bestaan het en aangevul is deur twee honderd en vier bepalings (NHKA 1992).

As enkele belangrike sake uitgelig word, is dit duidelik dat die belydende karakter van die Kerk en sy verbondsmatige kerkbegrip, baie duidelik in artikels 1 en 2 beklemtoon word. Die feit dat die gemeente die verskyningsvorm van die Kerk is op elke plek, met die byvoeging dat die Kerk uit al sy gemeentes bestaan, moet nie misgekyk word nie. Daarnaas word die teokratiese trekke in die Kerkwet duidelik, as in artikel 9.4 bely word dat die Kerk 'betuig teenoor owerheid en volk die heerskappy van God op elke terrein van die samelewing en die eis dat die samelewing ingerig word volgens die beloftes en die wil van God' (NHKA 1992: 4). Verder kom die kern van die Presbiteriaal-sinodale stelsel aan die orde wanneer 'telkens opnuut Christus as Hoof van die Kerk en as Heer van die wêreld' bely word (NHKA 1992: 5).

Vervolgens word in artikel 6 na die anti-hiërargiese beginsel verwys, waar gehandel word oor die vergaderings van ampsdraers, en kom die anti-independentistiese beginsel in artikel 13.4 na vore waar oor die Kerkboek gehandel word. Die formulering funksioneer hier veral in ekumeniese verband, terwyl in Bepaling 12.12 gehandel word oor besluite wat op die Algemene Kerkvergadering geneem, en bindend is op alle gemeentes van die Kerk nadat die besluit geneem is (NHKA 1992: 3, 6 en 22).

Die Kerkwet van 1951 soos gewysig tot en met 1992, was 'n kerkorde wat die basiese beginsels van die presbiteriaal-sinodale stelsel reflekteer het. Ten spyte daarvan was dit jammer dat die kerkorde as 'n kerkwet bekend gestaan het, wat moontlik daartoe bygedra het dat die genuanseerde aard en gebruik van 'n kerkorde nie tot sy reg gekom het nie. Dit is veral versterk deur die feit dat die rotasiebeginsel nie konsekwent toegepas is nie. Die 1992-Kerkwet het bepaal dat 'n ouderling of diaken, verkieslik nie na meer as drie agtereenvolgende ringsvergaderings afgevaardig word nie (Bepaling 7). Dieselfde het

gegeld met betrekking tot lede van die ringskommissie (Bepaling 9, 6 en 7). By die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is gestel dat geen ampsdraer vir langer as twee termyne vir dieselfde posisie verkies word nie (Bepaling 12 8). Die invoeging van die woord *verkieslik*, het rotasie vir alle praktiese redes opgehef. Dit het noodwendig daarop uitgeloop dat ampsdraers vir selfs dekades op die Kommissie gedien het, wat aan die Kommissie ‘n redelik prominente plek in die Kerk besorg, en veral aan die telkens kontinuerende voorsitter, besondere voorrang verleen het.

2.7 Die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk sedert 1997

Op voorstel van die ring van Noordelike Pretoria tydens die twee en sestigste Algemene Kerkvergadering in sitting vanaf 25 Junie tot 1 Julie 1989, word ‘n besluit aanvaar om die huidige Kerkwet na ‘n kommissie van ondersoek en studie te verwys met die oog op herformulering, herrangskikking en aanpassing indien nodig. As motivering word die volgende gestel:

> Die kerkwet is die neerslag van die kerk se verstaan van homself en sy roeping in die konkrete historiese gegewenheid van sy eie dag, op grond van sy omgang met die Bybel en die belydenisskrifte.
>
> Die kerkwet praat op die oomblik nog met ‘n swaar aksent van die teologie van die Nederlandse Hervormde Kerk uit die jare vyftig. Vir die kerk kan dit net goed wees as die Kerkwet opnuut onder oë geneem word sodat die aksente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se eie teologie in sy Kerkwet sal spreek.
>
> (NHKA 1989: 273)

Die werksaamhede aan die nuwe Kerkwet het bestendig gevorder, en is uiteindelik tydens die buitengewone Algemene Kerkvergadering wat plaasgevind het op 30 Junie 1997, en volgende dae, finaal goedgekeur en in die Kerk in werking gestel.

Die Kerk het met die invoering van die Kerkorde gekies vir die benaming kerkorde, wat die gebruiklike term is vir die ordende reëls van die kerk, wat sedert die Sinode van Middelburg 1581 gebruiklik is (Jansen 1952: 7).

Tweedens is dit duidelik dat die begrippe artikels en bepalings weggeval het, vir die keuse om die gedeelte wat voorheen as die wet by wyse van artikels, te vervang met ‘n kerkorde wat in ordereëls verdeel is. Daarnaas is die bepalings vervang met ordinansies wat ook na elke ordereël aan die orde kom. Die nuwe Kerkorde bestaan uit tien ordereëls wat telkens deur ‘n aantal ordinansies gevolg word. ‘n Verdere opvallende onderskeid is dat elke ordereël in vetdruk, gevolg word deur ‘n verdere uiteensetting van die bepaalde ordereël, en daarna deur die ordinansies wat as kommentaar en verdere praktiese uiteensetting van die ordereël gesien kan word. Dit is opvallend dat die Kerkorde die belydenis voorop stel as aanduiding van die belydende karakter van die Kerk, en is tiperend van hoe die Kerk homself sien. Die eerste ordereël wat handel oor die belydenis word gevolg deur die ampte, vergaderings van die ampte, gemeentes en kerk, verkondiging, verband met ander kerke, huwelik, gesin en opvoeding, dissipline, kerklike goedere en kerkorde.

Daarnaas bevat die Kerkorde geformuleer in Ordereëls 3 en 8, die kernbeginsel dat Jesus Christus die enigste Hoof van die kerk is (NHKA 2001: 36, 95), die bekende maar noodsaaklike anti-hiërargiese beginsel (Ordereël 3), asook die anti-independentistiese beginsel, ekumenies gesien (Ordinansie 1.2.3, 1.3.2) en binne kerklik beskou [Ordinansie 3.8.3 (xii)] .

Dit is tekenend van besondere vooruitgang in die kerkregtelike denke van die Nederduitsch Hervormde Kerk dat die rotasiebeginsel in die Kerkorde ingeskryf is, óók op sinodale vlak sodat die figuur van die kontinuerende voorsitter van die Algemene Kerkvergadering verdwyn het, daar ‘n huidig verkose voorsitter slegs twee termyne as voorsitter mag dien, of selfs lid van die Kommissie mag wees [Ordinansie 3.8.3 (vi)].

Vir sommige sal dit opmerklik wees dat die bekende artikel 3 van die Kerkwet verval het. Tog is die saak behou in ‘n meer kerklike formulering in Ordereël 4, naamlik: ‘Die Kerk is ‘n volkskerk met sy eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal en tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelyk aan alle mense’.

Die Kerk erken in sy Kerkorde slegs drie kategorieë van predikante, naamlik predikante in gemeentes, predikante met ‘n besondere opdrag en predikante wat geëmeriteer het (Ordereël 2.1.1). Wesenlik is daar slegs twee moontlikhede, naamlik diensdoenende predikante, en emeriti. Die keuse was duidelik bedoel om weg te doen met die sogenaamde deeltydse-, Bepaling 150 predikante en pastorale hulpe wat volgens die Kerkwet moontlik was. Daarom is hier wesenlik ‘n keuse gemaak vir die funksionele ampsbeskouing, wat uitgaan van die standpunt dat ‘n bedienaar van die Woord al sy tyd en aandag aan sy dienswerk gee. Die uitgangspunt is dus ‘n voltydse roeping met volle versorging, óf gedeeltelike versorging óf geen versorging [Ordinansie 2.1.2.1 (ii)] .

Ongelukkig is die saak weer redelik afgewater met die besluite van die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering wat nie net die figuur van die deeltydse predikant weer ingevoer het nie, maar dit ook moontlik gemaak het dat ‘n predikant ampsvoorreg mag behou, selfs sonder om aan ‘n vaste werkplek soos aan ‘n gemeente, verbind te wees (NHKA 2001b: 48-49). Laasgenoemde is die tipiese figuur van die amptenaar

predikant, wat vanweë praktiese omstandighede, veroorsaak deur die algemene ekonomiese toestand waarin die Kerk sy werk moet doen, onder andere, daartoe lei dat beroepe buite die kerk beoefen word wat nie altyd dien om iemand in staat te stel om predikant te wees en sodoende sy gesin te versorg nie, maar ook vanweë die ruim finansiële voordeel wat dikwels aan sulke beroepe verbonde is.

HOOFSTUK 3

BYBELS-REFORMATORIESE TEOLOGIE

3.1 Bybels-Reformatoriese teologie soos gesien deur enkele woordvoerders in die Kerk

Die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verwag van sy bedienaars van die Woord wat teologie doseer [Ordereël 2.1.6.1 (c)], om die Bybels-Reformatoriese teologie te bevorder deur navorsing, publikasie, voordragte en dosering, asook deur leiding aan nagraadse studie (NHKA 2001: 8). Die saak kom ook ter sprake as inhoud van die visitasiegesprek [Ordinansie 3.4.2 (vi) (b) en (d)], wat ringskommissies voer om die eenheid tussen gemeentes te handhaaf. By díé geleentheid word vanuit die Bybels-Reformatoriese teologie oor die opbou van die gemeente, en hervorming van die gemeentelike praktyk besin. Terselfdertyd word in die vooruitsig gestel dat die Bybels-Reformatoriese teologie tydens visitasie by predikante bevorder moet word (NHKA 2001: 46). Hiermee het die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk die teologie wat in die Kerk beoefen word, tipeer as Bybels-Reformatoriese teologie.

Die Hervormde Teologiese Studies is die teologiese tydskrif van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat in die lewe geroep is om die Bybels-Reformatoriese teologie te bevorder. Die intensie het as ‘n subopskrif op die buiteblad verskyn tot en met die verandering, sedert Jaargang 32/3 & 4 (1976). Die redakteur gee egter die versekering dat die weglating van die opskrif nie daarop dui dat die doelstelling van die HTS verander het nie. ‘Die redakteur is nie daarvan bewus dat die Bybels-Reformatoriese teologie die afgelope tien jaar in HTS bevraagteken is nie. Buitendien, sowel kritiese ondersoek as selfkritiek is kenmerkend van die Bybels-Reformatoriese tradisie’ (Van Aarde 1994: 2). Sedert die uitgawe van Maart/Junie 2001 word die tydskrif aangedui as HTS Teologiese Studies.

Gedagtig aan die feit dat ‘n kerklike orde die kerklike lewe rigtinggewend en dinamies wil begelei, is dit vanselfsprekend dat die tipering van die Kerk se

teologie as Bybels-Reformatories belangrik geag word en in die byderwetse tyd waarin die Kerk hom bevind, na waarde geskat moet word. Dit is ook vanselfsprekend dat hiermee gestel word dat die Kerkorde as sodanig, funksioneer binne die teologiese uitgangspunt van die Kerk. *De jure* kan aanvaar word dat die Kerk vanweë sy Kerkorde, en as gevolg van die feit dat die Algemene Kerkvergadering daaraan goedkeuring geheg het, steeds die Bybels-Reformatoriese teologie beoefen. *De facto* kan waarskynlik beweer word dat alhoewel die uitgangspunt nie sedertdien verander het nie, daar verskil van mening bestaan oor wat presies verstaan moet word wanneer oor die Bybels-Reformatoriese teologie gehandel word (Pelser 2001: 22). Die saak word op die spits gedryf met die volgende uitspraak: 'Die dubbelloop term Bybels-Reformatories word die laaste tyd weer heen en weer gegooi en is al so vuil gevat dat dit vir my lyk of 'n bietjie skoonmaakwerk aangewese is' (Die Hervormer 2003: 6). Die feit dat die inhoud van die Bybels-Reformatoriese teologie nie so eenstemmig bejeën word nie, is ook uit die volgende uitspraak duidelik:

> Daar word ook daarop gewys dat aspekte van die historiese Jesus-navorsing finaal afskeid neem van die Bybels-Reformatoriese teologie en dat daarom binne die eie teologiese klimaat van die Hervormde Kerk ernstig oor dié saak en die teologiese implikasies van die historiese navorsing besin sal moet word.
>
> [Van Wyk (jnr) 1999: 118]

Uit 'n hoofartikel van die Hervormer word steeds na die teologie van die Kerk verwys as Bybels-Reformatories (Die Hervormer 2003: 4).

Daarom is dit waarskynlik goed om bepaalde woordvoerders van die Kerk aan die orde te stel en daarnaas ook vanuit die belydenisskrifte van die kerk, 'n aanduiding te gee wat daaronder verstaan moet word. Ten spyte van verskillende standpunte en interpretasies wat daaraan geheg kan word, neem die belydenisskrifte 'n besondere plek in die lewe van die Kerk in as erfenisse wat kerkordelik verskans, en deur die handtekening van elke toegelate

bedienaar van die Woord bevestig word. Die Kerk formuleer in die proponentsformule (Ordinansie 1.1.2) dat die formuliere van eenheid te wete, die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls onder andere, as getuienis van die leer van die Kerk geglo word in die vaste oortuiging dat dit in ooreenstemming is met die Woord van God (NHKA 2001: 4). Aangesien laasgenoemde belydenisskrifte uit die Reformasie dateer, kan aanvaar word dat 'n verantwoordelike getuienis daaruit afgelei kan word.

Daar was nog altyd 'n terughoudendheid om van 'n sogenaamde Hervormde teologie te praat en daarom is die begrip Bybels-Reformatories eerder gebruik. As Van Zyl hom oor die teologie van die Nederduitsch Hervormde Kerk uitspreek, sê hy dat daarop 'n volstrekte *nee* moet volg, want die Kerk 'het nie 'n eie teologie nie. Hoogstens kan 'n mens sê dat hierdie kerk in die beoefening van teologie, voorkeur gee aan 'n bepaalde teologiese denkrigting, wyer as eie kerkgrense.' Hieraan is aanvanklik ook gevolg gegee deur die subopskrif van die Hervormde Teologiese Studies, naamlik vir die bevordering van die Bybels-Reformatoriese teologie (Van Zyl 1999: 24). Hy voeg naas Bybels-Reformatories, ook nog dialekties by met die volgende opmerking:

> Dat die twee saam genoem word, is 'n aanduiding dat hulle in noue verband met mekaar staan. Dialektiese teologie kan verstaan word as verlengstuk van die Reformatoriese, nie in die sin van repristinasie nie, maar as vernuwende voortgang. Albei wil teologie van die woord wees, beskou die Bybel as enigste outentieke getuienis van die selfbekendmaking van God in die mensgeworde Woord, deur die menslike getuienis van apostels en profete. Die vraag kan gestel word of dit nie voldoende is om van Bybelse teologie te praat nie. Ongelukkig verstaan almal nie die Bybel eenders nie. Elke ketter het sy letter. As die voorneme is om Bybels-Reformatories teologie te beoefen, beteken dit slegs dat geteologiseer word met die Bybel, soos deur die Reformatore verstaan, as grondslag, inhoud en norm daarvan.

(Van Zyl 1999: 25)

Die teologie wat in die Hervormde Kerk beoefen is, het hom nog altyd afgegrens teen ‘n objektivisme eie aan die Gereformeerde Ortodoksie, wat die belydenisskrifte verhef tot geldende waarhede, wat ten alle koste geglo moet word. Daar word die verhouding God en mens, sonde en genade omskrywe binne die struktuur van die uitverkiesingsleer, en nie meer die regverdiging van die sondaar deur die geloof alleen nie (Pont 1999: 204). Andersyds moes ook teen die subjektivisme afgegrens word wat in die Metodisme ervaar word. Grondliggend word gereageer teen die invoering van bepaalde sisteemdenke wat waarskynlik toe te skryf is aan die sterk dialektiese inslag, eie aan Hervormde teologie beoefening. Koekemoer (1994: 19) maak die volgende opmerking:

> Tegelyk is daar gewerk met die vooronderstelling dat teologie in diens van die kerklike verkondiging is. En omdat die belydenisskrifte in dié opsig gesien is as ‘n regulerende wegwyser ter wille van die suiwerheid van die verkondiging eerder as ‘n gepatenteerde verstaan van die Skrif waarvan nooit afgewyk mag word nie, is daar dan ook van belydende kerk in plaas van belydenis-kerk gepraat.

Dit gaan nie daaroor om ‘n relasie te soek met bepaalde waarhede nie, maar om in verhouding met die lewende God te leef. Die teologiese posisie van die Kerk is sonder twyfel Bybels-Reformatories, hoewel daar op verskillende wyses aan uiting gegee word. Oberholzer doen ‘n beroep op teoloë om te bly besin oor die positiewe, anti-rewolusionêre aspekte van die Bybels-Reformatoriese teologie, om daarin die regte rigting te vind (Oberholzer 1993: 880-881). Koekemoer vat die saak saam wanneer hy stel dat die eg Hervormde teologiese idioom beskryf kan word as ‘n dialektiese spanning tussen ewigheid en tyd, wat in ‘n teologiese spel verwoord word. ‘Daarom wil dié soort teologie nie eindig in ‘n afgeremde en geslote sisteem nie, maar dit wil steeds Woordgebonde en tradisiegetrou wees, terwyl dit rekening hou met die eie tyd en omstandighede’ (Koekemoer 1994: 25).

Vir Pont is die Bybels-Reformatoriese teologie ‘n objektiewe teologie, ‘dit wil sê ‘n teologie waar die geloof van die gemeente gerig is op ‘n objektiewe waarheid wat buite die mens staan en nie in die eerste plek op die mens se subjektiewe geloofsbelewing nie. Daardie objektiewe waarheid is die openbaring van die verborge God, naamlik Jesus Christus’ (Pont 1999: 201).

Maar verder is dit ook so dat die Bybels-Reformatoriese teologie ‘n openbaringsteologie is, waar die enigste betroubare getuienis van die openbaring van God in Jesus Christus, in die Bybel gevind word. Pont (1999: 201-2) wys daarop wanneer hy sê:

> So gesien, is die Bybel die getuienis en prediking oor Jesus Christus, die Seun van God,...Alleen in die Bybel is die verhaal van die heilswerklikheid, hierdie verlossing deur getuies neergeskryf, en daarom is alle verkondiging van Jesus Christus onherroeplik op die Bybel alleen aangewys.
>
> Daarom is die Bybels-Reformatoriese teologie ‘n openbaringsteologie of ‘n Woordteologie omdat dit in alle opsigte deur die Woord of die Bybel genormeer word.

Die objektiwiteit van die teologie beklemtoon terselfdertyd dat die mens se verlossing van buite kom,en nie deur sy eie toedoen bewerk word nie:

> Daardie God wat Hom oor ons ontferm het, Homself aan ons geopenbaar het in sy Seun, ons Here Jesus Christus wat van ewigheid af ook God is. Daardie God wat Hom met ons armsalige mense bemoei en ons om Christus wil, ons sonde vergewe en ons onder sy sorg en sy ontferming plaas en aan ons ‘n nimmereindigende toekoms in sy heerlikheid beloof het.
>
> (Pont 1999: 207)

Bybels-Reformatoriese teologie is ‘n Woordteologie wat in die Bybel as die geopenbaarde norm vir leer en lewe, die gesaghebbende Woord van God vind. Daarom berus die teologie op die openbaring van God, wat tegelyk in Jesus Christus as Seun van God ook mens geword het, en daarom ‘n openbaring in verborgenheid is, en nooit geopenbaardheid word nie. As objektiewe en geopenbaarde Woord tree God in Jesus Christus die sondaar tegemoet, wat van sy sonde geregverdig word deur die geloof alleen, sonder eie verdienste. Die geregtigheid wat die mens in Jesus Christus ontvang, is vreemde geregtigheid, wat nie deur sy eie toedoen geskied nie maar buite sy toedoen deur die genade en liefde van God, hom deelagtig word. Die Bybels-Reformatoriese teologie stel ‘n bepaalde Godsbegrip aan die orde, wat nie deur die mens se verstand of navorsing daargestel is nie, maar kenmerkend van die besondere openbaring van God. Daar is dus ‘n radikale verskil tussen God en mens, en juis daarom word die menswording van Jesus Christus die sentrale feit van Bybelse verkondiging. Miskien is die mees radikale van die Bybels-Reformatoriese teologie dat gebreek is met die optimistiese Roomse mensopvatting, en weer duidelik gesê is dat die mens in sonde ontvang en gebore is, sodat met ‘n verlossingsleer gewerk word wat nie geskoei is op die eie verdienste van die mens nie, daar die sonde uit die mens se hande geneem is om dit ‘n saak van God en sy Seun te laat word:

> ‘n Bybels-Reformatories teologie wat die kerk kerk wil laat wees – losgeruk uit die inpalming van partye en ideologieë; ‘n vashou aan die dialektiese, paradokse spanning in die verhouding van God en mens, tyd en ewigheid; teenoor alle rasionalistiese en subjektiwistiese sporinge van die agtiende en negentiende eeu in, ‘n Bybels-gefundeerde denke oor sonde en genade, vryspraak en die ware heiligmaking; ‘n teologie van die Woord.
>
> (Van Wyk 1999:143)

Miskien is dit goed om ná verskillende woordvoerders in die Kerk, nog na die volgende slotparagraaf te luister waarin Van Wyk (1999: 149) die volgende sê:

> Hier word volstaan met die oortuiging dat die Nederduitsch Hervormde Kerk se teologiese inhoude die raakste gestempel word as Bybels-Reformatories en in aansluiting by Kohlbrugge, Hoedemaker en Barth verder genuanseer word as teologie van die Woord; oorheersende klem op die vryspraak deur die geloof; heiligmaking, nie as werk en prestasie van die mens nie, maar as daad van God; ontsag vir die dialektiese, paradokse spanning tussen God en mens, ewigheid en tyd; 'n sterk ontwikkelde kerklike bewussyn en intuïsie, antiseperatisties, waaraan die begrip volkskerk uitdrukking gee; respek vir en handhawing van die belydenis as normale lewensruimte vir die kerk, maar sonder om te verval in belydenisdwang en konfessionalisme.

3.2 Bybels-Reformatoriese teologie volgens die drie formuliere van eenheid

Vanweë die Kerk se keuse om gebonde te bly aan sy Reformatoriese erfenis, en aangesien die Kerk erns maak met die handhawing van die belydenis, wanneer in die proponentsformule van elke dienaar van die Woord verwag word om met sy handtekening die oortuiging te bevestig dat die formuliere van eenheid in ooreenstemming met die Woord van God is, sal daaruit waarskynlik 'n goeie beeld gevorm kan word van die Bybels-Reformatoriese teologie na aanleiding van die genoemde belydenisskrifte.

In die Heidelbergse Kategismus word vrae 3 tot 9 en 10 tot 11 gewy aan die ellende van die mens wat daarin bestaan dat die mens aangekla word dat hy nie die wet van God kan nakom nie as gevolg van die feit dat die mens van nature geneig is om God en sy naaste te haat (Vraag 5). 'Die Fragen 3-9 reden von einer anklage, unter der der Mensch steht. Gottes Wort beschuldigt ihn, das Recht, die Ordnung, die zwischen ihm und Gott aufgerichtet war, gebrochen und zerstört zu haben. Das ist der Grund seines Elends' (Barth 1949: 31). Die saak word as 't ware verder beklemtoon as aangedui word dat die mens inderdaad goed geskape is (Vraag 6), maar dat die verdorwenheid

van die mens te wyte is aan die val en ongehoorsaamheid in die paradys waar die natuur van die mens so verdorwe geraak het, dat almal in sonde ontvang en gebore word (Vraag 7) (NHKA 1997: 138).

Dieselfde word ook in die Nederlandse Geloofsbelydenis gevind, wanneer in Artikel 14 gestel word dat God die mens goed geskape het volgens sy beeld en gelykenis, regverdig en heilig, maar dat die mens deur na die duiwel te luister, hom willens en wetens aan die dood en die vervloeking onderwerp het. 'Hy het immers die gebod van die lewe wat hy ontvang het, oortree en homself deur die sonde losgeskeur van God, wat sy ware lewe was; so het hy sy hele natuur verderf en daarmee die liggaamlike en geestelike dood verdien' (NHKA 1997: 120).

Die saak oor die sondeleer word verder beklemtoon as die Nederlandse Geloofsbelydenis in Artikel 15 ook na die sonde as erfsonde verwys wat

> deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het. Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is....Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit rede genoeg is om die menslike geslag te verdoem.
>
> (NHKA 1997: 121)

Wanneer die Heidelbergse Kategismus in vraag en antwoord 7 verwys na die sondeval in die paradys deur Adam en Eva, 'wordt de erfzondigheid van het menslijke geslacht ingebed in de erfschuld' (Haitjema 1962: 32). Die erfsonde word ook verder in perspektief geplaas met die volgende uitspraak: 'En nu wil het woord "erfzonde" zeggen, dat niet alleen de zonde in ons is, maar dat wij veel meer in de zonde zijn' (Koopmans 1939: 75). Die sonde as erfsonde word deur Heyns (1988: 197) soos volg gesien:

> Die werklikheid van die erfsonde noodsaak die prediking om die mens tot die besef te bring dat hy nie net sonde *doen* nie, maar

> sondaar *is*. Sy sonde - waarvoor hy skuld dra en dus om vergifnis moet vra - is nie net die dade waarvan die mens bewus is nie, maar ook die sonde waarvan hy nie weet nie en nie bewus is nie.

In die Dordtse Leerreëls word ook na die sondigheid van die mens verwys wanneer gestel word dat die mens van die begin af na die beeld van God geskape is, waardeur die mens toegerus is met geregtigheid en ‘n suiwer gesindheid:

> Maar deur die ingewing van die duiwel en uit sy vrye wil het hy hom van God losgeskeur en homself van hierdie uitnemende gawes beroof....Alle mense word daarom in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enigiets goeds wat sou kon salig maak, geneig tot die kwaad, dood in die sonde en slawe van die sonde.
>
> (NHKA 1997: 180-181)

Hiermee is aangedui dat die drie formuliere van eenheid groot erns maak daarmee dat die mens in sonde ontvang en gebore is, en daarom mank gaan aan die geregtigheid, en van nature ‘n lewe ly wat nie van regskapenheid getuig nie. Hierin word dus ‘n pessimistiese mensbeeld gehoor, wat die mens as sondaar aandui wat teen die Woord en wil van God in opstand is. As die sondigheid van die mens so beklemtoon word, spreek dit vanself dat die vraag na vore kom hoe die mens dan van sy sonde en ongeregtigheid verlos word. Dit is duidelik dat die mens nie self daartoe ‘n bydrae kan lewer nie, soos reeds geblyk het uit die aanloop en besluite van die leer oor die uitverkiesing wat in die debat tussen Franciscus Gomarus (1563-1641), en Jacobus Arminius (1560-1609) en hulle volgelinge, daarop uitloop dat die Sinode van Dordrecht 1618-1619 daaroor uitspraak moes lewer. Volgens die Dordtse vadere is die bestemming van die mens sterk bepaal deur die sondeval, die erfsonde en die erfskuld waardeur alle mense sonder uitsondering, in sonde geval en homself nie daaruit kan kry nie, en tweedens dat die leer van die uitverkiesing ‘n uitverkiesing in Jesus Christus is, wat nie

deur die medewerking van die mens geskied nie (Pont 1994: 103-104). Die verlossing van die mens kan dus nie subjektief van aard wees nie, maar objektief, dit gebeur van buite die mens as verlossing wat slegs deur God moontlik is.

Dit beteken dat die regverdiging van die mens nie in of deur homself moontlik is nie, maar deur God alleen. Die Reformatore het die aangeleentheid in die belydenisskrifte hanteer, as antwoord op die vraag hoe die mens van sy sonde en ongeregtigheid verlos word. Die vraag na die regverdiging van die mens en die verlossing van sy sonde, plaas die Godsbegrip van die belydenisskrifte op die voorgrond. Dit is ‘n logiese gevolgtrekking dat ‘n pessimistiese mensbeskouing gevolg word deur ‘n optimistiese Godsbeskouing. God is in die Kategismus die handelende God in Jesus Christus wat Hom in sy Woord openbaar, soos Barth (1949: 20) aandui:

> Gott ist in diesem Text kein *Deus nudus*, *absolutus*, *absconditus*, sondern wo die Vokabel Gott auftaucht, da handelt es sich immer um Gott in Jesus Christus. Gott ist im Heidelberger nach einer oft wiederholten Wendung der “der sich in seinem Wort geoffenbart hat”.

Daarom word in die Heidelbergse Kategismus in vraag 26 (NHKA 1997: 142) gevra oor die inhoud van die geloof, wat uitgedruk word wanneer die geloof bely word in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. Die antwoord daarop is dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus wat hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer, ter wille van sy Seun Christus, my God en Vader is. Jacobs (1959: 84) sê daaroor:

> Der Glaube an Gott den Schöpfer wird hier nicht für sich behandelt, sondern als Glaube an Gott den Vater bekannt. Und der Glaube an Gott den Schöpfer und Vater wird nicht für sich bekannt, sondern als Glaube an Gott den Vater Jesu Christi bezeugt. Der Schöpfungsglaube ist nur durchzuhalten als

> Glaube an den persönlichen Gott, als Glaube an den Väterlichen Gott, als Glaube an den Gott und Vater in Jesus Christus. Die Gottesaussagen sind christozentrisch, und die Christusaussagen sind theozentrisch.

Naas die voorsienigheid van God wat in Sondag 10 behandel word, kry die verlossing in en deur God die Seun in Sondae 11 tot 19, volledig aandag. Die opstellers gaan van die standpunt uit dat Jesus Christus aangestel is om aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend te maak (Vraag 31), wat dui op die feit dat God Hom aan die mens geopenbaar het soos aangedui word wanneer vrae en antwoorde 25, 95 en 117 daarmee saam gelees word, waaruit blyk dat die openbaring geskied deur die Woord van God. Op grond van die openbaring word die verlossing van die mens omskryf as ‘n verlossing in en deur Jesus Christus wat Here is, wat die mens na liggaam en siel van al sy sondes, en uit die heerskappy van die duiwel bevry het, nie met goud of silwer nie, maar deur sy kosbare bloed waardeur die verloste eiendom van God word, verlos en vrygekoop (Vraag 34). Die verlossing van die in sonde gevalle mens is ‘n objektiewe gebeure wat van buite die mens, sonder sy versoek of verdienste deur God in Jesus Christus uit genade gebeur, en daarna ‘n subjektiewe gebeurtenis in die lewe van die verloste mens word, waarop hy slegs deur sy dankbaarheid kan getuig.

Jesus Christus is God én mens want Hy is ontvang van die Heilige Gees en gebore uit die maagd Maria. Dit beteken dat Hy die ewige Seun van God is wat ware en ewige God is en bly, maar ook die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria, deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het (Vraag 35). Van Niftrik, na aanleiding van die antropologie van Barth, vat die saak oor die verhouding tussen die godheid en mensheid van Christus soos volg saam: ‘Het is niet zó, dat in het spreken en handelen van Jezus nu eens de goddelijke en dan weer de menslijke natuur openbaar wordt. Jezus is beide: God en mens, en wel niet náást, maar mèt elkander, niet in twee gescheiden sferen, maar Gods Zoon, terwijl Hij mens, mens, terwijl Hij Gods Zoon is’ (Van Niftrik 1951: 81).

Jesus Christus is Middelaar wat met sy onskuld en volkome heiligheid die sonde waarin die mens ontvang en gebore is voor God bedek (Vraag 36). So het Hy as versoeningsoffer die menslike liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos. Die gevolge daarvan is dat die sondaarmens die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe, verwerf het (Vraag 37).

Dit is verder duidelik dat die Kategismus Jesus bely as die verlosser wat gekruisig is onder Pontius Pilatus (Vraag 38), gesterf het (Vraag 40) en begrawe is (Vraag 41), maar wat uit die dood opgestaan (Vraag 45) en opgevaar het na die hemel (Vraag 46).

Die Heilige Gees is saam met die Vader en die Seun ware en ewige God, wat die mens deur ‘n ware geloof laat deel aan Christus en al sy weldade, die mens troos, en ewig by hom bly (Vraag 53). Die objektiewe aard van die verlossing word deur die werk van die Heilige Gees verder beklemtoon met die aanduiding dat die gelowiges almal saam, en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het (Vraag 55). Verder word gestel dat die vergewing van sonde op grond van die voldoening van Christus plaasvind, waardeur God aan die sondes en sondige aard nooit meer wil dink nie. Uit genade skenk Hy die geregtigheid van Christus, sodat die mens nooit weer in die strafgerig van God sal kom nie (Vraag 56). Die verlossing van die mens is nie net vir die huidige bedeling bestem nie, maar word eskatologies bepaal wanneer gestel word dat die mens in sy totaliteit met die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word. Die Kategismus lê ook klem daarop dat dood nie ‘n verbreking van die verhouding tussen die verloste sondaarmens en die Verlosser beteken nie, maar onversteurde voortgang wat bevestig word in die formulering dat die gestorwe mens ‘dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word’ (Vraag 57). Die aangeleentheid word as ‘t ware op die spits gedryf wanneer die toekoms van die mens op die ewigheid gerig word in die belewenis van ‘n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor, en in die hart van geen mens opgekom het nie (Vraag 58).

In die twee Sondagafdelings 23 en 24 word die uitspraak van die apostel Paulus, dat elkeen sal lewe wat deur God vrygespreek is omdat hy glo (Rom 1: 17), by implikasie deur die Kategismus nader uitgelê. Die geloof in Jesus Christus wat deur sy heilswerk die sondaar uit genade red, bring die vraag na die voordeel om dit alles te glo, ter sprake. Die Kategismus verklaar dat die verloste sondaar in Christus voor God regverdig is, en daarom ‘n erfgenaam van die ewige lewe is (Vraag 59). Daarnaas word die kritiese vraag gestel na die geregtigheid van die mens, as ‘n geregtigheid wat Christus skenk sonder enige verdienste, uit louter genade. Die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid skenk Christus asof die sondaarmens nooit sonde gehad het of gedoen het nie, en asof die mens self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus volbring het (Vraag 60). Om op grond van die geloof voor God regverdig te wees, beteken nie dat die sondaarmens op grond van sy geloof as sodanig regverdig is nie, maar dat die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus die geregtigheid van die gelowige sondaar voor God is. Dit word deur die geloof aangeneem en tot eiendom gemaak (Vraag 61).

Die saak word verder beklemtoon. Die mens se goeie werke dien nie tot sy saligheid nie, omdat die mens se goeie werke onvolmaak nie in ooreenstemming met die wet van God is nie, en met sonde besmet is (Vraag 62). Want die verlossing uit die sonde realiseer nie deur verdienste nie, maar deur genade alleen (Vraag 63). Die driedeling wat in die Kategismus aangetref word, sonde, verlossing en blye dankbaarheid, berus op die indeling van die Brief aan die Romeine. ‘Wanneer dit gesê word, dan dui dit daarop dat die sentrum van die Bybels-Reformatoriese teologie die evangelie van die regverdiging van die sondaar-mens, deur die geloof alleen is’ (Pont 1999: 204).

Met verwysing na die Nederlandse Geloofsbelydenis word die Skrif met dieselfde erns bejeën, wanneer in Artikel 3 gestel word dat die Woord van God nie deur die wil van ‘n mens gestuur of voortgebring is nie, en dat God sy dienaars die profete en die apostels beveel het om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel (NHKA 1977: 115). Verder word die gesag van die Skrif

beklemtoon wanneer die Skrif as alleen heilig en kanoniek bestempel word (Artikel 5), en dat verder ook bely word dat die Skrif die wil van God volkome bevat, en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word (Artikel 7).

Verder word die godsbegrip aangedui as ‘n enige God, een enige wese, in wie drie Persone is, naamlik Vader, Seun en Heilige Gees (Artikel 8). Die kennis dat dit so is, word in die Skrif gevind, uit die getuienisse van die Skrif, asook deur hulle werkinge (Artikel 9). Van Jesus Christus en van die Heilige Gees word gestel dat elkeen ware en ewige God is soos die Heilige Skrif ons leer (Artikels 10 en 11). Ten spyte van die sonde van die mens wat ook as erfsonde tipeer word (Artikel 15), dui die verkiesing van die mens op die barmhartigheid en regverdigheid van God (Artikel 16), en dat God aan die mens beloof het dat Hy aan die mens sy Seun sal gee om die mens salig te maak (Artikel 17). Hierdie Seun van God het Homself verneder deur die gestalte van ‘n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word, uitgesonderd die sonde. Hy is uit die liggaam van die maagd Maria gebore deur die krag van die Heilige Gees, sonder die toedoen van ‘n man verwek (Artikel 18). Daarom word die persoon van Christus as volledig goddelik, en volledig menslik gesien, wat nie dui op twee persone nie, maar op twee nature in een persoon verenig. Die belydenis hou in dat Hy ware God en ware mens is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe (Artikel 19).

Met die sondeval van die mens word groot erns gemaak, wat tot gevolg het dat Jesus in die plek van die sondaar die lyding en die prys vir die sonde moes betaal, sodat daaruit verlossing en versoening moontlik kon word (Artikel 20). So word Jesus bely as die gekruisigde, omdat in sy wonde volle vertroosting gevind word en geen ander middel ter versoening nodig is nie, behalwe hierdie offerande wat net een maal gebring is (Artikel 21). Saam met die Heidelbergse Kategismus word in die Nederlandse Geloofsbelydenis ook gestel dat die sondaarmens deur die geloof in Jesus Christus geregverdig word. Saam met die apostel Paulus word bely dat die geloof alleen voldoende is (Rom 3: 28). Daarmee word ook aangedui dat dit nie oor die geloof van die

mens as sodanig gaan nie, daar die geloof slegs die middel is waarmee die geregtigheid in Christus omhels word. Die geloof is die middel wat die verloste sondaar aan Christus verbind (Artikel 22).

Daarom is die mens wat hier ter sprake kom geregverdig, ‘n geregtigheid wat objektief van buite homself sonder sy eie toedoen gebeur, omdat Jesus Christus sondaars uit genade regverdig. Die geluksaligheid van die sondaar is geleë in die vergewing van sondes om Jesus Christus ontwil, en die regverdiging van die sondaar is ‘n geregtigheid in en deur Jesus Christus alleen (Artikel 23).

Dieselfde gedagtegang kom ook in die Dordtse Leerreëls ter sprake waar in hoofstuk twee oor die dood van Jesus Christus, en die verlossing van die mens deur sy dood, gehandel word. Die derde hoofstuk handel oor die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind. Sake wat in hoofstuk een gestel is, word hier eksplisiet behandel, ‘naamlik die skepping en val van die mens, die erfsonde, die bietjie lig van die natuur, die Wet van God, die roeping Gods, die weer- of nuwe geboorte en die geloof’ (Pont 1994: 100).

Laastens, as deel van die werk van die Heilige Gees, word aandag aan die kerkbegrip gegee wat in die Belydenisskrifte ter sprake kom. Barth (1949: 20-21) dui aan dat die Kategismus die volledige weldaad van God op die Christendom, op die kerk betrek:

> Wenn der Heidelberger von Jesus Christus spricht, so ist damit der Inbegriff aller göttlichen Wohltat gemeint, d. h. das eine und völlige Heil für den Menschen, der Zuspruch der Vergebung und der Anspruch auf unser Leben, unsere Befreiung zum Dienst....Der Heidelberger hat eine Neigung, diese Wohltat zu beschränken auf die Christenheit, bzw. auf die Kirche....Die Christenheit und die Kirche ist nach der heiligen Schrift nicht Selbstzweck, sondern Dienst an Gottes Werk...Es heisst auch im Heidelberger, es gehe für den

> Christen darum, dass Gott durch uns gepriesen werde und nicht darum, dass wir selig werden.

Die Heidelbergse Kategismus handel oor die kerk in vraag en antwoord 54. Uit die formulering word die oorsprong van die kerk Christosentries aan Jesus Christus, die Seun van God, toegeskryf. Hy vergader, beskerm en onderhou vir Hom ‘n gemeente wat tot die ewige lewe verkies is uit die ganse menslike geslag. Dit gebeur deur die Heilige Gees van die begin van die wêreld af tot die einde toe, en verseker elkeen daarvan dat hy ‘n gelowige lidmaat is en sal bly. In die formulering word nie net die oorsprong nie, maar ook die toekoms en voleinding van die kerk teosentries aangedui.

Na die gedagtegang van die Twaalf Artikels, volg die belydenis oor die kerk direk na die belydenis van die Heilige Gees. In die lig daarvan dui Haitjema twee samehange aan waarin die belydenis in die Kategismus staan. ‘Eigenlijk is het zó, dat wij de belijdenis van wat de Kerk is, hebben te zien als uitwerking, als vrucht van het werk van de Heilige Geest’ (Haitjema 1962: 143). Daarnaas wys hy ook op ‘n tweede verband:

> Het is naast de pneumatologische samehang het christologisch verband, waarin het leerstuk der Kerk moet komen te staan,...Zo is de volle, rijke Christus het geheimnisvolle wezen der Kerk. Als Hoofd van zijn Gemeente, die zijn lichaam is, trekt Hij de zijnen op Zich als het grote Middelpunt aan, en vergadert, beschermt en onderhoudt Hij daarmee zijn Kerk.
>
> (Haitjema 1962: 145)

Ook by Kohlbrugge (sj: 321) word die verband tussen Christus en die Heilige Gees beklemtoon met betrekking tot die kerk:

> Uit het gansche menschelijk geslacht vergadert zich de Zoon Gods een gemeente....Deze gemeente vergadert zich de Zone Gods, en dat doet Hij, ten eerste: door Zijn Geest, door welke Hij haar levend maakt, haar bekeert,...Deze Geest maakt

> levend, neemt het steenen hart uit de mensch weg, en geeft hem een vleeschen hart, en verlicht zijn verstand. Want waar de Geest niet komt, begrijpt de mensch van de dingen Gods niets, volstrekt niets.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis wy drie Artikels aan die kerk, naamlik, Artikels 27 tot 29. Uit Artikel 27 is dit duidelik dat die oorsprong van die kerk redelik ver teruggevoer word as gestel word dat die kerk sedert die begin van die wêreld, tot aan die einde daar sal wees. Die christosentriese uitgangspunt kom na vore in die feit dat die kerk ‘n heilige vergadering is van elkeen wat waarlik in Christus glo, wat hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag, en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees.

Artikel 28 beklemtoon die belangrikheid dat elkeen hom by die ware kerk moet voeg aangesien daar buite die kerk geen saligheid is nie. Graafland (1989: 30) sê daaroor:

> Tot dit lichaam behoren, maakte dan ook de zaligheid uit, omdat daar alleen het heil te verkrijgen was. Vandaar dat de bekende uitspraak van Cyprianus, buiten de kerk is er geen zaligheid, op deze ambtelijke sacramentskerk heel direct en solide van toepassing werd geacht.

Vervolgens word in Artikel 29 aandag gegee aan die kenmerke van die ware kerk. Die rede waarom dit gedoen word, is as gevolg van die feit dat daar baie sektes in die wêreld bestaan, wat hulle wederregtelik as kerk voordoen. Hier word die *notae ecclesiae* aangedui as die suiwere prediking van die evangelie, die bediening van die sakramente soos Christus dit ingestel het, en verder word as derde merkteken ook verwys na die kerklike tug om die sondes te bestraf. Dit is opvallend dat Calvyn in sy Institusie slegs twee kenmerke noem, naamlik die suiwere prediking en die bediening van die sakramente (Calvyn 1992: 1280). Plomp (1969: 124) gee ‘n mening waarom die tug in die Institusie nie as derde merkteken van die kerk beskou word nie:

> Erkenning van de tucht als “nota ecclesiae” zou er gemakkelijk toe leiden dat de “doctrina” niet alleen as herkenningsteken, maar ook als fundament van de kerk vervangen zou worden door de trouw van mensen, met name hun trouw in het uitoefenen van de tucht en het zich onderwerpen daaraan.

Miskien vat die volgende uitspraak die saak eenvoudig saam: “De tucht is bij Calvijn géén kenteken van de kerk, wèl echter van de welgeordende kerk’ (Plomp 1969: 125; Pont 1981: 256; 1995: 773). Die samevattende sin, nadat die merktekens in Artikel 29 gestel is, herinner aan Calvyn se benadering tot die tug wat ook beskryf kan word as behorende tot die welwese van die kerk, eerder as dat dit deel uitmaak van die wese van die kerk: ‘Kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp, en Jesus Christus as die enigste Hoof erken. Hieraan kan ons met sekerheid die ware kerk uitken, en niemand het die reg om hom daarvan af te skei nie’ (NHKA 1997: 128).

Die Dordtse Leerreëls vat die saak oor die kerk in Hoofstuk 2.9 soos volg saam: ‘Daar sal altyd ‘n kerk van gelowiges wees, gegrond in die bloed van Christus. Hierdie kerk moet Hom as sy Verlosser, wat sy lewe aan die kruis vir die kerk gegee het – soos ‘n bruidegom sy lewe vir sy bruid sal gee – standvastig liefhê en Hom met volharding dien en van nou af tot in alle ewigheid verheerlik’ (NHKA 1997: 179). In al drie die formuliere van eenheid blyk dat die kerk gesien word as ‘n grootheid wat nie deur die toedoen van mense ontstaan het nie, maar dat die kerk as ‘t ware vóór die mens en sy bestaan, reeds in die raad van God sy bestaan gevind het. Heyns (1988: 324) sê daaroor die volgende:

> Die kerk as vergadering van alle ware gelowiges was dus reeds in die Ou Testament daar, alhoewel Pinkster die geboorte-uur van die Christelike kerk genoem kan word. Intussen is dit wel duidelik dat dit in sowel die Ou as in die Nuwe Testament om presies dieselfde boodskap van genade en heil gaan.

Die kerkbegrip van die belydenisskrifte kan nader beskryf word as verbondsmatig wanneer die Heidelbergse Kategismus in vraag en antwoord 74 daarop positief antwoord, dat hulle (die jong kinders) net soos die volwassenes, in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is: 'Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word. So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen in die plek waarvan in die Nuwe Verbond, die doop ingestel is' (NHKA 1977: 150). Dieselfde standpunt word ook in die Nederlandse Geloofsbelydenis gevind in Artikel 34: 'Ons glo daarenteen dat ons hulle behoort te doop en met die teken van die verbond behoort te beseël, net soos die kindertjies in Israel kragtens dieselfde beloftes as wat aan ons kinders gemaak is, besny is' (NHKA 1997: 130).

In aansluiting by die kerkbegrip wat in die genoemde belydenisskrifte ter sprake kom, wat as transendent beskryf kan word, daar die kerk sy ontstaan nie by mense het nie, maar in die raad van God, word verder daarop gewys dat nie net die ontstaan van die kerk as vanweë God beskou moet word nie, maar ook die toekoms van die kerk bestem is om sáám met God te wees. Die Heidelbergse Kategismus stel dit so in Vraag en antwoord 54 waarna reeds verwys is, dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente tot die ewige lewe uitverkies het. Behalwe dit word die eiesoortigheid van die kerk bevestig in die siening dat die kerk nie net van die begin tot die einde daar is nie, maar dat die Seun van God die kerk vergader, beskerm en onderhou waarvan gelowiges lewende lidmate is, en ewig sal bly. Dieselfde gedagte formuleer die Nederlandse Geloofsbelydenis in Artikel 27, dat hierdie kerk van die begin van die wêreld af tot die einde daar sal wees, want Christus is 'n ewige koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie (NHKA 1977: 127). Die volgende uitspraak van Barth is 'n beklemtoning van die toekomsverwagting wat bepalend is vir die kerk (1922: 325; kyk ook Van 't Spijker 1999): 'Christentum, das nicht ganz und gar und restlos Eschatologie ist, hat mit *Christus* ganz und gar und restlos nichts zu tun'.

Die besondere klem op die toekoms van die kerk en die gelowiges wat op grond van die Woord van God blyk, word ook deur Noordmans (1990: 57)

onder woorde gebring met: ‘Men kan de inhoud der Heilige Schrift het best met een werkwoord verzinnebeelden. En als we dan moesten kiezen, zou dat het woord *komen* moeten zijn. De bijbel draagt geen titel. Maar als hij er een droeg zou het deze kunnen zijn: *Hij komt*.’

3.3 Samevattend

Uit bogenoemde kan die begrip Bybels-Reformatoriese teologie verstaan word as ‘n teologie wat hom beroep op die openbaring van God, wat tot die kerk kom in die Woord wat mens geword het en in die Bybel afgelees word. Hierdie openbaring is ‘n openbaring in verborgenheid wat daarop neerkom dat die kerk in sy teologie met die waarheid in ontmoeting kan tree, maar aangesien dit spreke oor God is, kan dit nie rigied in onveranderlike leerstellings en dogmas vasgevang word nie. Daarmee word afgegrens teen ‘n leer-objektivisme wat die neiging het om redelik selfstandig naas die Skrif stelling in te neem. Daarnaas word ook afgegrens teen ‘n subjektivisme waarin die gelowige na die middelpunt beweeg wat op mistieke wyse, die waarheid moet beleef. Noordmans (1981: 295) maak daaroor die volgende opmerking:

> Zo komt het dat, met name in de gereformeerde kerken, de strijd tussen deze beide helften van het geloofsleven niet tot rust komt en er tweeërlei soort nieuwe werkheiligheid ontstaat: de gevoelsheiligheid, die een kenmerk is van de kringen die zich toeleggen op wat zij betitelen met de naam van Nadere Reformatie, en de leerheiligheid, die dikwijls daar gevonden wordt waar men als erfgenamen van de oorspronkelijke Reformatie de orthodoxie voor zich opeist....Het eerste een aantal kenmerken, die het geloofsleven moet vertonen, wil het als echt erkend worden, een zeker gevoelsmethodisme. En het tweede een dergelijk aantal kardinale leerstukken, die vastgehouden moeten worden, wil er sprake kunnen zijn van gegronde hoop op de zaligheid.

Die openbaring van God in Jesus Christus deur die Woord van God tipeer die Bybels-Reformatoriese teologie as ‘n Woord-teologie.

Die Bybels-Reformatoriese teologie is ‘n objektiewe teologie wat oor God handel, en hom besig hou met die groot dade van God en sy eindelose bemoeienis met die mens, wat van buite die mens sonder sy toedoen, die mens met die blye boodskap aanspreek. Dit beklemtoon die onmeetbare afstand tussen God en mens, maar verwoord terselfdertyd ook die nabyheid van God as Immanuel. As objektiewe teologie leer die sondaarmens God ken as Vader, Seun en Heilige Gees.

Die Bybels-Reformatoriese teologie handel óók oor die mens, en dan veral die regverdiging van die mens, wat in sonde geval, en daarin volhard, tensy die gevalle mens deur Jesus Christus uit genade op grond van die geloof regverdig word. Die geregtigheid van die mens op grond van die genade in Jesus Christus, dui op ‘n pessimistiese mensbeskouing as gevolg van die mens as sondaar voor God. Sonde bestaan nie net in verkeerdhede op grond van die weerbarstige verdorwenheid van die mens nie, maar die mens is erflik belas met die sonde as erfsonde, wat beteken dat die mens in sonde ontvang en gebore word.

Vervolgens gee die Bybels-Reformatoriese teologie ook aandag aan die kerkbegrip wat as verbondsmatig omskryf kan word op grond van die feit dat die kerk in die genadeverbond vóór die bestaan van die mens sy beslag het, en dat die sondaarmens op grond van die genadeverbond gedoop word, om lidmaat van die kerk te wees. Die kerk dank nie net sy ontstaan aan die toedoen van God nie, maar word ook deur God onderhou en beskerm tot in ewigheid, waardeur die gelowige ook verseker word dat hy van die kerk ‘n lidmaat is, en ewig sal bly. Dit bevestig die eiesoortigheid van die kerk, en vertroos die gelowige dat die kerk nie bestaan as gevolg van die deelname van mense nie, maar op grond van die feit dat God die werke van sy hande wat Hy begin het om te doen, nie laat vaar nie.

Die Bybels-Reformatoriese teologie is Woord-teologie wat vanweë die openbaring in Jesus Christus die sondaar op grond van die geloof regverdig. Vanweë die feit dat die formuliere van eenheid ter sprake gebring word, word bevestig dat die Bybels-Reformatoriese teologie erns maak met sy belydenis. Daarom is die kerk wat hieruit spruit ‘n belydende kerk, wat selfs in sy orde die uitgangspunt eerbiedig dat daar ‘n relasie bestaan tussen Skrif, belydenis en kerklike orde. In die Bybels-Reformatoriese teologie is kerklike denke van wesenlike belang, omdat daarmee die verband tussen belydenis en kerklike orde aangedui word.

HOOFSTUK 4

PRESBITERIAAL-SINODAAL

4.1 Inleidend

Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk het in die verlede besluit dat die Presbiteriaal-sinodale stelsel, díé kerkregtelike stelsel is wat in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gehandhaaf moet word (NHKA 1967: 179). Die feit dat die vergadering die keuse pertinent gemaak het, dui daarop dat daar ook ander moontlikhede was waaruit die Kerk kon kies. Wanneer twee ander moontlikhede genoem word, naamlik die kongregasionalisme of independentisme en die papale of episkopaalse stelsels, word by implikasie die antwoord verskaf waarom die Kerk ‘n keuse vir die Presbiteriaal-sinodale stelsel gemaak het.

Die leiding en gesag wat in die episkopale stelsel uitgeoefen word, geskied deur die biskop. Daaroor sê Bronkhorst (1947: 247):

> Kenmerkend voor deze bisschoppen is steeds, dat aan hen de geestelijke en kerkelijke leiding is toevertrouw over een groep gemeenten en – op welke wijze dan ook – over de in die gemeenten arbeidende “geestelijken”. De bisschop is dus *eo ipso* superintendent. Hoe zeer ook deze tendens in bepaalde systemen moge zijn beperkt, het episcopale stelsel draagt altijd min of meer een hierarchisch karakter. De bisschop is de superieur, althans de geestelijk verantwoordelijke leider,...anders gezegd, hij is het, door wien Christus’ regeering Zijner ecclesia door Zijn Geest en Woord middellijkerwijze plaats vindt.

Bronkhorst wys daarop dat die episkopaalse stelsel in verskillende vorme bestaan en hom voordoen in die Rooms-Katolieke, Anglikaanse, Lutherse, en selfs Gereformeerde vorme. Van ‘t Spijker (1990a: 301) dui aan dat die benaming papaalse en episkopaalse van mekaar onderskei moet word, as

beklemtoning van die pouslike of biskoplike rol binne die besondere stelsel. Die kern van die saak is dat hier met ‘n hiërargiese stelsel gewerk word waar die biskop of die pous in hiërargiese hoedanigheid in die kerk funksioneer. Dit is egter so dat wanneer die stelsel ter sprake kom, aan die Rooms-Katolieke vorm van kerkregering gedink word:

> Het Roomse stelsel dus gaat uit van de eenheid der zichtbare wereldkerk; roept de tegenstelling tusschen regeerders en geregeerden in het leven, schept alzoo twee standen in de gemeente des Heeren, de geloovigen beroovend van hun voorrecht een koninklijke priesterdom te zijn; legt de macht die Christus aan zijne kerk gaf in de handen van de Paus, en doet de kerk optreden als heerschende macht, ook op het terrein dat haar niet goddelijke ordinantie is toebetrouwd.
>
> (Biesterveld & Kuiper 1905: v)

Naas die episkopaalse of papale stelsel kan ook verwys word na die independentisme of kongregasionalisme. Beide name word gebruik vir dieselfde kerkregtelike stelsel waar kongregasionalisme as die positiewe van independentisme gesien kan word:

> De naam congregationalisme heeft een positieve klank vergeleken met de eerste, waarin meer een aanduiding te horen is van het onafhankelijk karakter van iedere vergadering van gelovigen. Het congregationalisme kiest zijn uitgangspunt in de congregatie, de gemeente, die als zodanig de draagster is van alle kerkelijke gezag. De leden van de gemeente hebben de bevoegdheid om eigen zaken te regelen.
>
> (Van ‘t Spijker 1990b: 313)

Bronkhorst omskryf die kerkbegrip van die independentisme verder wanneer hy die volgende daaroor sê:

> Kenmerkend voor het kerkbegrip der Independenten is al dadelijk, dat het accent valt sterk op de onzichtbare Kerk. Slechts de waarlijk wedergeborenen, de beproefde Christenen, kunnen tot de Kerk worden gerekend. Zij vereenigen zich door een "Covenant" tot een veelheid van geheel op zichzelf staande gemeenten, waar de persoonlijke omgang wezenlijk is....Voor deze congregaties van "visible saints" is allereerst kenmerkend, dat zij onderling geheel onafhankelijk, independent, zijn; dat er dus geen classicale en synodale samenkomsten zijn, die richtlijnen doen uitgaan, die voor alle gemeenten bindend zijn.
>
> (Bronkhorst 1947: 245; kyk ook Bouwman 1937: 13)

Sonder om verder op die twee gestelde moontlikhede uit te brei, is dit duidelik dat beide die episkopaalse én die independentistiese of kongregasionalistiese stelsels onbruikbaar is. Die kern van die saak kom daarop neer dat die een 'n sterk hiërargiese inslag het, terwyl die ander deur 'n verabsolutering van die selfstandigheid van die plaaslike gemeente en sy lede gekenmerk word. Laasgenoemde herinner aan die struktuur van die vryekerk waar die gemeente as losstaande en selfstandige grootheid waardeer word, wat op grond van die sogenaamde kerkverband 'n gemeen akkoord impliseer waar die belydenis as sodanig die inhoud van díé struktuur vorm (kyk Du Plooy 1982).

Naas bogenoemde twee moontlikhede is daar ook twee ander moontlikhede wat in die verbygaan volledigheidshalwe genoem word, naamlik die territoriale of konsistoriale stelsel wat veral onder Lutherse invloed ontstaan het, en daarop neerkom dat 'de ordening voor de empirische Kerk aan het overheids-regiment over te laten, dat daarvoor burgerrechtelijke regelingen treft. Iets van de stelregel "*cujus regio, ejus religio*" schemert hierbij kennelijk door. Eveneens iets van de voorkeur voor het territoriale of konsistoriale stelsel' van kerkreg waar gemaklik van die regering van die kerk deur ampsdraers afstand gedoen is ten gunste van sogenaamde 'consistories' waar juriste as politieke figure die toon aangegee het (Haitjema 1951: 9; kyk ook Bouwman 1937: 11). Naas laasgenoemde word ook verwys na die Erastiaanse vorm van

kerkregering wat aan die Lutherse verwant is, en deur Thomas Erastus beoefen is. Wesenlik het dit daarop neergekom dat alle kerklike gesag in watter vorm ook al ontken is, en die kerk sodoende volledig aan die owerheid uitgelewer is vir die regering van die kerk, asook vir die kerklike dissipline. Die stelsel het veral onder die Remonstrante navolging gevind (Bouwman 1937: 12; Van ‘t Spijker et al 1987: 41; Pont [1985]: 436).

Daarom was die keuse vir die Presbiteriaal-sinodale stelsel van kerkregering nie verbasend nie, maar eerder begryplik. Sommige woordvoerders verkies om met verwysing na die stelsel alleen te praat van die presbiteriale kerkregering (Van der Linde 1965; Van der Walt 1976). Miskien is die volgende mening van pas wanneer gestel word: ‘De oplossing zal er wel in liggen dat men spreekt van presbyteriaal-sinodaal, waarmee dan het presbyterium, de kerkeraad naar voren wordt gehaald en niet alleen de presbyter, de ouderling’ (Van der Linde 1971: 194). Die beklemtoning van die sinode of vergadering naas die ouderling plaas die saak in balans. Sodoende word die voorrang van ‘n enkeling of ‘n onbeduidende klein groepie uitgesluit. Spoelstra is ook van mening dat die sinodale element nie in die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikels 30, voorkom nie (Spoelstra 1989: 17). Die Presbiteriaal-sinodale stelsel word in reformatoriese of gereformeerde kerke aangetref, en dit is veral Johannes Calvyn wat daaraan beslag gegee het (Pont 1981: 190; Van Wyk 1991: 4). Die sisteem is op vier pilare gebou, naamlik die amp, vergaderings van die ampte met hulle regeerbevoegdhede, die godsdiensoefening en die tug of interne dissipline van die kerk. Daarnaas kan ook die verhouding tussen kerk en owerheid as ‘n vyfde bygevoeg word.

> Die teologiese agtergrond van hierdie sisteem is die verbond, die belydenis dat die kerk die volk van God is. Die teokratiese verbondsgedagte speel dan ook verder ‘n bepalende rol in die Calvinistiese opvatting oor die verhouding tussen die twee diensknegte van God, die owerheid en die kerk.
>
> (Pont 1981: 190)

As die Presbiteriaal-sinodale stelsel van kerkregering as reformatoriese kerkreg aangedui word, volg daaruit dat daar ‘n noue verband bestaan tussen Bybels-Reformatories en Presbiteriaal-sinodaal as kerkregeringstelsel wat die gevolg is van die Bybels-Reformatoriese teologie. Beide word gekenmerk deur klem op die Woord en ruimte vir die belydenis van die kerk wat in die belydenisskrifte van die kerk geformuleer is.

4.2 Jesus Christus Hoof van die kerk en Heer van die wêreld

Die kernuitgangspunt van die Presbiteriaal-sinodale stelsel is dat Jesus Christus Hoof van die kerk en Heer van die wêreld is. Rieker bestempel die uitgangspunt as die ‘Materialprinzip der reformierten Kirchenverfassung’ (Rieker 1899: 105). ‘’n Kerk wat in sy kerkregering nie konsekwent die grondbeginsel handhaaf dat Jesus, Seun van God, die enigste, lewende en reële Hoof is van sy kerk nie, vergryp hom aan die kenmerke van die ware kerk’ (Van der Walt 1976: 169; kyk ook Van der Linde 1965: 76; Barth 1964b: 140).

Barth (1964a: 768) verwoord die volgende siening oor die uitgangspunt:

> Es würde nicht ratsam sein, die Begründung des kirchenrechtes von einem anderen als eben dem christologisch-ekklesiologischen Begriff der Gemeinde her unternehmen zu wollen. Sie ist, indem Jesus Christus ist: der Herr der menschlichen Gemeinschaft der Heiligen, das Haupt dieses seines Leibes, der seine eigene irdisch-geschichtliche Existenzform ist – oder umgekehrt formuliert: Sie ist die menschliche Gemeinschaft der Heiligen, in welcher als in seinem Leibe, als in seiner irdisch-geschichtlichen Existenzform, Er das Haupt und der Herr ist.

Die uitgangspunt impliseer ‘n relasie tussen Jesus Christus en die mensdom wat in Hom geheilig is. ‘Dieses Verhältnis konstituiert die christliche Gemeinde. Dieses Verhältnis ist ihr Ordnungsprinzip, ihr Grundrecht’ (Barth

1964a: 770). Die implikasie hiervan is dat die kerk eintlik vir elke oomblik van sy bestaan homself moet afvra of sy bestaan regmatig is met betrekking tot die basiese uitgangspunt waardeur hy as kerk gekonstitueer is. Reg in die kerk is om te vra na die wil van God (kyk Coertzen 1992). Vandaar dat Barth die kerklike reg as diensreg bestempel wat vanuit die 'Grundrecht her auf alle Fälle den Charakter und Sinn von Dienstrecht, Recht im Rahmen einer Dienstordnung haben. Die Gemeinde Jesu Christi existiert ...,indem sie Ihm dient' (Barth 1964a: 781).

Die Hoof en Heerskap van Christus beteken dat die wil van God gesoek moet word wanneer in die kerk besluit en gehandel word. Díé stelling lê klem op die Bybel as die geopenbaarde Woord van God in die lewe van die kerk, en veronderstel 'n relasie tussen die Skrif as die normerende norm, en die kerklike orde as deel van die genormeérde norm. Die verhouding tussen Skrif en kerkorde word deur die belydenis as deel van die genormeerde norm ondersteun, wat beteken dat die Skrif bepalend is vir beide die belydenis én kerklike orde. In die sin is daar dus sprake van belydende kerkreg wat eintlik 'n bynaam is vir die feit dat hier met die eienaam, Skriftuurlike kerkreg gewerk word. Coertzen wys daarop dat die uitgangspunt dat Jesus Hoof van die kerk is redelik algemeen voorkom, maar tog verskillend geïnterpreteer word.

> Almal bely Hom, maar Rome vervang Hom met die pous; Luther beperk hom tot die onsigbare kerk terwyl die Kollegialisme en Kongregasionalisme onderskeidelik die lidmate en die plaaslike gemeente as die verteenwoordigers van Christus beskou, om gevolglik die heerskappy in die kerk na hierdie twee instansies te verplaas.
>
> (Coertzen 1991: 90)

Christus se hoofskap beteken dat ampsdraers geen belangrike posisie beklee waardeur hulle verhef word oor ander ampsdraers of lidmate nie. Die hoofskap van Christus klee die amp in as 'n *ministerium* (nederige dienswerk) en wanneer dit ontaard tot 'n *officium* (hoë posisie), vertoon dit 'n opvallende diskrepansie met die uitgangspunt dat Jesus Christus Hoof van die kerk en

Heer van die wêreld is. Die volgende opmerking beklemtoon die belang van die saak:

> Christus is het Hoofd der Kerk, niet omdat hij haar heeft ontworpen en hare inrichting in hoofdtrekken heeft vastgesteld, óók niet omdat hij haar personeel heeft aangewezen, of, zoo als het theologisch spraakgebruik luidt, geïnstitueerd heeft, maar omdat Hij de bron van alle leven en de bezitter van alle macht, in die Kerk is.
>
> (Abma & De Bruijn1989: 45)

Dit spreek vanself dat die kerkreg wat vanuit díé vertrekpunt beoefen word, radikaal en lynreg stelling inneem teen enige vorm van menslike oorheersing, hoe bruikbaar dit op ‘n gegewe moment mag blyk. Daarmee is nie gesê dat mense geen bestaansreg in die kerk het nie, inteendeel, dit is juis mense wat aan bogenoemde uitgangspunt reg moet laat geskied. Kerklike reg wat erns maak met Jesus Christus as Hoof van die kerk en Heer van die wêreld, is genuanseerde kerkreg wat deur Skrif en belydenis bepaal word, en daarom as Reformatoriese kerkreg bekendstaan.

4.3 ‘n Skriftuurlike kerkorde

Kerklike reg wat die Bybel as primêre bron het, kan die konsekwensie van ‘n Skriftuurlike kerkorde nie ontkom nie. Daarmee word egter nie gesê dat ‘n Skriftuurlike kerklike orde reglynig uit die Skrif afgelei is nie. Inderdaad is dit waar dat die Skrif, met besondere verwysing na die Nuwe Testament, net so min ‘n pasklaar kerklike orde weergee as wat liturgiese formuliere of belydenisskrifte direk uit die Skrif afleesbaar is. Dit beteken egter nie dat die argument ten gunste van ‘n Skriftuurlike kerklike orde daarmee verval nie (Pont [1977]: 80). Die verlede getuig van die indringende gesprek wat in díé verband gevoer is wanneer verwys word na die bekende debat, Noordmans-Brouwer, oor die skriftuurlike kerklike orde, en of daar slegs een kerklike orde uit die Skrif afleibaar is, al dan nie (Noordmans 1984: 391-403). In die verband kan ook verwys word na die debat tussen Bronkhorst en Brouwer wat

gevolg het op eersgenoemde se proefskrif, waarin hy ‘n bydrae gelewer het tot die moontlikheid van ‘n Skriftuurlike kerkorde (Brouwer 1947; kyk ook Brouwer: sj: 90). Bronkhorst (1947: 277) kom in sy proefskrif tot die volgende slotsom:

> Zoo gezien meen ik, dat we niet zullen moeten ophouden, maar onvermoeid voort zullen moeten gaan met te spreken over een schriftuurlijke organisatie. Voor mij is dat...de presbyteriaal-synodale organiastie. Omdat daarin naar mijn meening nog altijd het beste tot uitdrukking komt, dat Jezus Christus en Hij alleen de Kerk regeert, in den onvoltooid tegenwoordigen tijd, in den vollen, eigenlijken en directen zin, door Zijn Geest en Woord.

Van ‘t Spijker wys daarop dat dit ‘n wesenlike kenmerk is dat die presbiteriale sisteem van kerkregering uitgaan van die standpunt dat die kerkorde wat so ontstaan, Skriftuurlik is (1990c: 327). Dit was veral Bucer en Calvyn wat daarop sterk klem gelê het as ‘n uitgangspunt wat op eksegese berus het. In sy brief aan Farel, gedateer 16 September 1541, stel Calvyn ‘dat een kerk niet kan bestaan, wanneer niet een vaste tucht [orde] wordt ingevoerd; een tucht [orde], zoals ons in Gods Woord wordt voorgeschreven, èn zoals deze ook in de oude kerk in acht is genomen’ (Kuijt 1987: 13). Rieker (1899: 96) stel die saak só: ‘Es kommt also bei der Verfassung der Kirche nicht darauf an, was zweckmässig oder was geschichtlich überliefert sei, sondern einzig und allein darauf, was Gott oder Christus in seinem hl. Worte angeordnet habe’. Dieselfde klem word ook by Schüle gevind. ‘Die sichtbare Kirche ist als ein Organ des Geistes verfasst im Bekenntnis. Dieses Bekenntnis ist gebunden an Christus als das Wort Gottes und damit auch an die Schrift....Auch zum Wesen der sichtbaren Kirche gehört die enge Verbundenheit und Einheit von Wort und Geist’ (Schüle 1926: 62; kyk ook Bronkhorst 1947: 151 verv. asook [1988]: 43 verv.; kyk ook Noordmans 1984: 391-393). Vir Calvyn gaan dit om die weg van die Gees veilig te stel, want Woord en Gees vorm saam die weg waarlangs die heerskappy van Christus verwerklik word. ‘En daarmee staan we voor het eigenlijke motief van Calvijns

beroep op de Schrift. Het is hem te doen om de Christusregering in de kerk' (Van 't Spijker 1990c: 328).

> De *praesentia realis* van Christus in zijn gemeente is niet maar op te vatten in de engere sacramentele zin, zij is het die alles wat in de gemeente geschiedt tot een heilswerkelijkheid maakt, herscheppend en effectief naar de wijze der vrije genade.
>
> Het is daarom niet toevallig, dat het Schriftbeginsel in zo vele gereformeerde confessies is verwoord. De geestelijke bestuurswijze, die de Here ons in zijn Woord geleerd heeft, ligt in de belijdenis vast, omdat de belijdenis op haar beurt niet anders wil zijn dan wat de Schrift leert op dit punt....Daarmee was een blijvende, wederzijdse relatie gelegd tussen belijdenis en kerkorde. De belijdenis geeft de lijnen aan voor kerkordelijk denken. De kerkorde op haar beurt vergadert de kerken rondom de belijdenis. Slechts op deze manier kan de trits van: Schrift, belijdenis en kerkorde meer zijn dan een leus, die geen wezenlijke functie heeft.
>
> (Van 't Spijker 1990c: 329)

Die beroep op die Skrif, anders gestel, die uitgangspunt van die sogenaamde Skriftuurlike kerkorde, is in die Presbiteriaal-sinodale stelsel veel belangriker as wat uit die praktyk mag blyk. 'n Skriftuurlike beroep is nie 'n reglynige afleiding uit die Skrif nie, maar geskied aan die hand van verantwoordelike Skrifgebruik wat daarop bestem is om die *praesentia realis Christi* deur Woord en Gees te realiseer. Daarmee is ook die uitgangspunt van 'n kerklike orde in die Reformatoriese kerkreg aangedui, naamlik dat die kerkorde deur die Skrif en belydenis genormeer is, en uit díé rigting in die kerklike lewe of praktyk van toepassing gemaak moet word. Reformatoriese kerkreg is nie in die praktyk gebore nie, maar word hoogstens daar toegepas. Met betrekking tot die relasie tussen Skrif en kerkorde, is die mening van Noordmans (1984: 444) ter sake wanneer hy stel dat hy vroeër geskryf het dat die kerkorde nie met

‘dezelfde geestelijke macht uit de Schrift wordt afgeleidt als het *sola fide*. Maar de afleiding uit de bijbel dient vastgehouden’.

4.4 Die gemeente as grondslag

Voorts word die gemeente in die Presbiteriaal-sinodale stelsel belangrik geag as die terrein waar die werk van die kerk gedoen word. ‘Grondslag van het presbyteriaal-synodale stelsel is dus de gemeente. Daar wordt Gods Woord verkondigd, daar ligt dus ook de basis en de bron van alle geestelijke gezag’ (Bronkhorst 1947: 260). Wat die kerk as kerk onderskei, naamlik die suiwere verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente, word in die gemeente verrig en maak nie deel uit van die kerklike arbeid wat op sinodale vlak gedoen word nie. ‘Durch eine freie Uebereinkunft kan keine Gemeinde gebildet werden, sondern die Gemeinde ist immer direkt von Gott konstituiert eben dadurch, dass er an einem Ort eine bestimmte Anzahl von Erwählten zum Bekenntnis beruft’ (Schüle 1926: 126). Daarom is die gemeente die plek waar die Woord verkondig en die sakramente bedien word, en waar die tug veronderstel word deur ‘n regskape lewenswandel. ‘Hier ligt inderdaad het belang van een bijzondere aandacht voor de plaatselijke kerk: ter plekke waar men woont gaat door het evangelie de deur van de hemel open’ (Van ‘t Spijker 1990c: 330). Hy dui aan dat Calvyn nie anders van die gemeente gepraat het nie as die plek waar die Woord deur die verkondiging funksioneer. Die leer van die kerk vind in die dissipline ‘n supplement van die suiwere prediking. Hy was ‘n voorstander van ‘n wyksgewyse indeling van die gemeente met die oog op ‘n gemaklik bereikbare pastoraat.

> Gemeentebouw was reeds in Calvijns dagen niet een onbekend begrip. Door de belijdenis trad de gelovige in de kring der bewuste medearbeiders aan deze opbouw. Tegelijk voegde hij zich daar “onder het juk van Christus”, door zich op die plaats te stellen onder de wettige regering van de gemeente.
>
> (Van ‘t Spijker 1990c: 330)

In die kerkregtelike ontwikkeling, veral op Nederlandse bodem, het daar verskil van mening ontstaan oor die plaaslike gemeente binne die Presbiteriaal-sinodale kerkreg. Die onderskeid hou verband met die denke binne die vryekerk, en andersyds wat binne die volkskerk gevind word. Die onderskeid kan saamgevat word deur daarop te wys dat die vryekerk die gemeente sien as *ecclesia completa* (Van Leeuwen 1946: 180), terwyl die volkskerk die gemeente sien as *ecclesia completa ét incompleta*. Dit beteken in die praktyk dat die gemeente by die vryekerk gesien word as ‘n selfstandige kerk wat met ander ‘kerke’ in ‘n konfederatiewe verband tree op grond van die kerkverband met die belydenis as gemeen akkoord, wat so in die lewe geroep word (Scheers 1939: 201). Vandaar die benaming Gereformeerde kerke wat verwys na die konfederatiewe verband in die een kerk tussen die somtotaal van sy gemeentes. By die volkskerk is die gemeente ook selfstandig, maar nie so selfstandig dat ‘n gemeente los staan van ander gemeentes van die kerk nie. In die volkskerk het die kerk dus ‘n plaaslike én sinodale verband en is die gemeente die sigbaarwording van die kerk wat uit al sy gemeentes bestaan, en op grond van die geloof in Jesus Christus deel uitmaak van die een, heilige, algemene, Christelike kerk. Pont (1991: 193) sien die saak so:

> In die praktyk beteken dit dat ‘n gelowige eers aan ‘n gemeente behoort (deur middel van sy doop, sy belydenis) en daar aangewys is op die ontvangs van die bediening van Woord en sakrament. Daarna “behoort” die gelowige ook aan die breëre kerk. Met ander woorde: die kerk bestaan uit gemeentes en die gemeentes uit lidmate....Die gemeente word saamgestel uit lidmate en die basis waarop hy saamgestel is, is die genadeverbond van God.

4.5 Die amp

Vervolgens kan presbiteriaal-sinodaal tipeer word as die stelsel waar die ampte en die vergaderings van die ampte kenmerkende onderdele van die stelsel uitmaak. Nader omskryf, word na die amp van die ouderling verwys, en sommige menings is dat alle ampte in die een amp van die ouderling ondervang word wat in vergaderings byeenkom, om die kerk te regeer (vgl. Pont 1981: 199). Van 't Spijker (1990c: 326) druk homself oor die saak soos volg uit:

> Wanneer we in de ampstheologie een directe relatie vinden met de grote ambtsdrager, de Here Jezus Christus, dan kunnen we in de vergaderingen van de kerk een heenwijzing zien naar het werk van de Heilige Gees, door wiens dienst de ambtsdragers in eendrachtig overleg de wil des Heren leren verstaan....Niet alleen de Christologie functioneert (in de ambtsleer), ook de Pneumatologie komt tot haar recht (in de vergaderingen).

Die verhouding tussen ampsdraer en vergadering word bepaal deur die grondbeginsel dat Jesus Christus Hoof van die kerk en Heer van die wêreld is. Christus se hoofskap van die kerk, sy liggaam, beteken dat Hy self die kerk regeer deur Woord en Gees, asook deur ampsdraers wat in vergaderings onder leiding van die Heilige Gees op grond van die Woord besluite neem. Pont (1981: 192) stel die saak op die volgende wyse:

> Hiervolgens regeer Jesus Christus op tweërlei manier oor sy kerk: allereers *onmiddellik* deur sy Woord en Gees en andersyds *middellik* deur die amp. Die sisteem van kerkregering is dus in wese teokraties-monargaal, want Jesus Christus heers as koning en deur die werking van die Heilige Gees en deur die geloof is daar 'n direkte verbondenheid tussen Jesus Christus en die gelowiges wat aan Hom behoort en wat saam sy liggaam op aarde is. Die amp is in hierdie teokraties-monargale vorm van kerkregering daar om die Woord te bedien, die kerk te

> regeer en die dissipline toe te pas ooreenkomstig die wil van Jesus Christus *soos dit vervat is in sy Woord*, nl. die Heilige Skrif.

Die teenwoordigheid van Christus as Hoof van die kerk, word deur Woord en Gees vergestalt as die middele waardeur die kerk regeer word. ‘Daarom is dit dan ook moontlik om in hierdie verband te stel dat ons met ‘n *pneumatiese Christokrasie* te make het in ‘n kerkorde wat die Hoofskap van Jesus Christus werklik wil moontlik maak’ (Pont 1981: 194). Die gestelde pneumatiese Christokrasie gebeur enersyds sonder die toedoen van mense, maar andersyds ook deur middel van die amp wat deur gelowiges beklee word as die menslike instrument, wat deur die Gees van God gebruik word om die heil wat in Christus bewerkstellig is aan elkeen oor te dra.

In die presbiteriaal-sinodale stelsel word die drie bekende ampte aangetref, naamlik bedienaar van die Woord, die ouderling en die diaken. Dit vorm wesenlik die verstaan van die amp soos Johannes Calvyn dit gesien het, en waaroor daar in die hedendaagse tye seker ‘n redelike mate van kritiek moontlik is (kyk Graafland 1999). ‘Uitgaande van Calvyn se opvatting oor die amp, wat in hoofsaak berus op sy eksegese van Efesiërs 4: 11-12, kry die ampsdraers hulle aanstelling, opdrag en gesag regstreeks van Jesus Christus’ (Pont 1981: 197). Daarmee saam is dit ook so dat die ampte nie deur die kerk geskep is nie, maar dat die kerk die ampte van Christus ontvang het. Dat laasgenoemde mening nie meer deur almal gedeel word nie, blyk uit die siening ‘dat die eise van die dag, dit wat nodig was, aanleiding gegee het tot die totstandkoming van sekere “ampte” ‘ (NHKA 2001c: 102) Die amp is ook nie ‘n verbesondering van die algemeen priesterskap van die gelowiges nie. ‘Die amp is ‘n gawe van Christus aan die gemeente om die gemeente op sy beurt toe te rus vir sy dienswerk in en aan die wêreld’ (Pont 1981: 197). Die vraag of dit hedendaags nog so aanvaar word, kom later breedvoeriger aan die orde wanneer die toepassing van die kerklike reg in die Kerk behandel word.

Naas die inkleding van die amp het Calvyn ook swaar klem gelê op die feit dat iemand wat ‘n amp beklee, tot die amp geroep is:

> Die amp, soos die vadere dit gesien het, is ‘n goddelike roeping wat hoë eise aan die sondige mensekind stel om oral en altyd en in alle omstandighede die Woord van God alleen te verkondig in reslose gehoorsaamheid aan die hoof en heer van die kerk. Roepingsbesef, toewyding en diensbaarheid aan God, getrouheid en volhardende ywer in die dienswerk van die Woord is die hoë eise wat die vadere aan die dienaar van die Woord gestel het.
>
> (Pont [1976]: 180; kyk ook Ainslie 1940: 140; Van der Linde 1965: 43 verv.)

Calvyn het verder die roeping onderskei in ‘n uitwendige en inwendige roeping. ‘Die inwendige roeping bestaan in die verlening van die gawes wat vir die amp vereis word, in die standvastige begeerte waardeur iemand na die amp strewe, en die opening van die weë wat tot die amp lei’ (Van der Linde 1965: 55; Milner 1970: 139;). Calvyn (1992: 1327) beklemtoon dat iemand wat tot die evangeliebediening wil toetree allereers erns moet maak met die inwendige roeping, ‘waarvan elke bedienaar voor God bewus is, en die kerk nie as getuie het nie. Ons hart is egter ‘n goeie getuie dat ons die amp wat ons aangebied word, nòg uit eersug, nòg uit hebsug, nòg uit enige selfsug aanvaar maar uit opregte vrees vir God en uit ywer om die kerk te bou’.

Naas die inwendige roeping wat kennelik ‘n persoonlike aangeleentheid is tussen die voornemende bedienaar van die Woord en die Heer van die kerk, bestaan die roeping ook in die uitwendige roeping wanneer iemand deur ‘n gemeente beroep word, en die beroep na die gemeente aanvaar. ‘Om dus as ‘n ware dienaar van die kerk geag te word, moet iemand eers behoorlik beroep wees; daarna moet hy op die beroep antwoord, dit beteken dat hy die take wat hom opgelê is, moet onderneem en uitvoer’ (Calvyn 1992: 1326; Ainslie 1940: 142).

Die onderneming en uitvoering waarna in bogenoemde formulering verwys word, dui op die sogenaamde funksionele ampsbeskouing (Pont [1976]: 177) wat daarop neerkom dat iemand wat tot die amp geroepe is, die verklaarde roeping uitleef wanneer hy óók die werk doen wat met die bediening van die Woord gepaard gaan, en waarvan die prediking die sentrale moment uitmaak. Hier kom by implikasie ter sprake dat die funksionele ampsbeskouing ‘n voltydse bedienaar van die Woord in gedagte het, wat lewenslank in die amp staan. Die vereiste is reeds in die Discipline Ecclésiastique van 1559, in Artikel 12, so vasgestel (Pont 1981: 51). Pont wys daarop dat Bybelse uitsprake soos ‘[n]iemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk is geskik vir die koninkryk van God nie’ (Lukas 9: 62), aanduiding was vir die feit dat die diens van die Woord al die tyd, al die krag en die hele persoon van die ampsdraer opeis. Ander skrifuitsprake soos Johannes 21: 16 en 2 Korintiërs 5: 14 onder andere, dui verder aan hoe die saak in die verlede gesien is (Pont [1973]: 111). ‘Just as we have noticed that it was a strict Reformed doctrine that there was no true ministry which was not a preaching ministry, preaching being a constituting essential of the true Ministerial Order;...(Ainslie 1940: 143; Milner 1970: 136). Díé swaar klem het veral met betrekking tot die amp van die bedienaar van die Woord gegeld wat sy dienswerk radikaal onderskei het van verskillende beroepe wat in die wêreld buite die kerk aangetref word.

Die amp van die dienaar van die Woord het ‘n verdere onderskeiding beleef wat as die amp van die doktor bekend gestaan het, maar wat nooit werklik tot ‘n selfstandige amp ontwikkel het nie. Wanneer Calvyn na die dienste wat die Here vir die kerk ingestel het, verwys, meld hy die doktore naas die herders, ouderlinge en diakens. Die vermelding word ook in die Institusie gevind (Calvyn 1992: 1320; Bouwman 1985a: 494 verv.). Die amp van die doktor word in die Nederlandse Kerkordes opgeneem by Wezel 1568, Middelburg 1581 en ook in die Dordtse Kerkorde van 1618-19. In laasgenoemde Kerkorde word hulle dienswerk in Artikel 18 soos volg beskryf: ‘Het amp der doktoren of professoren in de theologie is, de Heilige Schriftuur uit te leggen, en de zuivere leer tegen de ketterijen en dolingen voor te staan’ (Kersten 1980: 180). Ten spyte van die bepaalde verloop sedert Calvyn en die vroeë Nederlandse kerkordes, het dit nooit daartoe gelei dat die amp van die doktor

tot ‘n volledig selfstandige amp ontwikkel het nie. Bouwman gee dit toe, maar stel dat dit tog ‘n afsonderlike amp is, ‘maar dat de doctor is een dienaar des Woords, die tot een afzonderlijke werkzaamheid geroepen is’ (Bouwman 1985a: 504). Die pogings om ‘n aangestelde bedienaar van die Woord wat gepromoveer het en onderrrig gee steeds aan ‘n gemeente te bind, dui daarop dat die doktor geen ander amp is nie, maar steeds bedienaar van die Woord met onderrig as afsonderlike werkopdrag. Die feit dat ‘n dosent ‘n geordende predikant moet wees, bevestig die saak. Die poging om dosente ook aan gemeentes te bind het reeds in die tyd van professor Gisbertus Voetius bestaan, toe hy aan die Universiteit van Utrecht verbonde was, en ook as mede-predikant van die gemeente Utrecht beroep en bevestig is (Pont 1969: 6).

Behalwe die bedienaar van die Woord, bestaan ook die amp van die ouderling naas die bedienaar van die Woord in die gemeente. Die ouderling is veral gemoeid met die regeertaak in die gemeente, wat beteken ‘om opsig te hou oor die geloof en lewenswandel van die gemeente en om die gemeente geestelik, in die geloof op te bou en toe te rus’ (Pont 1981: 210). Pont brei verder uit oor die amp van die ouderling wanneer hy sê:

> Die regerende ouderling wat op ‘n deeltydse en tydelike basis sy dienswerk in die kerk en gemeente verrig, is één van die groot steunpilare van die gemeente en die kerk. Met die invoering van hierdie regerende ouderling het Joh Calvyn op ‘n besondere manier ‘n nuwe gestalte en lewenskrag aan hierdie Nuwe-Testamentiese amp of dienswerk gegee. In die Calvinistiese kerke het die regerende ouderling in baie opsigte die steunpilare geword wat die gemeentes gelei, vertroos en bymekaargehou het in voor- en teenspoed. Die organisatoriese krag van die Calvinistiese kerke lê dan ook vir ‘n baie groot deel in die diens en toewyding van die regerende ouderling.
>
> (Pont 1981: 209)

Noordmans ken besondere prominensie aan die ouderling toe in sy bekende uitspraak wanneer hy sê: 'Toen Calvijn op het bord de pion van de ouderling trok, zette hij daarmee de paus schaakmat' (Noordmans 1984: 396; 1990: 434). Sy waardering strek verder wanneer hy oor die amp van die ouderling in die presbiteriale kerkorde die volgende stel:

> Het bijzondere van de presbyteriale kerkorde was dit, dat er een ambt was voor de bearbeiding van het terrein tussen de huiselijke en de openbare godsdienstoefening; tussen het huiselijk godsdiensonderwijs en de catechisatie; tussen het gezin en de gemeente. Dat was het werk van de ouderling.
>
> (Noordmans 1984: 447)

Die ouderlinge vorm saam met die dienaars van die Woord die kerkraad, van waaruit gesamentlik oor die gemeente vanuit die Woord regeer en huisbesoek gedoen word, sodat almal hulle in ooreenstemming met die Woord van God gedra.

Naas die amp van die bedienaar van die woord is daar ook die amp van die diaken wat Calvyn tweeledig gesien en gebruik het, naamlik die hospitaaldiaken en die diaken wat aangewend is om met barmhartigheid besig te wees. In die Ordonnances Ecclésiastiques word die saak in artikel 56 soos volg geformuleer:

> In die ou kerk was daar altyd twee soorte diakens. Die een soort was aangewys om goedere (les biens) vir die armes te ontvang, te verdeel en te bewaar, sowel die daaglikse aalmoese as vaste eiendom, toelaes en pensioene.
>
> Die ander soort was aangewys om die siekes te onderhou en te versorg, en die toelae van die armes te beheer.
>
> (Pont 1981: 30)

Die saak vind ook navolging in die Nederlandse kerkordes, onder andere by die Konvent van Wezel, Artikels V en VI, wat ook twee soorte diakens ken, naamlik sommige vir die armes en andere vir siekes (Kersten 1980: 27). Die Konvent van Wezel het volgens Artikel X ook vroue tot die amp van die diaken toegelaat. 'Daar het ook bekwamelijk kan geschieden, oordelen wij, dat vrouwen van vermaarde proeve, en vroomheid en bejaard, tot dit ambt naar het exempel der apostelen, wel mogen worden aangenomen' (Kersten 1980: 28). Tydens die Sinode van Middelburg 1581 word in vraag 56 gevra of dit raadsaam is om vroue as diakens weer in te voer, waarop geantwoord word:

> Neen, om verscheiden inkonvenienten wille die daaruit zouden mogen volgen. Maar in tijden van pestilentie, of andere krankheden, zo daar enige dienst bij kranke vrouwen te doen is, de diakenen niet betamelijk, zo zullen zij die bezorgen door hun huisvrouwen, of anderen, daartoe bekwaam zijnde.
>
> (Kersten 1980: 145)

Die sogenaamde hospitaaldiaken van Calvyn het in onbruik geraak, en wanneer na die Kerkorde van die Sinode van Dordrecht 1618-19, Artikel XXV verwys word, is dit duidelik dat die diakens met die versorging van armes gemoeid was.

> De diakenen eigen ambt is, de aalmoezen en andere armengoederen naarstelijk te verzamelen, en dezelve getrouwelijk en vlijtiglijk, naar de eis der behoeftigen, beide der ingezetenen en vreemden, met gemeen advies uit te delen, de benauwden te bezoeken en te vertroosten, en wel toe te zien, dat de aalmoezen niet misbruikt worden, waarvan zij rekening zullen doen in de kerkeraad, en ook (zo iemand daarbij wil zijn) voor de gemeente, tot zulke tijd als de kerkeraad het goed vinden zal.
>
> (Kersten 1980: 182)

4.6 Die vergaderings van die ampte

4.6.1 Die kerkraad

Die kerkraad is die vergadering van die ampte om die gemeente aan die hand van die Woord van God te regeer. In ‘n diskussie oor die vergaderings van die ampte kom die vergadering van die kerkraad vanselfsprekend ter sprake as die vergadering wat in elke gemeente bestaan, om die gemeente aan die hand van die Woord van God te regeer. Die Nederlandse Geloofsbelydenis laat hom in Artikel 30 soos volg uit oor regering: ‘Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, regeer moet word’ (NHKA 1997: 128). Dat dít die vergadering is wat in die gemeente funksioneer, word duidelik uit Artikels 58 en 64 van die Ordonnances Ecclésiastiques 1541, die kerkorde wat in Genève saamgestel is (Pont 1981: 30, 31). Aangesien dáár geen sinodale reëlings bestaan nie, is die kerkorde en die kerkordelike reëlings wat getref word, slegs op die gemeente van Genève van toepassing.

Die kerkraad word saamgestel uit ouderlinge én die bedienaar van die Woord. Aangesien die dienswerk van die diakens op heel ander vlak gelê het en daar hulle nie gemoeid was met die regering van die gemeente nie, is hulle nie as deel van die kerkraad beskou nie. Volgens Artikel 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word die kerkraad saamgestel uit al drie ampte, naamlik die predikant, ouderling en diaken. Die gebruik word ook in die Discipline Ecclésiastique 1559 aangetref waar die saak só geformuleer word: ‘Dat die dienaars in die konsistorie (Consistoire=kerkraadsvergadering) deur die ouderlinge en diakens gekies sal word en aan die gemeente, waarvoor hy beroep is, voorgestel sal word’ (Pont 1981: 50). Die gebruik om diakens as deel van die kerkraadsvergadering te beskou, is ook in die Nederlandse kerkordes gehandhaaf tot en met die Sinode van Emden 1571 wat bepaal: ‘In een yegelijcke Kercke salmen t’ samen-coomsten ofte Consistorien der Dienaren des Woorts, Ouderlinghen ende Diaconen hebben,...(Rutgers 1980: 58). Pont (1981: 226) wys daarop dat die Sinode van Emden die saak so gestel het waarskynlik na aanleiding van Artikel 2 waarin bepaal word dat die

eenheid van die leer beklemtoon word op grond van die vereiste dat die Nederlandse en Franse kerkordes onderteken moes word. Die diakens word egter nie as deel van die kerkraad gehandhaaf nie, want reeds in die Kerkorde van die Provinsiale Sinode van Dordrecht 1574, word in artikel 4 ‘n nadere verklaring van die Emdense Artikel 6 gegee:

> Tot verklaring des 6en artikels van Embden, dat in een iegelijke kerk en tezamenkomst der dienaren des Woords, ouderlingen en diakenen wezen zal, verstaan de broeders dat de dienaars en ouderlingen op zichzelf en de diakenen op zichzelf tezamen komen zullen om een iegelijk zijn zaken te verhandelen.
>
> (Kersten 1980: 64)

Díé reëling, wat daarop neergekom het dat die diaken nie deel uitgemaak het van die kerkraadsvergadering nie, het ook beteken dat diakens nie deel was van meerdere vergaderings nie:

> Gedurende die Reformatoriese tyd en solank die presbiteriaal-sinodale kerkordelike reëlings in die Nederlandse kerk gegeld het, was die diakens nié normaalweg lede van die kerkraad nie, en het hulle ook nie deelgeneem aan die werksaamhede van die meerdere vergaderings van die kerk nie. Hulle werksaamhede is gereël op die diakonale veraderings en vandaar het die diakens met of sonder die samewerking van die plaaslike owerhede die armversorging in hulle gemeente behartig.
>
> (Pont 1981: 228)

Die moontlikheid is wel oopgelaat dat diakens soms as deel van die kerkraad toegetree het. ‘En daar het getal van de ouderlingen zeer klein is, zullen de diakenen mede tot de kerkeraad mogen genomen worden’ (Kersten 1980: 184).

Naas die vergadering van die kerkraad as primêre vergadering van die ampte in elke gemeente, het meerdere vergaderings ontstaan as gevolg van die feit

dat die kerkregering nie net tot een gemeente beperk was nie, maar ontstaan as gevolg van verskeie gemeentes naas mekaar, en daarom vergaderings tot gevolg het waar die belange van die versamelde gemeentes gedien word. Dit verklaar waarom meerdere vergaderings genoem word in die Franse Kerkorde van 1559, die Discipline Ecclésiastique, terwyl sodanige reëlings by die kerkordelike maatreëls wat by Genève getref word ontbreek.

Die vraag na die gesag van meerdere vergaderings, en die bindingskrag van besluite wat daar geneem word en van toepassing is op gemeentes, was ‘n redelik sensitiewe aangeleentheid:

> De Nederlandse kerken spraken bij herhaling uit, dat een classisvergadering bestaat uit de genabuurde kerken, die hun afgevaardigden zenden met last en macht om mèt de vergadering besluite te nemen, die op Gods Woord gegrond zijn en in overeenstemming met de kerkelijke bepalingen.
>
> (Van ‘t Spijker 1990c: 334)

Die betekenis van afvaardiging het ‘n saak gebly waaroor daar verskil van mening was, en uit independentistiese oord onder druk geplaas is deur weerstand teen besluite van meerdere vergaderings, wat van toepassing gemaak moes word in gemeentes. Noordmans (1984: 180) rig ‘n geldende waarskuwing dat die element van afvaardiging nie te swaar beklemtoon moet word nie, omdat daarin die vryheid van die gemeente oorbeklemtoon en sinodale vergaderings op die lees van ‘n parlement kan funksioneer:

> Doch daarmee neemt dan ook het gevaar toe dat men de kerkelijke orde van de politieke niet meer zal kunnen onderscheiden. Reeds Voetius gaat ver in die richting. Volgens hem zitten predikanten en ouderlingen op een synode niet in hun afzonderlijke kwaliteit, maar als afgevaardigden. Dat is reeds een andere gedachte dan die van Calvijn, die met ieder ambt tegelijk een zekere regeermacht verbindt.

Bronkhorst (1947: 261) wys daarop dat versigtigheid aan die dag gelê moet word om die presbiteriaal-sinodale stelsel nie vanuit die vryheid van die gemeente te benader nie, omdat elke kerkregtelike sisteem gemeet moet word aan die vraag in hoeverre die Christusregering deur sy Woord en Gees tot uiting kom. Hy vra die volgende belangrike vraag: 'Is het synodelid primair afgevaardigde, dan legt dit een te zwaar accent op de vrijheid der gemeenten; is hij ook ter synode als ambtsdrager bezig – zij het ook niet in een hooger ambt – dan blijft de blik allereerst gericht op den Heer'.

Die manier waarop die verhouding tussen die plaaslike gemeente en die algemene kerk gesien word, kom hier ter sprake. Die negentiende eeuse denke was enersyds van mening dat die Nuwe Testament slegs van 'n plaaslike kerk praat wat volkome is, en wat hoogstens met ander soortgelyke gemeentes in 'n konfederatiewe verband tree. 'Die meerdere vergaderings word dan gevorm deur verteenwoordigers van die verskillende kerke, sodat hulle nie daar as verteenwoordigers van die amp teenwoordig is nie' (Pont 1981: 221). Die gesag van die meerdere vergaderings setel dus in die toenemende gesag wat die gevolg is van die betrokkenheid van 'n aantal gemeentes, maar wat terselfdertyd beperkte gesag is, aangesien die gesag van die sinodale vergadering in die geval deur die plaaslike gemeente finaal bepaal word. Daarnaas was andersyds die standpunt dat die kerk liggaam van Christus is, en dat die plaaslike gemeentes organies met mekaar verbind is tot een landskerk. Dit beteken dat meerdere vergaderings vergaderings van die ampte is wat die kerk as geheel regeer. 'Die meerdere vergaderings se gesag ontleen hulle aan die feit dat dit 'n toestroming van die amp is om die kerk as 'n geheel te regeer, net soos die kerkraad die plaaslike gemeente regeer' (Pont 1981: 221). Ridderbos (1971: 535) stel die saak soos volg:

> In de plaatselijke gemeente openbaart zich de ene en algemene kerk van Christus. Daarin ligt enerzijds haar zelfstandigheid, anderzijds de noodzakelijkheid zich mede door andere gemeenten te laten bepalen en gezeggen....Want Christus heeft niet vele lichamen, maar het ene lichaam van Christus moet zich in de

eenheid en samenstemming van heel de kerk, plaatselijk en generaal, openbaren, vgl. Eph. 4: 1-6.

Daarbenewens het die reëling ook gegeld dat slegs díé sake op die tafel van die meerdere vergadering beland, wat nie in die mindere vergadering afgehandel kan word nie (Kersten 1980: 183). Dit was ‘n navolgenswaardige maatreël wat voorkóm dat alles verskuif na die meerdere vergadering, wat ‘n versteurde balans tot gevolg het, en die gesag van die kerkraad as primêre vergadering van die ampte aantas (Artikel XXX, Dordt 1618-19).

Die spraakgebruik om na klassikale en sinodale vergaderings as meerdere vergaderings te verwys, het nie beteken dat meerdere vergaderings ook hoër vergaderings is nie. Die begrip meerdere vergaderings verwys na ‘n groter toeloop van die amp, soos verteenwoordig deur ‘n aantal ampsdraers van gemeentes of klassikale vergaderings wat in sinode byeenkom. ‘Dit onderscheid betekent niet, dat de meerdere vergaderingen een soort *hoger bestuur* over de mindere zouden vormen, of *hoger in macht* zouden zijn, want volgens de Gereformeerde beschouwing staat er geen hoger bestuur boven de kerkeraad’ (Jansen 1952: 144).

By die ontstaan van meerdere vergaderings het ook die gebruik na vore gekom om aan afgevaardigdes geloofsbriewe te voorsien (Artikel XXXIII, Dordt 1618-19) as amptelike aanduiding dat iemand wettig namens die vergadering wat hom stuur, afgevaardig is. ‘Die tot de samenkomsten afgezonden worden, zullen hun kredentiebrieven en instruktiën, ondertekend zijnde, van degenen die ze zenden, medebrengen, en dezen zullen alleen keurstemmen hebben’ (Kersten 1980: 183). ‘Keurstemmen’ het beteken dat iemand wat deur ‘n geloofsbrief sitting geneem het, volle stemreg geniet het, behalwe wanneer persoonlike belang of sake van die eie gemeente ter sprake gekom het. Die gedagte daaragter was dat niemand regspraak in sy eie belang mag uitoefen nie (Jansen 1952: 158).

4.6.2 Die ring of klassikale vergadering

Die klassikale vergadering kom op Nederlandse bodem in die Konvent van Wezel 1568 die eerste keer na vore, en word verder aangetref in Artikel VII van die Kerkorde van Emden 1571, onder andere. 'Benevens deze konsistoriën zullen ook alle drie of zes maanden classikale verzamelingen gehouden worden, van sommige kerken die bijeen gelegen zijn, naar hare gelegenheid en nooddruftigheid.' (Kersten 1980: 42). In die Sinode van Dordrecht 1578 word reeds vasgestel dat elke gemeente deur sy kerkraad 'n predikant en een ouderling afvaardig met volle stemreg (Jansen 1952: 189).

Die vergadering is met die sogenaamde klassikale preek geopen, wat nie bedoel was om 'n stigtelike karakter aan die vergadering te gee nie, 'maar te waken over de eenheid van leer, en de dienst des Woords, het voornaamste onderdeel van het predikantswerk, op hoger niveau te brengen' (Plomp 1971: 91). Daarna het die vergadering daartoe oorgegaan om 'n voorsitter te kies wat nadat hy 'n gebed uitgespreek het, aan die vergadering bepaalde vrae gestel het. 'Worden er kerkeraadsvergaderingen gehouden? Wordt de tucht gehandhaaf? Heeft men te kampen met bepaalde ketters? Komt er twijfel voor ten aanzien van een of ander leerstuk? Draagt men zorg voor de armen en voor de scholen?' (Plomp 1971: 91: Kersten 1980: 96). Daarna het die sake aan die orde gekom wat die kerkraad nie self kon afhandel nie, waarna die sake behandel is wat alle kerkrade in die vergadering geraak het:

> Daarna geeft de praeses een uiteenzetting over een of meer kwesties waaromtrent verschil van opvatting bestaat met de pausgezinden en anderen....In de vergadering van de classis voorafgaande aan de provinciale synode worden de afgevaardigden naar deze synode gekozen: elke classis zendt twee predikanten met evenveel ouderlingen of diakenen, of tenminste één predikant met één ouderling of diaken.
>
> (Plomp 1971: 92)

Hoewel Plomp aandui dat diakens by Emden toegelaat is om die klassikale vergadering by te woon, word volgens Artikel XLI van die Sinode van Dordrecht 1618-19, bepaal dat die klassikale vergadering slegs deur één predikant en één ouderling uit elke kerkraad saamgestel is. Soos aangedui het die Provinsiale Sinode van Dordrecht 1574, Artikel IV, diakens nie as deel van die kerkraad beskou nie. Die reëling word daarom ook by Dordt 1618-19 gevind. Waarskynlik het die beperking daarmee te make gehad dat die getalle van vergaderings toegeneem het namate die kerk uitgebrei, en meer gemeentes tot stand gekom het.

4.6.3 Die sinodale vergaderings

In die Nederlandse kerkregtelike ontwikkeling het daar naas die kerkraad en die klassikale vergadering, ook sinodale vergaderings ontstaan wat onderskei word in partikuliere of provinsiale sinodes, en ‘n nasionale sinode. Laasgenoemde was die sinodale vergadering wat die kerk op nasionale vlak verteenwoordig het, en voorafgegaan is deur verskillende partikuliere sinodes. Uit elke klassikale vergadering is twee predikante en twee ouderlinge na die provinsiale sinode afgevaardig. Dit het beteken dat kerkrade nie ‘n eie verteenwooordiger op die provinsiale sinode gehad het nie, omdat gebruik gemaak is van die sogenaamde representatiewe verteenwoordiging wat trapsgewyse plaasgevind het, en in hierdie verband daarop neerkom dat die *klassikale vergadering* ampsdraers na die jaarlikse provinsiale sinode afgevaardig het, en dat vanuit die provinsiale sinode weer afgevaardig is na die drie jaarlikse nasionale sinode (Pont 1981: 234; Jansen 1952: 208; Kersten 1980: 186). Daar die provinsiale sinode uit vier of vyf klassikale vergaderings gevorm is, was dit nie groot vergaderings nie, en dikwels is die vergaderings ook deur die ouderlinge swak bygewoon. Die rede daarvoor was dat ouderlinge te besig was met eie sake om tyd af te staan vir die bywoning van sinodale vergaderings (Lohman & Rutgers 1887: 29; Pont 1981: 235).

Die provinsiale sinode is deur die uittredende voorsitter of die plaaslike predikant met skriflesing en gebed geopen. Daarna is vasgestel of die geloofsbriewe van elke ampsdraer wettig is, waarna die verkiesing van die

moderamen plaasgevind het. Nadat hierdie vooraf handelinge afgehandel is, kon die sake aan die orde kom wat deel uitgemaak het van die agenda van die vergadering, naamlik die leer, regering en tug, en ten slotte verskillende ander sake (Jansen 1952: 210-211).

Die arbeidsveld van die provinsiale sinode was in volgorde: die leer, die kerkorde en die 'partikuliere zaken'. Pont (1981: 235) formuleer dit soos volg:

> Die provinsiale sinode was dus nié 'n opsigvergadering soos die klassis nie, maar eerder 'n vergadering wat die taak het om die kerk in die provinsie te regeer deur vas te hou aan die geformuleerde en aangenome suiwere leer, die dissipline in sy ressort te handhaaf én om uitspraak te doen oor die "zware zaken" ten opsigte van leer en lewe in en van die kerk, wat voor die sinode gelê is.

Pont wys verder daarop dat die provinsiale sinode 'n belangrike rol gespreel het om die klassikale vergaderings saam te snoer, en om ook met die provinsiale owerhede te skakel, veral in die tye wanneer die nasionale sinode nie in sitting is nie.

Volgens Artikel 50 van die Kerkorde van die Dordtse Sinode van 1618-19, het die nasionale sinode elke drie jaar byeengekom, saamgestel deur twee predikante en twee ouderlinge, wat namens elke provinsiale sinode afgevaardig is (Kersten 1980: 187; Jansen 1952: 221). Jansen (1952: 220) wys verder daarop dat die voorneme om elke drie jaar te vergader, nie altyd realiseer het nie. Dit gebeur na die Sinode van Dordrecht 1578 tot die opvolgende Sinode van Middelburg 1581, maar die Sinode van 's-Gravenhage vind eers vyf jaar daarna in 1586 plaas, gevolg deur die bekende Dordtse Sinode van 1618-19, twee en dertig jaar later. As rede word die groot koste voorgehou wat met die hou van 'n sinode gepaard gegaan het. 'Deze bedroegen vóór de oorlog ongeveer 5000 en na de oorlog wel 15,000 à 20,000 gulden'. Vanweë die lang en uitgerekte sitting van die Sinode van Dordrecht 1618-19, kan begryp word dat die Sinode teen groot koste plaasgevind het (Doornbos 1967: 83 verv). Daarna is nie weer 'n sinode

gehou nie, tot en met die instelling van die Algemeen Reglement van 1816. Pont wys daarop dat die teenkanting van die owerheid aan wie groot seggenskap in kerklike sake gegee is, daarvoor verantwoordelik was dat sinodes nie gereeld plaasgevind het nie (Pont 1981: 236; Doornbos 1967: 132). Die oorlog waarna Jansen verwys en die omstandighede wat daarmee gepaard gegaan het, kan by Pont nagelees word (1994: 68 verv.).

Verder het dit redelik dikwels voorgekom dat sinodale vergaderings bygewoon is deur ‘n oorwig predikante, tot nadeel van die gelyke getal ouderlinge wat teenwoordig behoort te wees om hulle regeertaak uit te voer. ‘De synode van Middelburg, 1581, bestond uit 29 dienaren en 19 ouderlingen; die van ‘s-Gravenhage, 1586, uit 22 predikanten, 2 ouderlingen,...en de synode van Dordrecht 1618-’19, bestond uit 35 predikanten, en 17 ouderlingen’ (Jansen 1952: 222; Doornbos 1967: 39).

Die werkopdrag van die nasionale sinode het bestaan in die vasstelling en handhawing van die belydenis, die handhawing van die dissipline, en die vasstelling van die kerklike orde. Daarnaas is die inrigting van die openbare erediens, die liturgie hanteer, asook ander sake wat die algemene welstand van die kerk bevorder het (Pont 1981: 236). Kort saamgevat, het dit daarop neergekom dat die nasionale sinode besluite geneem het oor die leer van die kerk, die kerklike orde en die liturgie. Die sinodes het die gebruik gehad dat elke saak wat ter sprake gekom het, gedebatteer is en tot ‘n besluit gevoer is. Die Sinode van Dordrecht het hiervan afgewyk, in die sin dat elke afvaardiging uit elke provinsiale sinode een rapport oor elke aangeleentheid ingedien het, waardeur hulle ook een stem gehad het. Die moderamen het uit die verskillende voorstelle die algemene mening vasgestel, behalwe by gewigtige sake is die verskillende menings voorgelees, waarna die moderamen die besluit aanwys en aan die sinode voorlees as die besluit van die meerderheid, of wanneer ‘n afsonderlike stemming die besluit van die sinode aandui (Jansen 1952: 225; Pont 1981: 237).

Samevattend het dit daarop neergekom dat die vergaderings in die presbiteriaal-sinodale sisteem, vanuit die kerkraad as primêre vergadering

van die ampte, oorgegaan het na die klassikale vergadering. Vanuit die klassikale vergadering het die provinsiale sinode gevolg, en daaruit vind die nasionale sinode sy ontstaan. Dit is ook belangrik om te meld dat die vergaderings nie hiërargies opgestel was nie, daarom staan die vergaderings naas die kerkraadsvergadering bekend as meerdere vergaderings. Verder het meerdere vergaderings slegs die sake hanteer wat nie in die primêre vergadering afgehandel kan word nie. Dit het gevolglik beteken dat die agenda van die meerdere vergadering vanuit die mindere vergadering saamgestel is, want elke meerdere vergadering behandel die sake wat nie deur die mindere vergadering afgehandel kan word nie (Artikel XXX, Dordt 1618-19).

4.7 Drie belangrike beginsels

4.7.1 Anti-hiërargies

Artikel 2 van die Sinode van Emden 1571, stel die volgende uitgangspunt: ‘Geen kerk zal over een andere kerk, geen dienaar des Woords, geen ouderling, noch diaken, zal de een over de ander heerschappij voeren, maar een iegelijk zal zich voor alle suspiciën, en aanlokking om te heerschappen wachten’ (Kersten 1980: 41). Dieselfde saak kom reeds in die Konvent van Wezel voor waar bepaal is dat die klassikale vergadering nie telkens op dieselfde plek gehou moet word nie, ‘ten dele om te voorkomen heerschappij van die ene kerk over de andere...’ (Kersten 1980: 37). Die aangeleentheid word in die Kerkorde van die Sinode van Dordrecht 1578 in die slotartikel behou, en nog duideliker geformuleer en verder konsekwent gehandhaaf in die Kerkorde van Middelburg 1581, ‘s-Gravenhage 1586 tot en met die Dordtse Kerkorde van 1618-19. Die erns van die saak blyk uit die feit dat hiërargie afgewys word met betrekking tot gemeentes teenoor mekaar, en verder ook ampsdraers onderling, naamlik tussen bedienaars van die Woord, ouderlinge asook diakens. Die sterk afwysing van hiërargievorming in die kerk is begryplik as in gedagte gehou word dat die presbiteriaal-sinodale stelsel die Hoof- en Heerskap van Christus wil bevorder. ‘Deze bepaling bevat een der grondbeginselen voor de Gereformeerde kerkinrichting. Zij is ontleend aan de Franse Kerkorde, door de eerste synode , te Parijs, 1559, opgesteld waarin zij tegenover de Roomse hiërarchie haar beginsel stelde, dat geen kerk over andere kerken en geen dienaar over andere dienaren zou heersen’ (Jansen 1952: 364). Die bedoeling van die bepaling was om die selfstandigheid van die plaaslike gemeente teen die Roomse hiërargie te behou. ‘Indien deze suprematie van de ene kerk over de andere en van de ene bisschop over de andere erkend werd, was de reformatie in beginsel veroordeeld’ (Jansen 1952: 365). Pont (1981: 193) maak daaroor die volgende opmerking: ‘Met hierdie anti-hiërargiese beginsel word die metropolis-verhouding tussen gemeentes, én alle hiërargie ten opsigte van die ampsdraers onderling, en tussen die ampte as sodanig sorgvuldig by die wortel afgesny. *Daar is net één Hoof van die kerk en dit is Jesus Christus self*’.

4.7.2 Anti-independentisties

Deel van die kerkordelike reëlings wat sedert die vormende denke van Calvyn en andere getref is, was die reëling dat besluite wat gesamentlik op sinodale vlak deur afgevaardigdes van gemeentes geneem is, deel uitmaak van die kerk se besluite as geheel, wat nie willekeurig deur enkele gemeentes gedwarsboom kan word nie. Of afgevaardigdes deel het aan meerdere vergaderings as afgevaardigdes van hulle onderskeie gemeentes, óf as verteenwordigers van die amp, maak vir díé argument nie groot verskil nie. Want die gesag van meerdere vergaderings setel in die feit dat besluite op grond van die Woord geneem word, en om daardie rede moet besluite van meerdere vergaderings met gesag bejeën word. Die saak word deur Van der Linde (1965: 149) soos volg gestel: 'Die ampsdraers word deur die kerkrade gestuur om as ampsdraers van meer kerkrade oor bepaalde sake, wat vanself al die kerkrade raak òf wat ter tafel gebring word vanweë onmag, wanbestuur of hoër beroep, te beslis ooreenkomstig die Woord van God onder leiding van die Heilige Gees op die vergadering'. Indien gemeentes of hulle kerkrade aan meerdere vergaderings deelneem met die voorbehoud dat kerkrade na afloop van 'n meerdere vergadering die sinodale besluit eers moet goedkeur, ontstaan 'n middelpunt vliedende krag wat sinodale vergaderings sinloos maak, en neerkom op 'n bepaalde hiërargiese posisie wat die plaaslike gemeente en sy kerkraad oorbeklemtoon. 'Voor deze congregaties van "visible saints" is allereerst kenmerken, dat zij onderling geheel onafhankelijk, independent, zijn; dat er dus geen classicale en synodale samenkomsten zijn, die richtlijnen doen uitgaan, die voor alle gemeenten bindend zijn' (Bronkhorst 1947: 245).

Die uitgangspunt van die independentisme of kongregasionalisme is in die gemeente, wat as sodanig die draer is van kerklike gesag wat deur die ampsdraers wat deur die gemeente verkies is, uitgeoefen word.

Teen díé agtergrond is die sogenaamde anti-hiërargiese uitgangspunt as wesenlike deel van die kerkorde noodsaaklik. In die laaste artikel van die Kerkorde van die Sinode van Emden 1571, staan die saak só geformuleer:

> Deze artikelen de wettelijke en behoorlijke orde der kerken betreffende, zijn alzo met gemeen akkoord gesteld, dat ze (zo het de nuttigheid der kerken vereist) veranderd, vermeerderd en verminderd mogen en behoren te worden. Nochtans zal het geen bijzondere kerk vrij staan, zulks te doen. Maar alle kerken zullen arbeiden deze te onderhouden, totdat in een synodale vergadering anders besloten wordt.
>
> (Kersten 1980: 53)

Die uitgangspunt het behoue gebly, en daarom staan dit ook in die Kerkorde van Dordt 1618-19 in Artikel 86 geformuleer, as wesenlike uitgangspunt vir die singewing van die kerklike orde. Reeds in Artikel 40 van die Discipline Ecclésiastique 1559, is die saak soos volg weergegee:

> Die artikels met betrekking tot die kerklike dissipline (of orde) wat hier vasgestel is, is nié sodanig onder ons vasgestel dat dit nie weer verander kan word nie indien die welwese van die kerk dit vereis nie, maar dit sal nie in die mag lê van enkelinge om dit te doen nie sonder die toestemming en goedkeuring van die algemene sinode nie.
>
> (Pont 1981: 54)

Wesenlik kom dit daarop neer dat sinodale vergaderings géén sin het nie, tensy die besluite wat op sodanige vergaderings geneem word, in gemeentes deur die uitvoering daarvan neerslag vind. Daar is inherent ‘n positiewe moment in die uitgangspunt wat seperatisme en kerkskeuring, en selfs die vorming van kleiner groepe in die kerk, kan weerstaan. Verder word sinodale vergaderings ook positief beklemtoon in die sin dat kerkrade en gemeentes nie die luukse kan bekostig om eie weë te bewandel nie, maar ter wille van die eenheid van die kerk openhartig en eerlik met mekaar in gesprek te tree, terwyl al die feite ter sprake gebring word.

Beide die anti-hiërargiese en die anti-independentistiese uitgangspunte eie aan elke kerkorde, vorm teenkante van dieselfde saak, en vestig die aandag op ‘n uiters sensitiewe balans wat tussen gemeente en sinode verdiskonteer en in ag geneem moet word. Wanneer die Skrif en belydenis, asook kerklike orde in die regte verhouding tot mekaar gebruik word, word hiërargie op sinodale vlak, of independentisme van die gemeente se kant gesien, geweer. Die neiging tot beide skeeftrekkings van die kerklike reg kan alleen in bedwang gehou word deur die kernuitgangspunt van die presbiteriaal-sinodale stelsel, naamlik om die *praesentia realis Christi ipsius* én die onmiddellike regering deur sy Gees en Woord te erken.

4.7.3 Rotasiebeginsel

Naas die twee laasgenoemde uitgangspunte wat in die kerklike reg na aanleiding van die presbiteriaal-sinodale stelsel ter sprake kom, kan die rotasiebeginsel nie buite rekening gelaat word nie. Die rotasiebeginsel het sy ontstaan in die reaksie teen die episkopaalse gesag, waarteen die Reformatore hulle deur die presbiteriaal-sinodale stelsel verweer. Dit is waarskynlik uit hierdie hoek gesien waarom Noordmans stel dat die Pous skaakmat geplaas is deur die ouderling wat as pion op die kerkregtelike skaakbord geplaas is (Noordmans 1984: 396). Die rotasiebeginsel het nie net ter sprake gekom wanneer iemand as voorsitter van ‘n vergadering herkies moes word nie, maar het ook die tweejarige ampstermyn van ouderlinge en diakens ingesluit.

> Ze is eigenlijk van Calvijn afkomstig. Hij bepaalde, voornamelijk om de Roomsche hiërarchie uit de Gereformeerde kerken te weren, in zijn kerkordening van 1541, en voerde deze bepaling in Genève in, dat telken jaren alle ouderlingen moesten aftreden en alleen de bekwaamsten, zo zij bereidwillig waren, voor een jaar (niet voor altijd) gecontinueerd, d. i. herbenoemd werden.
>
> (Jansen 1952: 125; Bouwman 1985a: 601)

Díé uitgangspunt het daarom ook in die Nederlandse kerklike ordes staanplek gekry, soos dit in die Kerkorde van die Sinode van Middelburg, Artikel 19 geformuleer is. ‘De ouderlingen en diakenen zullen twee jaar dienen, en alle jaar zal het halve deel veranderd, en anderen in de plaats gesteld worden, tenware dat de gelegenheid en het profijt eniger kerken anderzins vereisten’ (Kersten 1980: 126).

Die rotasiebeginsel is inderdaad nie ‘n dwingende en reglynige skriftuurlike vereiste nie, maar word om bepaalde kerkregtelike redes wat verband hou met die Roomse erfenis, in die kerkorde gehandhaaf. Die neiging tot hiërargie wat gewoonlik deur ‘n gebrek aan rotasie in die hand gewerk word, tas die alleenheerskappy van Christus aan, en verskaf op indirekte wyse ‘n Skriftuurlike argument waarom die uitgangspunt gehandhaaf moet word. Dit is ook moontlik omdat die reformatore die amp nie waardeer het as ‘n *character indelebilis*, wat daarop neerkom dat ‘n ampsdraer die amp ontvang en lewenslank beklee het nie. Die reformatoriese standpunt was dat die amp permanent is, maar dat die ampsdraer kan wissel. ‘Rome leert dit wel: het ambt kan slechts eenmaal in het leven ontvangen worden en is nooit van de persoon te scheiden; zelfs aan iemand, die zich het ambt onwaardig maakt, kan wel de bediening, maar niet het ambt ontnomen worden’ (Jansen 1952: 128). Die vraag uit Oos-Vlaandere of ouderlinge en diakens lewenslank en met vergoeding kan dien, word gestel aan prof Danaeus van Leiden wat die volgende advies verskaf: ‘De Schrift leert niet, dat ze “altijd in dat beroep ghebleeven zijn.” Verwisseling is dus geoorloofd, en om kerkelijke tirannie te vermijden, beter dan levenslange dienst. Het is wenselijk, dat meerdere personen in de kerkelijke zaken worden ingewijd’ (Jansen 1952: 126).

Die rotasiebeginsel kom nie net ter sprake by die sogenaamde tweejarige ampstermyn van ouderlinge en diakens nie, maar ook by die tydperk wat iemand as voorsitter van ‘n vergadering dien. Dit is belangrik om daarop te wys dat die voorsitter van die vergadering slegs tydens een vergadering as voorsitter optree, en dat daar geen sprake van ‘n sogenaamde kontinuerende voorsitter was nie (Pont 1981: 234; Kersten 1980: 185). Jansen (1952: 191) wys egter daarop dat ‘n voorsitter volgens toerbeurt mag voorsit, waarop hy

nog vir ‘n volgende jaar verkies kan word. Selfs met díé uitleg van die bepaalde Artikel het dit beteken dat ‘n voorsitter in elk geval nie langer as twee jaar voorsitter van ‘n klassikale vergadering kon wees nie. Die voorsitterskap volgens toerbeurt het beteken dat elke predikant die geleentheid gehad het om as voorsitter op te tree, en dui aan dat daar inderdaad nie so iets was as die verskynsel van één bedienaar van die Woord wat vir jare aaneen die voorsitterstoel beklee nie. Die toerbeurt reëling as sodanig, dui reeds op die rotasiebeginsel. Pont (1981: 234) stel

> dat met elke byeenkoms van die klassikale vergadering daar ‘n nuwe voorsitter gekies word én dat ‘n voorsitter nie tweemaal na mekaar in díé hoedanigheid mag dien nie. Na afloop van die vergadering verval die voorsitter en skriba se funksies. Uit die feit dat die voorsitter streng moet wissel én die feit dat daar géén kontinueringsliggaam van die klassikale vergadering bestaan as die vergadering nie in sitting is nie, blyk hoe sorgvuldig aandag gegee is aan die verwydering van alles wat weer ‘n hiërargie van ampsdraers of vergaderings in die hervormde kerk kan laat posvat.

Die gebruik van die telkens nuutverkose voorsitter, het nie tot die klassikale vergadering beperk gebly nie, maar het vir elke meerdere vergadering gegeld. In Artikel 26 van die Sinode van Middelburg 1581 word díé uitgangspunt reeds aangetref (Kersten 1980: 127) en gehandhaaf, soos blyk uit die Kerkorde van die Dordtse Sinode van 1618-19, Artikel 35, dat die funksie van die voorsitter ‘uitgaan, wanneer de samenkomst scheidt’ (Kersten 1980: 184).

By die voorsitter van die kerkraad was die situasie anders in die opsig dat die predikant voorsitter van die kerkraad was, of as daar meer as een predikant was, om die beurt (Pont 1981: 226; Van der Linde 1965: 97). Die saak is in die Kerkorde van die Sinode van Dordrecht volgens Artikel 33 so bepaal, in kontras met Artikel 32 wat vasgestel het dat die amp van voorsitter uitloop na afhandeling van meerdere vergaderings (Kersten 1980: 181).

4.8 Die leer, sakramente en seremonies

Die belydenis is so oud soos die kerk self en word reeds in die Bybel aangetref (Matt 16: 16 en 1 Kor 12: 3, onder andere) as bevestiging van die feit. Geloof gaan belydenis vooraf, en daarom is belydenis die onontwykbare gevolg van die geloof. Geloof word kerklik verwoord wanneer die inhoud daarvan in geloofsbelydenisse neerslag vind vir openbare gebruik, en gesaghebbend funksioneer deur sentrale waarhede van die geloof uit te spel. Die geloofsbelydenis is dus die gelowige se aanvaarding en verstaan van die Woord van God. 'Voorwaarde vir 'n belydenis om gesag te hê, is dat dit volgens of ooreenkomstig Gods Woord moet wees én dat dit deur 'n gesaghebbende kerklike vergadering soos 'n sinode of konsilie aanvaar moet word' (Pont 1981: 239). Hier moet ook in gedagte gehou word dat die belydenis nie dieselfde gesag dra as die Skrif nie, daarom is die gesag van die belydenis van kerklike aard, en daarom tweede linie gesag:

> Die geloofsbelydenis is op sy beste 'n kort samevatting van die sentrale waarhede van die Skrif soos dit in die kerk verstaan en bely word. Dit is 'n hulpmiddel om die Skrif te verstaan, want dit sistematiseer kortliks die inhoud van die evangelie en dit is 'n maatstaf waarmee die afwykende leer en lewenspraktyk bepaal kan word....
>
> In die vroeë kerk is die geloofsbelydenis gebruik om die grens te trek tussen gelowig en ongelowig, later bepaal dit die grens tussen die ortodokse geloof en kerk aan die een kant en die ketter of schismatikus aan die ander kant. In die tyd van die Kerkhervorming trek dit die grense tussen die ware en die valse kerk, maar ook tussen ware kerk en ware kerk, soos in die geval van die Lutherse en Calvinistiese kerke. In dié sin dus beskryf die geloofsbelydenis die grense van die kerk.
>
> (Pont 1981: 240)

Belydenisskrifte na buite het gewoonlik ‘n apologetiese inslag, as verweerskrif en aanduiding van die Bybels verantwoorde geloof. Andersyds is belydenisskrifte wat binnekerklik gebruik word gewoonlik van didaktiese aard in die vorm van ‘n kategismus.

Die leer van die kerk vorm ‘n wesenlike deel van kerkwees en is geformuleer in belydenisskrifte van die kerk wat dikwels reeds eeue oud is, en as die kerk se samevatting van sy leer op grond van die Woord gesien word wat terselfdertyd aan die kerk se belydenisskrifte betekenis en gesag verleen daar die belydenisskrifte in ooreenstemming met die Skrif is. Die geloof van die kerk hoef nie net in die amptelike belydenisskrifte van die kerk verwoord te word nie, maar kom ook in die teologiese diskussie van die kerk na vore soos in die prediking en teologiese arbeid van die kerk, asook in die spreke van die lidmate van die kerk. Die argument sou gevoer kon word dat die *sola scriptura* voldoende is, en regsinnigheid daardeur gewaarborg word as ‘n leer in ooreenstemming met die Woord, bloot op grond van die feit dat beweer word dat vanuit die *sola scriptura* geredeneer word. Die kerklike lewe het egter aangedui dat wat onder *sola scriptura* verstaan word ‘n belydenis aangeleentheid is. Daarom veronderstel die belydenis die Skrif as die normerende norm van waaruit die belydenis as genormeerde norm geformuleer is. Maar wie met die Skrif erns maak, sal noodwendig by die belydenis moet uitkom as die getuienis hoe die Skrif gehoor en verstaan word. Die belydenis van die kerk en die Woord van God staan dus in ‘n dialektiese verhouding tot mekaar.

Wanneer die kerklike verlede in ag geneem word, kom ‘n hele reeks belydenisskrifte na vore wat die neerslag vorm van die kerk se verstaan van sy geloof sedert die Reformasie. Calvyn stel die Confessio Gallicana in 1559 op wat as voorbeeld gedien het vir die Nederlandse Geloofsbelydenis van Guido de Brés, wat in die nag van 1 en 2 November 1561 oor die kasteelmuur van Doornik gegooi word vir die aandag van Filip II van Spanje. Verder kan ook verwys word na die Heidelbergse Kategismus van 1563 en die Dordtse Leerreëls van 1618-19, waar laasgenoemde die gevolg is van die debat en skuldigbevinding van die Remonstrantse dwaling rondom die uitverkiesing.

Naas vele ander belydenisskrifte wat op reformatoriese bodem ontstaan het (kyk Steubing 1985; Niesel 1938; Schaff 1931), is dit so dat die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls bekendheid verwerf het as die drie formuliere van eenheid wat ook in die proponentsformule van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ter sprake kom.

Die kerklike lewe verg noodwendig bepaalde maatreëls wat vir die goeie gang van die kerk nodig is. Waar daar van kerk sprake is, kom geloof in verskillende vorme aan die orde. Voor die hand liggend kom die belydenis van die kerk na vore, wat in verskillende vorme gestalte vind. Trouens, wanneer daar van belydende kerk sprake is, kom dit prinsipieel daarop neer dat elke handeling wat in die kerk verrig word, noodwendig ‘n belydende aksie is wat in die verlenging staan van die kerk se belewenis van die verkondigde Woord. Verwysing na die belydenis van die kerk bring noodwendig belydenisskrifte na vore as die skriftelike neerslag hoe die kerk die Woord van God verstaan:

> Of om dit so te stel: die Skrif is die *norma normans*, die geloofsbelydenis is die *norma normata*. Die Skrif is die *regula fidei*, die geloofsbelydenis die *regula doctrinae*. Die Skrif het ‘n goddelike en daarom absolute gesag, die belydenis ‘n kerklike en daarom betreklike gesag. Die Skrif bepaal die geloof én lewe van die kerk, lidmaat en ampsdraer, die geloofsbelydenis bepaal die inhoud van die openbare verkondiging.
>
> (Pont 1981: 240)

Reeds by die Sinode van Emden 1571 is dit uit Artikel 2 duidelik dat die kerklike binding aan die belydenis van besondere waarde geag word:

> Om die eendrachtigheid in die leer tussen de Nederlandse kerken te bewijzen, heeft het de broederen goed gedacht de belijdenis des geloofs der Nederlandse kerken te onderschrijven; insgelijks ook de belijdenis der kerken in Frankrijk te ondertekenen, om daarmede

> haar verbinding en enigheid met dezelve Franse kerken te betuigen, zekerlijk vertrouwende, dat de dienaren derzelver Franse kerken ook op hun zijde de belijdenis des geloofs der Nederlandse kerken, tot getuigenis der onderlinge eendrachtigheid, onderschrijven zullen.
>
> (Kersten 1980: 41)

Dit het spoedig duidelik geword dat die ondertekening nie voldoende was nie, en nadat verskeie klassikale vergaderings formuliere opgestel het, word tydens die Sinode van Dordrecht 1618-19 ‘n formulier opgestel wat vir die kerk as geheel bruikbaar moes wees. Die ondertekeningsformule is tydens die honderd vier en sestigste sitting goedgekeur en lui soos volg:

> Wij, onderschreven bedienaren des Goddelijken Woords, ressorterende onder de classe van N. N., verklaren oprechtelijk en in goede konsciëntie voor de Heere, met deze onze ondertekening, dat wij van harte gevoelen en geloven, dat alle artikelen en elk hoofdstuk der leer, in de belijdenis en katechismus der gereformeerde Nederlandse kerken begrepen, mitsgaders de verklaring over enige punten der voorzeide leer in de nationale Synode anno 1619, te Dordrecht gedaan, in alles met Gods Woord overeenkomen. Beloven derhalve, dat wij de voorzeide leer naarstiglijk zullen leren, en getrouwelijk voorstaan, zonder iets tegen dezelve leer, hetzij openlijk of heimelijk, direktelijk of indirektelijk te leren of te schrijven. Gelijk ook, dat wij niet alleen alle dwalingen tegen deze leer strijdende, en met name ook die in de voorzeide Synode zijn veroordeeld, verwerpen, maar dat wij ook genegen zijn dezelve te wederleggen, tegen te spreken, en alle arbeid aan te wenden, om dezelve uit de kerk te weren. Indien het echter zou mogen gebeuren, dat wij na dezen enig bedenken of ander gevoelen tegen deze leer kregen, beloven wij, dat wij hetzelve noch openlijk noch heimelijk zullen voorstellen, leren of verdedigen, hetzij in prediken of schrijven. Dat wij het zelve alvorens de kerkeraad, classe en Synode zullen openbaren, opdat

> het ter plaatse onderzocht worde, ten allen tijde bereid zijnde ons het oordeel des kerkeraads, classe of Synode gewilliglijk te onderwerpen; op poene dat wij hiertegen doende, metterdaad (*ipso facto*) van onze diensten gesuspendeerd zullen zijn. En indien de kerkeraad, classe of Synode te eniger tijd om gewichtige redenen van verdenkingen, om te behouden de enigheid en zuiverheid der leer, goed vond van ons te eisen nadere verklaring van ons gevoelen over enig artikel dezer belijdenis, van de katechismus, of verklaring der Nationale Synode, zo beloven wij ook mits deze, dat wij ten allen tijde daartoe zullen willig en bereid zijn, op poene als boven. Behoudens nochtans het recht van appèl, ingeval wij misschien door sententie des kerkeraads, der classe of Synode meenden bezwaard te zijn; gedurende welke tijd van appèl , wij ons met de uitspraak en het oordeel der Provinciale Synode zullen tevreden houden.
>
> (Kersten 1980: 208)

Daar is ook besluit dat van alle rektore en onderwysers verwag is om ‘n formulier te teken as instemming met die leer, soos vervat in die kategismus. Die ondertekeningsformule wat by die Dordtse Sinode van 1618-19 goedgekeur is, het duidelik die *quia* standpunt verwoord wat beteken dat die belydenisskrfte aanvaar word *omdat* hulle met die Skrif ooreenstem. Die standpunt op grond waarvan die belydenisskrifte in die kerk funksioneer is van belang, aangesien die belydenisskrifte, óf op grond van die *quia*-, óf op die *quatenus* standpunt in die kerk hanteer word. Laasgenoemde beteken dat die belydenisskrifte slegs aanvaar word *in sovêrre* hulle met die Skrif ooreenstem. Hierdie twee beginselstandpunte het met die aanvaarding van die Algemeen Reglement van 1816 en daarna brandende kwessies geword, wat uiteindelik selfs kerklike afskeiding tot gevolg gehad het. Dit is aangehelp deur die feit dat die Nederlandse Hervormde Kerk na 1854 volledig na die *quatenus* standpunt oorbeweeg het (Pont 1991: 99).

In die Kerkorde van die Dordtse Sinode van 1618-19 word in Artikel 37 slegs gestel dat verwag word dat die dienaars van die Woord, ouderlinge, diakens,

professore in die teologie en onderwysers, die ‘belijdenis des geloofs der Nederlandse kerken ondertekenen’ (Kersten 1980: 129). Sedert die Sinode van Utrecht 1905, is dit verander na: ‘de drie Formulieren van Eenigheid der Nederlandsche Kerken’ naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis 1561, die Heidelbergse Kategismus 1563 en die Dordtse Leerreëls van 1618-19 (Jansen 1952: 236). Jansen wys daarop dat proponente nie aanvanklik genoem is onder diegene van wie die kerk verwag het om die formule te onderteken nie, maar sedert die Sinode van Utrecht is die saak reggestel. ‘De synode van Utrecht, 1905, bepaalde dan ook terecht in art. 54 dat ook “degenen, die door een Classis als proponent worden toegelaten, de genoemde Formulieren van Enigheid ondertekenen” ’ (Jansen 1952: 240).

Hieruit is dit duidelik dat die belydenisskrifte van die kerk sedert die begin nie net ‘n belangrike rol in die kerklike lewe speel nie, maar ook op ‘n bepaalde manier funksioneer het. Die verloop van die gebeure sedert die instelling van die Algemeen Reglement van 1816, en die feit dat die kerk oorbeweeg het om die belydenisskrifte langsamerhand op grond van die *quatenus* standpunt te laat funksioneer, het sy tol in die kerklike lewe geëis (kyk Fiolet: 1953).

Uit die aard van die saak kom die sakramente ook in die kerkorde ter sprake, en word bepaalde maatreëls bespreek en vasgestel, wat op die bediening van elke sakrament van toepassing is. Wanneer die doop bespreek word, kom die vraag na vore aan wie die doop bedien moet word. Volgens Pont (1981: 243) is die saak verskillend beantwoord wat gewissel het van ‘kinders’, of ‘kinders van christene’, ‘kinders van gedoopte christene’, terwyl die Sinodes van ‘s-Gravenhage 1586 en Dordrecht 1618-19 (Artikel 56), volstaan met ‘kinders van christene’. Dit is van betekenis dat hier ook aangedui word dat die doop bedien word om die verbond aan kinders te beseël, en dat dit geskied waar die Woord verkondig word.

Na aanleiding van die uitgangspunt dat die doop aan kinders van christene bedien mag word, het daar verskeie vrae na vore gekom met betrekking tot besondere omstandighede waarin voornemende doopouers verkeer, en die vraag ontstaan het of kinders in sulke omstandighede gedoop kan word.

Jansen wys daarop dat daar aanvanklik geoordeel is dat kinders waarvan ouers in die Roomse Kerk was, wat die reformatoriese kerk se doopbeskouing aanvaar, gedoop moet word om sodoende die ouers wat oorweeg het om die Roomse Kerk te verlaat, nie te vervreem nie. Later, na die oorgangstydperk was die advies dat slegs kinders van die Reformatoriese kerk gedoop moet word (Jansen 1952: 245). Jansen (1952: 245-9) behandel verdere moontlikhede soos die vraag of kinders van onverskillige-, gesensureerde-, of geëkskommunikeerde ouers, buite egtelike kinders, vondelinge of kinders van heidene gedoop mag word. Pont wys daarop dat die leer van die verbond en die gedagte dat die kerk volkskerk is in die dooppraktyk ‘n belangrike rol gespeel het. Die uitleg en verstaan van 1 Korintiërs 7: 14, Genesis 17: 7, asook die Heidelbergse Kategismus, vaag 74, en die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 34, het hiertoe ‘n belangrike bydrae gelewer (Pont 1981: 244).

Die vraag wie die doop mag bedien, word konsekwent beantwoord deur te stel dat slegs iemand wat wettig daartoe geroep en bevestig is die doop mag bedien. Dit wil sê, slegs ‘n predikant van ‘n gemeente mag die doop bedien. ‘De bediening des doops was van de aanvang af aan de bediening des Woords gebonden. De doop volgde het Woord op de voet. Toen dan ook later de prediking des Woords aan het leerambt werd opgedragen, ging het recht om de sacramenten te bedienen vanzelf op de leraren over’ (Jansen 1952: 249). Die doop van ander kerke is erken onderhewig aan die volgende voorwaardes: dat die doop bedien is volgens die instelling van Christus met water, en in die Naam van die drie-enige God; dat die doop bedien is in ‘n Christelike gemeenskap wat die belydenis van die Drie-eenheid handhaaf, en dat die doop bedien is deur ‘n ampsdraer wat in die bepaalde gemeenskap die bevoegdheid gehad het om die doop te bedien (Jansen 1952: 253).

In die kerk het die praktyk bestaan dat die doop so spoedig moontlik na geboorte bedien moes word . Dit was ook hoe die doop in die Roomse Kerk bedien is, maar vir ander redes. Rome het die doop bedien vanweë die oortuiging dat die doop noodsaaklik is vir die saligheid van die dopeling. Die reformatore se vroeë dooppraktyk was om skriftuurlike redes, aangesien die

afleiding gemaak is dat die doop dadelik bedien moes word op grond van voorbeelde soos by Cornelius en sy gesin (Hand. 10), asook Lidia wat handel gedryf het met pers wolmateriaal (Hand. 16). Dit het beteken dat die moeder van die kind die doop nie kon bywoon nie en dat die vader die doopbelofte alleen afgelê het (Jansen 1952: 257). Die spoedige bediening van die doop is egter nie gehandhaaf nie en is sedert 1817 gewysig, aangesien die doop ook as ‘n kerklike plegtigheid beskou is wat bedien word wanneer daar meer kinders was wat gedoop moes word.

Dit is ten slotte duidelik dat daar reeds tydens die Konvent van Wezel 1568 ‘n doopformulier bestaan het, maar dat Petrus Datheen in samewerking met Van der Heijden in 1566 ‘n formulier uitgegee het wat inhoudelik nie nuut was nie, aangesien daar reeds ander formuliere bestaan het, byvoorbeeld die van Calvyn in Genève, die *Forma ac ratio* van á Lasco, die Christelijke Ordonnancien van Maartin Micron en die Paltze formulier van Caspar Olevianus. Die formulier van Datheen is telkens tydens sinodes hersien, en eers tydens die Sinode van Middelburg 1933, is ‘n amptelike teks uiteindelik vasgestel (Jansen 1952: 260-261; Pont 1981: 245).

Die belangrikste aangeleentheid by die nagmaal het oor die vraag gegaan wie toegelaat word om aan die nagmaaltafel aan te sit. Daarom verwoord die Kerkorde van die Sinode van Dordrecht 1618-19 die standpunt in Artikel 61 soos volg: ‘Men zal niemand ten Avondmaal des Heeren toelaten, dan die naar de gewoonheid der kerken, tot dewelke hij zich voegt, belijdenis der gereformeerde religie gedaan heeft, mitsgaders hebbende getuigenis eens vromen wandels, zonder welke ook degenene, die uit andere kerken komen, niet zullen toegelaten worden’ (Kersten 1980: 189). Reeds sedert die Konvent van Wezel 1568, Artikels VI tot VIII, was dit duidelik dat die toegang tot die nagmaal nie sonder meer vry was nie, selfs nie vir belydende lidmate nie (Kersten 1980: 31). Daarom kom die belydenis van geloof by die toelating tot die nagmaal ter sprake waar lidmate wat reeds gedoop is, ten opsigte van die kerklike leer onderrig is met betrekking tot hulle kennis van die Bybel en die belydenisskrifte, en om ook te bepaal of hulle gesindheid sodanig is, dat hulle volwaardige lidmate van die kerk kan wees. Daarna is hulle ondervra deur die

kerkraad, waarop die openbare belydenis volg wat beteken het dat hulle aan die nagmaal kon deelneem (Jansen 1980: 268). Geloof gaan dus aan die nagmaal vooraf.

Uit hierdie praktyk het die voorbereiding tot die nagmaal ontstaan wat veertien dae voor die nagmaal aangekondig is, en lidmate wat daaroor gesprek wou voer hulle name agt dae voor die tyd by die kerkraad moes opgee (Schotel sj: 364). Gedurende díé tyd het die predikant en die ouderlinge huisbesoek gedoen om lidmate na die nagmaal uit te nooi en vas te stel of daar enige rede bestaan het waarom lidmate nie na die nagmaal mag kom nie. Lidmate van ander gemeentes van die kerk moes eers ‘n attestasie of getuigskrif aan die kerkraad voorlê as aanduiding dat hulle waardige lidmate van die kerk is. In die Kerkorde van die Sinode van Dordrecht 1578, Artikel 68, word aangedui dat voorbereidingsdienste gehou moet word, waar in die prediking gehandel kon word oor bekering, verootmoediging en oor die versoening van God en die naaste, nadat bepaal is dat die predikant en die ouderlinge die lidmate voor nagmaal moet besoek met die oog op die nagmaal, Artikel 67 (Kersten 1980: 103). Die volgende dien as aanduiding van die wyse waarop die nagmaal gevier is:

> De leeraar naderde daarna de tafel, waarvoor hij niet meer gelijk vroeger knielende, maar staande bad. Ondertusschen naderde ook de gemeente, die vroeger, gelijk ook de leeraar, naar het voorbeeld van den Zaligmaker en der Apostelen, zittende communiceerde, doch ook toen reeds vrijheid had zulks staande te doen. Thans zat de gemeente en stond de leeraar.
>
> (Schotel sj: 366)

Die reëlmaat waarmee die nagmaal gevier is, word deur die Sinode van Dordrecht 1578 vasgestel op elke twee maande, wat ook deur die Sinode van Dordrecht 1618-19 gehandhaaf is (Schotel sj: 363), terwyl die moontlikheid ook bestaan het dat nagmaal tydens Paasfees, Pinkster en Kersfees gevier kon word (Kersten 1980: 189).

Vanuit die Hervorming is gepoog om die eindelose ry fees- en gedenkdae wat in die Roomse kerk in gebruik was, af te stel om sodoende Sondag as Christelike feesdag te handhaaf (Pont 1981: 249; Jansen 1952: 287 verv.). Daarom het die Sinode van Dordrecht 1574 in Artikel 53 bepaal: 'Aangaande de feestdagen, nevens de zondag, op de welke men zich van de arbeid pleegt bijzonder te onthouden, en in de tempel te vergaderen, is besloten, dat men met de zondag alleen tevreden zal zijn' (Kersten 1980: 74) In díé poging was die kerk nie besonder suksesvol om die owerheid van die meriete van die saak te oortuig nie. 'Hierdie kerklike opvatting is nié deur die owerheid gedeel nie, en die owerheid het die Christelike feesdae elk met 'n verdere vakansiedag vermeerder' (Pont 1981: 249). Die kerk het verder by verskeie sinodes tot en met die Sinode van Dordrecht van 1618-19 aan die saak aandag gegee, sonder om die owerheid te oortuig van die teologiese meriete van die saak (Pont 1981: 250; Kersten 1980: 208). Die kerk kon ook nie daarin slaag om die heidense konnotasie wat aan sekere christelike feesdae geheg is, te oorkom nie. So het die kersboom, kersvader en die gee van geskenke uit die Germaanse heidendom met sy middel-winterfees ter ere van Wodan behoue gebly (Schotel sj: 207). Vanuit die Roomse erfenis kom die sterk beklemtoning van Maria en die Jesus-kind in die stal met Josef en die wyse manne uit die Ooste (Pont 1981: 250).

Rondom Paasfees was daar uit die Roomse erfenis 'n hele reeks feesdae, wat voorafgegaan is deur 'n vastyd van sewe weke of veertig dae, en veral uit Konstantinopel aanvaarding gekry het (Schotel sj: 222 verv.). Pont wys daarop dat in dieselfde tyd waarin Paasfees gevier is, die Germaanse volke feeste ter ere van Ostera (vandaar die Engelse benaming Easter), die godin van die liefde, gevier het. Naas gebruike soos die koop van nuwe klere, voorbereiding van paaskoek, kom ook die gebruik om eiers met Paasfees te eet. 'Die gebruik om eiers met Paasfees te eet, hang saam met die opvatting dat die eier die simbool van die heelal en die opstanding is. Die eier-etery was ter ere van Ostera maar het vandaar behoue gebly' (Pont 1981: 250). Bouwman stel dat dit met die Sondagviering in die sestiende en sewentiende eeu droewig gesteld was, en beskou die standpunt wat tydens die Dordtse Sinode van 1618-19 op die honderd vier en sestigste sessie ingeneem is, as

die aanneem van ‘n bemiddelende houding (Bouwman 1985b: 477). Ten spyte van die verskil van standpunt oor die kerklike feesdae, het die owerheid moeite gedoen om die Sondag ‘n kerklike feesdag te maak, wat ongelukkig nie besonder geslaagd was nie.

Daar is elke Sondag drie samekomste gehou, waarvan die vroeë oggenddiens om agt uur plaasgevind het. Daarna is die middagdiens twaalf uur gehou, en die Sondag is afgesluit met die sogenaamde avondgebed om vier uur die middag (Pont 1981: 252).

Die middagdiens is gewy aan die uitleg van die leer van die kerk, waarin gebruik gemaak is van die Heidelbergse Kategismus ooreenkomstig die besluit van die Sinode van Dordrecht 1574, gehandhaaf deur opvolgende sinodebesluite (Schotel sj: 328). Tydens die Sinode van Dordt 1619-19, Artikel LXIX, is bepaal dat naas die Psalmberyming van Datheen wat sedert die Konvent van Wezel 1568 aanbeveel en gebruik is tot 1773, ook die berymings van die Tien Gebooie, die Onse Vader, en die Twaalf Artikels gesing kon word, asook die drie lofsange van Maria, Simeon en Sagaria. Behalwe dit is ook besluit dat die gebed voor die prediking van Jan Utenhove ‘O, God, die onze Vader zijt...’ in die vryheid van die gemeentes gelaat is om te gebruik al dan nie (Kersten 1980: 190; Kuyper 1899: 156). Laasgenoemde was dus die toelating van die sing van gesange in die kerk.

Kenmerkend aan die erediens van díé tye was die bepaling dat die orrel volgens Artikel 77 van die Sinode van Dordrecht 1578 so gou as moontlik verwyder moes word (Kersten 1980: 105). Pont (1981: 253) bevestig die feit met sy volgende opmerking:

> Die orrels is egter nié uit die kerkgeboue verwyder nie, maar het voor en na die godsdiensoefening gespeel. Eers gedurende die sewentiende eeu, is met behulp van die plaaslike owerhede geleidelik weer begin om die gemeentesang met orrelspel te begelei. Aan die einde van die sewentiende eeu is die orrel weer oral in gebruik.

‘n Verdere opvallende verskynsel gemeet aan hedendaagse gebruik was dat die hou van begrafnisdienste ontmoedig is. Die rede kan gevind word in die Roomse agtergrond waar begrafnisse as lykredes hanteer is, daar die priester ‘n predikasie gehou het met gebede vir die sielerus van die gestorwene, waarna die gestorwene met wywater besprinkel is om in die gewyde grond begrawe te word (Jansen 1952: 283). Indien daar tog ‘n begrafnis gehou moes word omdat dit van die kerk verwag is, moes die prediking niks meer wees nie as ‘n gepremediteerde (onvoorbereide) vermaning wat deur gebede en met danksegging afgesluit is. Daar moes ook voorkom word dat nie in ‘n lofrede oor die gestorwene verval word, of dat die kerkklokke gelui word nie (Kersten 1980: 102).

As gevolg van die Roomse siening wat die huwelik as ‘n sakrament beskou het, is alle aangeleenthede wat betrekking het op die huwelik deur die burgerlike owerheid aan die kerk oorgelaat. Huweliksbevestigings het gewoonlik op Sondae voor of na die erediens plaasgevind, ‘n gebruik wat deur die Sinode van Dordrecht 1574 in Artikel 81 ontmoedig is, maar tog gebly het (Jansen 1980: 298; Pont 1981: 254).

4.9 Kerklike dissipline

Die *notae ecclesiae* kom nogeens ter sprake wanneer aandag gegee word aan die kerklike dissipline as deel van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, aangesien daar gewoonlik na die kerklike dissipline verwys word as die sogenaamde derde merkteken van die ware kerk. Uit die formulering van Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis 1561, word die kerklike dissipline of kerklike tug aangedui as die derde merkteken waaraan die ware kerk geken word. Calvyn het dit egter in sy Institusie nie so gestel nie. 'Want daar kan geen twyfel wees daaroor dat waar die Woord van God ook al suiwer verkondig en aangehoor word, en waar ons merk dat die sakramente volgens die instelling van Christus bedien word, dat daar 'n kerk van God is nie' (Calvyn 1992: 1280). Hoewel Calvyn nie die kerklike dissipline as derde merkteken van die kerk in díé verband noem nie, is dit reeds uit die kerkordelike bepalings wat in Genève ingestel word en waarby Calvyn nou betrokke is (Plomp 1969: 166-167) duidelik dat hy die kerklike dissipline as van besondere belang beskou, aangesien in die Kerkorde van Genève, die Ordonnances Ecclésiastiques 1541, Artikels 141 tot 166 oor opsig en tug handel. Die gedeelte word gewy aan die toelating van jongmense tot die nagmaal, keuring van volwassenes wat na die nagmaal wil gaan, tugordening van die gemeente en laastens tugoptrede teen verskillende sondes (Pont 1981: 41-45). Daarnaas het daar ook maatreëls bestaan met betrekking tot die sorg vir die eenheid en suiwerheid van die leer. Dit het bestaan in 'n weeklikse samekoms waar die Skrif bespreek is, en waarvan niemand afwesig sal wees sonder 'n goeie verskoning nie. Artikels 23 tot 30 het gehandel oor tugreëls vir die herders, die doel van visitasie volgens Artikels 31 tot 34, en Artikels 35 tot 38 wat die metode van visitasie gereël het (Pont 1981: 26-28).

Beoordeel na die ruimte wat die kerklike dissipline in die Kerkorde van Genève ingeneem het, is dit duidelik dat Calvyn die kerklike tug belangrik geag het en 'n regmatige plek daaraan toegeken het. Dieselfde patroon volg in die Discipline Ecclésiastique 1559, waar die kerklike dissipline en tug in Artikels 25 tot 32 gevind word (Pont 1981: 52-53). Plomp wys daarop dat die

kerklike dissipline as sodanig nie deur Calvyn ingestel is nie, omdat dit reeds elders voorgekom en toegepas is. Hy wys egter daarop dat die jaarlikse huisbesoek eg Calvyns is en deur hom ingestel is (Plomp 1969: 321; kyk ook Bouwman 1988). Vir Calvyn het die kerklike tug ‘n eie karakter gedra wat duidelik van die wêreldse reg onderskei is, aangesien dit geestelike reg is wat aan die hand van die Woord geskied, en nie met die *ius gladii*, met boetes en gevangenisstraf, onder andere, soos die owerheid funksioneer nie. Plomp (1969: 79) sê daaroor die volgende:

> Om dezelfde redenen waarom de kerkelijke tucht zich moet kenmerken door een door mildheid getemperde strengheid – het heil van de zondaar en het welzijn van de gemeente – moet ze soms langer aanhouden dan de wereldlijke straf....Ook hier blijkt het eigen karakter van de kerkelijke tucht. Ze beoogt geen vergelding, maar berouw en verzoening. Ze is *geestelijk* van aard.

Plomp beantwoord die vraag waarom Calvyn die kerklike dissipline nie as die derde merkteken van die kerk beskou het nie. ‘Erkenning van de tucht als “*nota ecclesiae*” zou er gemakkelijk toe leiden dat de “*doctrina*” niet alleen als herkenningsteken, maar ook als fundament van de kerk vervangen zou worden door de trouw van mensen, met name hun trouw in het uitoefenen van de tucht en het zich onderwerpen daaraan’ (Plomp 1969: 124). Hy wys verder daarop dat die onderskeid redelik subtiel is, en daarin bestaan dat die kerklike dissipline nie deel uitmaak van die *esse* van die kerk nie, maar van die *bene esse* van die kerk. ‘Op deze wijze koos hij positie...tussen de libertijnen die van de kerkelijke tucht niets wilden weten en de dopers voor wie de tucht “*articulus stantis et cadentis ecclesiae*” was’ (Plomp 1969: 127; Polman sjb: 331). Uit die volgende opmerking uit ‘n brief van Calvyn aan Farèl blyk egter hoe sterk Calvyn oor die tug gevoel het. ‘Als ich dem Rat meinen Dienst anbot, führte ich aus, eine Kirche könne nicht bestehen, wenn nicht eine bestimmte Zucht eingeführt werde, wie sie aus Gottes Wort uns vorgeschrieben ist und in der alten Kirche beobachtet wurde (Schwarz 1961: 202). Plomp (1969: 128) maak die volgende opmerking oor die plasing en hantering van die tug deur die opvolgers van Calvyn en Luther:

> Het is één van die merkwaardige spelingen van de geschiedenis, dat de tucht bij de gereformeerden "*nota ecclesiae*" werd ofschoon ze dat bij Calvijn níet was, terwijl de lutherse confessionele ontwikkeling uitliep op een ondubbelzinnige afwijzing van de tucht als "*nota ecclesiae*", ofschoon Luther ze wél had vermeld onder de kentekenen der kerk.

Uit die brief van Calvyn aan Sadoletus word óók die indruk gewek dat die kerklike tug deur Calvyn belangrik geag is. 'There are three things on which the safety of the Church is founded and supported: doctrine, discipline, and the sacraments; and to these a fourth is added: ceremonies, by which to exercise the people in offices of piety' (Reid: 1954: 232). Die feit dat Calvyn in sy Institusie (Calvyn: 1992: 1280) die tug nie as *nota ecclesiae* in dieselfde konteks as die ander twee merktekens van die kerk noem nie, mag verkeerdelik tot die slotsom lei dat die tug by Calvyn 'n minder belangrike posisie inneem.

Die doel van die tug was drieërlei van aard, naamlik om te verhoed dat die Naam van Christus belaster word, die sondaar tot berou te bring en om die gemeente te bewaar (Bouwman 1988: 80; kyk ook Pont 1981: 259). In die Kerkorde van die Sinode van Dordrecht 1618-19 word in Artikel 71 aangedui dat die doel van die kerklike sensuur was 'om de zondaar met de kerk en zijn naaste te verzoenen, en de ergernis uit de gemeente Christi weg te nemen' (Kersten 1980: 191). Tug en dissipline het die betekenis van opvoeding en opleiding, handhawing van 'n duidelik-omlynde orde, bestraffing van die verkeerde, die afwykende, die sonde. Die Heidelbergse Kategismus vra in vraag en antwoord 83 (NHKA 1997: 153) na die betekenis van die sleutels van die hemelryk, waarop geantwoord word dat met die verkondiging van die heilige evangelie én die Christelike tug, die hemel vir die gelowiges toegesluit en oopgesluit word.

Die kerklike tug het daarin bestaan dat iemand die gebruik van die sakramente ontsê word as handeling wat, indien dit sonder gevolg is, op die

afsnyding of ekskommunikasie uit die gemeente kan uitloop. Pont wys daarop dat die gebruik om iemand van die nagmaal te weer, saamhang met Calvyn se beskouing van die nagmaal. ‘Vir Calvyn was dit baie belangrik dat die nagmaal nie ontheilig sal word nie. Daarom moes almal wat deur hulle lewenstyl toon dat hulle nié aan Jesus Christus behoort nie, ook weggehou word van die nagmaal, die besondere gemeenskapsoefening van die gelowige met sy Heer’ (Pont 1981: 262; Bouwman 1988: 80).

Jansen wys daarop dat die ontsegging van die gebruik van die nagmaal die voorlopige ekskommunikasie of klein ban genoem word. Die tweede stap van die tug, in engere sin, is dan die definitiewe ekskommunikasie of groot ban. Die ontsegging van die gebruik van die nagmaal dra dus ‘n duidelik dissiplinerende karakter (Jansen 1952: 325).

Die hantering van die kerklike dissipline soos dit deur Calvyn en andere toegepas is, het in die Nederlandse kerkregtelike ontwikkeling ingang gevind. So word in Artikel 76 van die Sinode van Dordrecht 1618-19 gestel dat iemand wat hardnekkig die vermaninge van die kerkraad verwerp, van die nagmaal geweer sal word, en indien daar na vele vermaninge geen boetvaardigheid getoon word nie, sal tot die uiterste oorgegaan word, naamlik om sodanige persoon van die kerklike gemeenskap af te sny (Kersten 1980: 192). Artikel 79 bepaal dat ouderlinge en diakens, nadat hulle ‘n growwe openbare sonde gepleeg het wat ook strafwaardig is deur die burgerlike owerheid, deur die kerkraad van hulle amp onthef is. Predikante se amp is opgeskort, en die beslissing of hulle uit die amp onthef moet word, is aan die klassikale vergadering oorgelaat (Kersten 1980: 192-193). Dit het beteken dat slegs ‘n meerdere vergadering oor die ontheffing van ‘n predikant kon besluit. Dieselfde liggaam wat hom tot die amp toegelaat het, kon dus ook oor sy ontheffing besluit.

Ten slotte formuleer die Dordtse Kerkorde van 1618-19 in Artikel 81, dat dienaars van die Woord, ouderlinge en diakens onderling die christelike sensuur sal beoefen ‘en malkander van de bediening huns ambts vriendelijk vermanen’ (Kersten 1980: 193). Die verpligting het op die verantwoordelikheid

van kerkrade ten opsigte van mekaar gedui en as die *censura morum* of christelike sensuur bekend gestaan. Dit was ook wat die inhoud was van die huisbesoek van ouderlinge aan lidmate vóór nagmaal, veral wanneer huisbesoek as opsig beskou word.

Die kerklike dissipline het dus ‘n besonder belangrike plek in die kerklike lewe ingeneem as poging om die eer van God te handhaaf, en te sorg dat almal hulle in woord en daad betaamlik sal gedra.

4.10 Kerk en owerheid

Die laaste faset met betrekking tot die presbiteriaal-sinodale stelsel gaan oor die verhouding tussen kerk en owerheid, en uit die aard van die saak het Calvyn ook in díé opsig grondliggende dinkwerk verrig. Sy teokratiese denke (Engelbrecht 1979: 28; Dankbaar 1957: 93;) word onder andere verwoord deur Van Ruler wat die teokratiese opset waarbinne kerk en owerheid naas mekaar bestaan, voorstel aan die hand van ‘n ellips. ‘Als ik van theocratie spreek, dan denk ik aan drie complexen tegelijk. Men kan de theocratie opvatten als politieke vormgeving van het leven en dan denken aan een ordening van de wereld van de kerk uit, zóó, dat het leven er uit komt te zien als een ellips met de twee brandpunten: kerk en staat,...” (Van Ruler 1945: 153; kyk ook Rasker sj). Van Ruler (1947: 160) sien die verhouding kerk – owerheid ook as ‘n sirkel rondom die een middelpunt. ‘n Ander voorstelling is ook dat op die kruis van Jesus die Messias, lê tegelyk die sleutel van die kerk en die swaard van die owerheid. In ‘n verdere beeld word die verhouding ook aangedui as ‘twee kapiteins op het ééne schip van het volksleven’ (Van Ruler 1945: 304). Kommentaar oor die kern van die teokrasie by Van Ruler word deur Hendriks (1977: 107) gelewer wanneer hy stel:

> Voor Van Ruler is dít de eigenlijke kern van de verhouding van de kerk en de staat en zo ook de kern van de theocratie, dat de kerk zich met het Woord van God tot de overheid richt, opdat zij het volk als dienaresse Gods zou regeren in het licht van het Woord van God. Van Ruler keert zich fel tegen de gedachte van een neutrale staat. Het gaat om een staat met de bijbel. In de theocratie is het niet daarom te doen, dat de kerk in haar recht en eer en plaats erkend wordt door den staat, maar daarom dat het volksleven geregeerd wordt overeenkomstig het Woord Gods.

In wese gaan dit daarom dat die Hoof- en Heerskap van Christus geproklameer en bevestig word. ‘Eine grundsätzliche Trennung von Staat und Kirche gibt es nicht, weil der Staat denselben Herrn hat wie die Kirche.

Christus ist als das Haupt seiner Gemeinde gerade der Herr der Welt' (Niesel 1957: 227).

Calvyn se gedagtes kan in die slothoofstuk van sy Institusie nagelees word, waar hy aan die owerheid besondere prominensie verleen as hy stel dat hulle 'n 'opdrag van God het; dat hulle met Goddelike gesag beklee is en God se Persoon ten volle dra omdat hulle in 'n sekere sin as sy plaasvervangers optree' (Calvyn 1992: 1825). Hy verklaar verder dat 'mag ook die beskikking van God is en dat daar geen ander magte is as die wat deur God beskik is nie' (Calvyn 1992: 1826). Laasgenoemde is 'n uitgangspunt wat in die verlede nie altyd deur die optrede van regerings verwoord is nie, aangesien die neiging is om te regeer asof alle mag inherent aan die staat en sy mandaat is wat deur 'n demokratiese bestel aan hom toegeken word. 'Daarom is dit billik dat hulle werk daarvan maak om God se eer te beskerm en staande te hou omdat hulle sy plaasvervangers is en omdat hulle deur sy weldadigheid regeer' (Calvyn 1992: 1832). Hy brei verder daarop uit deur te stel dat die regering van die burgerlike owerheid tweeledig is, soos verwoord word deur geregtigheid en oordeel. '*Geregtigheid* beteken om onskuldiges in beskerming te neem, hulle te omhels, te verdedig, hulle reg op te eis en hulle te bevry. *Oordeel* is egter om die geweld van goddelose mense te weerstaan, hulle geweld aan bande te lê en hulle misdade te straf' (Calvyn 1992: 1833).

Die uitgangspunt is daarom dat erken word dat kerk en owerheid diensknegte van God is, wat in verhouding tot mekaar staan op grond van die gesag van God wat deur sy Woord geproklameer word. Kerk en owerheid staan selfstandig teenoor mekaar en die neiging tot terreinoorskryding dui op 'n misverstaan van die verhouding tussen kerk en owerheid. Die neiging tot terreinoorskryding het in die verlede voorgekom soos blyk uit die volgende omskrywing:

> Wtenbogaert onderscheidt drieërlei standpunt, nl. dat van hen, die zeggen dat de kerk over alle levensterreinen moet regeren; dat van hen, die een "collaterale" macht aannemen, waarbij kerk en overheid naast elkaar staan, en tenslotte dat van hen, die staande

> houden dat God het hoogste opzicht zowel over geestelijke als wereldlijke zaken heeft toevertrouwd aan de overheid.
>
> (Van ‘t Spijker et al 1987: 25; kyk ook Jansen 1952: 130)

Wtenbogaert het self gepleit vir die derde standpunt, naamlik dat die owerheid geroepe is om sowel die kerklike as politieke mag uit te oefen, soos blyk uit die staatskerkordes wat in Nederland in 1576, 1583 en 1591 opgestel is. Die kerkordes wat deur die kerklike sinodes opgestel is, het die standpunt verwoord dat die kerk self die geestelike mag uitgeoefen het. Beide standpunte het voorbeelde gevind uit die kerklike verlede, naamlik die staatsgesindes by Zwingli en Bullinger, en die kerklikes by Calvijn en Beza (Van ‘t Spijker et al 1987: 25). Die sogenaamde patronaatsreg wat ook in die Kerkorde van Dordt 1618-19 gevind word, is juis een van die redes waarom die Nederlandse Hervomde Kerk nie die Kerkorde van Dordt gebruik nie, maar ‘n nuwe kerkorde opstel (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXXIX).

Waarskynlik as gevolg van die Roomse Corpus Christianum uitgangspunt wat daarop neerkom dat die biskop die mag in hand gehad het (Pont 1981: 120) , het die kerk moeilik daarin geslaag om werklik van die owerheid los te kom. Engelbrecht verwoord die inhoud van die begrip wanneer hy stel dat die heerskappy van God oor die wêreld vir die na-Konstantynse kerk ‘beteken dat prakties alles op aarde onderworpe is aan die *kerk* en aan sy geestelike en wêreldlike leier, naamlik die *pous*...Dit kan gesê word dat die oorspronklike betekenis van *Corpus Christianum* die verkerkliking van die samelewing is; en dit in so ‘n mate en op so ‘n wyse dat dit *ekklesiokrasie* genoem is’ (Engelbrecht 1979: 21). Dit het daarop neergekom dat die burgerlike owerheid ‘n dienaar en pakdier van die kerk geword het.

Selfs in Genève was dit duidelik dat die feitlike situasie nie op dieselfde lees geskoei was as wat Calvyn in gedagte gehad het nie:

> Men vergist zich echter als men meent, dat de Geneefse theocratie of bibliocratie insloot, dat de overheid zich ook voegzaam gedroeg in alles wat de kerkelijke leiders wensten of haar als Gods geboden

> voorhielden. Omgekeerd matigde de raad zich heelwat zeggenschap aan over strikt kerkelijke zaken en deed dat dan gewoonlijk volstrekt niet uit christelijke, maar uit zuiver politiek-opportunistische motieven. En dat was juist iets waartegen Calvijn op zijn stuk stond. Hij wilde, dat de staat en het openbare leven onder een godsregering zouden staan, maar dat de kerk volkomen vrij zou zijn om datgene, wat zij in haar eigen leven als een goddelijk gebod zag, ten uitvoer te leggen. Daarin is Calvijn slechts zeer ten dele geslaagd.
>
> (Dankbaar 1957: 94)

Daarom was dit begryplik dat die verhouding tussen kerk en owerheid volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 36, nie volledig in die Nederlandse konteks toepassing gevind het nie. Die gevolg daarvan was dat kerkordes wat in die tyd saamgestel is, nie deur die owerheid aanvaar is nie, waarskynlik omdat daar nie eenstemmigheid was oor die verhouding tussen kerk en owerheid nie. Die kerk het verwag dat lidmate van die kerk die geloofsbelydenisse, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus moes aanvaar, terwyl die owerheid van mening was dat alle Christene wat ‘n onbesproke lewe lei as lidmaat van die kerk toegelaat moes word. So wou die kerk ook gehad het dat die owerheid volgens Artikel 36 die Lutherane en Anabaptiste moes onderdruk terwyl die owerheid van mening was dat dit nie dienstig sou wees nie (Pont 1981: 119).

Die situasie was egter meer gekompliseerd as bloot dat die owerheid nie volledige vryheid aan die kerk wou gun nie. Daar het by die owerheid ‘n vrees bestaan dat heersugtige predikante ‘n nuwe kerklike mag sou opbou, wat selfs sterker as die pouslike mag sou wees. Tot groot verleentheid van die owerheid het sommige predikante dit goed gedink om tydens die prediking sterk kritiek oor die owerheid te lewer (Pont 1981: 164). Die gespanne verhouding het beteken dat die saak nooit uitgemaak is dat die kerk in staat is om homself te regeer nie, en die owerheid het aanvaar dat sy inspraak by die beroep van predikante en tydens vergaderings van die ampte nodig was. Hierdie situasie het as die sogenaamde *ius patronatus* bekend gestaan

(Kersten 1980: 198; Pont 1994: 117). Die Kerkorde van Dordrecht 1618-19 gee volgens Artkel 37 sanksie aan die feit dat die owerheid kerklike vergaderings mag bywoon (Kersten 1980: 184). Die volgende mening oor die Dordtse Kerkorde van 1618-19 in die verband is ter sake: 'haar hoofmoment immers vindende in deze twee dingen: de strijd met de remonstranten over de leer en de strijd met de overheid over de staatsinvloed op kerkelijk erf' (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXXIX) In Artikel 28 van die Dordtse Kerkorde 1618-19 (Kersten 1980: 182) word die roeping van die owerheid ten opsigte van die kerk en vervolgens die taak van die kerk ten opsigte van die owerheid omskryf (kyk ook 156ste sessie, Kersten: 1980: 197).

> Ten opsigte van die owerheid word die teokratiese gedagte, soos geformuleer in art 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis andermaal beklemtoon, en volgens daardie opvatting is dit ook die taak van die owerheid om die prediking van die suiwere evangelie te beveel én om die valse kerk of godsdiens uit te roei. Die kerk se taak is dan om gehoorsaamheid, liefde en eerbied ten opsigte van die owerheid by sy lidmate in te skerp.
>
> (Pont 1981: 172)

Daar was egter 'n ander situasie wat tot besondere nadeel van die kerk gestrek het, en die kerk as 't ware aan die leiband van die owerheid gebind het. Die politieke situasie in Nederland sedert 1579 het daarop neergekom dat die kerk met 'n reeks van owerhede te make gehad het, naamlik die provinsiale state en stedelike magistrate. Daarnaas was die Hervormde Kerk in Nederland die bevoorregte kerk, wat in praktyk beteken het dat die traktemente van predikante deur die owerheid betaal is, en die kerkgeboue wat oorspronklik Roomse besit was benut het.

Die bevoorregte kerk is wel die gebruik van die kerkgeboue toegesê, maar het behalwe die offergawes en skenkings van lidmate, geen verdere inkomste gehad nie. Daarom het die kerklike vergaderings dit as 'n plig van die owerhede gesien om die traktemente van die dienaars van die Woord te betaal. Die owerheid se aanvaarding van hierdie plig het egter beteken dat die

verskillende owerhede wat die traktemente betaal het, ook medeseggenskap by die beroep van dienaars van die Woord en die uitvoering van hulle pligte wou hê. Dit het juis op hierdie punt beteken dat die kerk in ‘n afhanklikheidsposisie ten opsigte van die owerhede geraak het (Pont 1981: 268).

Die finansiële afhanklikheid van die kerk het beteken dat sinodale vergaderings deur die owerheid bekostig moes word, en dat die Sinode van Dordrecht 1618-19 teen hoë koste plaasgevind het (Van ‘t Spijker et al 1987: 173-175; Doornbos 1967: 84), en waarsynlik die rede verskaf waarom nasionale sinodes nie dikwels saamgeroep is nie. Dit, naas die vrees van die owerheid dat die kerklike gesag vir die owerheid nadelige gevolge mag inhou.

Die grondliggende uitgangspunt dat Jesus Christus Hoof van die kerk en Heer van die wêreld is, moet in die lewe van kerk en owerheid afsonderlik en gesamentlik tot uiting kom. Dit beteken dus dat die gesag van die owerheid nie soos in moderne demokrasieë alleen die somtotaal uitmaak van die nasie wat binne bepaalde landsgrense woon waardeur ‘n bepaalde regs- en politieke struktuur tot stand gekom het nie. Die owerheid regeer en doen regspraak op grond van die swaardmag (Rom 13) wat aan hom toegeken is, en dit beteken dat die gesag van die owerheid nooit meer is as verleende gesag nie. Kerk en owerheid word deur dieselfde gesagsbron bepaal en kom in die praktyk daarop neer dat die owerheid wat goed regeer se optrede gemeet word aan die gesag van die Skrif. Die kerk kom sy profetiese verantwoordelikheid aan die owerheid na wanneer die Woord op verskillende maniere ook aan die owerheid bedien word, en tree volgens 1 Timoteus 2: 1-4 priesterlik vir die owerheid in deur gebed (Mans 1962:114). Gebed vir die owerheid is daarom terselfdertyd ‘n besondere daad van barmhartigheid, maar terselfdertyd ‘n hoogs kritiese aangeleentheid. Kerk en owerheid bestaan naas mekaar sonder die neiging dat die kerk die owerheid wil oorheers, maar van die owerheid word terselfdertyd verwag om die kerk as dienskneg van God te erken, wat deur goeie en verantwoordelike regering, die kerk se taak moontlik maak.

Díé uitgangspunt is waarskynlik ietwat optimisties, aangesien dit nie in die byderwetse bestaan van die kerk en owerheid realiseer nie, en ook nie in die kerklike verlede bestaan het nie. Ten spyte daarvan word die uitgangspunt nie uitgekanselleer deur owerhede (óf kerke) wat nie die mening toegedaan is nie. Pont formuleer die saak soos volg:

> Daarvolgens is dit deel van die taak en opdrag van die owerheid om God se heerskappy in die wêreld te bevorder. Dit het beteken om die ware kerk met krag te bevorder en te verdedig. As die burgerlike owerheid hom sou buig voor die goddelike gebod, kan die kerk nie anders as om die owerheid te steun nie. Dit doen die kerk deur die gesag van die owerheid te erken, deur die owerheid te gehoorsaam en te eer vanweë sy uitvoering van sy goddelike opdrag. Die christelike owerheid sal van sy kant, afgesien daarvan dat die owerheidspersone ‘n voorbeeldige lewe lei en ook getroue lidmaat van die kerk is, die kerk verdedig en bevorder. As die owerheid dit nalaat, is die kerk verplig om die owerheid te herinner aan sy opdrag en taak.
>
> Tog bly dit duidelik dat die kerklike en wêreldlike gesag verskillend is wat nie aan mekaar ondergeskik is nie. Die een word nie deur die ander bepaal nie, maar kerk en owerheid kry elk sy opdrag en taak van God.
>
> (Pont 1981: 272)

Daarom kan begryp word dat die patronaatsreg wat in die Nederlandse kerkordelike bestel aanwesig was vir die kerk uiters ongewens was. Die kerklike reg is nie sonder meer gelyk aan die reg wat in die howe van die burgerlike owerheid beoefen word nie. Daarom is die reg van die owerheid hoogstens ‘n *ius circa sacra*, en nie ‘n *ius in sacra* nie:

> Men kan zeggen dat de staat voor Calvijn als een smalle zone lag aan de omtrek van de kerk. Een eigen middelpunt had de staat niet,

> eigen beginselen evenmin; hij kon dus nooit van zich uit aan het spreken en optreden van de kerk grenzen stelllen;...
>
> De superioriteit van de kerk stond naar Calvijns inzicht geworteld in de roeping om de samenleving naar Gods Woord te leiden;
>
> (Slotemaker de Bruine 1934: 110)

Laastens moet nog aandag gegee word aan die vraag in hoeverre die gesag van die owerheid gehoorsaam moet word. Wanneer die twee vennote, kerk en owerheid, in die teokratiese bestel erns maak met die uitgangspunt dat Jesus Christus Hoof van die kerk en Heer van die wêreld is, is die vraag na die grense van die owerheid en sy gesag, en in hoeverre die burgerlike owerheid gehoorsaam moet word irrelevant. Prinsipieel gesien kan vanuit die oogpunt van die enkeling wat tegelyk onderdaan van die burgerlike owerheid en lidmaat van die kerk is, ook krities gevra word in watter mate die kerk se gesag gehoorsaam moet word. Daarom moet in die verband toegegee word dat, nóg die kerk, nóg die staat oor absolute gesag beskik, aangesien die enigste gesag van absolute aard die gesag van die Hoof van die kerk en Heer van die wêreld is, wat onmiddellik deur Woord en Gees, en middellik deur ampsdraers ter vergadering, of deur die funksionarisse van ‘n christelike owerheid, uitgeoefen word. Die Reformasie gee die antwoord op die vraag in hoeverre die kerk gehoorsaam moet word, aangesien daar aangedui word dat nie ampsdraers en vergaderings oor die laaste woord beskik nie, maar die gesag van die Woord van God, en dat voortdurend gevra moet word in watter mate die kerk deur sy ampsdraers en vergaderings die inhoud van die Woord van God vergestalt.

‘n Verdere vraag ter sprake is in watter mate die kwalike optrede van ‘n weerbarstige owerheid getrotseer moet word, én of verset teen sodanige owerheid gepas is. Die burgerlike owerheid het as gevolg van die feit dat sy gesag verleende gesag is, ook duidelike grense wat as hy daarbinne bly, met reg van die kerk, of van sy onderdane, gehoorsaamheid kan verwag:

> Wenn die Fürsten verbieten, dass man Gott dient und ehrt, wenn sie befehlen, dass man sich mit Götzendienst besudelt, und sie verlangen, dass man allem Greuel zustimmt, der dem Dienste Gottes zuwider ist, und sich mit ihm einlässt, dann sind sie nicht wert, dass man sie als Fürsten achtet und ihnen irgendeine Autorität zuerkennt.
>
> (Niesel 1957: 243)

Die uitgangspunt wat in die Augsburgse Geloofsbelydenis, Artikel 16 gestel word, naamlik dat 'man Gott mehr gehorsam sein als den Menschen' waar na Handelinge 5: 29 verwys word, dui ook die grens aan wanneer die owerheid, óf die kerk, sy grense oorskry het (Steubing 1985: 45; Pont 1981: 277). Vanweë die feit dat die owerheid sy gesag van God ontvang en daarom dienaar van God is, kan nie van sy onderdane verwag word om aan die owerheid meer as aan God gehoorsaam te wees nie. 'Wanneer Hy sy heilige mond oopmaak, moet ons voor en bo alle mense na Hom alleen luister. Eers daarna moet ons aan die mense wat oor ons gestel is, ondergeskik wees, maar slegs in Hom' (Calvyn 1992: 1858).

Indien daar verset teen 'n miserabele regering moontlik is, moet ook uitgemaak word waarin die verset teen die burgerlike owerheid bestaan. Pont wys daarop dat die reg tot opstand 'n burgerlike aangeleentheid is, en nie aan die kerk as sodanig gegee is nie. Daarom is die kerk se weerstand teen 'n onchristelike regering alleen passiewe weerstand en lydelike verset in die hoop dat God die owerheid aan bande sal lê (Pont 1981: 277).

> In the final instance Calvin offers the faithful the possibility of passive resistance against the government. He states that obedience to the magistracy should not guide one away from obedience to God. Believers are in the first place bound to obey God and only then are they bound to obey those appointed by God – but only to the extent that such obedience should not entail disobedience to God.
>
> (Steenkamp 1984: 373)

Miskien kan die voorafgaande bespreking afgesluit word met die volgende mening:

> Calvijn leert geen revolutie waardoor de theokratie wordt aangetast. Het is veeleer zo, dat de theokratie door een ontaarde overheid wordt geschonden en dat een wettig verzet van door God geroepen personen er op uit is om de theokratie te herstellen. Er is geen sprake van dat Calvijn de onderdanen zelf oproept de loyaliteit aan de overheid op te zeggen. Men zie hoe hij de verdrukte gelovigen in Frankrijk vertroost. In alle vervolging mogen zij zich in Gods hoede geborgen weten. Wanneer wij de Boze met geweld weerstaan, verhinderen wij de Here ons te helpen. Het is een evidente waarheid, dat het bloed der gelovigen niet alleen om wraak roept, maar ook een goed en vruchtbaar zaad is de kerk te vermeerderen.
>
> (Balke 1973: 306)

4.11 Samevattend

Aan die einde van die diskussie om die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip te omlyn, kan dit gepas wees om saam te vat met die oog op beter begrip. Reformatoriese kerkreg, of nader bepaal Presbiteriaal-sinodaal is ‘n vrugtelose onderneming indien die kernuitgangspunt dat Jesus Christus Hoof van die kerk en Heer van die wêreld is, ontbreek. Dit kan as ‘n maksimum-minimum uitgangspunt bestempel word wat die eiesoortigheid van die kerkreg wat daaruit volg, in die vooruitsig stel. Terselfdertyd is dit meer as net ‘n uitgangspunt, aangesien dit ook as doelwit in die kerklike reg bestempel kan word, naamlik om deur die kerkregering, in alle fasette belydend getuienis te lewer van die feit dat kerkreg en daarmee kerklike orde, deur God gewil is. Wat die kerkbegrip as sodanig betref, bestaan daar twee variante wat enersyds as verbondsmatig bestempel kan word, en volledig klem plaas op die feit dat Gód sy kerk in die lewe roep en dat mense daarvan ewig lidmate mag bly op grond van sy genade. Daarnaas bestaan ook die kerkbegrip van die vryekerk waarvan lidmate vrywillig toetree op grond van die feit dat hulle

uitverkore en wedergebore is, en op grond van hulle belydenis vrywillig deel van die kerk word.

Tweedens gaan dit oor die ampte wat as gawes van God aan sy kerk gesien word, en as deur God geroepe, ooreenkomstig elke amp, dienswerk verrig. Amp en ampsdraer is nie sonder meer gelyk aan mekaar nie, wat beteken dat ‘n ampsdraer verwisselbaar is. Verder het geen ampsdraer gesag in sigself nie, maar oefen gesag uit wat aan hom verleen is wanneer hy in vergaderings van die ampte byeenkom, om onder leiding van Woord en Gees, die middellike regering van God in Jesus Christus uit te voer. Ten opsigte van die bedienaar van die Woord geld die funksionele ampsbeskouing, wat beteken dat iemand ampsvoorreg geniet omdat hy voltyds, en lewenslank al sy tyd en aandag daaraan wy. Behalwe dit, kom hier belangrike fasette na vore wat in die rotasie beginsel, die anti-hiërargiese beginsel, en in die anti-independentistiese beginsel verwoord word.

Derdens vorm die vergaderings van die ampte ‘n belangrike faset wat in die Nederlands-calvinistiese inkleding trapsgewys opgestel was en daarop neerkom dat die kerkraadsvergadering by implikasie as die primêre vergadering van die ampte gesien is. Dit aangesien die werk van die kerk in die gemeente as plaaslike verskyningsvorm van die kerk gedoen word. Derhalwe is klassikale- en sinodale vergaderings as meerdere of bykomende vergaderings beskou.

Vierdens kom die leer van die kerk, die gesag van die belydenisskrifte en hulle funksionering hier aan die orde. Daarop volg ook die sakramente en seremonies.

Vyfdens maak die kerklike dissipline ‘n belangrike deel uit van die kerkbegrip, en word afgesluit met die verhouding kerk en owerheid.

HOOFSTUK 5

DIE KERKORDE VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK: KERKBEGRIP

5.1 Inleidend

Nadat aandag gegee is aan die betekenis van die Bybels-Reformatoriese teologie en in die verlenging daarvan, die Presbiteriaal-sinodale kerkregering, die wyse van kerkregering sedert die Reformasie, moet nou daartoe oorgegaan word om die geldende Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wat sedert 1997 in gebruik is, asook hoe die Kerkorde in die praktyk toegepas word, te meet aan die beginsels en grondstruktuur wat in die genoemde diskussie aan die lig gekom het. In die onderneming en voorneme wat hiermee gepaard gaan, lê die implikasie dat ‘n kerkorde nie maar net lukraak saamgestel is na aanleiding van die kerklike praktyk nie, maar inderdaad die resultaat vorm van bepaalde kerkregtelike uitgangspunte wat in ‘n kerkorde neerslag vind. As dit so is dat ‘n kerkorde in ‘n Reformatoriese kerk die onderlinge verhouding Skrif, belydenis en kerkorde as uitgangspunt het, is die resultate van díé relasie in die praktyk van deurslaggewende belang (Botha 1997: 1292). Reformatoriese kerkreg put uit bogenoemde relasie en nie in eerste instansie uit die praktyk nie. Laasgenoemde is hoogstens waar die kerkreg van toepassing gemaak word.

Per definisie kan gestel word dat ‘n Reformatoriese kerk erns maak met die erfenis wat deur die sestiende eeuse Reformasie, as verweer teen die Roomse kerkbegrip, aan die orde gestel is. Die omvang daarvan kan in die drie formuliere van eenheid, die Nederlandse Geloofsbelydenis 1561, die Heidelbergse Kategismus 1563 en die Dordtse Leerreëls 1618-19 nagelees word. Dit verklaar ook waarom laasgenoemde belydenisskrifte in verskeie kerkordes as geldende dokumentasie genoem word, waarop die leer van kerke van Reformatoriese oorsprong gebaseer word (NHKA 2001: 1, 4; Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika=GKSA 1979: 25; Nederduitse Gereformeerde Kerk=NGK 2002: 1; NHK 1969: 16; Gereformeerde Kerken in

Nederland=GKN 1987: 119; Nauta 1971: 114; Afrikaanse Protestantse Kerk=APK 1994: 1). Daarom spreek dit vanself dat die Nederduitsch Hervormde Kerk belydend en kerkordelik uiting gee aan die grense en onderbou wat deur díé Reformatoriese verlede verwoord word. Dit sou ‘n *contradictio in terminis* wees as eenstemmigheid met die Kerk se Reformatoriese verlede betuig word, terwyl tóg toegelaat word dat sodanige erfenis kerkordelik onder andere verwater.

Soos reeds in die verantwoording gemeld, bestaan daar rede om te beweer dat die beginsels eie aan die Presbiteriaal-sinodale vorm van kerkregering huidig in die Kerk nie altyd deur almal besonder hoog waardeer word nie. Hierdie verskynsel waar kerklike ampsdraers se kennis omtrent die Kerkorde en die kerkreg dikwels veel te wense oorlaat, word ook elders beleef (Sholtz 2001: 190). Daarom moet vasgestel word in watter mate die inhoud van die huidige Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk strook met die grondlyne aangedui uit die Reformatoriese erfenis, waarby die kerklike praktyk ook ter sprake gebring word as aanduiding hoe die kerkreg wat in die Kerkorde geformuleer is in die praktyk tot uiting kom. Dit beteken dat die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk krities beskou word as aanduiding van die mate waarin die Kerk homself bind aan sy gestelde vertrekpunt, maar dat ook na die kerkordelike praktyk gekyk, asook na aspekte van die teologiese debat geluister word, om vas te stel hoe normatief die kerkreg in die vergaderings van die ampte in besonder, en in die kerklike lewe in die algemeen, hanteer word. Die kerkreg word deur vergaderings van die ampte hanteer, maar kom in die kerk as geheel ter sprake wanneer lidmate en ampsdraers hulle van die Kerk se geformuleerde reg, soos deur die Kerkorde verwoord, bedien. Die taak om die Kerkorde uit te lê, vorm deel van die werkopdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering [Ordinansie 3.10.2 (ix)] [1] wat hulle van raad en advies laat bedien deur die Raad vir Regsadvies:

[1] Alle verdere verwysings na die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, het betrekking op die Kerkorde wat tydens die Algemene Kerkvergadering in Oktober 2001 aanvaar is, en word tussen hakies aangedui deur ‘n direkte verwysing na die betrokke Ordereël of Ordinansie. Verwysing na die Wet en Bepalings van die Kerkwet het betrekking op die Kerkwet wat tydens die Algemene Kerkvergadering van 1992 vasgestel is.

> Die Raad bedien die Algemene Kerkvergadering en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en vergaderings van organe van bystand wat daarom vra, van advies, help lidmate en ampsdraers wat om hulp vra oor kerkregtelike aangeleenthede.
>
> (NHKA 2003: 122)

Die Algemene Kerkvergadering neem besluite oor die orde en dissipline van die Kerk [Ordinansie 3.8.2 (ii) (d)] terwyl die uitleg van die Kerkorde, soos gestel, aan die Kommissie opgedra is [Ordinansie 3.10.2 (ix)]. Wanneer die Algemene Kerkvergadering, sy Kommissie of die Raad vir Regsadvies genoem word as liggame wat nou gemoeid is met die formulering, uitleg en uitvoering van die Kerkorde, hoef dit nie noodwendig te beteken dat die kerklike reg en sy toepassing van die Kerk as geheel geïsoleer is, asof kerklike reg beperk is tot die werkopdrag van enkele vergaderings nie. Vir die goeie orde en voortgang van die dienswerk van die Kerk sou dit seker tot voordeel strek as die Kerkreg nie net tot die Kerkorde as sodanig beperk bly nie, maar ook toepassing vind in die kerklike lewe waar die Kerkorde rigting wil verleen aan die dinamiese voortgang van die kerklike lewe. ‘n Briefskrywer in die Hervormer verwoord die feit dat die Kerkorde, onder andere, as ‘n pragtige reëlboekie beskou word, maar nie in die kerklike lewe tot sy reg kom nie (Die Hervormer 2003: 2).

‘n Kerkorde is nie bedoel om ‘n rigiede dokument te wees wat soos ‘n regsdokument hanteer moet word, en waarop geen uitsondering geduld word nie. Dit is vanselfsprekend dat die kerklike orde leiding wil gee aan die kerklike lewe, en dit is nie die bedoeling om aan elke gemeente ‘n pasklaar kerkorde in die hand te gee nie, omdat gemeentes se omstandighede van mekaar verskil. Wanneer ‘n Kerkorde saamgestel word moet daar gewaak word teen twee uiterstes, naamlik verwarring en verstarring. ‘Wanneer de kerkorde op een staatsinrigting gaat gelijken, voert zij tot verstarring. Tussen verwarring en verstarring door zal de Kerk haar weg alleen kunnen vinden, als zij alle menslijke autoriteit verwerpt en alleen het Woord laat regeren’ (Marchal 1985:192). Díé twee uiterstes hang ook saam met die hantering van

die kerkorde, en oorreglementering wat verstarrend inwerk, kan volg wanneer genoegsame vertroudheid met die breëre beginsels waarop die kerkorde funksioneer, ontbreek en daarom gepoog word om vir elke situasie ‘n kerkordelike maatreël in te voer. Daarnaas kan ‘n kerkorde wat te min reglementeer tot verwarring lei, aangesien die rigtinggewende leiding wat deur ‘n kerkorde gegee moet word, nie tot sy reg kom nie.

As uitvlug om die kerkorde en sy beginsels in die kerklike lewe toe te pas, word daarom dikwels op twee verdere uiterstes teruggeval, naamlik om die kerkorde volgens die letter van die wet toe te pas, of andersins tot ‘n groot mate te ignoreer. ‘En de kerkorde wordt dikwijls meer gebruikt als juridische stok om mee te slaan dan als stimulans voor eigen initiatieven en creatief geestelijke leven’ (Dingemans 1987: 47). Die noem van uiterstes lei tot die vraag hoedanig die kerkorde in verskillende omstandighede gebruik en toegepas behóórt te word. Die begrip hermeneutiek wat in die teologiese diskussie bekend is, is ook in die kerkreg bruikbaar as die wyse waarop die kerkorde geïnterpreteer, en in die kerklike lewe van toepassing gemaak word. Eenvoudig gestel, kom dit daarop neer dat ‘n kerkorde geïnterpreteer moet word aan die hand van die agtergronde en uitgangspunte onderliggend aan die kerkorde. Aangesien ‘n kerkorde nie bedoel is om rigied toegepas te word nie is interpretasie noodsaaklik, maar gekontroleerd binne bepaalde kerkordelik-hermeneutiese riglyne. In die verband dui Van Beek ([1988]) verskeie hermeneutiese riglyne aan wat handig toegepas kan word.

Voor verder daarna verwys word moet ook twee ander kerkregtelike uitgangspunte aangehaal word, wat altyd latent is by die beoefening van die kerkreg, naamlik *ius constitutum* en *ius constituendum*. Dit beteken onderskeidelik, dat die kerkreg geïnteresseerd is in die reg soos dit daar uitsien, maar óók in die reg soos dit behoort te wees (Bouwman 1985a: 2). Coertzen (1991: 158) herinner in die verband ook aan die begrippe *Ius Divinum*, die reg soos God dit gegee het, en i*us humanum* verwysend na die reg soos mense dit geformuleer het. Hierin is dit duidelik dat kerkreg nie rigied is en onder die vaandel van onveranderlikheid funksioneer nie. Wanneer die Skrif die wesenlike norm vir die kerkreg uitmaak, kan ‘n kerkorde in elk geval

nie aanspraak op finaliteit maak nie. Die verhouding waarin die belydenisskrifte tot die Skrif staan, is ook van toepassing op die verhouding tussen die kerkorde en die Skrif, en vir die argument, tussen die Skrif, belydenisskrifte én die kerkorde. Die Skrif staan in dialektiese verhouding tot die belydenisskrifte enersyds, maar ook teenoor die kerkorde andersyds. Dit beteken dat ernstige bemoeienis met die Skrif noodwendig lei tot belydenis, en eventueel tot belydenisskrifte, terwyl ‘n kritiese benadering met betrekking tot die belydenisskrifte óf die kerklike orde, nie anders kan as om uit te loop op ‘n Skriftuurlike beroep nie. Hier word dus afgegrens teen die moontlikheid om die belydenisskrif óf die kerklike orde as historiese dokumentasie in gekanoniseerde gewaad te verabsoluteer.

> Samevattend,...sou gesê kon word dat die hervormde benadering tot teologiebeoefening gestempel word deur die klem op die vryspraak deur die geloof alleen met hoogstens ‘n versigtig-genuanseerde, selfs kritiese aksent op dogma, die primaat van die inisiatief van God in-die-gebrokenheid-in en nie die inisiatief van die mens nie, eerbied vir die verwikkelde, spanningsvolle verhouding tussen God en mens en die handhawing van die belydenis as ‘n bykans natuurlike lewensruimte vir die kerk, sonder om, weer eens, daarmee te vergly in konfessionalisme.
>
> (Beukes 2003: 38)

Daar moet voortdurend gewaak word teen verabsoluterings wat dikwels ‘n middelpuntvliedende krag word tot nadeel van die dinamiese voortgang van die kerk onder leiding van Woord en Gees. In die lig van die kerkreg as *ius constitutum* en *ius constituendum* is die volgende uitspraak van betekenis:

> Maar de kerk is gebonden aan een externe gezagsinstantie uit het verleden. Daardoor is er niet alleen de hermeneutische cirkel tussen de tekst van de wet en de hedendaagse situatie, maar zijn beide ook in een hermeneutische relatie gebracht met de bijbel, die zowel voor het vigerende recht als voor de situatie van nu een kritische instantie is. Zodoende ontstaat er iets van een

> hermeneutische driehoek of een samenstel van drie hermeneutische cirkels, waardoor de hermeneutiek van het kerkrecht nog complexer is dan die van ander recht. Alles van het gewone recht geldt hier ook, maar de eigen aard van dit recht geeft extra complicaties.
>
> (Van de Beek [1988]: 62)

Van de Beek verwys na verskillende vorme van hermeneutiek. Literêre hermeneutiek vra na die bedoeling van die kerkordelike maatreël binne die literêre konteks waarbinne die regsreël staan. Strukturele hermeneutiek gee rekenskap van die regsreël se betekenis binne die geheel van die wetgewing, terwyl historiese hermeneutiek die historiese konteks waarbinne die regsreël ontstaan het, blootlê. Sistematiese hermeneutiek plaas die regsreël binne die teologiese tradisie van die kerk, en ten slotte kom teleologiese hermeneutiek daarop neer dat die kerkreg in verband gebring word met die doel waarvoor die bepaalde regsreël geformuleer is: 'dat er recht wordt gedaan aan het rechtsgevoel van de gemeenschap, soms redenerend vanuit bestaande juridische regelgeving, soms om te voorzien in leemten in de wet, soms zelfs tegen de letterlijke tekst van de wet in' (Van de Beek [1988]: 63-64).

Veral in die lig van bogenoemde hermeneutiese sirkels is dit duidelik waarom kerkreg wesenlik nie beoefen kan word sonder om ook gebruik te maak van 'n kerkordelike hermeneutiek nie:

> Das problem der kirchenrechtlichen Hermeneutik ist durch den Unterschied zwischen der ursprünglichen Bedeutung der kirchenrechtlichen Bestimmungen in der Zeit ihrer Entstehung und ihrer Bedeutung für das kirchliche Leben heute, vor allem aber durch die kritische Rückfrage nach dem Verhältnis der bestehenden Kirchenordnung zu dem vom Herrn der Kirche gegebenen Auftrag bestimmt.
>
> (Schlink 1985: 669)

Daarom word hier ‘n saak uitgemaak vir ‘n kerkordelike hermeneutiek by die beoefening van die kerklike reg in die Nederduitsch Hervormde Kerk, met die oog op die beter funksionering van die Kerkorde in die kerklike lewe. ‘n Kerkordelike hermeneutiek sluit dus handelinge na goeddunke, of onbedagte optrede uit. Die moontlikheid van ‘n kerkordelike hermeneutiek is reeds aangedui in Ordereël 10.4 waartydens ook duidelike grense getrek word, naamlik: ‘...op grond van die Skrif, in ooreenstemming met die belydenis van die Kerk, getrou aan die Kerkorde en met inagneming van die gebruike van die Kerk (NHKA 2001: 111). Kerkordelike hermeneutiek kom ook in ander gewaad na vore, naamlik wanneer besluite volgens die gebruik van die Kerk geneem word. Dit staan bekend as die reg van usansie [kyk Bepaling 112 (e)], wat ook geformuleer is in Ordereël 3.1 (ii), naamlik dat vergaderings van ampte besluite neem op grond van die Skrif, in ooreenstemming met die belydenis van die Kerk en die Kerkorde, met inagneming van die gebruike van die Kerk (NHKA 2001: 36). Die uitgangspunt kom ook ter sprake by die riglyne vir die ondersoek na ‘n klag [Ordinansie 8.3.6 (iv)]. Uit die riglyne waarvolgens vergaderings van die ampte besluite neem, is dit duidelik dat die verantwoordelikheid om die Kerkorde hermeneuties te hanteer, op die weg lê van vergaderings van die ampte (Ordereël 3.1).

Met bogenoemde is aangedui dat kerkordelike hermeneutiek beoefen word langs duidelike riglyne wat persoonlike voor- of willekeur uitskakel. Byvoorbeeld kan genoem word dat wanneer ‘n erediens plaasvind sonder enige ouderlinge teenwoordig [Ordinansie 3.1.2 (v)], dit nie daartoe hoef te lei dat die erediens afgelas word nie, aangesien diakens onder bepaalde omstandighede as hulpouderling funksioneer [Ordinansie 3.1.1 (viii)]. Die saak kan selfs nog verder op die spits gedryf word wanneer daarop gewys word dat in klein verafgeleë gemeentes waar nie elke Sondag eredienste plaasvind nie, tog ‘n erediens gehou moet word, selfs as daar by geleentheid géén kerkraad teenwoordig is nie, in die lig van die opsigtaak wat die gemeente vervul volgens die bevoegdhede van die gemeentevergadering (Ordinansie 4.4.2). As verdere voorbeeld sou ‘n predikant die Kerkorde misbruik indien hy kritici met betrekking tot sy prediking die mond probeer

snoer met ‘n beroep op die anti-hiërargiese beginsel, verwoord in Ordereël 3 (NHKA 2001: 36).

5.2 Jesus Christus: Hoof van die kerk en Heer van die wêreld

Die belydenis dat Jesus Christus Hoof van die kerk en Heer van die wêreld is, is die mees kritiese uitgangspunt in die kerkbegrip wat in die Presbiteriaal-sinodale kerkregering verwoord word. Díé belangrike vertrekpunt kom op meer as een plek in die Kerkorde ter sprake. In die formulering van die apostolaatsopdrag word die saak in Ordereël 5.7.1 gestel, naamlik dat dissipels van alle mense gemaak word op grond van die verwagting van die koninkryk van God, en met die volmag van Jesus Christus wat die *Hoof van die kerk en die Heer van die wêreld* is (eie kursivering). Verder word ook aangedui dat die gemeente vanuit en rondom die kerklike verkondiging moet leef, sodat *Jesus Christus as Hoof van die kerk geëer, en as Heer van die wêreld* verheerlik kan word (eie kursivering) (Ordinansie 5.3.5). In die aanhef van Ordereël 3 word ook geformuleer dat ampsdraers dienaars van Jesus Christus, die *enigste Hoof van die kerk* is (eie kursivering) (NHKA 2001: 36). In die gedeelte wat handel oor die kerklike dissipline word in die aanhef van Ordereël 8 aangedui dat die verkondiging van die Woord orde en dissipline skep ‘sodat almal ooreenkomstig die Woord van God glo en leef, en Jesus Christus as enigste Hoof van die kerk erken word’.

Díé uitgangspunt kom ook na vore wanneer in die aanhef van Ordereël 1 gestel word dat die kerk ‘n gemeenskap van gelowiges is, ‘wat God deur sy versoening in Christus tot stand bring en in stand hou deurdat Hy mense in Jesus Christus in genade uitkies en deur die werk van die Heilige Gees saambring om deur die Woord en sakramente ‘n heilige volk te wees en dienswerk in die wêreld te verrig’. Hierin kom die teosentriese uitgangspunt ter sprake waardeur die Hoof en Heerskap van Jesus Christus beklemtoon word, en die oorsprong van die kerk die gevolg is van die inisiatief van God wat trinitaries, skeppend die kerk daarstel, sonder enige toedoen of deur die wilsbesluit van ‘n mens. Die kerk is daarom nie die gevolg van menslike inisiatief nie, en ook nie die resultaat van die totale afwesigheid van die wil van God in die ontstaan van die kerk nie. Die Kerkorde gee dus voorrang aan die feit dat die kerk sy ontstaan in die raad van God het, en daaruit volg dat die kerk nie anders as ‘n belydende kerk kan wees nie. Daarom volg heel aan

die begin die volgende belydenis wat die grondpatroon van die totale Kerkorde, asook alle kerkregtelike handelinge en besluite normeer.

> Ons, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, bely in gemeenskap met die kerk van alle eeue ons geloof in die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees wat Hom en alles wat vir ons verlossing nodig is, duidelik en voldoende deur sy Woord, die Bybel, bekendmaak.
>
> (Ordereël 1)

Die besondere voorrang wat hiermee ter sprake kom, word ook bevestig in die feit dat die Kerkorde eerstens oor die belydenis handel. Op grond van hierdie invalshoek kan die belydende uitgangspunt in die Kerkorde nie misgekyk word nie, en moet die reg wat sodoende ter sprake kom, inderdaad as belydende kerkreg bestempel word. Dit is ‘n belydende uitspraak om Jesus Christus as Hoof van die kerk en Heer van die wêreld te aanvaar. Daarmee word alle menslike prominensie terug geskuif, en voorrang verleen aan die eiesoortigheid van die Kerkorde as sodanig, en die kerkreg wat so ter sprake kom.

Die gebruik in die kerk om alle vergaderings met skriflesing en gebed te open, selfs met ‘n erediens waardeur woordverkondiging sentraal gestel word, dui nie net op gewoonte nie. Daarom kan díé gebruik in die kerklike praktyk gesien word as een van die mees praktiese, maar tog belangrike handelinge wat uiting gee aan die feit dat Jesus Christus Hoof van die kerk, en Heer van die wêreld is. Skriflesing en gebed maak die teenwoordigheid van God telkens aktueel, en plaas vergaderings en ampsdraers onder die appèl van God se regering in die kerk. Ampsdraers en vergaderings van ampte moet daaraan uiting gee deur hulle spreke en besluitneming. Wanneer Skriflesing en gebed nie só waardeer word nie is dit ‘n blote herhaling en niks meer as ‘n ydele ritueel nie. Singewing hiervan lê op die weg van ampsdraers en lidmate wat ter vergadering kom, en uitvoering daarvan verwoord die polsende geloofsgehoorsaamheid wat eie aan die kerk van die Here behoort te wees. Pont ([1982]: 109) sê:

‘Daarmee word die klassieke uitgangspunt van alle kerkordelike denke uitdruklik geformuleer’.

Naas bogenoemde direkte aanduidinge kom díé uitgangspunt ook by implikasie aan die orde. In die bespreking van die Bybels-Reformatoriese teologie, waartydens na die drie formuliere van eenheid in besonder verwys is, is aangedui dat dit ‘n openbaringsteologie is wat daarop neerkom dat God Hom openbaar in sy Woord, en dat díé teologie sodoende objektief van aard is. Daarmee word beklemtoon dat die Woord van God normatief is, en die regering van God in Jesus Christus sodoende deur sy Woord en Gees aan die orde kom. Dit bevestig die feit dat God deur sy Woord wat in verskillende gestaltes ter sprake kom inderdaad Hoof van die kerk en Heer van die wêreld is. Wanneer die Kerkorde verwys na die drie formuliere van eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, word Jesus Christus se Hoof en Heerskap ook só ter sprake gebring.

Artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dat die kerk van die begin van die wêreld af daar was en tot die einde daar sal wees, ‘want Christus is ‘n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie’. Die uitgangspunt kom ook in Artikel 29 ter sprake in die formulering dat wanneer almal hulle ooreenkomstig die Woord van God gedra en alles wat in stryd is daarmee verwerp, word Jesus Christus as die enigste Hoof erken. Ook in Artikel 31 word gestel dat Jesus Christus die enigste algemene Opsiener en enigste Hoof van die kerk is. Volgens Polman beteken dit dat van ampsdraers verwag word ‘om in zelfverloochenende liefde de ander uitnemender te achten dan zichzelf en tegelijk gezamenlijk te tonen, dat er geen gradatie in het ambt is en dat er slechts één Hoofd en universele Bisschop, Jesus Christus is en slechts één gezag, zijn goddelijk Woord’ (Polman sj a: 215). In die Heidelbergse Kategismus kom die Hoof- en Heerskap van Christus oor sy kerk in antwoord 50 ter sprake met die volgende formulering: ‘Christus het na die hemel opgevaar sodat hy Homself daar as die Hoof van sy Christelike kerk kan betoon, deur wie die Vader alles regeer’. Hiervan sê Oorthuys die

volgende: ‘Hij regeert over Zijn Kerk en over de wereld, tot alles aan Zijn voeten ligt. En dan geeft Hij den scepter over aan den Vader, opdat God zij alles in allen, tot in eeuwigheid (1 Kor 15: 28)’ (Oorthuys 1948: 106). Die Dordtse Leerreëls verwoord die saak onder andere in die eerste Hoofstuk, deel 7 soos volg: ‘God het Christus ook van ewigheid af tot Middelaar en Hoof van al die uitverkorenes en tot Fondament van die saligheid gestel’ (NHKA 1997: 173).

Uit die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dit duidelik dat die Hoof- en Heerskap van Christus ook daar gevind word na aanleiding van die formulering: ‘..., aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy kerk is’ (NGK 2002: 2). Hier kan in díé verband ook na Spoelstra verwys word as hy sê ‘Gereformeerdes bely derhalwe dat Jesus Christus die enigste algemene Opsiener (Biskop) en enigste Hoof van die Kerk is’ (Spoelstra 1989: 26; kyk ook Van der Walt 1976).

Naas wat tot dusver genoem is, kom in die omskrywing van die kerkbegrip eie aan die Nederduitsch Hervormde Kerk, ‘n verdere faset by wat as verbondsmatig tipeer kan word, en in die doopformulier gehoor word wanneer gestel word dat met ‘die doop in die Naam van die Vader betuig en beseël die Vader aan ons, dat Hy ‘n blywende genadeverbond met ons sluit en dat Hy ons as sy kinders en erfgename aanneem’ (NHKA 1997: 52). Wanneer die Heidelbergse Kategismus vraag 74 vra of die jong kinders ook gedoop moet word, kom die positiewe antwoord:

> aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is....Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word. So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen in die plek waarvan in die Nuwe Verbond, die doop ingestel is.
>
> (NHKA 1997: 150)

Met betrekking tot die opstel van alternatiewe formuliere in die Kerk word gestel dat die teologie van die klassieke formuliere as teologie van die Reformasie gesien word, en dat 'die reglynige beweeg van besnydenis na doop, pasga na nagmaal, apostels na predikante', vandag nie meer aanvaarbaar is nie (Die Hervormer 2003: 6). Die sake waarna verwys word, sal in die kerklike debat verdere aandag moet geniet, en die Kerk sal daaroor standpunt moet inneem of die oortuiging werklik bestaan dat meer resente eksegetiese resultate tot herformulering moet lei. Tot op datum is dit die kerklike standpunt wat ook in die belydenisskrifte gevind word. Die verbondsmatige kerkbegrip van die Kerk vind ook in die Kerkorde in die volgende formulering neerslag: 'Deur hierdie sakrament word die gedooptes op grond van die genadeverbond sigbaar in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om God se eiendom te wees en sy merktekens te dra' [Ordereël 5.2.3 (ii)]. Die verbondsmatigheid word ook met betrekking tot die nagmaal gestel in die formulering: 'Die nagmaal as heilige sakrament en verbondsmaal verkondig die evangelie en versterk die geloof dat die gelowige deel het aan die liggaam en bloed van Christus.' [Ordereël 5.2.4 (i)].

Die verbondsmatige uitgangspunt in die kerkbegrip van die Nederduitsch Hervormde Kerk beklemtoon die oorsprong van die Kerk en grens af teen 'n kerkbegrip wat by, en in die toedoen van mense gesoek word, waarvan die vryekerk as voorbeeld voorgehou kan word wat op ander teologiese uitgangspunte berus. Pont haal Avis aan wat met verwysing na Calvyn stel: 'For Calvin, for example, what constitutes the Church is externally, the covenant between God and his people, and, internally and substantially, union with Christ through the holy Spirit'. Daarop volg Pont se verdere kommentaar wanneer hy stel: 'Aangesien die genadeverbond die empiriese grondslag van die kerk is, bepaal die doop die lidmaatskap van die kerk en in so 'n situasie word al die nadruk gelê op wat God gee' (Pont 1987: 39). Dit het ook die verdere gevolg, in kontras met die denkbeelde van die kerkbegrip van die vryekerk, dat die kerk 'n *corpus permixtum* is, omdat verbond en uitverkiesing nie saamval nie. Daaruit volg dat die klem nie in die eerste plek geplaas word op die lidmaat wat aan die kerk behoort en deur sy regskape lewenswandel 'n

suiwer kerk veronderstel waardeur kerk en koninkryk in mekaar se verlenging te staan kom nie. Selfs nie eers die geloof van die vroomste lidmaat dien as voorwaarde en grondslag vir lidmaatskap nie. Geloof is nie voorwaarde vir die verbondsverhouding tussen God en mens nie, 'maar die wyse waarop God self die verbondsbelofte verwerklik' (Van Zyl 1989: 91). Alle nadruk word geplaas op dit wat God in die genadeverbond gee, en daarom is die suiwere prediking en die regte bediening van die sakramente belangriker as die vroomheid van die individuele lidmaat. 'Integendeel, het verbond gaat van God uit. Van Hem alleen. De liefde, de opzoekende liefde komt slechts van één kant. God begint, belooft, schenkt, nodigt, roept' (Van Itterzon 1971: 134).

Daar is nog 'n verdere kwalifikasie met betrekking tot die kerkbegrip van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, naamlik dat die Kerk homself sien as volkskerk soos verwoord in die Kerkorde wanneer in die aanhef van Ordereël 4 gestel word: 'Die Kerk is 'n volkskerk met sy eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal en tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelyk aan alle mense'. Die Hervormde Kerk het homself nog altyd so beskou, en die uitgangspunt kan gesien word as deel van die Nederlandse erfgoed van die Kerk. Die kerkbegrip as volkskerk kom veral in die denke van Hoedemaker, maar ook by verskeie ander woordvoerders aan die orde (Hoedemaker 1904; Haitjema 1939: 223; Langman 1950; Noordmans 1984: 278-295; Van Ruler 1958; Van Deelen sj;).

Naas verskeie woordvoerders wat uit Nederlandse geledere aangehaal kan word, het die debat oor die volkskerk ook in die eie Kerk neerslag gevind. Dit was begryplik aangesien die Kerk homself sedert die begin tot op datum as volkskerk sien, wat berus op die genadeverbond as reële en empiriese grondslag van die kerk, waar lidmaatskap deur die doop bepaal word:

> Die genadeverbond wat God in Jesus Christus met die mens opgerig het en waarvan die doop die seël is, is die grondslag van die kerk. Dit gaan dus nie maar net om die vrywillige toetrede van individue tot die kerk nie, maar wie binne die genadeverbond

> gebore is of langs die deur God bepaalde weg en die deur God bepaalde middele in die verbond opgeneem is, word tot die kerk gereken. Dit gaan dus hier om die gelowiges en hulle saad. Juis deur die genadeverbond as die grondslag van die kerk te sien, is die Ned Herv Kerk volkskerk.
>
> (Botha 1989: 36)

'n Christus belydende volkskerk bestaan dus nie op grond van die vrywillige toetrede van mense nie. Die volkskerklike debat op eie bodem het veral gegaan oor die neiging om die volk van die kerk bepalend te laat word, tot nadeel van die kerk van die volk. Koekemoer wys daarop: 'Dit beteken dat die wesenskenmerke van die kerk altyd sonder meer op die volkskerk van toepassing moet wees. As die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika dus volkskerk wil wees, sal hy kerk vir die volk kan wees, maar nooit kerk van die volk kan wees in die sin dat hy aan 'n volk behoort nie' (Koekemoer 1987: 16; kyk ook Van Zyl 1989: 90). 'Die kerk wat teenoor en in die midde van die volk te staan gekom het as apostel, kan niks anders wees as volkskerk nie; volkskerk wat solidêr is met die volk...Die volkskerk bly *ecclesia militans*. Hy kondig die onttroning van die magte aan. Hy wend hom teen elke mag wat in selfverheerliking demoon geword het' (Oberholzer 1960: 176). As in die Kerkorde gestel word dat die volk hier ter sprake die Afrikaner is, beteken dit nie dat elke lid van die volk sonder meer lid van die Kerk is nie, inteendeel. 'As *ecclesia militans* wil díé Kerk as volkskerk vir die Afrikaner, elke lewensterrein van hierdie volk en volksbestaan konfronteer met die vleesgeworde Woord' (Botha 1989: 41; kyk ook Botha 1973). Die saak word selfs nog sterker gestel wanneer Van der Westhuizen die volkskerk sien as normale kerkbeskouing. In die lig van 'die grense, die gerigtheid, die opdrag, die taak en die Hoof van die kerk moet die kerk volkskerk wees en is volkskerk die normale kerkbeskouing' (Van der Westhuizen 1989: 83).

Die debat oor die volkskerk het in die eie Kerk oënskynlik tot rus gekom, en die afleiding sou gemaak kon word dat die Kerk as geheel instem met die uitgangspunt dat die Hervormde Kerk homself as volkskerk sien. Pelser sien die volkskerk egter as 'n *contradictio in terminis*, omdat hy meen dat die

opbouend kritiese verhouding van die kerk teenoor volk en kultuur die kerk as volkskerk onmoontlik maak (Van Aarde & Pelser 2001: 20). Die volkskerk is in die meer onlangse verlede nog skerper gekritiseer deur die volgende stelling:

> Hoe moet dit eintlik gebeur wanneer hierdie Ordereël deur sommige voorgehou word as rede waarom die kerkdeure nie oop is vir alle mense nie? Die begrip volkskerk is nie meer te red nie. Die wesenlike probleem is nog steeds dat in die Nederduitsch Hervormde Kerk daar weinig openheid na buite is en weinig gehoorsaamheid aan die eise van kerk wees.
>
> (Oberholzer 1999: 458)

Behalwe bogenoemde kritiese stemme uit eie geledere moet gestel word dat nog nooit daarin geslaag is om hetsy die Nederduitse Gereformeerde Kerk, of die Gereformeerde Kerke te oortuig, van die Hervormde Kerk se siening met betrekking tot die volkskerk nie. Heyns is van mening dat die algemeen gangbare interpretasie van die volkskerk ‘n kerk is waar die volk as ‘n konstitutiewe element van die kerk aanvaar word, en waar mense deel van die kerk word deur geboorte (Heyns 1977: 213). Spoelstra verwys na die volkskerk as nasionale massakerk, waar die gesag van die kerk so ver strek as die gesag van die betrokke owerheid (Spoelstra 1989: 11). Miskien is die aangeleentheid ‘n navolging van die debat tussen die volkskerk en die vryekerk, wat beslag in Nederland tydens die kerklike afskeidings gekry het, en ook in Suid-Afrika verder gevoer is. Die Nederduitsch Hervormde Kerk grens homself teen die vryekerk af, en wil daarom ‘n Christus belydende volkskerk wees waar die volk nie oorspan moet word nie, maar slegs die rigting van die Kerk se werk aandui.

Laastens word die volgende redelik resente siening van Gerssen (1990: 497) uit Nederlandse hoek oor die volkskerk bygevoeg:

> Mits recht verstaan, is een kerk die haar priesterlijke roeping vervult en het profetische woord bedient, naar haar diepste wezen volkskerk....Als met volkskerk een kerk zou zijn bedoeld

> waarin alle religieuze gevoelens die in het volk leven kunnen resoneren, zou de kritiek rechtmatig zijn. De kritische spanning tussen kerk en volk gaat dan verloren. Een volkskerk kan niet zijn een kerk van het volk, een heiligdom waarin het volk zijn eigen diepere gedachten binnenbrengt, maar is een kerk voor het gehele volk, die als wachter Zions de waarheid Gods verkondigt , die beslag wil leggen op heel de breedte van het volksleven....
>
> In distantie en in diepe solidariteit staat zij als kerk midden in het volk. Zij kan de pretentie niet opgeven dat het hele Woord Gods in wet en evangeie bedoeld is voor heel de kerk en heel het volk en heel het volksleven onder zijn beslag wil brengen.

Miskien was Heyns se standpunt gegrond op die sogenaamde geboortelede, wat in die kerkordelike struktuur van die Nederlandse Hervormde Kerk verwoord is, en sodoende deur die aanvaarding van die Kerkwet van 1951 in die Nederduitsch Hervormde Kerk ‘n staanplek gekry het. Hoe die situasie in die Nederlandse Hervormde Kerk toegepas word, is nie hier ter sprake nie (kyk onder andere Kaptein 1971: 27 verv; Van den Heuvel: 1991: 47-49, 74, 158; Van Itterzon 1971: 132-134). In die Kerkorde word in Ordereël 4.1.2 (i) gestel dat kinders van lidmate ook as lidmate van die gemeente beskou word. As hierdie formulering in isolasie gesien word, gaan die betekenis daarvan verlore. Die formulering gee uiting aan die verbondsmatige kerkbegrip wat volkskerklik selfs pasgebore kinders reeds as lidmate van die kerk sien. Hier kom iets van Luther se mening tot uiting wat deur Exalto aangehaal word: ‘Het is satan niet gelukt in kleine kinderen de kracht van de doop te vernietigen....Aan het feit dat het kinderen zijn aan wie de doop bediend wordt, is het te danken dat dit sacrament, als het enige, ongeschonden bewaard bleef te midden van het verval van de kerk’ (Exalto 1983: 203; kyk ook Fouche 1988: 373). Dit is korrek dat pasgeborenes op grond van die genadeverbond deel van die kerk geag word, maar indien dit los van Ordereël 5 gesien word waar sprake is van sakramentsbediening en kategese, word die situasie uit verband geruk.

Samevattend sou gestel kan word dat die kerkbegrip van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Jesus Christus as Hoof van die kerk en Heer van die wêreld bely. Dit gee aan die kerkbegrip ‘n transendent-objektiewe vertrekpunt waardeur die oorspronge van die kerk buite en sonder die toedoen van die mens gevind word. Sodoende kom die verbond as inisiatief van God wat nie geskoei is op die verdienste van die mens nie, maar uit genade alleen tot stand. Dit beteken dat die kerk soos hy tans daar uitsien in die immanente bedeling nie sonder vlek of rimpel is nie, maar ‘n *corpus permixtum* is waar alleen God die finale skeiding maak tussen gelowige en huigelaar. Die kerk plaas klem op die verkondiging van die evangelie, bediening van die sakramente en handhawing van die kerklike dissipline, en is daarom ‘n Christus belydende volkskerk waardeur die gerigtheid van die kerk aangedui word, terwyl die grense van die kerk en die grense van die volk nooit mag saamval nie.

5.3 Belydenis

Die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gee reeds in die eerste hoofstuk aandag aan die belydenis van die Kerk. Die feit dat die belydenis van die Kerk aan die begin ter sprake kom, dui daarop dat met die belydenis besondere erns gemaak word, waarmee te kenne gegee word dat die res van die Kerkorde, of anders gestel, dat die totale werksaamheid van die Kerk in die teken staan van sy belydenis. Die Kerk sien homself as ‘n gemeenskap van gelowiges wat daarmee erns maak dat díé gemeenskap nie die resultaat van menslike besluitneming is nie, maar die gevolg is van God wat in Christus sy versoening tot stand gebring het. God kies mense in Christus in genade uit, en bring hulle deur die werk van die Heilige Gees saam om deur Woord en sakramente ‘n heilige volk te wees, en dienswerk in die wêreld te verrig (Ordereël 1).

Die belydende aanhef van Ordereël 1 is trinitaries, naamlik in die Vader, die Seun en die Heilige Gees. God kies mense uit deur Christus, uit genade, waardeur daar versoening tussen God en mens tot stand kom en in stand gehou word. Die pneumatologiese dimensie kom ter sprake wanneer gestel word dat mense saamkom rondom Woord en sakramente deur die werk van die Heilige Gees, om deur die verkondiging van die Woord en deelname aan die sakramente ‘n heilige volk te wees en dienswerk in die wêreld te verrig. Die Kerkorde maak in die aanhef van Ordereël 1 groot erns met die feit dat sy belydenis geskied in gemeenskap met die kerk van alle eeue. Die kern van sy geloof is in die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees wat Hom en alles wat vir ons verlossing nodig is, duidelik en voldoende deur sy Woord, die Bybel, bekend maak.

Die Kerk bely dat sy ontstaan en bestaan in die Drie-enige God geleë is, in die openbaring van God soos in sy Woord bekend gemaak is. Die belydenis van die Kerk grond op die Woord van God as openbaring wat oor God en alles wat vir ons verlossing nodig is, genoegsaam getuig. Die geformuleerde belydenis plaas die kerkbegrip binne ‘n duidelik omlynde konteks, wat erns maak met die feit dat God die kerk gewil het en steeds onderhou, en op

elkeen wat deel uitmaak van díé geloofsgemeenskap, die appèl plaas om as gelowiges diensbaar te wees soos dit ‘n heilige volk betaam.

Die Kerk dui ook verder aan waar sy belydenis te vinde is wanneer enersyds na die ekumeniese belydenisse verwys word, maar daarnaas ook die drie Reformatoriese belydenisskrifte genoem word as die drie sogenaamde formuliere van eenheid (Ordereël 1).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die eerste plek belydende kerk is, wat in alle kerklike handelinge en spreke uiting wil gee aan sy belydenis in die Drie-enige God. Belydende kerk is nie dieselfde as belydeniskerk nie, omdat laasgenoemde beperkend na die belydenisskrifte as sodanig verwys, en aanduiding is van die feit dat belydenisskrifte die basis vorm waarop lidmate tot die kerk toetree. ‘Dit gezichtspunt – dat de kerk als lichaam van Christus het subjekt van het belijdenis is – moet ons ervoor bewaren, de volle druk van het belijden der kerk op elke enkeling – ambtsdrager of gemeentelid – te laten rusten. Dit mag in geen geval voorwaarde zijn voor de kerkelijke gemeenschap’ (Van Ruler 1973: 88). Behalwe die klem op die enkeling wat op grond van sy belydenis tot die kerk toetree, funksioneer die belydenis by implikasie soms in ‘n posisie bokant die Skrif, sodat die Skrif aan die hand van die belydenisskrifte uitgelê word (Botha: 1994: 262). Díé dispuut het in die negentiende eeuse Nederland tussen die Nederlandse Hervormde Kerk en die Vryekerk ontstaan, tydens die Doleansie na 1886 (Haitjema 1929: 30-32; Engelbrecht 1945: 8, 9; Balke 1985: 91; Marchal 1985: 186). Die Nederduitsch Hervormde Kerk verkies om homself as ‘n belydende kerk te sien, eerder as ‘n belydeniskerk, aangesien belydende kerk omvattend na alle handelinge van die kerk verwys waaronder óók die belydenis ingesluit is (Koekemoer 1994: 19; Pont 1985: 524; Dreyer [1980]).

Dit is ook nodig om aandag te gee aan die funksie en betekenis van belydenisskrifte in die Kerk, en hoe die handhawing van die belydenisskrifte huidig tot sy reg kom. Belydenisskrifte staan in besondere verhouding met die Skrif, maar kan nooit aan die Skrif gelykgestel word nie omdat die Skrif die

belydenisskrifte normeer. ‘Hieruit volg weer dat die belydenisskrifte nie in die plek van of gelyk aan die Heilige Skrif gestel kan word nie. Tog is die belydenisskrifte vir die kerk baie belangrik omdat dit niks anders wil sê as wat die Heilige Skrif self sê nie’ (Botha 1997: 1293). Pont maak in die verband ook die volgende opmerking: ‘Ons belydenisskrifte wil niks ánders sê as wat die Heilige Skrif self sê nie en as die Skrif, die skriftelik gefikseerde Woord van God, die *regula fidei* vir die gelowiges is dan is die belydenisskrif niks anders nie as die kort, in mens-woorde saamgevatte essensie van die *regula fidei*’ (Pont 1985: 524). Daarmee word beklemtoon dat die Skrif en die belydenisskrifte nie aan mekaar gelyk is nie, aangesien die belydenisskrif ‘n mensewoord is wat altyd aan die Skrif hersienbaar is (Botha 1997: 1293).

Dit is van kerkordelike betekenis dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in sy Kerkorde sy belydenis voorop stel. Die Kerk het hom nog altyd afgegrens teen die belydeniskerk en daarteenoor vasgehou aan die uitgangspunt dat hy ‘n belydende kerk is, wat in en deur sy belydenis en belydenisskrifte God in alles wil bely! Dit beteken dat hy sy geloof bely in alles wat in die Kerk gedoen word, maar dit verwoord ook ‘n bepaalde verstaan en funksionering van die Kerk se belydenisskrifte.

> Dat die Hervormde kerk belydende en nie ‘n belydeniskerk is nie, is ook by die volkskerkgedagte ‘n belangrike faset. Die belydenis-kerk-gedagte ontspring honderd jaar gelede by A Kuyper in Nederland. Hy het die belydenis so ‘n groot selfstandigheid toegeken dat dit feitlik as ‘n grootheid op sigself van die kerk losgemaak is. Dit moes as ‘n akkoord of ‘n kontrak vir kerklike gemeenskap dien.
>
> (Van der Westhuizen 1989: 65)

Die Kerkorde stel dat die belydende funksie tot die Kerk as geheel behoort. ‘Ons, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, bely in gemeenskap met die kerk van alle eeue...’ (Ordereël 1). Van Ruler verwoord die saak wanneer hy sê: ‘Het is de gehele kerk, welke als belijdende kerk uitkomt. Het is niet een individuele gelovige of een individuele ambtsdrager, welke primair als het

subject van het belijden gezien wordt' (Van Ruler 1948: 18). Met belydende kerk teenoor belydeniskerk wil die kerk in alles wat hy doen belydend met die waarheid omgaan, wat hy put uit die Skrif en in ooreenstemming is met die belydenisskrifte wat as erfenis ontvang is, om so in die hede as kerk belydend in die wêreld op te tree in alles wat hy doen. Dus, die rede waarom die Kerk nie belydeniskerk wil wees nie, is omdat die belydenis daar 'n grootheid op sigself word. Die kerk glo nie in die belydenisskrifte as sodanig nie, maar bely sy geloof op grond van die Skrif soos saamgevat in die belydenisskrifte. 'De belijdenis is ook niet voorwerp, doch uitdrukking van het geloof. Wij geloven niet in de belijdenis, maar in God. Daarvan is de Heilige Schrift de regel en de belijdenis de uitdrukking' (Van Ruler 1948: 33).

Van Ruler dui die weg van die belydenis van die kerk aan wanneer hy sê dit loop van die 'Heilige Schrift, via de belijdenis der vaderen naar het belijden in het heden' (Van Ruler 1948: 26). Die Kerkorde (Ordereël 1) verwoord iets hiervan wanneer gestel word dat die kerk 'n gemeenskap van gelowiges is wat deur die Drie-enige God daargestel is, om deur Woord en sakrament 'n heilige volk te wees wat dienswerk in die wêreld moet verrig. Die belydenis van die Kerk berus op die trinitariese belydenis, Vader, Seun en Heilige Gees wat Hom duidelik en voldoende deur sy Woord, die Bybel, bekend maak soos verwoord in die belydenisskrifte van die vadere, wat by die naam genoem word.

Die feit dat die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk met die belydenis begin, stel in die vooruitsig dat die Kerk in alles wat hy doen God sal bely, en juis dít is een van die besondere argumente wat die Skriftuurlikheid van die Kerkorde sterk beklemtoon. Die totale inhoud van die Kerkorde, die ampte en vergaderings met alles wat daarop volg wil belydend uiting gee aan die geloof in die Drie-enige God. 'Die belydenis van die kerk is ook nie vir die Ned Herv Kerk die akkoord van kerklike gemeenskap of net 'n statiese iets wat alleen maar juridiese betekenis het nie, maar 'n dinamiese krag wat bely moet word teenoor en voor alle mense. Daarom wil die Kerk Christus-belydende kerk wees' (Botha 1989: 37). Die saak kan anders gestel word deur die argument dat die belydenis as inleidende uitgangspunt van die

Kerkorde, inhoudelik ter sprake moet kom in die verdere temas wat in die Kerkorde aangedui word as verskillende dele van kerklike lewe en bestaan. Deur die belydenis sentraal te stel, word ‘n poging aangewend om erns te maak met die Woord van God, wat belydend in alle spreke en handelinge van die Kerk ter sprake móét kom. Die feit is onlangs byderwets deur prof T F J Dreyer verwoord tydens die opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) op 3 Februarie 2003, waartydens hy daarop gewys het dat alle hervorming en vernuwing wat nie eers na die Woord geluister het nie, ‘n futiele poging is (Die Hervormer 2004: 4).

Van Ruler wys egter daarop dat in die Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk dit nie van ampsdraers of lidmate verwag is om die belydenisskrifte te onderteken nie,

> omdat het ten eerste gaat om de geschreven belijdenis in het gehéél van de waarheid Gods, waarin èn de Heilige Schrift èn de belijdenis èn de historische situatie elk hun eigen plaats hebben, en omdat het ten tweede gaat niet om de belijdenis als formele autoriteit, maar om haar inhoud, de religie van de belijdenis. De enige vraag, die beslist moet worden is, of men, met de gehele kerk mee, leeft in de religie der belijdenis en zó tot het rechte spreken en handelen in staat is.
>
> Hierop komt het echter ten volle aan. Men mag niet alleen in de heden staan; men moet in den vollen historischen loop van het Woord Gods staan. Daarom mag men, in het heden, ook niet alleen maar spreken en handelen; men moet ook léven; leven in de uit de Heilige Schrift geputte belijdenis der vaderen. Er is geméénschap door de eeuwen heen. Zo alleen wordt de geschiedenis ons ook zo onuitputtelijk rijk. Zij is niet leeg, maar vervuld van de gemeenschap der heiligen. Daar staan wij met liefde in. Het heden wortelt – op de wijze van de Heilige Geest – in het verleden.
>
> (Van Ruler 1948: 32; kyk ook Graafland 1973: 93)

‘n Belydende kerk wil daarom kerkordelik sy belydenis verwoord wat die Woord van God op grond van die genoemde belydenisskrifte, in alles wat in die kerk gedoen word, aan die orde stel. Dit is die mees wesenlike van ‘n sogenaamde Skriftuurlike kerkorde.

Dit verklaar waarom die verskillende belydenisskrifte van die Kerk in die Kerkorde genoem word, naamlik die drie ekumeniese belydenisskrifte, die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis genoem na Atanasius, asook die drie Reformatoriese belydenisskrifte, die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls (Ordereël 1). Hierdie belydenisskrifte is erfenisse uit die kerklike verlede wat in die lewe en werk van die Kerk as belydende kerk, funksioneel wil wees in die belewenis van God deur sy Woord.

In dieselfde inleiding van die Kerkorde word dit ook gestel dat die Kerk sy geloof bely in gemeenskap met die kerk van alle eeue. Die belydenis van die Kerk gaan oor die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees wat Hom en alles wat vir ons verlossing nodig is, duidelik en voldoende deur sy Woord, die Bybel, bekend maak. Ongeag talle argumente wat aangevoer kan word oor die Skrifbeskouing van die Kerk, word dit hier kerkordelik duidelik gestel dat die Kerk aanvaar dat die Bybel Woord van God is, en dat God daarin alles bekend maak wat vir ons verlossing nodig is.

Verder word ook gestel dat die kerk ‘n gemeenskap van gelowiges is wat God in en deur Jesus Christus tot stand bring en in stand hou, deurdat Hy mense in Jesus Christus in genade uitkies. Hiermee word verklaar dat die wese en oorsprong van die kerk nie aan die mens te wyte is nie. Dit is ook duidelik dat die oorsprong van die kerk nie in die vrywillige toetrede van die mens gesoek moet word nie, maar dat die kerk sy oorsprong vind in die uitverkiesing van God wat deur die genade gekwalifiseer word. Daarmee word ‘n Christologies-ekklesiologiese basis aan die kerk verleen waardeur die genadeverbond bepalend meespreek.

> Die diepte van die verbond is dieselfde as die uitverkiesing. Daarom is die verbond in sy diepste dieselfde genade as die uitverkiesing. Maar tog is verbond en uitverkiesing nie dieselfde nie. Die verbond is breër as die uitverkiesing. Uitverkiesing spreek van genade. So ook die verbond. Maar die verbond spreek daarby ook van oordeel by verbondsontrou. Omdat verbond en uitverkiesing in genade dieselfde is, is dit in hierdie opsig in volgorde omruilbare begrippe.
>
> (Van der Westhuizen 1989: 49)

Die stelling dat die kerk saamgebring word deur die werk van die Heilige Gees, om deur Woord en sakramente ‘n heilige volk te wees en dienswerk in die wêreld te verrig dui op die trinitariese basis van die kerk met verwysing na die Pneumatologiese dimensie (Ordereël 1).

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wil kerk wees in gemeenskap met die kerk van alle eeue wat as liggaam van Christus leef, bestaan en gegrond is in die geloof in die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees.

Die feit dat daar belydenisskrifte in die kerk bestaan en dat van ampsdraers en lidmate verwag word om hulle daaraan te hou, is tekenend van die feit dat nie almal in die verlede hulle daaraan gehou het nie.

> We hebben gezien, dat de geloofsbelijdenis in de gereformeerde kerken, en vooral bij Calvijn, een oecumenische functie had. Door de geloofsbelijdenis biedt de kerk gemeenschap aan en vraagt zij om gemeenschap met andere kerken. Duidelijk daaraan ondergeschikt is bij Calvijn het tweede: dat men door de geloofsbelijdenis ook ketterijen in eigen kring kan tegengaan.
>
> (Augustijn 1969: 39)

Met verwysing na die Nederlandse verloop van die belydenis wys Augustijn daarop dat die belydenis na 1580 meer bindende krag ontvang het, wat veral

daarop neergekom het dat verwag is dat die belydenis onderteken moes word. Dit is nie net van die predikante verwag nie, maar ook van ouderlinge, diakens en selfs van onderwysers. Verder het daar ook ‘n verskuiwing gekom, naamlik dat die geloofsbelydenis nie meer net om die onderlinge eenheid in die leer nie, maar nou na 1586 ook die suiwerheid van die leer bewaar het. ‘En de dienaars, die zulks zullen refuseren, zullen *de facto* van hun dienst bij de kerkeraad, of classe opgeschort worden...’ (Kersten 1980: 164, 187, 188). Hierdie verandering het tot gevolg gehad dat die belydenis anders, meer streng begin funksioneer het en as ‘t ware ‘n grootheid naas die Skrif kon word.

> De geloofsbelijdenis wordt vàn samenbindende getuigenis een formulier met bindende gezag. De klemtoon komt te liggen op de reine, zuivere leer. Zodra dit gebeurt...wordt de belijdenis een grondslag, en daardoor een maatstaf die gebruikt wordt om de orthodoxie te testen. Officieel natuurlijk ondergeschikt aan de bijbel, maar in de practijk daarnaast of daarboven, omdat ze zoveel gemakkelijker als maatstaf te hanteren valt dan de bijbel.
>
> (Augustijn 1969: 61)

Dit is op hierdie punt wat die onderskeid tussen belydende- en belydeniskerk sterk ter sprake kom. ’‘n Belydende kerk word teenoor die belydeniskerk-gedagte afgegrens. Met belydeniskerk word ‘n kerk bedoel waar die belydenis ‘n uitermate selfstandigheid ontvang. Die belydenis funksioneer selfstandig as kerklike akkoord’ (Van der Westhuizen 1990: 78). As die Nederduitsch Hervormde Kerk homself as ‘n belydende kerk sien, kom die vraag na die Kerk se binding aan die belydenis ter sprake. Die belydenis in die Kerk funksioneer nie juridies-konfessioneel nie, en ook nie as ‘n akkoord van gemeenskap nie.

> De klassieke confessie der Una-Sancta wordt dan tot een stuk wettelijk vastgesteld recht, waarvan men de bepalingen heeft te onderhouden, wil men als lid der kerk in de eenheid der kerkelijke samenleving opgenomen blijven.

> Men gaat van de belijdenis een vaststaande, in de historie gegeven grootheid maken. Het was Da Costa, die een kleine honderd jaar geleden al waarschuwen tegen dit juridisch-confessionele standpunt,...
>
> (Van Deelen [1934]: 15)

Bartels stel die saak soos volg: 'Het was Da Costa's bezwaar tegen Groen's juridisch-confessioneel standpunt geweest, dat de belijdenis bij Groen een vaststaande grootheid leek te zijn, waarvan het "recht" gehandhaafd moest worden, als gold het een wet, maar die niet vatbaar was voor vernieuwing, ontwikkeling, noch voor correctie door de Schrift' (Bartels 1946: 6).

Dit is nie oordrewe om sodanige funksionering van die belydenis in die kerk af te wys nie, en daarop klem te lê dat die belydenis in die Nederduitsch Hervormde Kerk nog nooit só funksioneer het nie. Miskien is dit die rede waarom die beskuldiging van leervryheid in die verlede teen die Kerk gemaak is (kyk Engelbrecht 1945, asook Botha 1994). Daarom moet daarop gewys word dat as die belydenisskrifte nie juridies-konfessioneel funksioneer nie, dit nie beteken dat die Kerk leervryheid duld nie. As Van Wyk die Kerk se teologiese inhoude as Bybels-Reformatories tipeer, stel hy onder andere: '...respek vir en handhawing van die belydenis as normale lewensruimte vir die kerk, maar sonder om te verval in belydenisdwang en konfessionalisme' (Van Wyk 1999: 149). Wanneer belydenisdwang genoem word, kan die indruk gewek word dat die belydenisskrifte tóg maar sekondêre gesag het, en die ondertekening van die proponentsformule by implikasie, op die *quatenus* standpunt neerkom.

Sodanige indruk sou nie reg laat geskied aan die Kerk se standpunt nie, aangesien dit van elke bedienaar van die Woord verwag word om die proponentsformule te onderteken, wat duidelik beteken dat instemming betuig word met die inhoud van die drie formuliere van eenheid. Die ondertekening beteken nie instemming in sovêrre (*quatenus*) met die inhoud saamgestem word nie, maar omdat (*quia*) met die inhoud instemming betuig word waardeur by implikasie aanvaar word dat daarin die korrekte uitleg van die

Skrif gevind word. Bogenoemde twee moontlikhede is die bekende *quia* en *quatenus* standpunte wat in die negentiende eeuse Nederland na aanleiding van die proponentsformule van die Algemeen Reglement van 1816, groot kerklike spanning veroorsaak het. Na aanleiding van die onenigheid oor die proponentsformule soos vervat in die Algemeen Reglement van 1816, merk Pont die volgende op:

> Uit die voortgaande geskiedenis van die sinode word dit duidelik dat **handhawing van die leer** nooit in verband gebring is met **die belydenisskrifte** nie. Waar in die reformatoriese teologie die belydenis funksioneer as norm en reël van die prediking en as aanduiding van die geloofsgrense van die kerk, word dit hier duidelik dat die belydenisskrifte nie die funksie het nie.
>
> (Pont 1991: 100)

Wanneer die Kerkorde oor die Kerk se binding aan die belydenisskrifte nader beskou word, word aangedui dat die belydenisskrifte van die Kerk in die eerste plek dien as samevatting van die wesenlike van die geloof (Ordereël 1.1.1). Die saak word nog belangriker, omdat die belydenisskrifte tweedens die norm uitmaak vir die verkondiging (Ordereël 1.1.2). Behalwe dit vorm die belydenisskrifte verder die basis van die kerklike onderrig (Ordereël 1.1.3), maatstaf vir teologiese onderrig en uitsprake (Ordereël 1.1.4), en die rigsnoer vir kerklik-teologiese uitsprake (Ordereël 1.1.5).

Met bogenoemde formulering van die Kerkorde word die belydenisskrifte in ‘n belangrike posisie geplaas met besondere verwysing na die feit dat die belydenisskrifte geld as norm vir die prediking. Kritiese geeste sou argumenteer dat nie die belydenisskrifte nie, maar die Bybel die norm vir die prediking uitmaak. Die gesag egter waarop die belydenisskrifte funksioneer bevestig die standpunt, maar neem nie weg nie dat aangesien die belydenisskrifte deur die Skrif genormeer is, hulle inderdaad meespreek as reël van die geloof en norm vir die prediking. Daarom hou die sogenaamde *quia*-standpunt ‘n bepaalde dialektiek in, naamlik dat die belydenisskrifte norm vir die prediking is, maar terselfdertyd ‘n norm is wat deur die Skrif as

normerende norm bepaal word. Die vraag na die inhoud en normatiwiteit van die belydenisskrif is terselfdertyd ‘n vraag na die Skrif. Die belydenisskrif verwys terug na die Skrif as normerende norm, terwyl die Skrif die belydenisskrif as genormeerde norm in die lewe roep. Handhawing van die belydenisskrifte as norm vir die prediking op grond van die *quia*-standpunt, is dus alleen moontlik omdat die belydenisskrifte met die inhoud van die Skrif ooreenstem.

As gestel word dat die belydenisskrifte die basis vorm van kerklike onderrig, beteken dit dat kategesehandleidings die belydenisskrifte van die Kerk aan die orde moet stel. Die kerklike verlede het aangetoon dat wanneer die belydenisskrifte nie behoorlik aandag kry nie, leervryheid sodoende ingevoer word. Tot onlangs, voor die samesmelting van die twee teologiese fakulteite aan die Universiteit van Pretoria, was dit so dat die Fakulteit Teologie Afdeling A, konfessioneel van aard was. Dit het beteken dat die Kerk dosente benoem en hoewel hulle deur die Universiteit aangestel is, was sodanige dosente aan die belydenis van die Kerk gebonde. Sedertdien bestaan egter die moontlikheid dat dosente slegs deur die Universiteit aangestel kan word, wat daarop neerkom dat ‘n persoon deur die Universiteit gehandhaaf kan word, ten spyte van die feit dat hy ‘n belydenis nahou wat vir die Kerk onaanvaarbaar mag wees. Die vraag kan ook hier gestel word in hoeverre die Universiteit in die toekoms bereid sal wees om die Kerk te ken in die aanstelling van dosente, wat suiwer universitêre aanstellings is. Verder dien die belydenisskrifte ook as rigsnoer vir kerklik-teologiese uitsprake wat binnekerklik, sowel as buitekerklik deur uitsprake in die openbare media, onder andere, gemaak word.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die Kerk se binding aan die belydenisskrifte redelik bepalend van aard is, veral as in ag geneem word dat dit die norm vir die prediking en die maatstaf vir teologiese onderrig en uitsprake uitmaak. Ten spyte van die verandering wat by die Kerk se Teologiese Fakulteit ingetree het, is dosente deur die proponentsformule steeds gebonde aan die Kerk se belydende standpunt. Daarom word die proponentsformule ook in die

Kerkorde opgeneem wat deur élke bedienaar van die Woord, waarby dosente ingesluit is, by toelating tot die amp onderteken moet word (Ordinansie 1.1.2).

Daaraan gaan ‘n lang tradisie vooraf wat reeds tydens die Dordtse Sinode van 1618-19 gevestig was. ‘Toe die groot sinode van Dordrecht in 1618 byeengekom het om die onverkwiklike leerstryd te besleg, was die tradisie om die belydenisskrifte aan die hand van ‘n bepaalde en bindende formule te onderteken, reeds redelik algemeen in die Nederlandse kerk gevestig’ (Botha 2000a: 880). Die proponentsformule wat in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk gebruik word, het sy oorsprong uit die besluit van die Kaapse Kerk van 1863 om die legitimasie van dominees Van der Hoff, Begemann en Smuts terug te trek. Aan dominees Van der Hoff en Begemann is toe opdrag gegee om ’n konsepformule op te stel, wat op 26 Februarie 1866 deur die Algemene Kerkvergadering aanvaar en bekragtig is (Botha 2000b: 889). Botha wys daarop dat daar geen wesenlike verskille is tussen die formule wat in die huidige kerkorde opgeneem is, en wat gegeld het vanaf 1866 tot 1997 nie. Die formule handhaaf die *quia* standpunt. ‘Die ou beproefde tradisie van die Nederduitsch Hervormde Kerk bly gehandhaaf. Terwyl die Skrif steeds as die absolute norm geld (*norma normans*), word nie toegelaat dat argeloos met die kerk se belydenis omgegaan word en die Kerk se belydenisskrifte gering geskat word nie’ (Botha 2000b: 902).

Daarin word die kandidaat nie net gebind aan die leer van die Kerk soos saamgevat in die formuliere van eenheid nie, maar verklaar hy ook dat hy vas oortuig is dat dit in ooreenstemming is met die Woord van God. Verder beloof hy dat in díé leer volhard sal word, en dat dit bepalend sal wees vir die verkondiging. Die voornemende dienaar van die Woord aanvaar nie net die formuliere van eenheid as die korrekte uitleg van die Skrif nie, maar belowe ook om hom te hou aan die Kerkorde, en beloof om hom by oortreding te onderwerp aan die oordeel van die bevoegde kerklike vergaderings. Grondliggend aan die formulier is die besondere binding aan die Skrif, belydenis en kerklike orde wat in die formulier ter sprake kom, en deur die dienaar van die Woord in ere gehou moet word. Deur die ondertekening van die proponentsformule maak die voornemende bedienaar van die Woord die

belydenisskrifte aktueel, byderwets en eietyds as reël van sy verkondiging en optrede in die Kerk:

> Daarom is die kerklike belydenis nié ‘n historiese stuk uit die gryse verlede nie, want deur sy ondertekening **maak die kandidaat self dit ‘n eie en eietydse belydenis**. In dié lig gesien, kan die belydenis of die *doctrina sacra* nooit ‘n dwang of ‘n keurslyf wees nie, want dit is, kragtens sy handtekening, vir elke predikant óók die uitdrukking van sy eié belydenis, sy eie antwoord op die Woord van God.
>
> (Pont 1985: 532)

Soos reeds gestel, funksioneer die geloofsbelydenisse wat die bedienaar van die Woord op grond van die *quia*-standpunt deur sy handtekening aanvaar, nie op ‘n juridies-konfessionele manier wat daarop neerkom dat die geloofsbelydenisse as gesaghebbende leerstukke geld en rigied gehoorsaam moet word soos wetgewing deur die burgerlike owerheid nie. Wanneer dit gestel word, ontstaan klaarblyklik die indruk dat die Hervormde Kerk sy belydenis nie besonder hoog ag nie. Die leertugsake wat in die verlede plaasgevind het, getuig egter van die teendeel (kyk Botha [1981]: 1-28; 1997: 1313-1314; Pont 1985: 534-544).

Die mening bestaan dat die belydenisskrifte vanweë die ontsagwekkende vordering in die teologiese wetenskap, en met name ook op die gebied van die Bybelwetenskap sedert die totstandkoming van die belydenisse en belydenisskrifte van die kerk, drasties hersien moet word (Van Aarde & Pelser 2001: 23). Pelser is verder van mening dat daar ‘n hele linie van belydeniswysigings of herformulerings sal moet plaasvind indien die kerk die moeite sou doen om sonder om vir gravamina te wag, die taak sou stel om die belydenis aan die Skrif te toets. Hy meen dat daar nie ‘n diskrepansie kan bestaan tussen die kerk se belydenis en die kerk se verkondiging nie, en is van mening dat so ‘n situasie reeds bestaan (Pelser 1999: 432). Dit is die gevolg van die feit dat daar ‘n gaping ontstaan tussen belydenis en eksegese. Die saak kan verder in die midde gelaat word wanneer na die eksegetiese

resultate van die historiese Jesus navorsing verwys word, en die vraag gestel word of dit homileties bruikbaar en as sodanig aangewend word, onder andere deur navorsers self, na die historiese Jesus.

Pelser stel dat ‘n belydenis eietyds sowel as funksioneel moet wees. ‘n Geloofsbelydenis moet in staat wees om die gelowige in elke nuwe situasie tot geloof en tot ‘n nuwe geloofsbeslissing te bring, en andersyds ‘moet dit die gelowige kan help om tot ‘n sinvolle, dit wil sê evangeliese, begrip te kom van en ‘n greep te kry op haar/sy lewe van elke dag’ (Pelser 1999: 433). Die kritiese vraag wat hier gestel kan word, is of dit so is dat die huidige belydenisse van die kerk nie daartoe in staat is nie? Hy gee die antwoord daarop wanneer hy toegee dat dit moontlik is en ook gebeur het dat ‘geloofsgemeenskappe oor geslagte heen dieselfde belydenis met dieselfde oortuiging en effek kan bely as wat die eerste belyers dit gedoen het’ (Pelser 1999: 434).

Die eie kerklike standpunt wil egter nie aan die belydenis gewig toeken wat met die gesag van die Skrif in botsing kom nie.

> Met die opstel van die belydenisse het die kerk nie die bedoeling gehad om die Heilige Skrif kragteloos te maak nie, maar wel om uit te spreek, te bely, wat die Skrif omtrent bepaalde sake leer. Die belydenis is nie gesien as *norma normans* nie, maar as *norma normata*, dit wil sê afgeleide reël van die geloof, ondergeskik aan die Skrif en voortdurend toetsbaar aan die Skrif wat die enigste reël van die geloof bly. Die belydenis mag daarom nooit naas of bo die Skrif gestel word nie.
>
> (Botha [1981]: 5)

Die belydenis word dus nie so onfeilbaar en verhewe beskou dat geen verskil van mening geduld word nie, inteendeel. Maar verskil van mening moet op kerklike wyse plaasvind, en uiting gee aan kerklike ordelikheid wat eie is aan die kerk. Daarom bestaan die moontlikheid om ‘n gravamen in te dien wat

volgens Ordinansie 1.2 van die Kerkorde hanteer moet word (Botha [1981]: 5; 1997: 1317; Pont 1985: 529).

In die jongste verlede het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dit nodig geag om ‘n verklaring uit te reik met betrekking tot die belydenisskrifte van die kerk en die hantering daarvan. Die rede daarvoor was dat die resultate van wetenskaplike navorsing oor die Bybel, verskillende metodes van Skrifverstaan en die verloop van ‘n krities-teologiese debat plaaslik, sowel as internasionaal, dikwels deur die pers op sensasionele wyse gerapporteer word wat nie altyd gerusstellend inwerk op lidmate nie (NHKA 2002). Die kern van die ontsteltenis hang waarskynlik saam met die feit dat wetenskaplike resultate wesenlike geloofsake bevraagteken.

> Stellings soos dat daar geen historiese bewyse is vir die opstanding van Jesus uit die dood nie, dat sy maagdelike geboorte net ‘n mite is, dat sy kruisdood as soenoffer maar ‘n voorbeeld is van tipiese vertellings wat in die eerste eeu na Christus in omloop was, word met wetenskaplike stelligheid aan ons voorgehou.
>
> (NHKA 2002)

Kernagtig bestaan die Kerk se reaksie daarin dat die wetenskap slegs iets kan navors wat met menslike wetenskaplike metodes waargeneem kan word. ‘Hier lê die grens van die wetenskap. Jesus Christus is tegelyk ook God! Dat Hy God is oorskry die grense van menslike denke en wetenskap, dit kan nie nagevors of bewys word nie’ (NHKA 2002). In dieselfde skrywe word verklaar dat *die Hervormde Kerk onverkort staan by die leer soos wat dit in die belydenisskrifte tot uitdrukking kom.*

Behalwe bogenoemde verklaring van 12 Junie 2002 het die Kommissie op 21 November 2000 reeds ‘n verklaring uitgereik na aanleiding van die persberigte oor uitsprake van prof A G van Aarde. Daarin word onder andere verklaar dat die Moderamen ‘daarop wys dat prof Van Aarde by verskillende vorige geleenthede dit duidelik gestel het dat hy nie verskil met die Kerk se

opvatting en die uiteensetting van die belydenisskrifte oor die maagdelike geboorte en opstanding van Jesus uit die dood nie' (NHKA 2000). Die verklaring haal aan uit die Hervormer van 15 November 2000 waarin prof van Aarde onder andere die volgende sê: 'Wanneer ek die geloofsbelydenis saam met die gemeente in die erediens sê, doen ek dit nie met kritiek of 'n gevoel van teësin nie. Ek doen dit met instemming.'

Uit bogenoemde onlangse reaksie uit die Kerk is dit duidelik dat die belydenisskrifte steeds gehandhaaf word soos elke dienaar van die Woord met sy handtekening in die proponentsformule onderneem het. Dit is die amptelike standpunt van die Kerk.

Naas die moontlikheid van gravamina het daar in die Kerk steeds die vryheid bestaan wat as *libertas prophetandi* beskou kan word, en gegeld het vir die gebied waaromtrent geen belydenis uitsprake bestaan nie. Hier word gedink aan onvervulde profesieë, chronologiese, topografiese, argitektoniese, genealogiese en filologies-teologiese kwessies. Die ruimtes kon betree word mits dit nie misbruik is deur van die reëls van die geloof af te wyk nie. Naas die sogenaamde *libertas prophetandi* bestaan daar ook 'n mate van toleransie met betrekking tot die belydenis, wat nie dui op onderwaardering van die belydenis nie, maar bedoel was om die swakkes en dwalendes reg te help, omdat aanvaar is dat iemand wel 'n ander standpunt sou kon hê wat nie die gevolg van halsstarrigheid is nie (Botha 1981: 6).

In die eie Kerk het nog altyd die moontlikheid bestaan dat eksegete onbevange navorsing kon doen sonder dat probeer is om iemand die mond te snoer. Wanneer dit gestel word, is dit ook duidelik dat daarmee nie bedoel word dat die belydenisskrifte van die kerk opgehef en negeer kan word nie, ook nie stilswyend nie. Verskil van mening is moontlik, maar op kerklike wyse. Die sogenaamde vryheid van die eksegeet het tydens die saak van prof A S Geyser ter sprake gekom waartydens onder andere die volgende opmerking gemaak is:

> Die Kommissie kan geen uitspraak gee oor die vraag of ‘n eksegese reg of verkeerd is nie, want dan sou die Kommissie ‘n standaard eksegese van ‘n bepaalde Skrifgedeelte of gedeeltes moet gee, wat dan vervolgens bindende gesag vir die kerk sou moet wees. Die Kommissie kan alleen oordeel oor die vraag of ‘n eksegeet in die Bybel of in ‘n Skrifgedeelte ‘n boodskap verneem het wat verenigbaar is met die boodskap wat die Kerk in die Bybel verneem het of nie. Hoe die Kerk die boodskap van die Bybel verneem het, het die Kerk neergelê in sy belydenisskrifte en om die waarheidsgehalte hiervan te beoordeel lê buite die bevoegdheid van die Kommissie. Dit is die taak van die Algemene Kerkvergadering en daarmee hang ‘n duidelike voorgeskrewe prosedure saam.
>
> (Pont 1985: 541)

Verdere kommentaar in die verband word gelewer, naamlik dat die Skrif vry is van enige vorm van belydenisdwang. ‘Dit het egter... nie beteken dat die NHK leervryheid beoefen nie. Die vryheid van die Skrif beteken nie dat die Skrifondersoeker vry is van enige vorm van belydenisgebondenheid nie’ (Pont 1985: 542).

Die belydenis soos vervat in die belydenisse en belydenisskrifte geld vir alle lidmate, ampsdraers ingesluit. Die erns waarin die Kerk die handhawing en binding aan die belydenisskrifte sien, word bevestig as gestel word dat opsighoudende vergaderings volgens die kerklike dissipline handel met ampsdraers en lidmate wat nie aan die belydenis getrou bly nie (Ordinansie 1.1.3). Naas dwalings ten opsigte van die lewe maak leerdwalings ‘n besonder belangrike terrein uit waar die waarheid misgaan word. Lewensdwalings is waarskynlik te wyte aan bepaalde dwalings ten opsigte van die leer wat persone nahou. ‘Daarom is sonde in hierdie verband altyd ongehoorsaamheid aan die leer, prediking en onderrig van die kerk wat uitsluitlik uit die Woord van God voortkom’ (Pont 1975: 3).

As antwoord op die vraag waarom die Kerk sy belydenis met sorg en ywer handhaaf, gee die Kerkorde ‘n tweeledige antwoord, naamlik om die eenheid te bewaar, en om die gemeente aan te spoor tot ‘n loflied oor die rykdom van die heil in Christus (Ordereël 1.2). ‘Die Bekenntnisse wollen Einheit darstellen und Gemeinschaft gestalten, sie wollen an Christus binden’ (Jacobs 1959: 15). Die eenheid wat hier ter sprake kom, is veral van toepassing op die verkondiging en spreke van die Kerk. Die belydenisskrifte speel hierin ‘n belangrike rol om te voorkom dat dwaalleer die Kerk binnegedra word. Die belangrikheid van die handhawing van die belydenis word ook soos volg gestel: ‘Dit is ook vanselfsprekend, want ‘n kerk kan nie toelaat dat die evangelie, wat hy in die wêreld moet uitdra, in verskillende toonaarde uitgelê en verkondig word nie. Dit sou op die lang duur die vernietiging van die kerk beteken, omdat daar geen vastigheid in die leer of belydenis sou wees nie’ (Pont 1994: 81). Dit spreek vanself dat die Kerk op hoogte moet wees van die belydenis van elke dienaar van die Woord. Die verweer dat die Skrif as *sola scriptura* bepalend is, dien geen doel tensy dit gepaard gaan met die belydenis hoe die Skrif verstaan en uitgelê word nie. Die vermaning dat elke ketter sy letter het, is nie misplaas nie en moet selfs in die huidige bestel goed in gedagte gehou word (Van Zyl 1999: 25). Daarom behoort die teologiese debat ‘n besonder sterk belydende dimensie te vertoon wat beteken dat vanuit die belydenis vertrek word, wat uit die aard van die saak ‘n Skriftuurlike debat beteken, aangesien ‘n beroep op die belydenisskrif uiteraard ‘n beroep op die Skrif veronderstel.

Die geloof wat op grond van die Woord van God bely word aan die hand van die belydenisskrifte van die kerk, word in die gang van die kerklike lewe op verskillende vlakke uitgeleef. Dit staan in rangorde opgeteken in die Kerkorde waarvan die verkondiging van die evangelie en die bediening van die sakramente die belangrikste uitmaak (Ordereël 1.3.1 en 2). In die opstelling wat deur die Kerkorde in die verband gebied word, is die *notae ecclesiae* onderliggend. Terselfdertyd word ook aangedui hoe wyd die belydende inslag van die Kerk ter sprake kom wanneer eerstens na die verkondiging van die evangelie en deelname aan die sakramente verwys word, maar verder ook na gebede (Ordereël 1.3.3), diensformuliere (Ordereël 1.3.4), die kerklied

(Ordereël 1.3.5), kategese (Ordereël 1.3.6), herderlike briewe (Ordereël 1.3.7), die profetiese getuienis van die Kerk teenoor owerheid (Ordereël 1.3.8) en ten slotte opsig en tug (Ordereël 1.3.9). Profetiese getuienis teenoor, en gebed vir die owerheid vorm waarskynlik van die mees kritiese handelinge van die kerk teenoor die owerheid, aangesien die owerheid sodoende onder die oordeel van God geplaas word.

Dit was nog altyd so dat daar tussen leer en lewe ‘n baie noue verband bestaan het. Dit kan ook beskryf word aan die hand van die verhouding tussen Dogmatiek en Etiek, wat inderdaad gevolg gee aan die vraag hoe die leer wat op die Woord gebaseer is en in die belydenisskrifte verwoord word, in die lewe van gelowiges tot uiting kom. Die Kerkorde gee hier een van die mees voor die hand liggende redes waarom lidmate eredienste moet bywoon, naamlik omdat hulle gelowiges is (Ordereël 1.4.1). Uit die verdere verloop is dit ook duidelik dat erediensbywoning gevolge het in die lewe van gelowiges, naamlik dat hulle self huisgodsdiens hou, in die gebed volhard en die Bybelse inhoud oordink (Ordereël 1.4.2-4). Hierdeur word die verband gelê tussen wat Noordmans genoem het die Sondaggemeente en die huisgemeente waarmee hy besondere sin aandui vir die amp van die ouderling. Hy stel die saak soos volg:

> Dat er zulk een *afzonderlijk* ambt bestaat, om de gemeente geregeld uit gezinnen op te bouwen, is van grote betekenis. Het stempelt een gereformeerde kerk in de goede zin des woords tot een volkskerk. In die naam ligt niet opgesloten, dat ieder door geboorte in de kerk recht heeft, zonder op het geloof te letten. Maar wel dat de kerk, zoveel in haar is, met behoud van de tucht, de weg van het gezin naar de gemeente, van het natuurlijke naar het geestelijke, effent en daar zelfs een apart ambt voor heeft.
>
> (Noordmans 1984: 447)

Dit is presies hier waar daar in die kerk groot leemtes bestaan, aangesien baie lidmate nie meer die band tussen die kerk en sy huis so sterk beleef nie,

en die erediens wat Sondag plaasvind nie verder rondom die huisaltaar, en in die gedagtes van lidmate voortsit nie. Gebed in die erediens moet ook gevolg hê in die huis waar kinders en ouers saam bid, en in die lewe van elke gelowige. Wanneer dit gebeur, is die volgende terreine waar lidmate hulle geloof kan uitleef voor die hand liggend, byvoorbeeld om die evangelie met woord en daad na alle mense te bring (Ordereël 1.4.5), ons verantwoordelikhede na te kom volgens die beloftes wat afgelê is (Ordereël 1.4.6), ampsdraers in hulle dienswerk te ondersteun (Ordereël 1.4.7), uit dankbaarheid goeie werke doen (Ordereël 1.4.8), barmhartigheid aan alle mense te bewys (Ordereël 1.4.9) en in alles gehoorsaam aan God en tot sy eer te lewe (Ordereël 1.4.10). Die slotsom wat uit hierdie kerkordelike formulering volg, is dat lidmate wat nie meelewend aan die Kerk se werk meedoen nie, hulle geloof nie uitleef nie, en waarskynlik nie meer besef nie dat geloof met inhoud gevul is, en daarom veel meer is as bloot ‘n formele verbintenis met die kerk.

Verder kom die belydende inslag van die Kerkorde hiermee grondliggend na vore waardeur terselfdertyd prinsipieel argument gevoer word wat as motivering geld vir verskeie kerklike gestaltes. Die Kerk tree belydend op in alles wat gedoen word, in die prediking en bediening van die sakramente, tydens die erediens waar in die gebed en die kerklied, by die lees van die diensformuliere, belydend saam die inhoud van die leer wat ook in die kategesehandleidings verwoord is tot uiting kom. Die Kerk bely in sy optrede teenoor die owerheid ook sy belydenis. Verder is ampsdraers ook belydend besig wanneer hulle ampspligte nakom. Die uitdra van die evangelie aan alle mense, die apostolaat van die Kerk is belydend van aard, so ook wanneer die kerk belydend sy diakonale diens aan die wêreld verrig. Die belydende karakter word nie net tot die dienswerk van die Kerk beperk nie, maar ook uitgebrei na die binnekamer van lidmate wat deel van die Kerk uitmaak, in gebed volhard en die inhoud van die Bybel oordink. Die belydenisskrifte van die Kerk is die spreekreëls aan die hand waarvan kerk en lidmaat belydend in die wêreld uiting gee aan sy God opgelegde roeping.

Die prosedure wat gevolg moet word wanneer iemand oor ‘n kerklike leerbeslissing beswaard voel, word in die Kerkorde duidelik uiteengesit (Ordinansie 1.2). Dit is belangrik om hier daarop te wys dat iemand wat oor ‘n leerbeslissing beswaard voel, dit by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voorlê. Nadat dit gedoen is, word die besware nie verder openbaar gemaak nie. ‘n Predikant kan dus nie van die kansel, of in die openbare media, sodanige besware blootlê en die kerklike leer korrigeer na eie goeddunke nie. Hier is dit duidelik dat aanvaarding van die belydenisskrifte van die kerk nie belydenisdwang is nie, maar dat besware op kérklike wyse hanteer moet word, gewoon omdat belydenisskrifte mensewerk is en prinsipieel onder die Skriftuurlike korrektief funksioneer.

Die prosedure vir die verandering aan belydenisskrifte word ook langs ‘n spesifieke weg aanhangig gemaak wat kerkordelik uiteengesit word (Ordinansie 1.3). Die feit dat hierin vermeld word dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering hom van advies laat bedien deur onder andere ander Reformatoriese kerke, asook teoloë binne en buite die Kerk, verwoord die anti-independentistiese beginsel, maar in die geval na buite in ekumeniese verband. Dit bevestig ook die feit dat die Kerk ernstig is wanneer gestel word dat die Kerk sy geloof bely in gemeenskap met die kerk van alle eeue. As kritiese kantaantekening moet hier gestel word dat belydenisse liefs gelaat moet word in die vorm waarin dit ontvang is, aangesien verandering beteken dat die geloofsbelydenis nie meer dieselfde is nie. As alternatief kan oorweging geskenk word aan die opstel van ‘n eietydse belydenis. In die verband moet die opmerking van Breytenbach in gedagte gehou word toe hy gesê het: ‘ ‘n Nuwe belydenis sou op hierdie stadium eerder groter verdeeldheid as eenheid bring...Enige nuwe belydenis sal tydgebonde wees en sal binne 10 jaar agterhaal wees in ‘n vinnig veranderende teologiese klimaat’ (Breytenbach [1982]: 50). Die feit dat ‘n verandering aan ‘n belydenis met algemene stemming deur die Algemene Kerkvergadering goedgekeur word, bevestig die erns waarmee die saak bejeën word.

Die moontlikheid bestaan om ander of nuwe belydenisskrifte voor te lê, wat op dieselfde manier geskied as die verandering aan belydenisskrifte (Ordinansie 1.4).

Samevattend gestel, word die belydenis in die Nederduitsch Hervormde Kerk met erns bejeën, en daarom steeds onverkort gehandhaaf, waardeur aangedui word dat steeds saam met die kerk en soos die kerk bely word. Wanneer dit gesê is, beteken dit nie dat die belydenis juridies-konfessioneel funksioneer nie om soos wetgewing uit die burgerlike owerheid hanteer te word, wat daarop neerkom dat die Kerk in die belydenis glo, omdat die belydenis aanduiding is van die geloof wat op die openbaring van God, sy Woord, berus. Die gesag van die belydenis is steeds op die *quia*-standpunt, waardeur die besondere funksionering van die belydenis beklemtoon word. Dit neem nie weg nie dat belydenisskrifte hermeneuties hanteer moet word, maar dit is nie die invalshoek vir eiesinnigheid of dwaalleer nie. Handhawing van die belydenis is ook nie gelyk aan belydenisdwang nie. Deur ondertekening van die proponentsformule het elke bedienaar van die Woord die belydenis eietyds gemaak. Belydenisskrifte is mensewerk, daarom bestaan die moontlikheid om krities daarmee om te gaan, maar dan volgens Kerkorde. Skrif, belydenis en Kerkorde staan in genuanseerde verhouding tot mekaar.

5.4 Die ampte

In kerke van Reformatoriese oorsprong het daar geen verskuiwing gekom met betrekking tot die aantal ampte wat in die kerk deesdae aangetref word nie, naamlik bedienaar van die Woord, ouderling en diaken. Naas die besondere ampte kan hier ook verwys word na die priesterskap van die gelowiges wat nie as ‘n amp gesien word nie, en ook nie die amp vooraf gaan nie (Pont 1984; 1989).

In Ordereël 2 van die Kerkorde kom die ampte ter sprake. Die Kerkorde wys daarop dat die ampte as gawes en dienste beskou word waardeur God mense wat Hy in en deur Christus verlos het, tot geloof in Hom bring. Dit is verder deur die ampte waardeur gelowiges deur God toegerus word vir hulle dienswerk in die wêreld, en vir die opbou van die kerk tot die werklike eenheid in Christus (Ordereël 2). Die feit dat ampte deur God aan sy kerk gegee is met ‘n duidelik omlynde doel, kan ook afgelees word uit die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 30, waar aangedui word dat die kerkraad wat bestaan uit die herders, ouderlinge en diakens, moet sorg dat die ware godsdiens onderhou, die ware leer versprei, oortreders gestraf en dat die armes in hulle nood gehelp sal word. Volgens Artikel 30 vind ampte nie hulle oorsprong in die kerk nie, maar dui op die geestelike bestuurswyse wat die Here ons in sy Woord geleer het. Die saak word in die aanhef van Ordereël 3 nog nader omlyn met die standpunt dat ampsdraers dienaars van Jesus Christus is, wie se opdrag bestaan in die verkondiging, toerusting, opbouing, versorging, beskerming, regering en leiding van die Kerk.

Die uitgangspunt wat hier gestel word dat ampsdraers dienaars van Jesus Christus is, bevestig dat die Kerk die ampsdraer en sy amp sien as ‘n *ministerium*, ‘n nederige dienswerk en nie ‘n *officium*, ‘n hoë posisie nie (Pont 1981: 197; [1978]: 51). Dit hang waarskynlik saam met die feit dat die ampsdraer ‘n geroepe ampsdraer is wat sy roeping van God ontvang het, en met die Woord van God as rigsnoer sy dienswerk verrig. Verder dat hy bedienaar van die Woord is, omdat hy voltyds die dienswerk verrig wat eie aan die amp is. As die amp só gesien word, kan ‘n ampsdraer nie te

prominent word nie, in elk geval nie as vasgehou word aan die uitgangspunt dat hy nie sy woord nie, maar Gód se Woord verkondig.

Die neiging is dikwels om aan die amp, veral aan die amp van die bedienaar van die Woord, swaarder klem toe te ken, gesien in die lig van die feit dat ander beroepe wat met die predikant vergelyk kan word as voorbeelde voorgehou word, asook deur sy opleiding as betaalde ampsdraer in die kerk. Wanneer die bestek wat die amp van predikant in die Kerkorde beslaan in ag geneem word, kan die swaar klem wat aan die bedienaar van die Woord toegeken word moeilik misgekyk word. Pelser se mening dat die ampte belangrik geword het (Van Aarde & Pelser 2001: 22), kan nader gekwalifiseer word dat die nege en twintig bladsye wat Ordereël 2 beslaan waar oor die ampte in die Kerkorde gehandel word, skaars vier bladsye aan die ouderlinge en diakens afgestaan word, wat daarop neerkom dat die grootste ruimte aan die amp van die predikant gewy word.

Die amp, beskou vanuit die Presbiteriaal-sinodale stelsel wat in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk verwoord word, in vergelyking met hedendaagse en ouer navorsing oor die amp, laat die vraag ontstaan of die amp in die Kerk steeds deur almal só waardeer word. Wanneer die Skrif as normerende norm vir die kerklike orde in die oog gehou word, kom dit daarop neer dat die huidige steeds aan die inhoud van die Skrif getoets moet word, en dus nie mag uitloop op ‘n gerieflike verstarring waar die *status quo* sonder meer gehandhaaf word omdat die debat oor die amp nie enkelvoudig is nie. Die volgende mening, onder andere, dui daarop:

> Enigiemand wat al ‘n studie probeer maak het van die kerklike bedieninge soos dit in die Bybel ter sprake kom, sal saamstem dat ‘n mens in hierdie verband met ‘n uiters gekompliseerde onderneming te make het. Hierdie gekompliseerdheid en probleme is inherent aan die Bybel self en word ongelukkig nie minder problematies na mate daar ontwikkeling in die onderskeie Bybelwetenskappe plaasvind nie. Selfs al neem ons net die Nuwe

> Testament, waarop die kerklike bedieninge grootliks gebaseer is en word, word die saak nog geensins makliker nie.
>
> (Pelser 1990: 1)

Pelser stel dat streng histories gesproke daar volgens hom geen bewys bestaan dat Jesus ‘n kerk gestig of bedieninge ingestel het nie (kyk ook Van Eck 1991: 657), maar dat dit ook ’n feit is dat niemand kan sê dat die kerk en die bedieninge nie God-gewil is nie (Pelser 1990: 3, 4; kyk ook Dingemans 1987: 116).

Die amp het in die laaste aantal jare ‘n brandende kwessie geword wat nie net in die eie Kerk nie, maar ook in ander kerke in Suid-Afrika, asook in Europa sedert die jare dertig op die agenda van die teologiese debat verskyn het (kyk NHK 1969b; Lekkerkerker 1971; Van Itterzon 1974; Van ‘t Spijker 1987a; Rossouw 1988; Botha 2004 onder andere). Die wesenlike probleem hang waarskynlik ook saam met die kerkbegrip wat in die kerk gehandhaaf word, wat as immanent óf transendent, bestempel kan word. Daarmee word bedoel dat enersyds die wese en oorsprong van die kerk in die bestaan van God gesoek word, wat beteken dat die kerk se ontstaan teologies gefundeer word soos aangedui in Artikel 27 van die Nederlande Geloofsbelydenis. Andersyds vind ‘n immanente kerkbegrip sy oorsprong en ontstaan in en deur die toedoen van mense, waardeur die amp en die teologiese fundering van die amp in heel ander lig te staan kom. Eksegeties beteken dit tans dat as daar nie ‘n direkte skrifuitspraak gevind kan word dat Jesus pertinent die stigting van ‘n kerk in die vooruitsig gestel het nie, aanvaar moet word dat Hy nie ‘n kerk gewil het nie. Dit is ‘n ou vraag wat reeds in die proefskrif van Abraham Kuyper in 1862 (*Disquisitio historico-theologica, exhibens J Calvini et J à Lasco de ecclesia sententiarum inter se compositionem*) ter sprake gekom het in sy vergelyking van die meer immanente kerkbegrip van a Lasco, teenoor die transendente kerkbegrip van Calvyn (Kuypers 1948: 17-18; Langman 1950: 35 verv.; Van leeuwen 1946: 90 verv.; Rasker 1981: 193).

Die kerkbegrip wat in die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip gevind word, is transendent-objektief van aard, wat beteken dat die oorspronge van die kerk

en amp bo die kerk en voorafgaande aan die kerk setel in die raad en die beskikking van God. Dit is ook geldend in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Die probleem wat Dreyer uitwys, en daarin bestaan dat grondige eksegese nie meer die geproklameerde Woord van God waarborg nie (Dreyer 1989:359), geld ook vir die problematiek met betrekking tot kerkbegrip en amp. Die Skrif was tradisioneel die bron en vindplaas vir die kerk se doen en late, ook van sy selfverstaan, maar het in die jongste tyd vanweë die nuwe resultate van die eksegese ernstig onder druk gekom. Die saak word geïllustreer wanneer die volgende uitspraak vergelyk word: 'Daar blyk vandag konsensus daaroor te wees dat Jesus nie die kerk gestig of in die vooruitsig gestel het nie, ten minste nie die kerk soos dit met 'n organisatoriese en ampstruktuur na vore gekom het nie' (Pelser 2002: 1461). Die siening staan in kontras met die standpunt wat in die Nederlandse Geloofsbelydenis in Artikel 27 gevind word, asook met die beskouing in die Kerkorde waar die kerk as 'n gemeenskap van gelowiges gesien word wat God deur sy versoening in Christus tot stand bring en in stand hou...(Ordereël 1). Die oortuiging bestaan ook dat dit nie moontlik is om selfs van 'n Nuwe Testamentiese kerkbegrip te praat nie vanweë die redelike mate van verskeidenheid wat in die Nuwe Testament ter sprake kom (Pelser 1995: 673; kyk ook Van Eck 1991). Die agenda van die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering boekstaaf die volgende mening:

> Die Nuwe Testamentiese "ampsbeskouing" sou dus, indien dit enigsins moontlik is in terme van bogenoemde diversiteit, hoogstens beskryf kon word as 'n **funksionele ampsbeskouing**, dit wil sê, 'n ampsbeskouing wat ten dienste staan van die verkondiging van die evangelie. Hiermee word bedoel dat die eise van die dag, dit wat nodig was, aanleiding gegee het tot die totstandkoming van sekere "ampte". As voorbeeld kan hier die "amp" van die apostel genoem word. Omdat daar behoefte was aan betroubare garante van die inhoud, werk, lewe en implikasie van die lewe van Jesus (dit wil sê, die evangelie van die opgestane Christus), het die "amp" van die apostel (in eng verband gesien), na vore getree. Met die evolusionistiese

> totstandkoming en latere "finalisering" van die Nuwe Testament, het hierdie "amp", omdat dit sy funksie verloor het, stelselmatig op die agtergrond geskuif...., [J]uis omdat dit nie meer funksioneel nodig was vir die voortgang en verkondiging van die evangelie nie.
>
> (NHKA 2001c: 102)

Dit is uit bogenoemde aanhaling duidelik dat funksionele ampsbeskouing hier heel anders verstaan word as wat in die Reformatoriese kerkreg gebruiklik is, naamlik dat iemand ampsvoorreg geniet omdat hy die dienswerk wat die amp behels voltyds verrig (Pont 1981: 201). Behalwe dit word in bogenoemde aanhaling by implikasie gestel dat die amp uit die praktyk ontstaan het en so ook na verandering van behoefte weer verdwyn het.

Die saak word verder bemoeilik wanneer daar byvoorbeeld verwys word na resente beskouings in verband met die roeping van die twaalf:

> Verder word daar in toenemende mate betwyfel dat die twaalftal 'n voor-Pase groep of instelling was, dit wil sê dat hulle inderdaad deur die historiese Jesus met 'n bepaalde doel voor oë geroep of aangestel is....Die jongste voorbeeld hiervan is die Jesus Seminar wat, hoewel daar nie eenstemmigheid bereik kon word oor die vraag of Jesus inderdaad mense tot dissipels geroep het nie, wel met verwysing na Markus 3: 3-19 eenparig tot die slotsom gekom het dat "the number 'twelve' in connection with an inner circle of disciples" 'n fiksie is (Funk 1998: 71).
>
> (Pelser 2002: 1462)

Positief moet egter opgemerk word dat Pelser (1995: 650) aandui dat Markus 8:27-10:45 die gedeelte in die Evangelie is wat van wesenlike belang is vir Markus se verstaan van wat dissipelskap inhou. Hy wys in die verband daarop dat 'n dissipel iemand is wat bereid is om alles en almal onvoorwaardelik te verlaat en Jesus te volg (1: 16-18; 2: 14), om deel van die 'huisgesin' van Jesus te wees moet 'n mens die wil van God doen (3: 31-35), jy moet jouself verloën en jou kruis opneem in jou toewyding aan Jesus (8:

34), jy moet altyd teenoor ander die minste wees en almal se dienaar wees (9: 35, 10: 43-44). Hy sê verder:

> Dit sou seker nie verkeerd wees om te sê dat die motiewe van selfverloëning en die opneem van die kruis die kern vorm van dissipelskap in Markus nie....Waarop dit neerkom, word in Markus 8: 35 nader omskrywe deur die woorde oor die behoud van die eie lewe of die prysgawe daarvan ter wille van Christus en die evangelie. Hiervolgens moet die volgelinge van Jesus, of dan die lidmate van sy kerk, die radikale eksistensiële stap doen om volledig afstand te doen van al hulle vorige sekuriteite en van alle voorhande dinge in hierdie wêreld waaroor hulle probeer beheer uitoefen, ja ook hulle lewe soos hulle dit tot dusver tot hulle eie voordeel probeer leef en beheers het.

Bogenoemde uitsprake en navorsingsresultate op die gebied van die Nuwe Testament lê die problematiek as gevolg van nuwe navorsing bloot, maar dui ook aan dat tog bepaalde afleidings moontlik is soos in die Evangelie van Markus, onder andere, wat van betekenis is vir die hedendaagse ampsbegrip met besondere verwysing na die bedienaar van die Woord wat in die Kerk in krisis verkeer (Die Hervormer 2003: 1).

Die grondverskuiwing met betrekking tot die amp van die predikant het tydens die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering daarin tot uiting gekom, dat prinsipieel van die funksionele ampsbeskouing afgewyk is met die herinvoering van die deeltydse predikant. Die eerste keer was gedurende die ses en vyftigste Algemene Kerkvergadering van 1970 met die besluit: ‘Die kerk kan enige persoon wat die bevoegdheid het om dienaar van die Woord in die Kerk te wees vir ‘n besondere taak op deeltydse basis gebruik. Aan so ‘n persoon sal bevoegdheid van woord- en sakramentsbediening vir die duur van so ‘n besondere taak verleen word.’ Dat die besluit slegs as ‘n differensiasie van die amp beskou is, blyk uit die tweede deel van die besluit: ‘Die vergadering dra aan ‘n studiekomitee op om ondersoek in te stel na ‘n verdere differensiasie van die amp van dienaar van die Woord’ (NHKA 1970:

38; Pont [1973]: 100). Pont se aangetekende teenstem het onder andere gestel dat daarmee ‘n streep deur die Reformatoriese ampsopvatting getrek en beweeg is in die rigting van die liberale kerklike reg van die vorige eeu (NHKA 1970: 38).

Dieselfde vergadering het dit nodig gevind om bogenoemde besluit van ‘n nadere verklaring te voorsien (NHKA 1970: 77), wat onder andere aangedui het dat persone wat daarvoor in aanmerking gekom het, persone is wat oor die nodige opleiding beskik , en nog nie toegelaat is nie of reeds toegelaat, maar nog nie in ‘n vaste werkkring bevestig is nie, of na oorgang na ‘n ander lewenstaat met verlies van status as dienaar van die Woord uit die amp onthef is. Die laaste kategorie van predikante wat na ‘n ander lewenstaat oorgegaan het aangesien hulle verkies het om die voltydse amp te verlaat, word vermeld sonder aanduiding dat hulle enigsins begeer het om na die amp van bedienaar van die Woord terug te keer. Pont ([1973]: 101) lewer die volgende kommentaar oor die besluit en uitleg van 1970:

> Met hierdie opvatting soos dit voorkom in die betrokke besluit en in die **Uitleg van die Besluit** van die Moderamen is die Bybels-Reformatoriese opvatting in verband met die amp van dienaar van die Woord nié meer geldend nie. Hier is ons terug by die kollegiale kerkregtelike opvatting dat die kerk ‘n gewone vrywillige vereniging is en die ampsdraers nie veel meer as die bestuurslede van die vereniging wat willekeurig deur die vereniging opdragte en take gegee kan word.

Die vergadering van 1970 het die ‘differensiasie’ in die amp as tydelik en deeltyds gesien. Wanneer die saak op die keper beskou word, is dit duidelik nie dieselfde as wat die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering besluit het nie, aangesien laasgenoemde neerkom op die moontlikheid om voltyds ‘n deeltydse predikant te wees, sonder enige tydsbepaling. Die figuur wat die Algemene Kerkvergadering in 1970 geskep het, was gelyk aan die predikant met besondere opdrag volgens die Kerkorde. Die ander moontlikhede naas die deeltydse predikant, wat volgens die Kerkwet in Bepaling 162 3 genoem

word, behalwe proponente, professore en emeriti, naamlik predikante in besondere diens en diegene met predikantstatus wat nie in ‘n gemeente bevestig is nie, is later bygevoeg en het bly geld tot en met die implementering van die Kerkorde. Dit toon ook dat as afgewyk word van die aanvanklik voltydse, geroepe ampsdraer wat ampsvoorreg geniet omdat hy doen wat die Kerk van hom verwag, allerlei ander moontlikhede maklik volg.

Wanneer die bedeling tot voor die invoering van die Kerkorde in oënskou geneem word, blyk dat naas die deeltydse predikant [Bepaling 162 3 (b)] daar ook predikante in besondere diens was volgens Bepaling 150, en verder naas proponente, teologiese dosente en emeriti ook diegene met predikantstatus wat nie in ‘n gemeente bevestig is nie [kyk ook Bepaling 102 (1c)]. Hier sou ook verwys kon word na die figuur van die pastorale hulp wat nie in ‘n gemeente bevestig is na beroep nie, maar slegs die dienswerk verrig het wat per ooreenkoms bepaal is, en slegs in so mate vergoed is om hom in staat stel om die dienswerk waartoe hy verbind is te verrig (Bepaling 162).

Die Kerkorde het egter van die standpunt uitgegaan dat daar slegs sprake is van ‘n voltydse roeping as bedienaar van die Woord. Daarom slegs die verwysing na predikante in gemeentes, emeriti, en predikante met besondere opdrag (Ordereël 2.1).

Bogenoemde reëlings sedert die Algemene Kerkvergadering van 1970 tot en met die invoering van die Kerkorde in 1997, vergelyk met die besluite oor die amp van predikant wat tydens die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering in 2001 geneem is, bring die volgende na vore. Die deeltydse predikant is weer ingevoer, maar hierdie keer selfs ongekwalifiseerd met die besluit om deeltydse bediening goed te keur, wat beteken dat ‘n predikant ook ‘n ander beroep gelyktydig kan beoefen (NHKA 2001b: 48). Die besluit is geneem sonder aanduiding dat ‘n parallelle beroep met die amp van predikant versoenbaar moet wees. Verder word ook aangedui dat ‘n voltydse predikant ‘n beroep na ‘n deeltydse standplaas mag aanneem, en self vir die res van sy lewensonderhoud ‘sonder die implikasie dat na ‘n ander lewenstaat oorgegaan word’ (NHKA 2001b: 48) voorsiening

kan maak. Dit ten spyte van Ordinansie 2.1.3.3 (vi en vii) wat dit wil beperk omdat die Kerkorde met die funksionele ampsbeskouing werk. Dieselfde saak word in gedeelte 7 van die besluit verder gevoer as gestel word dat ‘n predikant van sy standplaas losgemaak kan word ‘na aanleiding van ‘n deeglike ondersoek deur die tersaaklike opsigliggaam’, of gewoon op eie versoek vra dat hy van sy standplaas losgemaak word sonder verlies van ampsvoorreg (NHKA 2001d: 162). Die feit dat losmaking hétsy na die handelinge van ‘n opsigliggaam óf op eie versoek, so ongekwalifiseerd moontlik gemaak word, dui daarop dat die funksionele ampsbeskouing nie deur die vergadering belangrik geag is nie. Behalwe dit, rym díé ampsbeskouing nie met die Reformatoriese kerkreg nie, en by implikasie ook nie met die Skrif of die belydenisskrifte nie.

Die apostels was voltydse bedienaars van die Woord en deeltydse tentmakers (Hand 18: 3-5) en laat nie die indruk dat eie lewensonderhoud belangriker as die voorreg en roeping om die evangelie te verkondig swaarder geweeg het nie. Trouens, die apostel Paulus se optrede sedert hy op pad na Damaskus deur God geroep is, vorm ‘n lewende getuienis van sy roeping wat hy nageleef het ten spyte van ongelooflike teenstand en moeilike ervaringe wat hom uiteindelik waarskynlik sy lewe gekos het (Van der Watt: 2003: 906).

Van Eck kom tot bepaalde slotsomme wanneer hy die amp van die ouderling sosiaal-wetenskaplik benader. Hy is krities teenoor die standpunt dat die boeke van die Nuwe Testament kronologies gesien word, en sodoende gepoog word om ‘n ontwikkeling van die ampte daar te stel. Tweedens is hy van mening dat ‘n herwaardering van die vooronderstellings van die ondersoek gemaak moet word. ‘Indien die ondersoek vanuit die vooronderstelling gedoen word dat die ampte, soos hulle vandag daar uitsien, net so na die Nuwe Testament teruggevoer kan word, beteken dit eenvoudig dat die Nuwe Testament gebruik word om te bevestig dat die huidige bedieningstruktuur van die kerk “Bybels” is’ (Van Eck 1991: 662). Dit lei volgens hom tot reduksionisme waar selektief na tekste gekyk word en ander bedieninge soos die evangelis, nie in die debat betrek is nie. Hy vra daarom die vraag of nie onbewustelik toegelaat word dat die huidige

bedieningstruktuur in die kerk die wyse bepaal waarop daar na die ampte in die Nuwe Testament gekyk moet word nie. Van Eck stel die volgende hipotese voor: 'Die "ampte" in die Nuwe Testament moet as *sosiale rolle* gesien word, en meer spesifiek in terme van die *familiehoof* ' (Van Eck 1991: 663).

> 'n Sosiaal-wetenskaplike lees van 'n teks berus hoofsaaklik op twee belangrike komponente wat in die sosiologiese wetenskap bekend staan as die onderskeid tussen *emics* en *etics*....Eersgenoemde term verwys na "from the natives point of view" en laasgenoemde "from the scholars point of view", dit wil sê die verskil tussen fonemika (*emika*, hoe daar gepraat en gehoor word) en fonetika (*etika* - hoe die vakman voorstel hoedat daar gepraat moet word;
>
> (Van Eck 1991: 664)

In sy slotopmerkings kom hy tot die gevolgtrekking dat die ondersoek nie net negatiewe resultate gelewer het nie, aangesien volgens hom die Nuwe Testament tog 'n eenvormige beeld bied van hoe die 'amp' van die *presbuteros* in die eerste eeu daar uitgesien het. Daarom is hy van mening dat Pelser (1990:1) se uitgangspunt dat aanvaar moet word dat dit eenvoudig nie meer moontlik is om die verskillende strukture en bedieningsbenaminge tot een bedieningsisteem saam te voeg nie, nie sonder meer aanvaar kan word nie. Hy maak die volgende uitspraak wanneer hy stel dat die kerk se bedieningstruktuur funksioneel in terme van die eise van die dag moet wees. 'Of dit "Bybels" is of nie, behoort nie die vraag te wees nie...Dit was funksioneel in terme van die sosiale strukture van die dag' (sic!) (Van Eck 1991: 681).

Wanneer die amp funksioneel in laasgenoemde sin gesien word, naamlik volgens die eise van elke dag, Bybels of nie, open die moontlikheid dat die amp vanuit die praktyk bepaal word wat beteken dat ampte in die kerk kan funksioneer wat nie uit die Bybel nie, maar uit die praktyk gevorm is. As verweer sal waarskynlik aangevoer word dat dit nie enkelvoudig is om die

ampte wat huidig in die kerk bestaan, Skriftuurlik te omlyn nie. Die volgende uitspraak van Graafland bevestig die probleem: ‘Ik ben gaan inzien, dat wij wat voorzichtiger moeten worden met de overtuiging, dat zoals onze kerk de ambten ziet en praktiseert, de enige ware, bijbelse manier is’ (Graafland 1999: 255). Hy impliseer dus ook die moontlikheid van verskeidenheid waarop Pelser reeds gewys het.

Waarskynlik is dit meer haalbaar dat nie na verskillende begrippe wat in die Nuwe Testament voorkom, gekyk word nie, maar na bepaalde dienste wat waarskynlik deur verskillende begrippe vergestalt word (Prinsloo 1988: 37). Dit is in ‘n sekere sin die slotsom waartoe van Eck deur sy sosiologiese benadering kom as hy stel dat verskillende begrippe wat op ampswerk kon dui, wesenlik verskillende funksies van die familiehoof was (kyk Van Eck 1991: 675, 680). In díé lig kan dit moeilik ontken word dat die verkondiging van die Woord die sentrale ampswerk uitmaak in veral die Nuwe Testament, ten spyte van die feit dat die Jesus Seminar onder die indruk verkeer dat Jesus nie mense tot dissipels geroep het nie, en met verwysing na Markus 13: 13-19 eenparig tot die slotsom gekom het dat die bestaan van die twaalf as ‘n binnekring van dissipels ‘n fiksie is (Pelser 2002: 1462). Verkondiging van die Woord was die taak waarmee Jesus begin het en wat kennelik deur die apostels, soos Paulus, onder andere, opgeneem en op elke plek waar hy gekom het plaasgevind het.

Coertzen wys daarop dat die probleem wat deesdae ondervind word rondom die ampte, te wyte is aan die feit dat die Bybel anders gelees en gesien word as ‘n versameling boeke wat nie noodwendig ‘n eenheid vorm nie. ’To my mind this approach to the Bible – as a collection of different writings with very little, if any coherence – is typical of an approach in which Scripture is loosened from its original historical context and the way in which it was understood by the church through the ages’ (Coertzen 1995: 374).

Verder wys Heyns daarop dat daar ‘n verskuiwing gekom het weg van die tradisionele ampsteologie, na ‘n gemeente teologie. ‘Dit is juis hierdie verskuiwing wat meegebring het dat daar in die jongste tyd van ‘n prakties-

teologiese ekklesiologie naas die dogmatiese teologie gepraat word' (Heyns 1993: 356). Soos Coertzen, is hy ook van mening dat die ontwikkeling op die gebied van die Bybelwetenskappe daarop uitgeloop het dat die Bybel verstaan word as 'n bundel geskrifte wat verskillende teologiese denkrigtings, tye, plekke en situasies verteenwoordig. Hy wys verder daarop dat die onderskeid tussen ampsdraers en lidmate, veral die gesag wat ampsdraers uitgeoefen het, ook vanweë institusionalisering groter geword het en lidmate op die agtergrond geplaas het wat lidmate se spontane deelname geïnhibeer het. Sedert die tweede helfte van die twintigste eeu het die proses van demokratisering wat na die kerk deurgewerk het, daartoe gelei dat die besluite en optrede van geestelike leiers bevraagteken, en nie meer as vanselfsprekend aanvaar is nie.

> Die mondige mens wil deelneem aan die besluitnemingsproses en is krities ingestel teenoor die tradisie en gesag, ook die kerklike tradisie en kerklike gesag....Teenoor die hiërargiese stelsel wat in verskeie kerke formeel of informeel funksioneer, het 'n geroep opgeklink dat leierskap nie op gemeentes en lidmate van bo af geforseer sal word nie, maar dit van onder uit die gemeente sal opkom.
>
> (Heyns 1993: 359)

Waarskynlik in die verlenging van bogenoemde demokratisering word oorbeweeg na 'n meer charismatiese styl, wat waarskynlik in die verlenging gevind word van die verwerping van die amp en klem op die gemeente. Strauss wys daarop dat die sogenaamde charismatisering breedweg as die pinksterbeweging bekend is wat 'n spanning skep tussen charisma en amp (Strauss 2000: 73). Hy dui aan dat die invloed van die radikale pinksterstandpunt in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) daartoe lei dat die geestelike karakter van die ampte bevraagteken word. 'Eredienste waartydens die Skrifboodskap amptelik verkondig word en die gemeente met sang, gebed, 'n belydenis en offergawes antwoord, kom as sulks altyd nog iets kort....Dit is eers as die hemel tasbaar oopgaan en die charismata hulself manifesteer dat die Gees regstreeks lei' (Strauss 2000: 75).

Strauss dui ook aan wat volgens hom die charismatisering in die NGK bevorder. Lidmate is nie in staat om tussen die kaf en die koring te onderskei nie. Tweedens noem hy ampsverval en ampsversuim, wat gevoed word deur ampsdraers wat ‘n groter oor het vir die postmoderne lewensgevoel of die stemme van sy teikengehoor, as vir die ewige Woord. Hy noem ook die feit dat die gemeente in ‘n vermaaklikheidsklub verander het wat sy sukses meet aan getalle, en met ander meeding op die mark sonder dat sy ampsbediening gelei, gestimuleer en gekontroleer word deur die wydte en diepte van die Woord en die gereformeerde belydenis; ‘vernuwing wat met alles eksperimenteer behalwe om te volhard met die deurwerking van ‘n Bybelse visie op amp en kerk in terme van ons eie tyd; ‘n diepe onsekerheid oor sy eie identiteit en funksie as ampsdraer of dienaar van Christus – so asof God se verlossingswerk op hierdie punt nog kortkom;’ (Strauss 2000: 78). Derdens skep die akonfessionele aard van samekomste ‘n ‘teelaarde vir die soort “explosiveness of the assembly” ....Bowendien teken die Bybel die kerk as ‘n belydende geloofsgemeenskap wat vanuit sy Hoof, Jesus Christus, onder meer deur middel van die besondere ampte groei.’ Laastens noem hy individualisme en die behoefte aan belewing of ervaring wat moet vergoed vir lewenslus en –onsekerheid. Die onsekerheid is in die afgelope aantal jare gevoed deur ‘n radikale verskuiwing in die magte en waardes wat die samelewing beheers (Strauss 2000: 79).

Strauss wys verder op ‘n ander soort charismatisering wat volgens hom in die NGK vaardig is, naamlik:

> die belangrikheid van die “charisma”, beeld of persoonlikheid van die plaaslike dominee....Daarom moet jy jouself so aantreklik en verbruikersvriendelik moontlik bemark. Jou kerk moet oop en lekker wees vir almal. Boonop dwing die behoefte aan ervaring of belewing jou om in elke diens minstens een ding te laat gebeur waarna mense agterna dramaties kan verwys of, selfs, oor kan lag. En jou finale maatstaf vir sukses is natuurlik hoeveel mense jy

> trek. Dit bou jou selfbeeld, laat mense na jou resep vra en bied aan jou moontlik ‘n getalle-oorwig teen kritici.
>
> (Strauss 2000: 80)

As antwoord op die pinksterbeweging se beslaglegging op die sogenaamde charismata, wys Du Rand (1988: 76) daarop dat die ampte van die kerk self genadegawes of charismata, en as sodanig gawes van die Here God aan die kerk is:

> Die Heilige Gees **rus die gelowiges toe** vir hulle roeping. Hulle word in die hand van die Heilige Gees instrumente om God se medewerkers te kan wees. En daarvoor rus God sy kerk toe met *chárismata* om diens na binne en na buite te kan lewer (vgl. 1 Kor 12), sowel as met ampsfunksies (vgl. Ef. 4: 7verv.). Die *chárisma* en die ampte funksioneer dus binne die teologiese raamwerk van die toerusting wat die Heilige Gees aan die kerk gee vir sy opbou en dienswerk na binne en na buite.

Du Rand stel die saak nog sterker wanneer hy afsluitend sê: ‘ ‘n Mens sou die ampsfunksie die voortgaande ordelike koördinerende charismatiese werk van die Gees in die gemeente kon noem’ (Du Rand 1988: 93).

Die algemene priesterskap van die gelowige (1 Pet 2: 9) én die liggaam van Christus-metafoor (1 Kor 12), vra deelname van al die gelowiges. ‘Die besondere ampte moet in hierdie opsig as instrumente in Gods hand ook toerus tot diens, sodat elkeen sy genadegawe tot opbou van die liggaam kan aanwend – terwyl almal in liefde by die waarheid van die evangelie bly (Ef 4: 11-16)’ (Strauss 2000: 82).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die debat oor die amp nie beperk is tot ander kerke, of slegs die eie Kerk nie. Die debat is ook nie beperk tot die hede nie maar het sedert die sewentigerjare, en selfs vroeër, momentum begin kry (Van Itterzon 1974; Lekkerkerker 1971; NHK 1969b; Van Ruler 1952). In die Nederduitsch Hervormde Kerk het die Raad vir Regsadvies met

toestemming van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit om ‘n omvattende studie oor die amp te onderneem. Die komitee wat daarvoor aangewys is, konsentreer op die volgende:

> Navorsing oor die amp binne die Bybelse getuienisse, die geskiedenis van die teologie en die eietydse ekumeniese teologie.
> Nadenke hoe daar uit die huidige impasse tussen kerkordelike tradisie en heersende denke oor die amp gekom kan word.
> Die moontlikheid om ons bestaande ampsbegrip te verbreed.
> Die kerkordelike ondersteuning van so ‘n ampsbegrip.
>
> (NHKA 2003b: 1)

In die notule van die komitee word gestel dat die deeltydse predikant wesenlik ‘n kerkregtelike anomalie vorm vanweë roeping, beroep en ordening. Die vraag kom ook ter sprake of hedendaagse arbeidsregte en dissipelskap met mekaar versoenbaar is. Verder is die mening uitgespreek dat daar behoefte is aan die amp van evangelis (NHKA 2003b: 3).

In die lig van die gestelde doelwit van die studie, naamlik om vas te stel of die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk strook met sy erfenis soos geformuleer in die Presbiteriaal-sinodale stelsel van kerkregering, moet laastens na die omlyning van die amp in die Kerkorde verwys word. In die opsig is dit opvallend dat gestel word dat die ampte gawes en dienste is waardeur God mense wat Hy in en deur Christus verlos het tot geloof in Hom bring (Ordereël 2). Ampte is dus nie demokraties in die gemeente en sy lidmate gefundeer nie, maar kerkordelik word hier belydend aangedui dat die oorsprong van die amp vanweë die bemoeienis van God met sy kerk is. Daarop volg vanselfsprekend dat dienaars van die Woord deur God geroep is, en in dieselfde sin word ook daarop gewys dat diesulkes deur die Kerk tot die evangeliebediening toegelaat en in die amp bevestig is (Ordereël 2.1).

In die formulering word dus gevolg gegee aan die dubbele binding wat gegeld het met betrekking tot die amp van die bedienaar van die Woord sedert die Reformasie (Calvyn 1992: 1327; Ainslie 1940: 142; Goumaz 1964: 31-42).

Die inhoud van die dienswerk van die bedienaar van die Woord wat bondig saamgevat neerkom op die verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente [Ordinansie 2.1.5 (i)], veronderstel dat elke bedienaar van die Woord aanvaar dat hy sy opdrag van God ontvang het, en lewer daarvan belydend getuienis wanneer hy sy dienswerk met ywer en verantwoordelikheid aan God verrig. Wanneer die kerk as die liggaam van Christus gesien word wat Hy self daargestel en in stand hou (Ordereël 1), kan daar nie aan enige menslike binding gedink word wat die roeping wat van God ontvang is, oortref nie.

Die roeping tot die amp geld nie net vir die bedienaar van die Woord nie, maar geld eweneens vir ouderlinge en diakens, soos aangedui in die eerste vraag van die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens (NHKA 1997: 81). Hierdie duidelik en hoogs genuanseerde roeping wat elke ampsdraer van God ontvang, hang saam met die kerkbegrip wat in die Kerk daarop nagehou en kerkordelik bely word as ‘n kerk wat Gód deur sy versoening in Christus tot stand bring en in stand hou (Ordereël 1). Die duidelike klem wat kerkordelik aan die amp verleen word, is Skriftuurlik bepaald met verwysing na Paulus se briewe, onder andere, waar hy na homself as geroepe apostel verwys (Rom 1: 1; 1 Kor 1: 1; Gal 1: 2).

As ampsdraers deur God geroep is en daarin ‘n eerste linie van verantwoordelikheid teenoor sy dienswerk geleë is, spreek dit vanself dat díé roeping al die tyd en aandag van ‘n bedienaar van die Woord verg (Hand 18: 5). Dit geld nie net met betrekking tot die bedienaar van die Woord wat sy amp voltyds beklee en daarom deur die kerk onderhou word nie, maar ook vir ouderlinge en diakens, ten spyte van die feit dat laasgenoemde twee ampte deeltydse dienswerk verrig. Dit was ook die onderliggende uitgangspunt by die opstellers van die Kerkorde, naamlik dat daar sprake is van ‘n voltydse roeping, wat geld vir predikante in gemeentes, predikante met besondere opdrag, en selfs vir emeriti (Ordereël 2.1.1). Kerkordelik gesproke dui die voltydse roeping en beoefening van die amp op die funksionele ampsbeskouing, wat daarop neerkom dat iemand ampsdraer is omdat hy die dienswerk verrig wat met die amp gepaard gaan. Dit is ‘n voorreg om die

Woord te verkondig en sakramente te bedien (Ordereël 2.1). Daarom geniet ‘n bedienaar van die Woord ampsvoorreg, en nie predikantstatus nie. Dit lê in die verlenging van ‘n funksionele ampsbeskouing.

Bogenoemde loop ook daarop uit dat die persoon van die ampsdraer ook deur die amp wat hy beklee, gevorm sal word. ‘Wij herhalen: wie ambtsdrager zegt, zegt: diensknecht. De ware ambtsdrager, de “*verus minister”*, ook aangeduid als rechtschapen, vroom, trouw, oprecht, moet geheel toegewijd zijn aan de dienst van God voor de zaligheid der mensen’ (Goumaz 1964: 43). Die gedagtes van Calvyn in die opsig word verder vertolk met: ‘De hoogste eer moet voor de dienaar daarin gelegen zijn dat hij zich wijdt aan het volk van God (2 Kor 4: 5). De hoogste waardigheid in de kerk is niet het *imperium*, maar het *ministerium* (Matt 23: 11). De herder...is slechts een “tolk” (1 Kor 3: 7) en niets meer, het Woord dat hij spreekt is alles’ (Goumaz 1964: 47).

Die verweer teen bogenoemde sou kon wees dat die ampspraktyk van die Kerk deur tyd en omstandighede ingehaal is, soos reeds in die agenda van die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering beweer is (NHKA 2001c: 95). Ten spyte daarvan kan die kritiese vraag tog gestel word of dit werklik so is dat roeping, en ‘n gevolglike funksionele ampsbeskouing, sonder meer as agterhaalde ampspraktyk van die Kerk bestempel kan word. Met verwysing na die Kerkorde is die ampsopdrag van die bedienaar van die Woord duidelik omlyn (Ordinansie 2.1.5). Die kerkordelike omskrywing van die dienswerk van die predikant staan in rangorde beskryf. Die breëre omskrywing is wesenlik ‘n nadere presisering van die dienswerk van die predikant, wat kernagtig bestaan in die verkondiging van die Woord en bediening van die sakramente.

Die etiese kode as inherente vereiste waaraan ‘n predikant en /of toekomstige predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk moet voldoen (NHKA 2003c), kan waarskynlik gesien word as ‘n poging om die funksieverlies van die ampte, met besondere verwysing na die amp van predikant, te herstel. Die rede vir die etiese kode word aangedui as ‘n vereiste van die arbeidswetgewing. Dit is opvallend dat die kode die predikant wil bemagtig om in ‘n verhouding met God te staan, en moet lei ‘tot ‘n voortdurende soeke na

‘n koninkryk-bouende spiritualiteit wat onder andere spreek uit ‘n profetiese optrede van predikante sowel as lidmate’ (NHKA 2003c: 2). Verder word van die predikant verwag om jaarliks ‘n bepaalde aantal punte te verwerf om predikantstatus te behou. Tydens die studie word dus gepoog om die student te begelei om die kode in sy lewe sinvol te verwesenlik sodat ‘n koninkrykslewe daarop kan volg, waar ‘n eie spiritualiteit lei tot ‘n steeds verdiepende verhouding met God.

Die kode moet krities bejeën word omdat hier met ‘n maatreël gewerk word wat vreemd is aan die Presbiteriaal-sinodale stelsel. Die feit dat ‘n persoon die predikant moet evalueer en punte toeken, is vreemd aan die opsigtaak van die vergaderings van die ampte, en sou aan sodanige persoon besondere magte toeken wat in die Kerk tot allerlei wanpraktyke kan lei. Krities gesê, is dit merkwaardig dat die ampsetiek wat eie aan die amp in die Presbiteriaal-sinodale stelsel is, gelyk gestel moet word met die onderhawige kode. As die predikant deur die etiese kode bemagtig moet word, kom dit daarop neer dat die ampsdraer hom nou deur ‘goeie werke’ vir God aanvaarbaar moet maak, sodat daardeur hier op aarde ‘n aanvaarbare gemeenskap gebou kan word. Ten slotte moet gemeld word dat die dienswerk van die predikant in die Reformatoriese kerkreg nie as ‘n posomskrywing gesien word nie. Die siening laat nie reg geskied aan die amp en die dienswerk van die predikant wat as ‘n roeping gesien word, eerder as ‘n soort betrekking in die wêreld nie. Dit word ook kerkordelik so aangedui. De Wet ([1980]: 37) het die saak van ampsetiek by geleentheid só geformuleer:

> Die egte ampsetiek vind sy “Sitz im Leben” nie in ‘n oplossing daarvan in die Christelike etiek nie en ook nie in die skepping van ‘n denkbeeldige hoër moraal nie, maar wel daarin dat dit duidelik moet uitmaak dat die lewe van die ampsdraer in ‘n dubbele opsig beoordeel word, naamlik as *gelowige lewe en as gelowige ampsvervuling*.

Die klem op die Woord van God as uitgangspunt van die dienswerk van die predikant vorm ook deel van die omskrywing van die ampswerk van die

ouderling en diaken (Ordinansie 2.3.2 en 2.4.2). Daarom word van die ouderling en die diaken verwag om in antwoord op die bevestigingsformulier te getuig dat die Ou en Nuwe Testament die enigste Woord van God en die volkome leer van die redding is, nadat gevra is of die oortuiging bestaan dat die ouderling en diaken wat bevestig word, glo dat hulle wettig deur die gemeente, en daarom deur God self geroep is (NHKA 1997: 81). Roeping tot die amp geld vir elke amp in die Reformatoriese kerkreg. Die Kerkorde onderskei die dienswerk van die ouderling en diaken. Die ouderling hou opsig oor die gemeente deur enersyds vóór nagmaal huisbesoek te doen (Ordinansie 2.3.3), maar ook al die gesinne en lidmate wat in beproewing verkeer te besoek en by te staan (Ordinansie 2.3.5), naas sy jaarlikse huisbesoek saam met die predikant (Ordinansie 2.3.4). In die huisbesoek voor nagmaal kom eerstens huisbesoek as opsig ter sprake, maar daarnaas ook huisbesoek as pastoraat wanneer mense in nood en beproewing ondersteun word.

Van diakens word gestel dat hulle gesinne maandeliks of soos deur die kerkraad bepaal, besoek om die offergawes in te samel (Ordinansie 2.4.3), sodat barmhartigheid bewys kan word (Ordinansie 2.4.5) wat eie is aan die amp van die diaken. Ouderlinge en diakens doen albei huisbesoek, maar die begrip huisbesoek is ‘n tegniese begrip wat na die dienswerk van die predikant en die ouderling as sodanig verwys, en die besoek van gesinne deur die diaken is nie sonder meer gelyk aan huisbesoek nie. Oorkoepelend gestel, bestaan die amp van die predikant uit die verkondiging van die evangelie in sy wydste sin, die ouderling in opsig en dissipline, en díé van die diaken in die diens van barmhartigheid.

Die Kerkorde maak dus groot erns met die Skriftuurlike verbondenheid van die amp soos wat verwag kan word by ‘n kerk wat deel in die Reformatoriese erfenis. Die vraag wat hierby gevra kan word, is waarom daar in die Kerk ten spyte van al die besondere uitgangspunte en raak omskrywings, tog ‘n redelike mate van onvergenoegdheid en ampsversuim sigbaar is. Die meerderheid predikante het tydens die predikantevergadering van 2002 aangedui dat finansiële druk vir hulle die grootste bron van kommer uitmaak.

Dit word veroorsaak deur die feit dat finansiële tekorte ervaar word wat tot gevolg het dat gemeentes moet afskaal en selfs ontbind. In die lig hiervan, en om diegene te hulp te kom wat geroepe voel om predikant te wees en bereid is om buite die kerk aanvullende verdienste te ontgin, is besluit om die deeltydse predikant wéér in te voer. In díé verband is dit merkwaardig dat bogenoemde maatreël om geroepe predikante tot hulp te wees, nou deur predikante in volsorg standplase benut word om voltydse beroepe buite die kerk te beoefen, en sodoende vir die kerk net op ‘n deeltydse basis beskikbaar is.

Formeel is die ampte in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk soos aangedui in die Presbiteriaal-sinodale stelsel, of te wel die Reformatoriese Kerkreg. Ten opsigte van die bedienaar van die Woord is daar ‘n bepaalde afwyking van die funksionele ampsbeskouing deur die herinvoering van die deeltydse predikant, wat waarskynlik aan ekonomiese omstandighede waarin die Kerk hom bevind, te wyte is. Dat daar sprake is van ‘n funksieverlies met betrekking tot die ampte is waar, soos De Wet meer as twintig jaar gelede reeds aangedui het (De Wet [1980]: 40).

Samevattend beskou, bestaan die dienswerk van die drie ampte in verkondiging, regering en barmhartigheid. Groot erns word gemaak met die feit dat elke ampsdraer deur die gemeente en daarom deur God self geroep is, waarmee die amp ingebed word in die Woord van God as die rigsnoer vir die dienswerk van die amp en lewe van elke ampsdraer. In die drie bestaande ampte kom drie lyne van besondere dienswerk na vore wat sekerlik moeilik terug gevoer kan word na bepaalde begrippe in die Nuwe Testament onder andere, maar ook nie so ver verwyder is dat daar geen raakpunt is nie. Dit geld veral vir die amp van die bedienaar van die Woord, aangesien woordverkondiging ‘n sentrale moment in die Bybel verteenwoordig.

Verdere studie oor die ampte in ‘n poging om die sogenaamde funksieverlies te oorkom, is sekerlik eie aan ‘n kerk wat *ecclesia reformata semper reformanda* as Reformatoriese uitgangspunt handhaaf. Dit is egter ‘n vraag wat beantwoord moet word of die oplossing in die toevoeging van meer ampte,

soos byvoorbeeld ‘n evangelis, of ‘n gewysigde ampsopdrag, gevind sal word. Die mening kan hier gewaag word dat wanneer erns met die roeping tot die amp gemaak word, die inkleding van die amp waarskynlik minder problematies daar uitsien.

5.5 Vergaderings van die ampte

Die derde hoofstuk van die Kerkorde handel oor vergaderings van die ampte wat onderskei kan word in vergaderings in die gemeente enersyds, en daarnaas ook vergaderings op rings- en sinodale vlak, wat gewoonlik as meerdere of bykomende vergaderings aangedui word. Die rede waarom die onderskeid gemaak word, is te wyte aan die uitgangspunt dat die gemeente gesien word as die normale werkplek van die Kerk, waardeur geïmpliseer word dat elke gemeente volledig kerk is, ten spyte van die feit dat gemeentes ook in sinodale verband saamgevoeg is. So beskou kan gestel word dat vergaderings in rings- en sinodale verband as organe van bystand gesien word vir elke gemeente. Die gemeente is die primêre werkplek waar die kerk se werk gedoen en die kerk sigbaar word, as die wyse waarop die Kerk op ‘n bepaalde plek bestaan (Ordereël 4). Dit geskied veral deur die verkondiging van die Woord en deur die bediening van die sakramente wat nie op rings- of sinodale vlak plaasvind nie.

Daarom kan die vergaderings van die ampte in die gemeente gesien word as die primêre vergaderings van die ampte, teenoor díé op rings- en sinodale vlak as bykomende vergaderings. Sedert die Discipline Ecclésiastique 1559, wat die eerste Kerkorde is wat reëlings tref vir ‘n kerklike situasie breër as die enkele gemeente (Pont 1981: 48), bestaan meerdere of bykomende vergaderings wat alhoewel die verhouding tot die vergaderings in die gemeente nie deur almal presies dieselfde gesien en waardeer is nie, deel uitgemaak het van die kerklike struktuur. Die feit dat gemeentes nie in ‘n eilandsituasie bestaan nie, maak meerdere vergaderings vanselfsprekend as gevolg van die feit dat gemeentes dikwels dieselfde probleme ondervind, of dat die geloof gemeenskaplik is wat beteken dat saam oor die inhoud van belydenisskrifte, kerklike orde en liturgie besin word.

Die Kerkorde stel dat ampsdraers dienaars van Jesus Christus is, die enigste Hoof van die kerk. Hulle opdrag behels die verkondiging, toerusting, opbouing, versorging, beskerming, regering en leiding van die Kerk (Ordereël 3). Om díé opdrag uit te voer, kom hulle in vergaderings van die ampte byeen. In die

aanhef van Ordereël 3 word ook verwys na die anti-hiërargiese beginsel wat in die Franse Discipline Ecclésiastique 1559, Artikel 1 (Pont 1981: 50), en verder in die Kerkorde van Emden, Artikel 1 (Kersten 1980: 41), aangetref word. Die anti-hiërargiese beginsel volg uit die aanhef van Ordereël 3, naamlik dat Jesus Christus die enigste Hoof van die kerk is. Verdere kommentaar volg daarop wanneer aangedui word dat elke vergadering die sake behandel wat deur die Kerkorde aan hom opgedra is, en daardeur beklemtoon dat daar nie ‘n hiërargie van vergaderings van die ampte is nie (Ordereël 3.2) Dit is dieselfde uitgangspunt wat in Artikel 31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis geformuleer is, naamlik dat bedienaars van die Woord, op watter plek hulle ook al mag wees, een en dieselfde mag en gesag het omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is, die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk.

Na die aanhef van Ordereël 3 word gestel dat vergaderings besluite neem op grond van die Skrif in ooreenstemming met die belydenis van die Kerk en die Kerkorde, en met inagneming van die gebruike van die Kerk (Ordereël 3.1). Laasgenoemde staan bekend as die reg van usansie, dit beteken dat die gevestigde gebruik van die Kerk in bepaalde sake normgewend word wanneer besluite met betrekking tot aangeleenthede wat nie kerkordelik omskryf is nie, geneem moet word. Die saak word ook genoem in Ordereël 10.4, asook in Ordinansie 8.3.6 (iv) waar die riglyne vir die ondersoek na ‘n klag ter sprake kom.

Hier word ook gestel dat elke vergadering die sake behandel wat aan hom opgedra is, dit wil sê wat deel van sy werkopdrag en bevoegdheid uitmaak (Ordinansie 3.2). Die standpunt herinner aan die formulering wat onder andere in die Kerkorde van Dordt 1618-19 aangetref word wanneer Artikel XXX stel: ‘In meerdere vergaderingen zal men niet handelen, dan hetgeen dat in mindere niet heeft afgehandeld kunnen worden, of dat tot de kerken der meerdere vergadering in het gemeen behoort’ (Kersten 1980: 183). Dit is nodig dat die verhouding tussen vergaderings onderling gehandhaaf word, sodat daar nie langsamerhand ‘n ongelegitimeerde hiërargie posvat waarin die sinode neig om die kerkraad te oorwoeker nie: ‘Dit onderscheid betekent

niet, dat de meerdere vergaderingen een soort *hoger bestuur* over de mindere zouden vormen, of *hoger in macht* zouden zijn, want volgens de Gereformeerde beschouwing staat er geen hoger bestuur boven de kerkeraad' (Jansen:1952: 144). Die teendeel is natuurlik nie uitgesluit nie, want wanneer die kerkraadsvergadering se gesag en selfstandigheid oormatig beklemtoon word, ontstaan die vraag na die ratifikasie van sinodale besluite, wat op sigself gesien, 'n netelige saak kan word.

Die Kerkorde verwys ook na diegene wat tydelik behulpsaam is in 'n ander amp, soos byvoorbeeld 'n bedienaar van die Woord wat in 'n gemeente as ouderling diens doen, en in die geval nie volle sitting neem in die vergadering van die ampte waar hy behulpsaam is nie (Ordereël 3.3). Die situasie het hom voorgedoen in studentegemeentes waar professore as ouderlinge opgetree het, asook by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering waar predikante as ouderling sitting geneem het. Die verskynsel verleen 'n bepaalde voorrang aan die pastoraat en laat die indruk dat predikante tog bruikbaarder ouderlinge uitmaak.

5.5.1 Vergaderings in die gemeente

Tot en met die implementering van die Kerkorde in 1997 was die kerkraadsvergadering die enigste vergadering van die ampte in die gemeente (Kerkwet, Artikel VI). As vergaderings van die ampte in die gemeente noem die Kerkorde egter die ouderlinge-, diakens- en die kerkraadsvergadering (Ordereël 3.4). Die onderskeid en uitbreiding in vergelyking met die Kerkwet, het beteken dat die onderskeie ampte elkeen tot sy reg kom en oor sake binne hulle bevoegdheid selfstandig besluite kan neem.

Die selfstandige karakter blyk uit die samestelling van die ouderlingevergadering wat bestaan uit ouderlinge en diensdoende predikante, met 'n ouderling as voorsitter en sekretaris. [Ordinansie 3.1.1 (iv)]. Dat 'n ouderling die voorsitter van die vergadering is, blyk uit die feit dat die predikant by 'n tugondersoek as voorsitter optree [Ordinansie 3.1.1 (v)]. Ouderlinge en diakens wat in twee aparte vergaderings oor elkeen se

werkopdrag selfstandig besluite kan neem, gee gevolg aan die reëling wat in die Nederlandse kerkordes gevolg is ten spyte van die feit dat die Nederlandse Geloofsbelydenis 1561 (Artikel 30) dit anders gesien het. Die rede waarom die Sinode van Emden diakens aanvanklik as lede van die kerkraad beskou, is waarskynlik omdat die eenheid van die leer beklemtoon is, en vir die doel moes die Nederlandse én Franse kerkordes onderteken word. 'Gedurende die reformatoriese tyd en solank die presbiteriaal-sinodale kerkordelike reëlings in die Nederlandse kerk gegeld het, was die diakens nié normaalweg lede van die kerkraad nie en het hulle ook nie deelgeneem aan die werksaamhede van die meerdere vergaderings van die kerk nie' (Pont 1981: 228).

Diakens het volgens die Sinode van Emden 1571, Artikel 6 (Kersten 1980: 42), deel uitgemaak van die kerkraadsvergadering, waarskynlik na aanleiding van die Franse Discipline Ecclésiastique van 1559 (Pont 1981: 50), Artikel 3, asook die Nederlandse Geloofsbelydenis 1561, Artikel 30 (NHKA 1997: 128). Die Confessio Gallicana 1559, die geloofsbelydenis wat deur Calvyn geformuleer en op die Franse Sinode van 1559 goedgekeur is, noem slegs in Artikel 29 die drie ampte, sonder om eksplisiet aan te dui dat élkeen deel van die kerkraadsvergadering vorm (Steubing 1985: 131).

In die verdere verloop van die Nederlandse kerkregtelike ontwikkeling het die Provinsiale Sinode van Dordrecht 1574 (Kersten 1980: 64) kommentaar gelewer op Emden se Artikel 6, en in Artikel 4 bepaal dat diakens voortaan nie deel sou uitmaak van die kerkraadsvergadering nie. Daarmee is die moontlikheid dat diakens klassikale en selfs Provinsiale Sinodes kon bywoon ook opgehef. Die moontlikheid is by Emden aanvanklik nog oopgelaat, terwyl tog bepaal is dat diakens nie afgevaardig is na die Algemene Sinode nie (Kersten 1980: 56). Die reëling wat tydens die Sinode van Dordrecht 1574 ingevoer is, het beteken dat diakens sedertdien nie deel van die kerkraad vorm nie en ook nie sitting geneem het in sinodale vergaderings nie.

Die invoering van die Kerkorde in die Nederduitsch Hervormde Kerk sedert 30 Junie 1997 was 'n verdere stap in die rigting van 'n Presbiteriaal-sinodale

kerkregering, waarvan die diakonale struktuur by uitstek genoem kan word omdat diakens nie net tot selfstandigheid gevoer is nie, maar in sy drie vergaderings, gemeentelik, rings- en sinodaal gesproke, die trapsgewyse verteenwoordiging ingevoer het, wat in die Nederlandse kerkregtelike ontwikkeling gegeld het tot met die Sinode van Dordrecht 1618-19. Dit beteken dat diakensvergaderings na ringsdiakensvergaderings, en laasgenoemde na die Algemene Diakensvergadering afgevaardigdes stuur. Dit is nogal opvallend dat die Algemene Kerkvergadering, of presbiteraat, nie díé weg wou volg nie, maar verkies het om die kerkraadsinode uitgangspunt te handhaaf. Daarom moet gestel word dat die diakonale struktuur duideliker in die verlenging staan van die Kerk se kerkregtelike verlede.

Met betrekking tot diakens kan nie na sinodale strukture vir diakens in die Nederlandse kerkregtelike verlede verwys word nie, aangesien diakens dáár hulle dienswerk hoofsaaklik gemeentelik verrig het. Dit is begryplik aangesien in die tyd toe die Presbiteriaal-sinodale kerkregering in Nederland vorm aangeneem het, daar nie allerlei sinodale werksaamhede soos tehuise vir bejaardes en kinderhuise bestaan het nie, wat die spanwerk uitmaak van die gemeentes van die kerk as geheel en dus sinodaal behartig word. Daarom vorm die ringsdiakens- en Algemene Diakensvergadering die resultaat van die kerkregtelike denke wat aan die hand van die presbiteraat uit die kerkregtelike verlede afgelees is. Dit gee aan diakens die volle ruimte om selfstandig en trefseker diakonale werksaamhede tot sy reg te laat kom, en die gelykheid van die amp van die diaken met betrekking tot die ander twee ampte te bevestig.

Die werkopdrag van die drie vergaderings in die gemeente verskil dus van mekaar in so mate dat elke amp afsonderlik, asook die drie ampte gesamentlik, tot hulle reg kom. Die werkopdrag van die ouderlingevergadering (Ordinansie 3.1.2) is nóú met opsig gemoeid oor ampsdraers en vergaderings van die ampte (iii), kategese (xiii), lidmate (xiv), gesinslewe (xv), apostolaat (xvi), jeugwerk (xviii), en barmhartigheid (xx), onder andere.

Die werkopdrag (Ordinansie 3.2.2) van die diakensvergadering in die gemeente is om die barmhartigheid in die gemeente te beplan, te koördineer en uit te voer (iii). In díé struktuur kan diakens selfstandig besluit (iv) en barmhartigheid bewys soos dit in elke gemeente nodig mag wees. Die daarstelling van ‘n selfstandige diakensvergadering maak dit moontlik dat diakens selfstandig teenoor die ander twee ampte hulle dienswerk kan verrig.

Die derde vergadering van die ampte is die kerkraadsvergadering waar bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens gesamentlik vergader om sake te bespreek wat deel van die werkopdrag van die kerkraad vorm. Beskouing van die werkopdrag (Ordinansie 3.3.2) dui aan dat die kerkraad se verantwoordelikheid meer op stoflike gebied gevind word, soos onder andere die skepping en onderhouding van die standplaas (i), verantwoordelikheid oor die gemeentelike administrasie (v), besluite oor die stoflike belang van die gemeente (viii), toesig oor die notules van die verskillende vergaderings (ix), sensus (x), vaardig ampsdraers af na bykomende vergaderings (xii), en win skriftelike advies in van die ringsvergadering en Raad van Finansies vir voorlegging aan die gemeentevergadering wanneer oorweeg word om enige eiendom te koop of te vervreem (xvi). Bogenoemde enkele aanduidinge van die werkopdrag van die kerkraad bevestig die kerkraad se verantwoordelikheid oor stoflike en administratiewe aangeleenthede.

Aan die hand van die Presbiteriaal-sinodale stelsel blyk dat die drie ampte wat aanvanklik ingestel is, steeds in elke gemeente van die Kerk bestaan, met die gevolglike onderskeie werkopdrag van elke vergadering wat gesamentlik en afsonderlik deur die drie ampte vergestalt word. Die feit dat diakens selfstandig funksioneer, gee uiting aan die Nederlandse tradisie van kerkregering, terwyl die moontlikheid om saam te vergader in die kerkraad dui op die Franse invloed, alhoewel die onderskeie werkopdragte van elke vergadering op die sterker invloed van die Nederlandse model dui.

Daar bestaan ander vergaderings in die gemeente, of kan in die lewe geroep word wat nie noodwendig vergaderings van die ampte is nie, en ook nie so genoem word nie. Hier word gedink aan die finansiële kommissie [Ordinansie

3.3.2 (viii) (i)] of diakonale dienskomitees [Ordinansie 3.2.2 (v)], onder andere. Kerkrade kan na goeddunke kommissies in die lewe roep om voorgeskrewe opdragte uit te voer, mits dit nie in stryd is met die Kerkorde nie [Ordinansie 3.3.2 (xviii)].

5.5.2 Vergaderings op ringsvlak

Naas vergaderings van die ampte in elke gemeente bestaan daar op die vlak van die ring, of classis soos dit in die Nederlandse era (Kersten 1980: 184) en selfs vandag nog gebruiklik is (Van der Linde 1983: 119), die ringsvergadering en die ringsdiakensvergadering. Dit is vanselfsprekend dat die selfstandigwording van die vergaderings van die ampte in die gemeentes van die Kerk ook op ringsvlak neerslag sou vind. Daarom funksioneer by die ring twee vergaderings van die ampte, naamlik die ringsvergadering wat die vergadering is wat saamgestel word deur bedienaars van die Woord [Ordinansie 3.4.1 (i) (a)] en twee afgevaardigde ouderlinge van elke gemeente [Ordinansie 3.4.1 (i) (b)]. Die ringsvergadering bevorder onder andere kerklike dienswerk in die ring [Ordinansie 3.4.2 (i)], hou opsig oor en gee leiding aan die dienswerk van die ampsdraers en die vergaderings van die ampte in die ring [Ordinansie 3.4.2 (ii)], oefen opsig en tug uit oor predikante, ouderlinge en diakens en vergaderings van die ampte in die ring [Ordinansie 3.4.2 (iii) (iv] en bevorder deur visitasie in gemeentes die Bybels-Reformatoriese teologie [Ordinansie 3.4.2 (vi) (b, d)]. Samevattend kan dus gestel word dat die ringsvergadering met opsig en tug gemoeid is en alle sake hanteer wat daarmee in verband staan, waaronder ook die finansiële belang binne die ring [Ordinansie 3.4.2 (xvii)]. Die ringskommissie tree *mutatis mutandis* in die plek van die ring wanneer die ring nie sit nie, en behartig alle sake wat die ring raak.

Die indruk bestaan dat die ring oor die algemeen beskou, ietwat onderpresteer, waardeur moeilik die indruk van ‘n verslagvergadering in plaas van ‘n regeervergadering ontkom kan word.

Die samestelling van die vergadering van die ringsdiakens is ietwat anders aangesien twee diakens uit elke gemeente afgevaardig word met volle stemreg, terwyl ‘n predikant of meer wat deur die ringsvergadering benoem is, die vergadering bywoon met adviserende stem [Ordinansie 3.6.1 (i) (a, b)]. Laasgenoemde reëling sedert die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering is waarskynlik nie wys gewees nie. Daar is begrip vir die volledig selfstandigwording van die diaken, maar die saak is oorspan aangesien geen kerkregtelik-teologiese rede aangevoer kan word waarom die predikant nie ten volle deel van die struktuur kan vorm nie.

Die werkopdrag van die vergadering is uitsluitlik op barmhartigheid afgestem, wat samevattend daarin bestaan om oor barmhartigheidswerk in die ring te besin, te beplan, te bevorder en te koördineer [Ordinansie 3.6.2 (i)]. Deur ‘n diakonale vergadering op ringsvlak te skep, is hier ‘n stap verder gegaan as wat in die Presbiteriaal-sinodale stelsel gevind word. Dit is egter begryplik aangesien diakens in die Nederlandse kerkregtelike ontwikkeling nie deel van die kerkraad gevorm het nie, en daarom ook nie by die klassis of sinode betrokke was nie, veral ook omdat daar nie sinodale strukture soos tehuise vir bejaardes bestaan het nie.

5.5.3 Vergaderings op sinodale vlak

Die vergaderings van die ampte wat in die ring bestaan, word ook op sinodale vlak aangetref, naamlik die Algemene Diakensvergadering en die Algemene Kerkvergadering [Ordereël 3.5 (iii) en (iv)]. Die samestelling van díé twee sinodale vergaderings vertoon ‘n opvallende verskil. Die Algemene Diakensvergadering word saamgestel deur afgevaardigdes wat deur die ringsdiakensvergadering afgevaardig word [Ordinansie 3.6.2 (xi); 3.11.1 (i) (a)], terwyl die Algemene Kerkvergadering gevorm word deur afgevaardigdes wat deur elke kerkraad afgevaardig word [Ordinansie 3.8.1 (i), (ii)]. Daarmee is ‘n keuse gemaak vir die behoud van die sogenaamde kerkraadsinode (kyk Pont [1979]).

In die formulering van Ordinansie 3.8.1 (i) word die indruk gewek dat predikante *ipso facto* lede van die vergadering uitmaak, terwyl ouderlinge *afgevaardig* word [Ordinansie 3.8.1 (ii)] (eie kursivering). Ouderlinge neem sitting op die Algemene Kerkvergadering sonder om aan die rotasiebeginsel onderhewig te wees. ‘n Poging deur die Raad vir Regsadvies om die saak tydens die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering reg te stel, was nie suksesvol nie (NHKA 2001d: 243). ‘n Verdere opvallende verskil bestaan daarin dat nie net diensdoende predikante nie, maar ook predikante met besondere opdrag, beroepafwagtende predikante, asook teologiese dosente, volle lede van die vergadering uitmaak, terwyl by ringsvergaderings slegs predikante wat aan standplase verbonde is, volle stemreg geniet [Ordinansie 3.4.1 (i) (a)]. Predikante met besondere opdrag, teologiese dosente, beroepafwagtende predikante en proponente neem sitting in die ringsvergadering met adviserende stem [Ordinansie 3.4.1 (i) (c)]. Die verskil is aan die funksionele ampsbeskouing te wyte wat kennelik by die Algemene Kerkvergadering verby gegaan word, terwyl die kerkraadsinode beginsel gehandhaaf word. ‘Die feit dat **alle** predikante as vanselfsprekend die Algemene Kerkvergadering as lede bywoon, skep tog die indruk dat aan die amp van dienaar van die Woord ’n hoër waarde geheg word as aan die amp van die ouderling’ (Pont [1970]: 137).

Die verskil kan verder beskryf word aan die hand van die trapsgewyse verteenwoordiging wat in die diakonale struktuur toegepas word, terwyl dit by die presbiteraat links gelaat word. In praktyk beteken dit dat die Algemene Kerkvergadering beide met die ringsvergadering en die kerkraad in ‘n v-vormige formasie verbind is. Waarskynlik is díé opstelling grootliks te blameer vir die onderfunksionering van die ringsvergadering, wat noodwendig beteken dat aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering redelike prominensie verleen word as die spreekbuis namens die Algemene Kerkvergadering, wat slegs elke drie jaar vir ‘n week in sitting is. Die toestand is onafwendbaar as gevolg van die grootte van die Algemene Kerkvergadering en die koste wat die vergadering meebring.

Na registrasie was daar by die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering ‘n totaal van 604 stemgeregtigdes, saamgestel uit 329 predikante en 275 ouderlinge, teenwoordig (NHKA 2001d: 37). Die samestelling van die vergadering met betrekking tot die twee ampte, met verwysing na die getalle oorwig van predikante, is opvallend. Die moontlikheid was daarmee gegee dat predikante die vergadering kon oorheers. As die vasstelling van traktemente en emolumente as voorbeeld gebruik word, beteken dit dat predikante daaroor selfstandig kan besluit. Díé wanbalans dui op ‘n opvallende afwyking van die uitgangspunt dat die twee ampte gelyk is, en gee aan predikante die moontlikheid tot ‘n sinodale hiërargie. Die reëling toon ook ‘n afwyking met betrekking tot die afvaardiging na die ring [Ordinansie 3.4.1 (i) (a) en (b)], waarskynlik vanweë die probleem met getalle as gevolg van die kerkraadsinode uitgangspunt. Die situasie word in die hand gewerk deur die feit dat diensdoende predikante in gemeentes, predikante met besondere opdrag, beroepafwagtende predikante en teologiese dosente sitting neem [Ordinansie 3.8.1 (i)], dus nie net diegene wat aan standplase verbonde is nie, wat ‘n afwyking van die funksionele ampsbeskouing beteken.

As verder in aanmerking geneem word dat die agenda 524 bladsye beslaan het, en die bylaes ‘n verdere ongeveer 260 bladsye daaraan toevoeg, is dit duidelik dat ‘n vergadering van díé omvang nie kwistig met spreekbeurte kan omgaan nie, selfs wanneer spreekbeurte nie vyf minute mag oorskry nie.

Iets van ‘n onrustigheid oor die grootte en effektiwiteit van die vergadering is verwoord in ‘n besluit dat aandag gegee moet word om opnuut vas te stel of dit so is dat alles wat in die agenda opgeneem is, werklik deur die vergadering behandel móés word. Die voorstellers is van mening dat Ordinansie 3.8.2 (ii) (e) wat verwys na ander sake wat die Kerk in geheel raak, en wat ander vergaderings van die ampte nie kan afhandel nie, moontlik die invalshoek skep dat die vergadering ‘n groter las dra as wat werklik nodig is. Positief gestel, wou die voorstel gesprek aan die gang sit om daadwerklik te probeer om ander vergaderings van die ampte soos die ringsvergadering beter te benut (NHKA 2001d: 621).

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het ‘n kommissie onder voorsitterskap van dr W A Dreyer saamgestel wat aan die saak aandag moes gee. In die verslag van die kommissie (NHKA 2003d) is aanvaar dat die grootte van die vergadering ‘n gegewenheid is, dus ‘n aangepaste kerkraadsinode (Pont [1982]: 119). Die kommissie is verder van mening dat die vergadering reeds optimaal verloop daar die vergadering in vyf dae afgehandel kan word. Moontlik kan oorweeg word om die stemprosedure te bespoedig. Die kommissie is verder van oortuiging dat oorweeg kan word om Ordinansie 3.8.2 (i) te skrap, terwyl geen kommentaar oor Ordinansie 3.8.2 (ii) (e) gelewer word nie, maar tog beklemtoon dat die agenda onder oë geneem word sodat sake wat elders afgehandel kan word, nie na die Algemene Kerkvergadering deurgevoer word nie.

Die kommissie het die moontlikheid van die verkleining van die vergadering nie oorweeg nie, dit terwyl díé model in die Kerk by die diakonaat reeds bestaan. Diakens werk met ‘n trapsgewyse verteenwoordiging, wat die manier is waarop in die Nederlandse kerkregtelike tradisie na meerdere vergaderings afgevaardig is. Dit sou beteken dat die ring op dieselfde lyn tussen die kerkraad en die Algemene Kerkvergadering ingeskakel word wat die huidige onderfunksionering van die ringsvergadering kan ondervang. Daarmee saam kan dit ‘n redelik verkleinde Algemene Kerkvergadering tot gevolg hê. As by wyse van spreke aanvaar word dat drie ouderlinge en twee (of drie) predikante uit elke ringsvergadering afgevaardig word, beteken dit dat uit die 39 ringe 195 (of 234) afgevaardigdes ter vergadering sou kom. Dit is ‘n beduidende afskaling, maar sonder om te verval in die situasie wat in die Nederlandse Hervormde Kerk sedert 1816 (Pont 1991: 91; Hooijer 1848: 28-29; Van der Zee sj: 17) gegeld het. Die Generale Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk bestaan tans uit 56 lede wat jaarliks byeen kom (NHK 1969: 33).

Verkleining van die Algemene Kerkvergadering kan bruikbare moontlikhede op die tafel plaas wat vir die Kerk in breë verband voordelig mag wees. Trapsgewyse verteenwoordiging sou tot gevolg hê dat die driejaarlikse vergadering veel meer vaartbelyn sou verloop, veral as ernstig nagedink word

oor die draagkrag van Ordinansie 3.8.2 (ii) (e), wat ander sake behels, wat ander vergaderings van die ampte nie kan afhandel nie. Is die Kerk werklik oortuig dat ander vergaderings van die ampte nie aangeleenthede kan afhandel wat tans deel uitmaak van die agenda van die Algemene Kerkvergadering nie?

‘n Verkleinde Algemene Kerkvergadering kan jaarliks vergader, nádat ringsvergaderings plaasgevind het. Die koste vir afgevaardigdes om ‘n jaarlikse vergadering by te woon, kan uit ringsfondse wat deur kerkrade voorsien, bestry word, en beteken dat dit vir die Kerk oor die langer termyn beskou nie groter koste sal meebring nie, aangesien die vergadering slegs uit ‘n derde van die geheel bestaan wat gewoonlik driejaarliks vergader het. Die jaarlikse byeenkom van die Algemene Kerkvergadering sou die druk op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering as *synodus contracta* (Pont [1982]: 127) aansienlik verminder.

Pogings tot verkleining van die Algemene Kerkvergadering gaan terug na die jare sestig, toe die vyf en vyftigste Vergadering besluit het om die verkleining van die vergadering te ondersoek aan die hand van die Presbiteriaal-sinodale stelsel (NHKA 1967: 179). Die daaropvolgende vergadering het die voorstelle tot verkleining verwerp en die *status quo* gehandhaaf deur vas te stel dat die vergadering saamgestel word uit die predikante en een afgevaardigde uit ‘n kerkraad van elke gemeente (NHKA 1970: 108). Pont wys in 1970 reeds daarop dat die kerkregtelike stelsel wat sedert 7 Januarie 1816 in Nederland in werking getree het, die rotasiebeginsel halfhartig behou het, en dat die kerkregtelike stelsel wat sedert 1824 aan die Kaap gevestig het, duidelike tekens van die kollegiale kerkregtelike denke vertoon het (Pont [1970]: 124). ‘Met díé invloed het dit byna ook vanselfsprekend gebeur dat die voorbeeld van die demokratiese Staatsinrigting en die daarmee saamgaande parlementaristiese gedagte ‘n rol in die Kerk begin speel het....[Dit het] ook in ons Kerk, veral die karakter van die Sinodale vergadering aangetas’ (Pont [1970]: 135). Dit het tot gevolg dat verteenwoordiging belangrik word en sodoende kom die dwingendheid na vore dat elke kerkraad, en dus elke

gemeente, verteenwoordig moet word om deur meerderheid van stem besluite te neem (Pont [1970]: 136).

> Die basiese probleem met die verkleining van die Algemene Kerkvergadering bly egter dat die hele aangeleentheid grotendeels vanuit die kollegialistiese beïnvloeding van die verlede benader word en die Kerk dus nog, miskien onbewus, gesien word as ‘n vrywillige genootskap waarvan die hoogste bestuursliggaam so demokraties moontlik saamgestel moet word. Daarby moet die verteenwoordiging so breed moontlik wees om sodoende die gesagsbasis van die vergadering nie aan te tas nie.
>
> (Pont [1970]: 138)

Kerkordelik beskou, is die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ‘n erfenis uit die Algemeen Reglement van 1816 wat die instelling van ‘n sinodale kommissie soos volg gemotiveer het:

> Uit aanmerking, dat de Nederlandsche Hervormde Kerk alleen gedurende veertien dagen in het jaar door de Synode werd vertegenwoordigd, en het, zoo, om voor de Synodale besluiten te zorgen, als anderzins, hoogst wenschelijk en noodzakelijk scheen, dat de Ned. Herv. Kerk een vaste vertegenwoordiging had, is tot het daarstellen eener permanente Synodale Commissie besloten;
>
> (Hooijer 1848: 41)

In die bedeling van die Kerkwet wat in 1997 ten einde geloop het, was dit deel van die werkopdrag van die Kommissie om die besluite van die Algemene Kerkvergadering uit te voer, sake af te handel wat voor die Vergadering gedien het, *of moes gedien het*...(eie kursivering) (Bepaling 14 1 d). Die moontlikheid het bestaan dat díé sinsnede so uitgelê kon word dat die Kommissie volledig in die plek van die Algemene Kerkvergadering ingeskuif het wanneer die Algemene Kerkvergadering nie in sitting was nie (Pont [1982]: 127).

Die Kerkorde het díé bevoegdheid weggeneem, maar die moontlikheid om namens die Kerk te praat, te getuig en op te tree wanneer die Algemene Kerkvergadering nie in sitting is nie [Bepaling 14 1 a; Ordinansie 3.10.2 (xx)] gehandhaaf. Dit is opvallend dat die bevoegdheid wat aan die Kommissie verleen word, nie ook met betrekking tot die Algemene Kerkvergadering geld nie. Dat dit nie aan die Algemene Kerkvergadering verbind word nie is begryplik,

> want die Algemene Kerkvergadering is nie ‘n demokraties-verkose liggaam wat die kerk verteenwoordig nie. Die Algemene Kerkvergadering is ook nie ‘n verskyningsvorm van die kerk nie en kan dit ook nooit wees nie. *Immers die Algemene Kerkvergadering is ‘n vergadering van die ampte in die kerk om as ‘n middel in die hand van Jesus Christus sy kerk deur Woord en Gees te regeer*. Die Algemene Kerkvergadering verteenwoordig hoogstens *die ampte* maar nooit die kerk nie want die Algemene Kerkvergadering is nie ‘n parlementaristies-demokratiese liggaam nie maar ‘n liggaam wat in die Christokraties-Pneumatiese orde van die kerk staan.
>
> (Pont [1982]: 126)

Wanneer sodanige bevoegdheid aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering opgedra word, beteken dit by implikasie dat die Algemene Kerkvergadering ‘n verskyningsvorm van die Kerk is, want dit is die enigste manier hoe die Kommissie die bevoegdheid kan uitoefen (Pretorius 1982: 126). Die prominente posisie van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word verstewig deur die feit dat die uitleg van die Kerkorde ook aan die Kommissie opgedra word [Ordinansie 3.10.2 (ix)]. As verder in gedagte gehou word dat die Kommissie tug uitoefen oor dienaars van die Woord, gepaard met die afwesigheid van rotasie tot en met 1997 toe die Kerkorde dit beëindig het, word die prominente posisie van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering begryplik. Die saak word verder aangehelp as die mening vanuit die Kommissie geloods word dat die Kerkorde gewysig moet word om dit moontlik te maak dat ‘n lid van die

Kommissie ringsvergaderings *ipso facto* kan bywoon omdat hy kerkordelik daartoe gemagtig word, en nie slegs op uitnodiging nie. Dit kom neer op ‘n wysiging van Ordinansie 3.4.1 (i) (d) sodat die woorde ‘wanneer daartoe uitgenooi’ geskrap word, wat sal beteken dat ‘n lid van die Kommissie ‘n ringsvergadering kan bywoon met spreekreg. Die interpretasie dat ‘n lid van die Kommissie of die Administrateur huidig nie ‘n ringsvergadering kan bywoon nie, tensy ‘n uitnodiging ontvang word, is vreemd aan die Kerk en dui op ‘n besonder rigiede uitleg van die Kerkorde (NHKA 2003e: 14). Moontlik kan dit te wyte wees aan die feit dat die Kerkorde ‘n opsigtaak toeken aan die Kommissie ten opsigte van die ringsvergadering (Ordinansie 8.2.3), maar die aandrang daarop beklemtoon die prominente rol van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in die kerkregering van die Kerk.

Die prominente sinodale kommissie wat in die Nederduitsch Hervormde Kerk oor jare inslag gekry het, met sy nie minder prominente destydse kontinuerende voorsitter, het aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ‘n rol toegeken wat in die kerklike reg as ‘n kollegiale moment aangedui kan word. Dit moet onderskei word van die Kollegialisme wat die kerkregtelike sisteem is wat in die Duitse kerklike lewe sedert die agtiende eeu posgevat het (Pont 1991: 112 verv., kyk ook De Wet 1921; Biesterveld en Kuijper: 1905). Die rede waarom in elk geval na die Kollegialisme verwys word, is dat laasgenoemde ‘n bepaalde vorm van verenigingsreg is (Pont 1991: 119), waar meerderhede bepalend en gewoonlik hiërargies gedink word, sonder om aan ‘n deurwinterde kerkregtelike praktyk gevolg te gee. Dat dit nie vergesog is nie, het Pont in 1970 met die invoering van die tydelik deeltydse predikant aangedui toe hy gesê het: ‘...omdat daarmee beklemtoon sal word dat die beginsels van die liberale, kollegiale kerkreg, wat weinig verband met Skrif en Belydenis het, vir die Vergadering belangriker is as die Bybels-Reformatoriese kerklike orde’ (Pont [1973]: 117).

Weerstand teen die verkleining van die Algemene Kerkvergadering word dikwels gemotiveer met die vrees dat ‘n kleiner vergadering gemanipuleer kan word. Die manier waarop in die verlede stemming gemaak is om lede van die

Algemene Kommissie te verkies (Oberholzer 1999: 456), asook die aanvaarding van besluite wat die Vergadering in die verlede afgewys het en teen die grein loop van die Reformatoriese Kerkreg, soos die deeltydse predikant wat tydens die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering weer ingevoer is, toon aan dat ‘n groot vergadering nie noodwendig kerklike besluite neem nie, vanweë die somtydse afwesigheid van kerklike denke (Noordmans 1984: 430, 444).

Die sinodale struktuur in die Nederduitsch Hervormde Kerk met sy verskillende rade en kommissies, het daarop uitgeloop dat die Kerk se werk sinodaal georiënteer geraak het, wat beteken dat alles van die Algemene Kerkvergadering en veral sy Kommissie verwag word. Die situasie sal vererger indien die sogenaamde etiese kode aanvaar word waar aan die bedienaar van die Woord punte toegeken word vir goeie gedrag, of wanneer gevolg gegee word aan die instelling van ‘n stelsel van sentrale versorging vir predikante (NHKA 2001c: 465). Die uitgangspunt moet steeds in gedagte gehou word dat die gemeente die terrein is waar die kerk se werk gedoen word, en dat die sinode en sy strukture bykomstig is.

Naas die sinodale vergadering en sy Kommissie by die presbiteraat, is deur die invoering van die Kerkorde ook aan parallelle strukture vir die diakonaat gevolg gegee. Die Algemene Diakensvergadering word saamgestel uit twee ampsdraers wat deur die ringsdiakensvergadering afgevaardig is [Ordinansie 3.11.1 (i) (a)] wat uit die aard van die saak twee diakens is, aangesien die ringsdiakensvergadering slegs uit diakens saamgestel word met volle stemreg [Ordinansie 3.6.1 (i) (a)]. Dit beteken uit de aard van die saak dat die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering ook uit diakens sal bestaan.

Na aanleiding van die feit dat die reëling problematies beleef word, doen die diakens aan die hand dat sekere kerkordelike wysigings aangebring moet word aan Ordinansie 3.6.1 (i) (b) om alle predikante wat aan standplase verbonde is met adviserende stem sitting te laat neem (NHKA 2004e: 21). Dieselfde wysiging word ook by die Algemene Diakensvergadering voorgestel

deur die wysiging dat een predikant uit elke ringsdiakensvergadering benoem word as deel van die Algemene Diakensvergadering met adviserende stem [Ordinansie 3.11.1 (i)] (NHKA 2004e: 22). Volgens die voorstellers sal bedienaars van die Woord op díé wyse nouer betrokke raak by die diakonaat (sic)!

Vergelykend kan daarop gewys word dat in die Nederlandse kerkregtelike ontwikkeling nie ‘n sinodale struktuur vir diakens gevind word nie. Dit beteken dat hier vanweë veranderde omstandighede soos tehuise vir bejaardes en kinderhuise verantwoordelikhede op sinodale vlak ontstaan het, wat ‘n sinodale kerkregtelike struktuur vir diakens nodig gemaak het. Deel van die eie denke wat hier ter sprake kom, is dat bedienaars van die Woord saam met diakens betrek word vir die diakonaat, soos wat by die presbiteraat gebeur. As die rotasiebeginsel daarmee saam toegepas word, hoef deelname van bedienaars van die Woord met volle stemreg by die diakonaat nie problematies te wees nie. As gevolg van die feit dat bedienaars van die Woord met volle stemreg uit die diakonaat verwyder is, word die reëling problematies ondervind en toegegee, wanneer gestel word dat dit ‘n fout was

> van die tweede Algemene Diakensvergadering om aan die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering aan te beveel dat die predikant deur die Kerkorde uitgeskryf moet word uit die Algemene Diakensvergadering en sy Kommissie...Die praktyk wys dat vergaderings van die diakonaat baie beter funksioneer waar predikante betrokke is.
>
> (NHKA 2004: 3; NHKA 2004d: 27)

Dienaars van die Woord het aanvanklik as volle lede sitting geneem [NHKA 1997: 47; Ordinansie 3.6.1 (i) (b)], maar die reëling is deur die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering gewysig. Daar kan met goeie reg argumenteer word dat verkondiging van die Woord sentraal staan in alle kerklike handelinge. Deel van die kerklike diakonaat wat ‘n inherente onderskeiding is van maatskaplike werk, is juis om nie net die maatskaplike nood van die lydende te verlig nie, maar ook aan te dui dat die sonde sy

werklike nood is wat deur die versoening in en deur Jesus Christus genees word. Behalwe dit leef die mens nie van brood alleen nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom (Matt 4: 4). Wanneer toegegee word dat laasgenoemde deel uitmaak van die verkondiging word dit ook duidelik waarom bedienaars van die Woord op goeie teologiese gronde by die diakonaat betrek moet word:

> Na deze eerste kennismaking met het woord *diakonos*, resp. *diakonia*, willen wij vervolgens de aandacht vestigen op het fundamentele feit, dat Christus zijn eigen messiaanse werk als een *diakonia* ons heeft voorgesteld....Alle *diakonia* die ooit op aarde in de naam van Christus en in de gemeente van Christus geoefend wordt, komt voort uit déze *diakonia* van onze Borg en Middelaar.
>
> (Trimp 1990: 456)

As die amp van die bedienaar van die Woord nie vereng word tot prediking en opsig of regering nie, kan die amp van die bedienaar van die Woord gemaklik by die diakonaat betrek word. Die dienswerk van die bedienaar van die Woord is ‘n gegewenheid uit die hand van Jesus Christus, en juis díé uitgangspunt maak die amp van die dienaar van die Woord betrokke by alle fasette van kerklike werk, ook by die diakonaat. Noue betrokkenheid by die Woord beteken dat die verkondiging van die evangelie nie beperk is tot die prediking alleen nie, maar dat naas die prediking as primêre verkondigingsgestalte, alle ander dienswerke as verkondigingsgestaltes gesien moet word.

Daarom sal dit betekenisvol vir die diakonaat wees as bedienaars van die Woord met volle stemreg by die ringsdiakensvergadering betrek word, in verhouding dat vir elke gemeente een predikant met twee diakens afgevaardig word. Dit is ook die verhouding by die presbiteraat op ringsvlak [Ordinansie 3.4.1 (i) (a) en (b)]. Dieselfde kan ook gebeur na die Algemene diakensvergadering wat uit elke ringsdiakensvergadering een predikant en twee diakens afvaardig. Die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering kan eweneens saamgestel word uit vier bedienaars van

die Woord en ses diakens, en die kommissie van die ringsdiakensvergadering uit twee predikante en drie diakens. Verder kan die moontlikheid oop gelaat word sodat predikante nie noodwendig as voorsitter of skriba verkies móét word nie. Sodoende word goeie voorrang aan die amp van die diaken verleen. Eweneens neem die predikant as volle lid van die diakensvergadering sitting, maar word nie as voorsitter gekies nie, aangesien rotasie in die meeste gemeentes wat net oor een predikant beskik nie moontlik is nie. Daarmee word die parallel van die ouderlingevergadering gevolg. Die mening bestaan dat in die lig van die omvang van die diakonale werksaamhede in gemeentes, die reëling nie problematies ondervind sal word nie.

5.5.4 Die gesag van meerdere of bykomende vergaderings

Meerdere vergaderings en hulle gesag is ‘n aangeleentheid wat in die kerkregtelike ontwikkeling van die verlede tot op hede verskillend geïnterpreteer is. Dit het nie net tot verskil van mening beperk gebly nie, maar aanleiding gegee tot kerklike spanning, selfs kerklike afskeidings (Rasker 1981: 171-190). In die kritiek wat in die gesprek tydens die Doleansie gevoer word, kom die ‘sinodale juk’ telkens ter sprake. In Kuyper se geskrif Tractaat van de Reformatie der Kerken, wat as grondplan dien vir die Gereformeerd Kerkelijk Congres wat vanaf 11 tot 14 Januarie 1887 plaasvind in die Frascati gebou in Amsterdam (Rullman 1929: 62; Rasker 1981: 188), word gesê:

> daarentegen zijn een soort onvolkomen kerken, die ook wel volkomen zouden willen en konden zijn, maar die hierin verhinderd worden niet door het kruis der vervolging, dat de overheid over haar brengt, maar uitsluitend door den druk die een ingedrongen en dus valsch kerkbestuur op haar uitoefent...door de ongetrouwigheid of ook door de verklaarde vijandschap van valschelijk ingeslopen kerkregeerders, belet wordt als kerk uit te komen en haar leven te toonen.
>
> (Kuyper 1883: 88)

Die saak word ook soos volg verwoord:

> Het was haar schuld, waar ze steeds meer de leervrijheid in de Kerk bevorderde en ook de goedgezinden meer en meer tegen zich in het harnas joeg. De ellendige toestanden op geestelijk gebied, de kerkelijke onzekerheid en de machtswellust der Besturen waren even zoovele factoren om de schare te drijven in de armen van het separatisme.
>
> (de Wilde sj: 12)

Die kerklike afskeiding wat hierop gevolg het gaan dus van die standpunt uit dat die genoemde sinodale juk kerklike bestaan bemoeilik het, en dat afskeiding die enigste alternatief was. Uit die kerkregtelike denke wat daaruit spruit word twee weë gevolg wat uitloop op die kerkregtelike eieaardigheid wat enersyds in die vryekerk, en andersyds in die volkskerk aangetref word. In die onderskeiding word die begrip kerkverband van besondere waarde geag en selfs as noodsaaklik beskou. As motivering word gestel dat 'kerkverband rust niet uitsluitend of zelfs in hoofdzaak op overeenkomst en afspraak van menschen, maar vooral op het *jus divinum*, gelijk dit in de Heilige Schrift ons geopenbaard is....Zij is integendeel in groote lijnen het standpunt, dat alle Gereformeerde theologen ingenomen en verdedigd hebben' (Nauta 1946: 136 kyk ook Bouwman 1937: 411).

Daaruit volg ook dat elke gemeente as *ecclesia completa* beskou word en daarom as kerk bekendstaan. Vanweë die feit dat elke sodanige kerk as liggaam van Christus gesien is, wat selfstandig bestaan as *ecclesia completa*, word 'n kerkverband vanselfsprekend as die manier om die geponeerde selfstandigheid weer tot eenheid te omskep. Wanneer dit gestel word, is die volgende stap om vas te stel hoe die verskillende 'kerke' tot besluitneming kom in klassikale of sinodale vergaderings. Dit is duidelik dat die situasie waarteen reageer is die sinodale juk was en dat gepoog is om nie weer in dieselfde situasie te beland nie. 'Want sommigen, onder wie met name genoemd moeten worden J van Lonkhuizen en S Greijdanus, waren van oordeel dat zij niet mochten meegaan in de nieuwe richting, omdat die naar

hun mening moest uitkomen bij een weer invoeren van hierarchie en een veroordeling van de Doleantie inhield' (Kuypers 1948: 16).

Ten spyte van die sinodale juk kan aan meerdere vergaderings nie ontkom word nie, hetsy waar kerkverband prominent funksioneer, of nie, tensy totaal in independentisme verval word. Daarom is die vraag na die gesag van sinodale vergaderings 'n belangrike vraag wat verskillend beskou word.

Eerstens is dit so dat afgevaardigdes na 'n sinodale vergadering deur die gemeente (of kerk) afgevaardig word en per geloofsbrief sitting neem. Enersyds kan redeneer word dat sodanige afgevaardigde namens die kerkraad deur wie hy gestuur is sitting neem, en húlle besluite moet uitvoer, of andersyds dat hy deur die kerkraad gestuur is om op sinodale vlak op dieselfde manier besluite te neem as in die kerkraad deur wie hy afgevaardig is. Die een moontlikheid beteken dat 'n sinodale afgevaardigde sy kerkraad verteenwoordig, en die ander moontlikheid is dat hy as verteenwoordiger van die amp sitting neem.

Wanneer afgevaardigdes van kerkrade in sinodale vergaderings sitting neem, ontstaan die probleem van die ratifikasie van sinodale besluite. Bouwman noem drie moontlikhede. Eerstens dat kerke wat afvaardig, geen oordeel uitspreek en die beslissing aan die afgevaardigde oorlaat. Tweedens, spreek kerkrade wel 'n mening uit, gee aan afgevaardigdes opdrag om die mening aan die meerdere vergadering oor te dra, maar die afgevaardigde nie absoluut te bind nie, waardeur 'n sedelike oordeel oor die afgevaardigde geplaas word om slegs met hoë uitsondering van die kerkraad se mening af te wyk. Derdens word aan die afgevaardigde opdrag gegee om nie anders te stem as wat die kerkraad besluit het nie, tensy met die kerkraad ruggespraak gevoer word en hulle toestemming vooraf verkry word (Bouwman 1937: 163, 164).

Die laaste moontlikheid het moeilik uitvoerbaar geblyk, ten spyte van die

> eis van het Gereformeerde stelsel dat de afgevaardigden naar de synode als gelastigden worden beschouwd, iets waar Kuyper, met name vóór de Doleantie, in zijn strijd tegen de hogere besturen der Hervormde kerk, uitzonderlijk sterke nadruk op legt, zodat hij zelfs spreekt van stemmen volgens lastbrief, Kuyper was evenzeer van oordeel dat het eis van het Gereformeerde stelsel is dat de afgevaardigde naar de synode een generale volmacht ontvangen om naar bevind van zaken, gehoord de argumenten voor en tegen die in discussie naar voren worden gebracht, naar eigen, ter synode eerst definitief gevormd oordeel, te stemmen en te beslissen. En wat door deze afgevaardigden gestemd en besloten is, moet daarna als het besluit der kerken zelf beschouwd worden. Ratificatie van synodebesluiten door de kerken is wel denkbaar, maar zet toch feitelijk het karakter der synoden als vergaderingen van de kerken zelf waarin onder Geestesleiding wordt besloten, weer op losse schroeven.
>
> (Kuypers 1948b: 119)

Dit is redelik vanselfsprekend dat sinodale vergaderings geen sin het nie as die besluite van díé vergaderings nie bindend van aard is op die somtotaal van die gemeentes of ringe wat aan die sinodale vergadering deel het nie. Die binding is nie demokraties of hiërargies van aard nie, maar as aanvaar word dat besluite onder leiding van die Heilige Gees op grond van die Woord, belydenisskrifte en kerklike orde geneem word, word in sinodale vergaderings uiting gegee aan die Christus regering. ‘Slechts in twee gevallen verliest het besluit zijne geldigheid, namelijk wanneer het bewezen worde te strijden tegen het Woord Gods, of tegen de artikelen in die Generale Synode genomen,...’ (Bouwman 1985b: 55). Meerdere vergaderings het dus nie absolute gesag nie, omdat die besluite wat daar geneem word, net soos by die kerkraad, onder leiding van die Heilige Gees geskied, op grond van die Woord, belydenisskrifte en kerklike orde. Sinodale gesag is dus nie sonder meer gelyk aan meerderheidsgesag nie, omdat die laaste woord deur die Skrif, belydenis en kerklike orde gespreek word.

Ten spyte van díé uitgangspunt het dit in die verlede gebeur dat sinodale vergaderings meer prominent word as wat nodig is. Daarom is gestel dat slegs die sake daar bespreek is wat kerkrade nie kan afhandel nie, of wat kerkrade gesamentlik raak. Breedweg beskou, is sake met betrekking tot die leer, liturgie, kerklike dissipline en kerklike orde, tipiese voorbeelde van sinodale werksaamhede (Bouwman 1985b: 50).

Die beskouing oor die gesag en draagkrag van sinodale besluite het in kerke waar minder gewag gemaak is van die sogenaamde kerkverband, ietwat anders verloop. Die relasie tussen gemeentes onderling is ‘n gegewenheid, wat nie eers met die instelling van ‘n kerkverband geaktiveer word nie. Kerkverband word gesien as ‘n samevoeging van kerke, terwyl in kerke waar kerkverband nie so prominent figureer nie, as een kerk wat uit verskillende gemeentes bestaan. Daarom is gemeentes nie kerke nie, want ‘n gemeente is *ecclesia completa ét incompleta*! Soos reeds gestel, kom sinodale vergaderings in beide modaliteite voor, waar ‘n kerkverband prominent funksioneer al dan nie. Verder het sinodale vergaderings geen sin nie as besluite wat geneem word eers deur die kerkraad goedgekeur moet word. Trouens, dit sou die opening van sulke vergaderings in die naam van God, asook dat aanvaar word dat besluite onder leiding van die Heilige Gees op grond van die Woord geneem word, betekenisloos maak. Dit beteken dus dat sinodale vergaderings dieselfde gesag het as kerkraadsvergaderings, met die uitsondering dat die element van afvaardiging by die kerkraad ontbreek.

Met betrekking tot sinodale vergaderings is daar twee moontlikhede. As sinodale vergaderings die gevolg is van die feit dat gemeentes nie self alle sake kan afhandel nie, én dat daar sake van gemeenskaplike belang is, beteken dit dat kerkrade by sinodale vergaderings belang het, en dat sinodale vergaderings saamgestel word deur alle ouderlinge en predikante van die kerkraad. Dit staan bekend as die kerkraadsinode wat in die praktyk, vanweë getalle, ‘n onmoontlikheid is. Daarom kom sinodale vergaderings as ‘n vergadering van afgevaardigde ampsdraers byeen wat namens die kerkraad mag praat deur wie hy afgevaardig is, én ook vanweë die amp wat hy beklee. ‘Die kwaliteit van die meerdere vergadering word dus tegelyk bepaal deur die

feit dat dit bestaan uit afgevaardigde verteenwoordigers van die mindere vergadering én van die amp' (Pont 1981: 230). Die sinodale vergadering is dus wesenlik 'n kerkraadsvergadering wat saamgestel is uit alle gemeentes se kerkrade wat verteenwoordig word deur afgevaardigdes uit elke kerkraad. 'Só gesien is die meerdere vergadering 'n gekombineerde kerkraadsvergadering en in díé kumulatiewe sin van die woord is die sinodale gesag méér as díé van die kerkraad' (Pont 1981: 230). Bronkhorst (1947: 262) maak die volgende opmerking:

> Zijn deze gemeenten primair of is de meerdere vergadering het belangrijkst?....Theologisch gezien is deze vraag echter slechts van praktisch belang, daar toch voorop dient te staan, dat het presbyteriaal-synodale stelsel niet allereerst heeft te voorzien in de vrijheid der plaatselijke gemeenten, maar in de autoriteit van het Woord van Christus in Zijn *ecclesia*. Wanneer de qualiteit der synodeleden niet allereerst gezien wordt in hun afvaardiging, maar in hun ambt, dat ook voor deze samenkomst door een "grondvergadering" der Kerk is erkend, dan kan daaruit principieel slechts worden geconcludeerd, dat het synodebesluit als zoodanig gezag heeft en niet door de eventueele ratificatie, die daarop mogelijkerwijs gevolgd is.

Pont (1981: 231) lewer kommentaar oor sinodale gesag en stel die volgende mening:

> Uitgaande dus van die standpunt dat Jesus Christus onmiddellik sy kerk regeer deur die Gees en Woord, en middellik deur die amp, deur die presbiteraat, het die hervormde vadere die gesag in die kerk in die hande van die sinodale vergadering gelê. Die sinodale vergadering is immers die samekoms van die presbiteraat wat so goed as moontlik die amp én die kerkraad verteenwoordig. Dáár, in die nasionale sinode, lê die hoogste middellike gesag in die kerk in 'n bepaalde land.

Hoewel díé standpunt toegegee word, geskied dit nie sonder voorbehoud nie, aangesien dit ‘n genuanseerde uitspraak is. Besluite van die Algemene Kerkvergadering het ‘n groter draagwydte as die besluit van ‘n enkele kerkraad. Daarom is ‘n beroep op ‘n meerdere vergadering moontlik as iemand onder die indruk verkeer dat hy benadeel is. Tog bestaan die moontlikheid dat die besluit van ‘n kerkraad uiteindelik as die meer korrekte besluit gehandhaaf kan word. Behalwe dit is dit ook so dat die bevoegdheid van die meerdere vergadering net tot op sekere hoogte geld, aangesien slegs die sake op ‘n meerdere vergadering ter sprake behoort te kom wat nie deur ‘n kerkraad afgehandel kan word nie. Die feit dat alle vergaderings, met besondere verwysing na vergaderings van die ampte, deur die Skrif en die belydenisskrifte genormeer word, waarby ook die kerkorde as noodsaaklike derde inbegrepe is, dui daarop dat hier sprake is van ‘n bepaalde dialektiek wat die besluite van kerklike vergaderings relativeer in die lig van die absolute gesag wat deur die Woord van God daargestel word.

As egter ‘n keuse gemaak word tussen die gesag van ‘n meerdere of bykomende vergadering en die van ‘n kerkraad, geniet sinodale gesag voorrang. Maar nie as ‘n sinodale juk nie, maar veel meer as *‘n primus inter pares,* onderhewig aan die gesag van Skrif, belydenis en kerklike orde. Die voorrang wat sinodale vergaderings geniet moet met versigtige grasie beoefen word, omdat sinodale vergaderings volg op kerkrade en gemeentes, en as organe van bystand funksioneer met relatiewe gesag.

Samevattend kan uit die argumente tot dusvêr die afleiding gemaak word dat ongeag of met ‘n prominente kerkverband gewerk word al dan nie, of van kerke of gemeentes gepraat word, sinodale vergaderings eie is aan die Presbiteriaal-sinodale stelsel van kerkregering. Verder dat sinodale vergaderings gesag het, wat omlyn is binne die gesag wat aan kerkrade verleen is deur die voorreg om korrek te besluit op grond van die Woord van God, die belydenisskrifte van die kerk en die kerklike orde, onder leiding van die Heilige Gees. Sinodale vergaderings moet nie oor alles praat nie, maar slegs oor die sake wat gemeenskaplik is en wat gemeentes nie selfstandig kan afhandel nie. Versigtige balans beteken dat gemeentes nie in die sinodale

vergadering opgaan nie, sodat alle besluite in effek van sinodale kant geneem word, wat kerkrade langsamerhand tot sinodale werknemers vervlak.

Die moontlikheid om díé versigtige balans te versteur, is nie net van sinodale kant nie, maar kan ook gebeur wanneer die plaaslike gemeente oorbeklemtoon word as *ecclesia completa*, soos in die Doleansie-kerkreg. 'Die hoogste gesag lê by Christus en sy Woord en dáárdie Woord moet deur die kerk gelees, ondersoek, bely en gehoorsaam word. Dit is die hoogste *onmiddellike* gesag of mag in die kerk en die grootste *middellike* gesag lê by die sinodale vergadering' (Pont 1981: 231).

Laastens, met die voorafgaande in gedagte word die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk vergelyk om vas te stel hoe díé aangeleentheid daar bepaal word. Die Kerkorde dui aan dat die elemente van afvaardiging en verteenwoordiging van die amp gesamentlik 'n rol speel (Ordinansie 3.8). Dit is ook duidelik dat die Algemene Kerkvergadering 'n kerkraadsinode is (Pont [1982]: 119). Dit beteken dat elke kerkraad op die vergadering verteenwoordig word deur sy afvaardiging [Ordinansie 3.8.1 (i) en (ii)]. Besluite van die Algemene Kerkvergadering is bindend vanaf die moment wat die besluit geneem is [Ordinansie 3.8.3 (xii)], tensy die vergadering anders besluit. Eg Presbiteriaal-sinodaal word aangedui dat die vergadering praat oor die leer en belydenis [Ordinansie 3.8.2 (ii) (a)], oor die ampte en die vergaderings van die ampte [Ordinansie 3.8.2 (ii) (b)], die inhoud en die orde van die erediens, dit wil sê oor die liturgie [Ordinansie 3.8.2 (ii) (c)], en oor die orde en dissipline van die Kerk [Ordinansie 3.8.2 (ii) (d)], wat beteken dat die kerkorde deur die Algemene Kerkvergadering vasgestel word. Dit sluit die kerklike dissipline in wat die Algemene Kerkvergadering as appèlliggaam aandui [Ordinansie 3.8.2 (iii); 8.3.8 (i) (d].

Die laaste deel van die werkopdrag van die Algemene Kerkvergadering noem ook 'ander sake wat die Kerk as geheel raak en wat ander vergaderings van die ampte nie kan afhandel nie' [Ordinansie 3.8.2 (ii) (e)]. Dit is nodig dat streng gelet word op díé deel van die Ordinansie sodat die grens nie oorskry word nie, omdat hierin die moontlikheid setel tot die vestiging van 'n topswaar

sinodale struktuur wat oor alles wíl praat, en die neiging in sy Kommissie kontinueer wat buitendien die bevoegdheid het om namens die Kerk te praat, te getuig en op te tree wanneer die Algemene Kerkvergadering nie in sitting is nie [Ordinansie 3.10.2 (xx)].

Die moontlikheid om van die besluite van die Algemene Kerkvergadering te verskil, is inherent aan die Kerkorde wanneer Ordinansie 3.8.3 (xiv) stel: 'laat toe dat skriftelik gemotiveerde besware teen genotuleerde besluite by die vergadering, of na afloop van die vergadering, by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ingedien word'. Dit is ook moontlik om die vergadering te versoek om 'n besluit te heroorweeg, wat met 'n twee derde meerderheid toegestaan kan word (Reglement van Orde vir die Algemene Kerkvergadering 10, NHKA 2001c).

Krities gesien, kan gesê word dat die Kerkorde die moontlikheid laat om beswaar aan te teken teen besluite van die Algemene Kerkvergadering. Weens die implementering van die rotasiebeginsel is gevorder op die pad na 'n minder prominente voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, sodat die ruimte oopgehou kan word vir die Christus regering wat op grond van die Woord en onder leiding van die Gees tot uiting moet kom. Daarom moet goed in gedagte gehou word wat die betekenis is van vergaderings van die ampte wat met Skriflesing en gebed, asook met prediking geopen word.

Dit is egter 'n vraag of die situasie waarna die volgende kritiese opmerking verwys, noemenswaardig in die Kerk verander het (sic):

> Dit hang waarskynlik ook saam met 'n algemene neiging wat daar in ons Kerk bestaan om so veel as moontlik die verantwoordelikheid om beslissings te neem en daardie beslissings te verantwoord, af te skuif na een of ander vergadering van die ampte – liefs die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. So het dit dan gebeur dat ons kerkraadsvergaderings níé meer verantwoordelike en selfstandige vergaderings is wat in die lig van God se Woord, met inagneming

> van die belydenis van die kerk en in die ruimte van die kerklike orde, besluite wil neem nie.
>
> (Pont [1982]: 129)

Die vermoede dat die situasie nie verander het nie word versterk deur verskeie optredes wat veral op sinodale gebied plaasvind. Hier kan verwys word na die sogenaamde etiese kode as ‘n poging om bedienaars sover te kry om hulle ampswerk uit te voer, en daarom die implementering van ‘n puntestelsel waardeur ‘goeie gedrag’ beloon word!

Die skepping van ‘n taakspan van die Moderamen verraai ook die feit dat die Kerk kerkordelik fyn gereglementeer is, maar dat vergaderings van die ampte onafwendbaar op die bo genoemde Pont alternatief gestrand het. Die saak word nog meer krities as in die voorgestelde reglement van die taakspan wat op 26 Februarie 2004 aan die Raad vir Regsadvies voorgelê is, gestel word dat die doelwit is om ‘n ondersteuningsmodel te vestig wat *positiewe bestuur en gesonde kerklike administrasie sou bevorder* (eie kursivering). Daarin word verder vermeld dat meer prominensie aan die werkgroep verleen moet word, sodat aandag gegee kan word ‘oor ‘n wye front en oor grense van verskillende werkterreine heen, byvoorbeeld die Raad van Finansies, Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Raad vir Apostolaat, Ringskommissies, en so meer’ (NHKA 2004b: 2 Die evolusie-proses).

Die strategiese beplanning van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering waarin die Kerk se toekoms visie-matig beskryf word as ‘n droom oor die geloof in Jesus Christus as die hoop vir die wêreld, is waarskynlik in pas met wat in die korporatiewe wêreld aan die orde is, maar nie besonder teologies van aard nie, aangesien droom en geloof moeilik onder een dak tuisgebring kan word.

In dieselfde verband moet ook die studiestuk van die Kommissie genoem word wat handel oor *Die kerk en sy korporatiewe identiteit* waarin onder andere gestel word dat die gemeente van vandag ook ‘n besondere geval van ‘n sakeonderneming is (Buitendag 2003: 354). Saam gelees met die

bestuurshandleiding wat vanuit die kantoor van die Administrateur die lig gesien het, kan die indruk nie ontkom word nie dat korporatiewe beginsels benut word as aanduiding hoe die Kerk oplossings moet vind vir probleme van die dag.

Vervolgens word verwys na die kursus van die Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) wat op 25 en 26 November 2003 plaasgevind het. Die opskrif op die buiteblad van die Hervormer dui die inhoud aan as 'die kerk se storie vir môre' (Die Hervormer 2003: 1; kyk ook Dreyer 2003a; Dreyer 2003b) waarin aangedui word dat die narratiewe benadering ruimte daarvoor maak 'dat geluister word na mense se verhale omdat geglo word dat die antwoorde nie vanuit boeke of teorieë aangedra moet word nie, maar die oplossing lê binne-in die gespreksgenote se eie verhaal' (Die Hervormer 2003: 8). Dit is 'n vraag of die siening dat die kerk se boodskap verhale of stories is, nie tekort doen aan die verkondiging van die evangelie as díé narratiewe strategie van die Kerk by uitnemendheid nie. Die kritiese inhoud van 'n brief in die Hervormer (2004: 2) dui aan dat die gestelde narratiewe strategie wat tydens bogenoemde VTT aangebied is, nie goed ontvang is nie soos uit die volgende opmerking blyk:

> In die Hervormde Kerk was daar en mag daar nooit plek wees vir storievertellers van die kansel af nie. Indien dit so sou wees, mag ons nie meer aanspraak maak dat ons Kerk van Jesus Christus is nie. Indien daar stories vertel word, skaar jy jou immers by een of ander wêreldse vermaaklikheidsorganisasie wat mense met stories en drome wil vermaak. Die kerk van die toekoms kan ook nie 'n ander kerk wees as die kerk van die verlede nie. Christus is immers gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde.

Samevattend kan die Kerk se werk op sinodale vlak, met besondere verwysing na die werksaamhede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering onder andere beskryf word met die woorde stories, drome

en bestuur, wat nie op dieselfde vlak lê as evangelieverkondiging, geloof en regering nie.

Met betrekking tot die gesag van sinodale vergaderings is dit nodig om enkele verdere aspekte te oordink wat in die verlenging lê van die sinodale gesag, wat deur die Algemene Kerkvergadering as kerkraadsinode, in die Nederduitsch Hervormde Kerk uitgeoefen word. Eerstens word verwys na die ietwat onwaarskynlike, maar nie onmoontlike vraag of die Algemene Kerkvergadering ‘n besluit kan neem om weer soos in die verlede gebeur het, met ‘n ander kerk te verenig. Die vraag is wat gemeentes te doen sou staan indien die Algemene Kerkvergadering sou besluit om weer met ‘n ander kerk, of om ‘n meer radikale voorbeeld te gebruik, met die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika te verenig.

Die eerste voorbeeld verwys na die mislukte kerkvereniging van 7 Desember 1885. ‘In verreweg die meeste gevalle is nooit die toestemming van die gemeentes gevra nie, sodat dit meer ‘n ineensmelting van kerkrade was’ (Engelbrecht 1953: 301). Toe daar later as gevolg van die mislukking hofsake ontstaan het, was die uitspraak dat die Nederduitsch Hervormde Kerk sy eiendomme kon behou op grond van die feit dat ‘die meerderheid van die Algemene Kerkvergadering wat besluit het om te verenig daarmee “buiten de grenzen harer bevoegdheid” gehandel het, en dus “*ultra vires*”. Die Algemene Kerkvergadering kan die gemeentes nie dwing om te verenig nie’ (Engelbrecht 1953: 350).

‘Die hof het van die standpunt uitgegaan dat ‘n Kerk ‘n *universitas*, ‘n sedelike liggaam is, wat alleen met toestemming van al sy lede opgehef kan word, in teenstelling met ‘n *societas*, ‘n vennootskap of maatskappy, wat wel met meerderheid van stemme opgehef kan word’ (Engelbrecht 1953: 349; kyk ook Müller [1981]; Oelofse [1981]).

Die Kerkorde formuleer die Algemene Kerkvergadering se opdrag as die ordelike toerusting, opbouing, versorging en beskerming van die ringsvergaderings, die gemeentelike vergaderings van die ampte, en die

gemeentes van die Kerk [Ordinansie 3.8.2 (i)]. Die kern van die saak kom neer op toerusting, opbouing, versorging en beskerming van ringe, gemeentes en vergaderings van die ampte. Hiermee kan instemming betuig word, behalwe dat die opdrag iets adem van ‘n beweging van die Algemene Kerkvergadering na gemeentes en ringe, asof ringe en gemeentes deur die sinodale vergadering op koers gehou, en op die wyse toerusting ontvang, opgebou, versorg en beskerm word. Die uitgangspunt dat meerdere en bykomende vergaderings eintlik vanweë die gemeentes in die lewe geroep word, figureer nie besonder sterk nie, waarskynlik as gevolg van die sterk sinodale struktuur wat oor jare in die Kerk gestalte aangeneem het.

Die feit dat die vergadering besluite neem oor die leer en belydenis van die Kerk, ampte en die vergaderings van die ampte, die inhoud van die erediens en die orde en dissipline van die Kerk, pas volledig in binne die raamwerk van sinodale vergaderings wat in die verloop van die kerkregtelike tradisie teruggevind word [Ordinansie 3.8.2 (ii) (a) tot (d)]. Dit is begryplik dat die leer van die kerk, diskussie oor die ampte en vergaderings, die liturgie en die kerklike orde en dissipline, sake is wat nie deur enkele gemeentes afgehandel kan word nie, en daarom word ook aanvaar dat dit sinodale sake is by uitstek.

Die Kerkorde stel dat die Algemene Kerkvergadering oor ander sake wat die Kerk in geheel raak en wat ander vergaderings van die ampte nie kan afhandel nie, óók praat [Ordinansie 3.8.2 (ii) (e)]. Wie die verantwoordelikheid dra om te bepaal wat ander vergaderings van die ampte nie kan afhandel nie, word nie aangedui nie. Volgens Ordinansie 3.10.3 (iii) word die verantwoordelikheid by implikasie, aan die Kommissie toegeken. Hierdie uitspraak maak egter die moontlikheid oop dat die Algemene Kerkvergadering oor alles praat, en dat alle verslae oor die Kerk se werk wat in die tydperk wat die vergadering nie in sitting was nie, aan die orde kom. Soos reeds gestel noop die sterk eenheidskarakter van die Kerk ‘n Algemene Vergadering wat hom oor alle sake uitspreek wat gemeentes raak, en wat deur die gesamentlike inisiatiewe wat so ontstaan het, funksioneer. Die mening bestaan egter dat die huidige omvang nie noodwendig as die enigste

alternatief beskou moet word nie, en dat die suggestie om ringsvergaderings beter te benut, nie misgekyk moet word nie.

Die kritiese vraag is egter na die gesag van die Algemene Kerkvergadering, en of die formulering dat die vergadering oor ander sake kan praat wat die Kerk in geheel raak, beteken dat alle besluite van die vergadering sonder meer op gemeentes bindend is. Die hermeneutiese sleutel tot die saak word waarskynlik verskaf in die opdrag van die Algemene Kerkvergadering wat die ordelike toerusting, opbouing, versorging en beskerming as inhoud het. Daarin is die stelreël te vinde dat besluite van die Algemene Kerkvergadering wat van die geformuleerde opdrag afwyk, teenstrydig is met die grense wat deur die Kerkorde aan die Algemene Kerkvergadering opgelê word. Daarom kan hier weer herhaal word dat die gesag van die Algemene Kerkvergadering deur die Skrif, belydenisskrifte en die Kerkorde beperk word. ‘n Besluit om met ‘n ander kerk te verenig soos wat in 1885 geneem is, kan nie gehandhaaf word nie, omdat sodanige besluit afwyk van die gestelde opdrag om die eie Kerk op te bou, te versorg en te beskerm.

As die juridiese uitgangspunt wat in 1885, dat die kerk nie ‘n *societas* nie maar ‘n *universitas* is nog geldig is, sou dit beteken dat ‘n Algemene Kerkvergadering wat so besluit *ultra vires* optree omdat die lidmate daaroor die finale besluit neem en sodanige besluit alleen deur die goedkeuring van ál die lidmate kan slaag.

Die tweede aangeleentheid wat in die verband aandag verdien, is meer finansieel van aard, en hoort tuis binne die kerklike goedere. Die Raad van Finansies is een van die sogenaamde statutêre rade van die Kerk wat tydens elke Algemene Kerkvergadering opnuut saamgestel word. As werkopdrag word gestel dat die Raad fondse, vaste eiendom en ander bates *van die Algemene Kerkvergadering* beheer wat aan hom toevertrou is (eie kursivering) (Ordinansie 9.2.2.1). Daar word egter bygevoeg dat die Raad saam met ander toesighoudende liggame toesig moet hou dat alles ten opsigte van die stoflike belang *op alle terreine in die Kerk* ordelik sal geskied (eie kursivering) (Ordinansie 9.2.2.2). As die daaropvolgende

verantwoordelikheid daarmee saam gelees word (Ordinansie 9.2.2.3), is dit duidelik dat die opsigtaak van die Raad van Finansies nie net beperk is tot die fondse, vaste eiendom en ander bates van die Algemene Kerkvergadering wat aan hom toevertrou is nie. Dit omdat hier sprake is van alle terreine in die Kerk wat vanselfsprekend gemeentes insluit. Dat die verleende toesigtaak van die Raad van Finansies ook oor gemeentes strek, blyk uit die bepaling dat 'aan gemeentes wat van voorneme is om 'n eiendom te koop of te vervreem, of 'n gebou op te rig of te sloop, advies te verleen *voordat* (eie kursivering) uitvoering daaraan gegee word' [Ordinansie 9.2.2.4 (iv)].

Met reg sal gestel kan word dat dit hier gaan oor toesig wat nie gelyk is aan beheer nie. Weereens spruit die toesigtaak uit die bepaalde kerkbegrip wat in die Kerk aan die orde is, naamlik dat gemeentes in hulle somtotaal deel uitmaak van die Kerk, en dat daarmee 'n eenheid in die verskeidenheid ter sprake kom. As die saak tot toesig beperk word, skep dit uit die aard van die saak geen probleem nie. Gemeentes is nie beswaard oor die heffing wat tydens Algemene Kerkvergaderings vasgestel word op grond van 'n uitgebreide en gemotiveerde begroting nie. Dit is egter krities van aard wanneer die sinodale kas onder druk beland, wat vir die Kerk in sy eenheidstruktuur tot gevolg het dat voor die hand liggende barmhartigheid met betrekking tot kinders en bejaardesorg, op die helling geplaas word. Dit, in 'n bedeling toe die Kerkwet bepaal het dat die 'vertrouenstaak, soos dit goeie huisvaders betaam,' plaasgevind het 'met waardigheid, sorgsaamheid en weldeurdag' (Bepaling 186.2) op die voorwaardes wat die Raad mag goeddink (Bepaling 187). Die vraag waaroor dit gaan, is hoe gemeentes geraak sal word indien die oënskynlik onmoontlike sou gebeur dat die Kerk sinodaal onder likwidasie beland. Staan gemeentelike eiendomme vader vir sinodale skuld, wat selfs met goedkeuring van die Algemene Kerkvergadering, en sy Kommissie, onder die bedeling van die Kerkorde, deur gemeentes by wyse van hulle afgevaardigdes goedgekeur is.

Eiendomme van gemeentes is in die naam van die gemeente wat 'n regspersoon is, geregistreer. Die regspersoonlikheid wat deur middel van die gemeentevergadering uitgeoefen word [Ordinansie 4.4.2 (vi) tot (viii)], word

nie deur die gesamentlike regspersoonlikheid van die sinodale struktuur wat selfs deur deelname van al die gemeentes tot stand kom, opgehef nie. Daarom sal waarskynlik slegs op die bates beslag gelê kan word wat in die naam van die sinodale regspersoonlikheid geregistreer is. Dit mag vir gemeentes tot gevolg hê dat die skuld wat dreig om die sinode te likwideer, onderling verdeel word om die Kerk as geheel en in besonder, van sodanige verleentheid te vrywaar, waarskynlik met ‘n beroep op 1 Korintiërs 11: 26.

Uit ‘n inligtingstuk van die Raad van Finansies wat gedurende 2001 voor ringsvergaderings gedien het, word onder andere aangedui dat die netto tekort met inbegrip van die sakebedrywe, soos op 31 Desember 2000, R36,307,296 beloop het (NHKA 2001e: 12). Indien die skuld per lidmaat deur die hele Kerk betaal moes word, sou dit volgens die lidmaattal van dieselfde jaar, naamlik 120,937 (NHKA 2002b: 118), op R300.22 neergekom het.

Die netto opgehoopte tekort sou waarskynlik as skuld met insig bestempel kan word, aangesien dit moeilik denkbaar is dat gemeentes nie begrip sal hê vir die redes waarom die tekort ontstaan het nie.

Dit word toegegee dat dit altyd maklik is om van die kantlyn in retrospek kommentaar te lewer. Tog kan van die inhoud van die taak en bevoegdheid van die Raad van Finansies, soos geformuleer in die Kerkwet, nie weggekom word nie. Daarin is onder andere gestel dat die raad van Finansies die vertrouenstaak wat aan hom toevertrou is soos dit goeie huisvaders betaam, met waardigheid, sorgsaamheid en weldeurdag verrig (Bepaling 186.2). Verder is dit ook opvallend dat die Raad bevoeg was om volgens voorwaardes wat die *Raad* mag goeddink, vaste goed te verkry, te vervreem, te verbind en te beswaar, om skulde aan te gaan, om lenings te verkry en sekuriteit daarvoor te verskaf, om lenings toe te staan en om gelde te belê (Bepaling 187). Die Raad het daarvan aan sowel die Kommissie as aan die Algemene Kerkvergadering self, verslag gedoen (Bepaling 189). Die feit dat die Raad gebonde was om verslag te doen, was positief, maar die Raad het die bevoegdheid gehad om eers te handel na goeddunke ‘soos dit goeie huisvaders betaam’. Die Raad moes jaarliks aan die Kommissie verslag doen

(Bepaling 189.1), en slegs aan die Algemene Kerkvergadering in gewone sitting, dit wil sê driejaarliks (Bepaling 189.2).

Dit is duidelik dat tussen die vooruitsig soos in die Kerkwet geformuleer en die situasie soos dit verloop het, ‘n lastige diskrepansie ontstaan het wat gemeentes in ‘n verleentheid kon laat. Sinodale gesag is noodsaaklik, maar in laaste instansie ook beperkte gesag. Anders gestel, kan gesê word dat sinodale gesag onder dieselfde beperking staan as alle ander vergaderings van die ampte, naamlik onder gesag van die Skrif, belydenisskrifte en kerklike orde. Sodra sinodes, óf kerkraadsvergaderings, weerstand begin bied en neig om die ander party te oorwoeker, dikwels met meerderheid van stem, word die kerklike werf verlaat na die arena buite die kerk, waar instansies op korporatiewe wyse gesag voer. Elke vergadering en elke ampsdraer het die voorreg om korrek te besluit, kerklik te dink, te handel en te vra na die belang van die kérk as geheel.

5.6 Drie belangrike beginsels

5.6.1 Anti-hiërargies

Die anti-hiërargiese beginsel word in die aanhef van Ordereël 3 vervat deur die verwysing na die feit dat ampsdraers as dienaars van Jesus Christus beskou word wat om hulle opdrag uit te voer, in vergaderings van die ampte byeenkom. ‘Sodoende heers die een gemeente nie oor die ander, die een amp nie oor die ander en die een ampsdraer nie oor die ander nie’.Volledigheidshalwe moes waarskynlik ook die vergaderings van die ampte hier genoem gewees het omdat daarmee die versigtige balans tussen sinode en kerkraad aangespreek kon word, met die duidelike implikasie dat die sinode tot die kerkraad nie in ‘n hiërargiese verhouding staan nie. Die moontlikheid is nie vergesog nie as stemreg en meerderhede tydens sinodale byeenkomste op die spits gedryf word, tot nadeel van die Christus regering.

5.6.2 Anti-independentisties

Die saak kom eerstens ter sprake wanneer die moontlikheid van ander belydenisskrifte bespreek word, en die Kerkorde aandui dat voorstelle ter verandering van die belydenisskrifte vir advies voorgelê word aan ander Reformatoriese kerke, asook teoloë binne en buite die kerk (Ordinansie 1.3.2). Die formulering kan dus bestempel word as ‘n anti-independentistiese uitgangspunt na buite gerig, in ekumeniese verband. Daarnaas word die anti-independentistiese beginsel ook na binne toegepas met die aanduiding in die aanhef van Ordereël 4 dat ‘n gemeente ‘n gemeenskap van gelowiges is wat selfstandig georganiseer is, en deur die eenheid van geloof en belydenis saam met al die ander gemeentes, die kerk is. Tweedens word ook in Ordinansie 3.8.3 (xii) gestel dat die besluite van die Algemene Kerkvergadering bindend is vanaf die moment wat die besluit geneem is, tensy die vergadering anders besluit.

5.6.3 Rotasiebeginsel

Die sestiende eeuse Hervorming het vorm aangeneem in ‘n ander kerkbegrip as wat eie was in die destydse Roomse Kerk (Van Wyk 1991: 3). Kerkordelik

was daar ‘n radikale verskil tussen die Roomse *Corpus iuris canonici*, en die kerkordes wat uit die Presbiteriaal-sinodale stelsel na vore gekom het. Heel eenvoudig gestel, kom dit daarop neer dat laasgenoemde in alle opsigte voorrang wil verleen aan die feit dat die kerk liggaam van Christus is, en dat díé kerkregtelike stelsel deur die kerkorde uiting wil gee aan die basiese vertrekpunt dat Jesus Christus Hoof van die kerk, en Heer van die wêreld is. Naas die hoof- en heerskap van Christus funksioneer ook die twee reeds genoemde anti-beginsels, naamlik die kerkregering wat hieruit ontstaan is anti-hiërargies en anti-independentisties.

Naas bogenoemde kom ook die rotasiebeginsel ter sprake wat beteken dat ‘n ampsdraer wat in ‘n bepaalde funksie soos voorsitter verkies word, die posisie slegs tydelik beklee, en na bepaalde ampstermyne, of selfs na afloop van die vergadering, nie weer herkiesbaar is nie, en deur iemand anders vervang word. Hier moet sorgvuldig onderskeid gemaak word tussen rotasie, en die reëling dat die amp aan ‘n termyn verbind is, soos die tweejarige ampstermyn van ouderlinge en diakens, en die reëling dat die voorsitter en skriba, asook ander lede van die moderamen van sinodale vergaderings, telkens herkies is. Hoewel laasgenoemde impliseer dat die amp nie permanent aan die ampsdraer toegeken word soos wat die Roomse gebruik was nie (*character indelibilis*) (Pont 1981: 203), het dit nie noodwendig beteken dat ‘n bepaalde ampsdraer deur iemand anders vervang word nie. Herkiesing kan dus in praktyk op kontinuering neerkom waardeur sodanige verkiesing eintlik niksseggend word.

Rotasie dateer uit die kerkordelike arbeid van Calvyn wat die reëling reeds in Genève invoer om die Roomse hiërargie uit die kerke van die Reformasie te weer (Pont 1981: 30). Sodoende was die ampstermyn van ouderlinge aanvanklik slegs ‘n jaar, en daarna kon slegs die wat hulle getrou van hulle taak gekwyt het verder dien. Die rotasiebeginsel het ook neerslag gevind in die Nederlandse kerkregtelike ontwikkeling vanaf Wezel 1568 tot en met Dordt 1618-19. Die Sinode van Middelburg 1581 (Kersten 1980: 126) het die uitgangspunt geformuleer wat ook by Dordt 1618-19 (Kersten 1980: 182) onveranderd gehandhaaf is, tot en met die Sinode van Utrecht 1905.

Ouderlinge en diakens sal twee jaar dien, maar die helfte tree jaarliks af, tensy die belang van die gemeente dit anders vereis. Die saak het met verloop van tyd bepaalde wysigings ondergaan. Aanvanklik tot 1578 slegs verlenging van ampstermyn, daarna tot en met die Sinode van Utrecht 1905 ook herkiesing naas die verlenging van die amp, en sedert 1905 alleen herkiesing (Jansen 1952: 126 verv.).

Rotasie is dus ietwat sterker as herkiesing. Laasgenoemde bevestig dat die amp nie lewenslank ontvang word nie maar slegs tydelik is, terwyl rotasie verder gaan deur te vereis dat iemand nie weer in dieselfde amp herkiesbaar is nie. Dat in die toepassing van die tweejarige ampstermyn ook rotasie plaasgevind het, is waar. Maar wesenlik was die tweejarige ampstermyn aanduiding van die feit dat geoordeel is dat iemand die amp nie permanent ontvang nie. Rotasie egter was ‘n poging om hiërargie, en die belangrik word van ampsdraers, asof daar nie ander is wat ook geskik is nie, teen te werk sodat die eer van God ten alle tye voorrang sou geniet. Dit spreek vanself dat wanneer die tweejarige ampstermyn gehandhaaf word soos dit in die Nederlandse kerkregtelike ontwikkeling bepaal is, rotasie op die vlak van meerdere vergaderings vanselfsprekend word.

Die rotasiebeginsel het inderdaad ‘n historiese aanloop wat enige vorm van menslike voorrang of hiërargie wou uitskakel. Daarin word ook die belydenis verwoord dat niemand belangriker as die ander is nie. Gawes en talente is genadegawes waardeur iemand hoogstens vorder tot ‘n eerste onder gelykes (*primus inter pares*). Dat die beginsel histories bepaald is, word nie ontken nie, maar wat daarmee bereik wil word, naamlik alle eer aan God as Hoof van die kerk, is inderdaad ‘n Skriftuurlike uitgangspunt.

Die tweejarige ampstermyn van ouderlinge en diakens het sedert die vier en sestigste Algemene Kerkvergadering, effektief sedert 1 Januarie 1996, verval (NHKA 1995: 32). Die rotasiebeginsel is egter in die Kerkorde behou met betrekking tot die verkiesing van ‘n voorsitter en sekretaris van die ouderlinge- [Ordinansie 3.1.1 (iv)] en diakensvergadering [Ordinansie 3.2.1 (ii)]. Op ringsvlak word ouderlinge afgevaardig onder die voorbehoud dat iemand nie na meer as drie agtereenvolgende vergaderings afgevaardig word

nie [Ordinansie 3.4.1 (ii)]. Die rotasiebeginsel word ook toegepas met betrekking tot lede van die ringskommissie [Ordinansie 3.4.3 (x) en (xii)]. Diakens wat na die ringsdiakensvergadering afgevaardig word, is onderhewig aan die bepaling dat niemand meer as drie jaar na mekaar as diaken sitting neem nie [Ordinansie 3.6.1 (i) (a)]. Rotasie word verder ook soos verwag op die kommissie van die ringsdiakensvergadering toegepas [Ordinansie 3.6.3 (ix) en (xi)].

Die Algemene Kerkvergadering vorm egter wat die ouderlinge betref ‘n uitsondering. Ouderlinge word daarheen afgevaardig sonder om aan rotasie onderhewig te wees. ’n Voorstel vanuit die Raad vir Regsadvies wat tydens die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering ingedien is om díé uitsondering reg te stel, is nie aanvaar nie (NHKA 2001d: 243). Rotasie word egter wel toegepas by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering [Ordinansie 3.8.3 (vi)]. Die Kerkorde bepaal verder dat diakens na die Algemene Diakensvergadering, slegs na twee vergaderings afgevaardig word [Ordinansie 3.11.1 (i) (a)], en dat die voorsitter en skriba [Ordinansie 3.11.3.1 (viii)] , asook hulle sekundi [Ordinansie 3.11.3.1 (x)] nie langer as twee termyne aanbly nie.

Behalwe die tweejarige ampstermyn word rotasie in die Kerk steeds gehandhaaf, met uitsondering van ouderlinge na die Algemene Kerkvergadering. Op een uitsondering na is daar ‘n redelike eenvormigheid in die Kerk met betrekking tot rotasie in die vergaderings van ampte.

In díé verband kan die voorbeeld van die twee susterkerke, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), asook die Gereformeerde Kerke (GKSA) ter harte geneem word. Die moderator van die Algemene Sinode (NGK) en die assessor word slegs vir een termyn gekies (NGK 2002: 17), terwyl die voorsitter van meerdere vergaderings in die Gereformeerde Kerke na afloop van die vergadering uittree (GKSA 1979: 21). Die mees voor die hand liggende argument waarom rotasie problematies beleef word, is die besorgdheid oor kontinuïteit wat deur rotasie in die hand gewerk word. Dit moet ook toegegee word dat die Nederduitsch Hervormde Kerk moeilik tot rotasie kom, ten spyte van die feit dat die Algemene Kerkvergadering gekies

het vir die Presbiteriaal-sinodale stelsel. Die debat oor die saak is nie beperk tot die in gebruik neming van die Kerkorde nie. Reeds voor die Kerkorde is pogings aangewend om rotasie in te voer wat nie besonder suksesvol was nie. So het die Kerkwet van 1986 (NHKA 1986) bepaal dat ‘n ouderling of diaken *verkieslik* nie na meer as drie agtereenvolgende ringsvergaderings afgevaardig word nie (Bepaling 7 2 b), en dat predikante verkieslik nie vir langer as drie jaar as voorsitter of skriba van die ringsvergadering verkies word nie (Bepaling 9). Met verwysing na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is geen rotasiebepalings nie behalwe dat gestel word dat die *voltydse skriba*, slegs vir drie jaar verkies is (Bepaling 12) (sic!). Die situasie is by die daaropvolgende Kerkvergadering van 1989 onveranderd gehandhaaf.

Sedert die Algemene Kerkvergadering van 1992, het daar by die verkiesing van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ‘n verandering ingetree toe bepaal is dat geen ampsdraer vir langer as twee termyne, vir *dieselfde posisie* op die Kommissie verkies word nie (NHKA 1992: Bepaling 12 8). Dit was die verste wat in die bedeling van die Kerkwet met rotasie gevorder is. ‘n Verdere opvallende verskynsel is dat die Algemene Kerkvergadering rotasie op ringsvlak ingevoer het, maar dit by die Algemene Kerkvergadering vermy het, behalwe om in 1992 te bepaal dat ‘n ampsdraer nie na twee termyne weer vir *dieselfde posisie* op die Kommissie verkiesbaar is nie. Dit weerspieël die huiwerigheid op sinodale vlak teen die rotasiebeginsel wat oor jare merkbaar was. Dit dui ook daarop dat aan die Algemene Kerkvergadering met besondere verwysing na sy Kommissie, ‘n redelike prominensie verleen word want waarom is rotasie op ringsvlak wenslik maar skadelik op sinodale vlak. Die feit dat die Algemene Kommissie oor die hele Kerk regeer, wat effektief gebeur as die Algemene Kerkvergadering nie in sitting is nie, neig na ‘n demokrasie wat in kontras met die kerklike reg staan. In die kerkregering is dit nie mense en hulle charisma in die eerste plek waardeur die kerk regeer word nie, maar Jesus Christus wat die kerk deur sy Woord en Gees onmiddellik, sonder mense, regeer. Daarnaas, in die tweede plek, maak Hy ook van mense gebruik wat as ampsdraers in vergaderings van die ampte byeenkom om hulle ampsplig na te kom. Woord en Gees spreek dus op sinodale én ringsvlak, wat beteken dat

die gehalte van kerkregering sover dit menslik waarneembaar is, op beide vlakke uit dieselfde bron genormeer word.

Die argument word gehoor dat die gevaar van die Roomse hiërargie iets van die verlede is en tot die sestiende eeu beperk is. Die argument word toegegee, die Kerk het nie meer ‘n pous nie, daarom moet alles in die stryd gewerp word om geen moontlikheid in die rigting te skep nie.

Dit is egter verontrustend dat leierskap (Die Hervormer 2004: 4) in die Kerk beklemtoon word en rotasie dan by implikasie, as ‘n stok in die wiel uitgemaak word. Is die gedagtegang dat die Algemene Kerkvergadering, en dan veral sy Kommissie, as die kweekplaas vir leiers in die Kerk gesien moet word? Leiers het gewoonlik volgelinge, en hulle beroem hulle dikwels daarop dat hulle vir hulle optrede ‘n mandaat by die vorige verkiesing ontvang het. Mosies van vertroue is dan baie belangrik, en kritiek oor leiers of hulle rigting word nie goed ontvang nie. Is daar broeders wat hulleself sien as die leiers van die Hervormde Kerk?

Is daar verder ‘n rede waarom die Hervormde Kerk veral op sinodale vlak moeilik daartoe kom om te aanvaar dat iemand vir ‘n tydperk die verantwoordelikheid ontvang om voorsitter van die vergadering te wees, wat met verstryking van die termyn weer plek maak vir iemand anders? Maak die voorsitterskap hom die leier van die Kerk? Is dit nie die plek wat die Here deur sy Woord en Gees verdien nie? Die volgende opmerking van Breytenbach kan hiermee saam oorweeg word: ‘Nou is dit die tyd wat die kerk moet getuig dat ons Here regeer deur te dien en dat ampsdraers in die kerk behoort te regeer deur te dien’ (Die Hervormer 2004: 1).

Vanuit Gereformeerde kringe is die kerkregering van die Nederlandse Hervormde Kerk gekritiseer veral met betrekking tot sy sinodale vergaderings. Daar is gestel dat die sinode sy gesag bloot uit die meerderheid ontvang, en dat daarmee dus ‘n kollegiale trek in die kerkregering ingevoer word, waardeur die sinode ‘n bestuursmag oor die kerk as geheel verkry (Jansen sj: 21). Die kritiek is nie totaal ongeregverdig nie en kan ook deur die Nederduitsch Hervormde Kerk ter harte geneem word. ‘n Vaste sinodale

kommissie met lede wat soms lewenslank deel daarvan uitmaak, werk ‘n kerkregering in die hand wat prominensie verleen aan die statuur van die persone ter sprake. Uitfasering van die rotasiebeginsel kan as ‘n stap terugwaarts in die kerkregering van die Kerk beskou word, en sou die argument dat die kerkregering van die Nederduitsch Hervormde Kerk kollegiale trekke vertoon, nie ongegrond maak nie. Die invoering van die woord *verkieslik*, is die spreekwoordelike wolf in skaapsklere!

5.7 Die leer, sakramente, kerklike feesdae en geleenthede

5.7.1 Die leer van die Kerk

Die leer van die Kerk is in die belydenisskrifte van die kerk uiteengesit en word in die kerkorde so aangedui (Ordereël 1) wanneer na die drie ekumeniese belydenisskrifte verwys word, maar andersyds ook na die drie formuliere van eenheid. Die rol wat belydenisskrifte in die Kerk vervul, asook die gesag van belydenisskrifte en hulle funksionering het reeds aandag geniet. Die Kerk verwag van elke dienaar van die Woord om die proponentsformule te onderteken, waardeur die belydenisskrifte deur elke ondertekenaar eietyds gemaak word, en op grond waarvan elke ondertekenaar beloof om hom daaraan te hou (Ordinansie 1.1.2).

> So lank as die belydenisskrifte níé deur ‘n gravamen bevraagteken word nie, bly dit die norm en die reël vir die prediking en die gesaghebbende aanduiding in die kerk van waar die grense van die kerk lê. Indien iemand óór daardie grens gaan, versteur hy die eenheid van die geloof en die eensgesindheid wat vir die kerk onontbeerlik is
>
> (Pont 1981: 243)

5.7.2 Die doop

Dit is vanselfsprekend dat die Kerkorde ook aandag sal gee aan die sakramente gesien vanuit die Bybels-Reformatoriese teologie, en die Presbiteriaal-sinodale stelsel van kerkregering wat die kerkregtelike verlenging van eersgenoemde uitmaak. In die verband is die sogenaamde *notae ecclesiae* bekend en kom die sakramente, doop en nagmaal, noodwendig ter spake. Die Kerkorde stel in die spraakgebruik van die Heidelbergse Kategismus, antwoord 66, dat die sakramente tekens en seëls is waardeur God se liefde en genade in Jesus Christus op sigbare wyse verkondig en meegedeel word om die geloof op te bou, in stand te hou en te versterk (Ordereël 5.2.1).

Die doop word in besondere lig gestel deur die aanduiding dat die dopeling op grond van die genadeverbond gedoop en sigbaar in die kerk van God opgeneem word. Daaruit spruit ‘n verpligting as gestel word dat die dopelinge afgesonder word van alle ongelowiges en vreemde godsdienste, om God se eiendom te wees en sy merktekens te dra [Ordereël 5.2.3 (ii)]. Wanneer merktekens ter sprake kom, herinner dit ook aan Calvyn se *notae fidelium* wat beteken dat almal as lidmate van die kerk herken kan word ‘wat sowel in geloofsbelydenis, as in lewenswandel en die deelname in die sakramente bely dat hulle een en dieselfde God en Christus saam met ons bely’ (Calvyn 1992: 1279).

Die doop word bedien aan kinders van belydende lidmate en aan volwassenes wat belydenis van geloof aflê, en nie voorheen gedoop is nie [Ordinansie 5.2.1 (iii)]. Hiermee saam moet ook die bepaling van lidmaatskap genoem word wat kinders van lidmate van die gemeente, ook as lede van die Kerk sien [Ordereël 4.1.2 (i)], maar nie ongekwalifiseerd lidmate van die Kerk, sonder doop en kategese word nie [Ordinansie 5.3.1 (i)]. Die aangeleentheid word dus heel anders hanteer as die sogenaamde geboortelede wat in die Nederlandse Hervormde Kerk bestaan. Hier is dit aanduiding van die verbondsmatige kerkbegrip wat kinders as deel van die verbond beskou, selfs voor hulle gedoop is. Doop word verder aan volwassenes bedien wat nie voorheen gedoop is nie, wat beteken dat geen oordoop praktyk in die Kerk bestaan nie, onderhewig daaraan dat iemand gedoop is in die Naam van die Drie-enige God [Ordinansie 5.2.1 (iii); (xii)].

Dieselfde deel van die Ordinansie dui aan dat die doop in ‘n erediens deur ‘n bedienaar van die Woord met water bedien word, met gebruikmaking van die Doopformulier in die Kerkboek [Ordereël 5.2.1(i), (ii)].

In die bediening van die doop speel die ouderlingevergadering ‘n beduidende rol deur geleentheid te gee om te doop [Ordinansie 5.2.1 (iv)], seker te maak dat doopouers voor elke doopgeleentheid oor die betekenis van die doop onderrig word [Ordinansie 5.2.1 v)], en toe te sien dat die doop heilig gehou word, en dat ouers hulle kinders in ooreenstemming met die doopbelofte

opvoed [Ordinansie 5.2.1 (vi)]. Die ouderlingevergadering bepaal die prosedure vir die opgee van doopname, doopkategese en die inskrywing in die doopregister in die gemeente waar die doop bedien is [Ordinansie 5.2.1 (viii)]. Die prominensie wat aan die ouderling by die doop gegee word, dui op die feit dat doop onder die opsig plaasvind, en nie lukraak bedien word aan elkeen wat daarom vra nie. Daarmee saam word ook klem gelê op kategese waardeur seker gemaak word dat lidmate die betekenis van die doop begryp, om die sakrament tot troos te ontvang as versekering van God se genade en liefde.

Terwyl die doop aan suigelinge bedien word, is dit ook nodig om aan te dui dat ouers hulle kinders ten doop mag hou wat die verantwoordelikheid vir die Christelike opvoeding van die kind aanvaar, belydende lidmate is wat nie onder sensuur is nie, en daarom die doopbelofte mag aflê [Ordinansie 5.2.1 (ix)]. In die verband kan ook wettige aanneemouers die doopbelofte aflê aangesien hulle die ouers is wat nou met die kind se opvoeding en onderrig gemoeid is. Hier moet daarop gelet word dat die doopbelofte in die geval van ouers wat geskei is, slegs afgelê word deur die ouer in wie se sorg die kinders toevertrou is. Dit is die ouer wat beheer en toesig oor die kinders ontvang het, aangesien die ouer wat nie in die huis woon waar die kinders verder grootword nie, nie met verantwoordelikheid sodanige doopbelofte kan aflê nie.

Die doop kan ook bedien word aan kinders uit ander gemeentes, of kerke wat dieselfde belydenis as die eie Kerk handhaaf, mits die ouderlingevergadering van die tuisgemeente toestemming verleen, verklaar dat die doopkategese bygewoon is, en die toestemming deur die ouderlingevergadering waar die doop bedien word, aanvaar is [Ordinansie 5.2.1 (x)].

Katkisante wat belydenis aflê en nog nie gedoop is nie, word gedoop nadat hulle belydenis van geloof afgelê het deur die vrae wat aan hulle gestel is te beantwoord [Ordinansie 5.2.1 (xi)]. Hier volg die doop dus op die belydenis, anders as by die doop van suigelinge waar die doop aan die belydenis van sodanige dopeling voorafgaan. Hieruit blyk dat die doop nie aan ‘n rigiede

kronologiese volgorde gebind word nie, en dat die doop ‘n objektiewe gebeure is wat nie vir die dopeling as ‘n soort beloning vir sy geloof bedien word nie. Die objektiewe betekenis van die doop word ook nie kerklik gebind nie, maar setel in die objektiewe verbondsbelofte van God. Daarom word die doop van ander kerke erken wat plaasgevind het in die naam van die Drie-enige God, Vader Seun en Heilige Gees. Iemand wat só gedoop is, word nie oorgedoop nie [Ordinansie 5.2.1 (xii)].

5.7.3 Die nagmaal

Uit die kerkordelike bepalinge blyk dat die Kerk se beskouing oor die nagmaal met die verloop van jare nie werklik verander het nie. Nagmaal word steeds in ‘n erediens, aan tafel deur gebruik van brood en wyn, en deur ‘n bedienaar van die Woord bedien [Ordinansie 5.2.2 (i)]. Die nagmaal as heilige sakrament en verbondsmaal kom tot uiting as gestel word dat die evangelie so verkondig en die geloof versterk word, dat die gebruiker van die nagmaal deel het aan die liggaam en bloed van Christus [Ordereël 5.2.4 (i)].

Die nagmaal word bedien met gebruikmaking van die formulier in die Kerkboek [Ordinansie 5.2.2 (ii)], en word aan belydende lidmate van die gemeente bedien [Ordinansie 5.2.2 (iii)]. Die opsigkarakter by die nagmaal, anders gestel, die Kerk se erns om te verseker dat die sakrament nie ontheilig word nie, kom ter sprake wanneer die Kerkorde stel dat die betekenis en verantwoordelikheid om aan die nagmaal deel te neem, in ‘n voorbereidingsdiens voorgehou word, deur die ouderling tydens huisbesoek benadruk, en deur die uitnodiging na die tafel in ‘n erediens bevestig [Ordinansie 5.2.2 (iv)]. Die gebruik dat die ouderling voor nagmaal by elke lidmaat gaan vasstel of daar enige rede is waarom die nagmaal nie gebruik kan word nie, is ‘n ou gebruik wat na Calvyn teruggevoer kan word, en in die Geneefse Kerkorde, artikels 148-150 uiteengesit word (Pont 1981: 42). Die gebruik word ook in die Nederlandse kerkregtelike ontwikkeling aangetref, soos verwoord in Artikel XXIII van die Dordtse Kerkorde 1618-19 (Kersten 1980: 181).

Met betrekking tot die toelating van lidmate van ander gemeentes of kerke met dieselfde belydenis as die Hervormde Kerk, is die saak eiesoortig hanteer wat daarop uitgeloop het dat die indruk mag bestaan dat ‘n sogenaamde *oop* nagmaalsuitnodiging in gebruik is. Die formulering dui egter aan dat diegene wat uitgenooi word belydende lidmate moet wees, en dat hulle op eie verantwoordelikheid aan die tafel aansit, onder voorwaarde dat hulle in hulle eie gemeentes dieselfde voorreg sou kon geniet [Ordinansie 5.2.2(v)]. Dit is dus nie korrek as beweer word dat die uitnodiging na die nagmaal oop is nie, want alhoewel die uitnodiging tot almal gerig word wat in die erediens teenwoordig is, is dit ‘n gekwalifiseerde uitnodiging op grond van die feit dat iemand ‘n belydende lidmaat moet wees van ‘n kerk met dieselfde belydenis grondslag. En verder dat hy in sy kerk of gemeente dieselfde voorreg sou kon geniet.

Die saak is ook te wyte aan ‘n kerkbegrip wat nie in die eerste plek die uitverkiesing nie, maar die verbond as grondslag het, en daarom ‘n *corpus permixtum* is wat beteken dat die onderskeid nie finaal deur die kerk of sy ampsdraer getrek word nie, maar deur God self. Selfs nadat ‘n lidmaat aan die ouderling tydens huisbesoek bevestig het dat daar niks is wat hom van die nagmaal weerhou nie, moet hy homself in laaste instansie steeds aan die Heer van die kerk verantwoord. Daarom is die somtotaal van die lidmate van die kerk wat op ‘n gegewe moment in die erediens vergader is, nie sonder vlek of rimpel nie, toelating onder die opsig ten spyt. Uit die formulering word dit duidelik dat deelname aan die nagmaal in ‘n ernstige lig beskou word, en dat niemand vanselfsprekend toegelaat word nie.

Die frekwensie van nagmaalbediening is steeds ten minste eenmaal per kwartaal, wat die moontlikheid in die vooruitsig stel dat die nagmaal selfs by meer geleenthede bedien kan word [Ordinansie 5.2.2 (vi)]. Kwartaallikse bediening van die nagmaal is ‘n jarelange gevestigde gebruik wat so gehandhaaf is.

Sedert die jare sestig word egter aandag gegee aan die hersiening van belydenis en liturgiese geskrifte, konsep Diensboek, die herdruk van belydenisskrifte en ‘n verkorte nagmaalsformulier (NHKA 1964: 142-143).

Veranderings wat meer radikaal van aard is, sal tydens die sewe en sestigste Algemene Kerkvergadering ter tafel gelê word, wat handel oor die rol van die kind in die erediens met besondere verwysing na die kind en die nagmaal. Die spreekwyse om nagmaal as deel van die gesinsaktiwiteite te sien en gevolglik van gesinsnagmaal te praat, is nuut (NHKA 2003f). Dit spreek vanself dat as die begrip gesinsnagmaal aanvaar word, daarmee ook kindernagmaal by implikasie goedgekeur is. Verder is doop en nagmaal beide sakramente, maar funksioneer op verskillende manier. Dit is nie korrek om te beweer dat as van kinders verwag word om eers belydenis van geloof af te lê voor hulle nagmaal mag gebruik, hulle nie volwaardige lidmate is nie. In die bespreking oor lidmaatskap na aanleiding van Ordereël 4.1, is daarop gewys dat die verbondsmatige kerkbegrip juis nie geloof as voorwaarde stel aan kinders nie, maar ongeag verklaar dat hulle net deur geboorte van gelowige ouers, reeds op grond van God se genade deel is van die kerk! Verder is dit so dat nie alle lidmate nagmaal kan gebruik nie, aangesien elke lidmaat se leer en lewe bepalend meespreek. Doop is ‘n eenmalige sakrament, terwyl nagmaal telkens herhaal word (1 Kor 11: 26). Die bewering word gemaak dat indien ‘n kind van die nagmaal uitgesluit word, hy ook nie gedoop kan word nie, omdat doop en nagmaal deurgaans geïntegreerd verstaan moet word (Beukes 2003: 1).

Die Raad vir Erediens is oortuig dat kindernagmaal ingevoer moet word ten spyte van verskil van mening en selfs teenstand vanuit verskillende ringe. Die motivering word sterk gestel wanneer in die Raad vir Erediens se aanbeveling aan die sewe en sestigste Algemene Kerkvergadering beweer word dat op grond van navorsing wat gedoen is, die Kerk daarvan oortuig is dat dit die wil van God is om Nagmaal ook aan gedoopte kinders te bedien (NHKA 2003f). Verder word met die doop as voorbeeld geargumenteer dat dieselfde argumente ook op die nagmaal van toepassing is, en daarom kinders tot die viering van die nagmaal toegelaat behoort te word.

Die feit word gestel dat die enigste teks wat kindernagmaal sou bemoeilik die gedeelte is in 1 Korintiërs 11: 29-29. As verweer word aangevoer dat die Kerk nog nooit net een teks gebruik het om ‘n saak te regverdig of te verbied nie, en daarom is die uitspraak ook nie bruikbaar nie. Behalwe dit wys die Bybelse boodskap ook nie in die rigting nie (Beukes 2003: 3).

As die uitgangspunt korrek is, moet dit tog as merkwaardig bestempel word dat die Raad met die oog op implementering, in sy aanbeveling aan die Algemene Kerkvergadering stel dat lidmate, ouers, ingeslote ons kerkjeug, ‘opnuut en deurlopend in die prediking, pastoraat, kategetiese geleenthede, en kerklike vergaderings oor alle aspekte tot sinvolle gebruik van die nagmaal *onderrig word*’ (eie kursivering) (NHKA 2003f). Terwyl so gemaklik vanuit die doop na die nagmaal beweeg word deur te stel dat as kinders gedoop word hulle ook tot die nagmaal toegelaat kan word, word hier tog vasgehou aan die kerklike praktyk dat die nagmaalganger kategetiese onderrig moet deurloop, om sodoende deur onderrig tot sinvolle nagmaal gebruik te kom! Daarmee kan die kritiese vraag gevra word wat die werklike rede is waarom kindernagmaal as gesinsnagmaal ingevoer moet word, terwyl die praktyk van vooraf onderrig tog behou word. As die Pauliniese waarskuwing van 1 Kor 11: 28-29 nie bruikbaar was nie, kom die vraag na vore op welke gronde vooraf onderrig tog gehandhaaf word. Die afleiding daaruit is dat die eindresultaat grootliks dieselfde sal wees, behalwe dat ‘n groot mate van ontevredenheid ingeruil sal word oor ‘n aangeleentheid wat wesenlik nie verander het nie. As die resultate van genoemde navorsing korrek is, kan ouderdomsperke of vooraf onderrig nie as voorwaarde gestel word nie. As doop en nagmaal gelyk is aan mekaar, moet die kind ook onvoorwaardelik toegelaat word om nagmaal te gebruik, aangesien die kind gedoop word sonder enige verdienste van sy kant.

5.7.4 Eredienste en ander kerklike feesdae en geleenthede

Die Kerkorde stel dat eredienste op Sondae die middelpunt is van die gemeentelike lewe waarvan Woordverkondiging die hartklop is (Ordereël

5.1.1). Die saak word verder gekwalifiseer wanneer daarby gevoeg word dat volgens Bybel eredienste die eer van God dien, die geloof versterk, tot die geestelike wel-wese van die gemeente dien, die beoefening is van die gemeenskap van die heiliges, die evangelie versprei en die diens van barmhartigheid bevorder (Ordereël 5.1.2). Oor die middelpunt van die erediens sê Barnard (1985: 389) die volgende: 'Daarom is die God wat die middelpunt van die erediens is, die God wat ons so onuitspreeklik liefhet dat Hy die wonderlike heil moontlik gemaak het. Die God van liefde het gekom tot ons heil'. In die erediens kom die wese van die kerk in elke gemeente ter sprake wanneer gelowiges na die verkondiging luister, en daarop gelowig antwoord. Die gebeure in die erediens onderskei 'n gemeente van 'n sosiale vereniging wat in die omgewing van die kerk aangetref word.

Naas die gewone eredienste wat elke Sondag plaasvind, word ook ander eredienste op kerklike feesdae gehou soos op Kersdag, Goeie Vrydag, Paasfees, Hemelvaart, en Pinkster [Ordinansie 5.1.5 (i) (a), (c), (d), en (e)]. Alhoewel sommige van die tradisionele kerklike feesdae nie meer as vakansiedae beskou word nie, byvoorbeeld Hemelvaart, hoef dit die viering van die feesdag nie te kniehalter nie.

Tydens gewone eredienste word ander geleenthede herdenk, naamlik die vier adventsweke, die lewe en werk van Jesus, die sewe lydensweke, Drie-eenheidsondag, die uitbreiding van die kerk, die wederkoms van Jesus, die eindoordeel en die ewige lewe [Ordinansie 5.1.5 (i) (a), (b), (c), (f), (g), en (h)]. Op díé wyse kom die kerklike jaar in die reeks van feesdae op gewone Sondae en ander spesiale dae ter sprake. Oor die kerklike jaar laat Jonker (sj: 163) hom soos volg uit:

> Daarom onderkende zij iets van het geheimenis van de tijd in de *heilstijd*, zij ziet deze tijd doorstraald door de glanzen van de heilsopenbaring Gods in Jezus Christus. Daarom kent de gemeente van Christus het *kerkelijk jaar*. Dit kerkelijk jaar begeleidt niet slechts het burgerlijk jaar, maar duidt dit jaar naar zijn oorsprong, wezen en bestemming, verdiept het door de aan

> de wereld geschonken heilsgenade en karakteriseert het in een eschatologische zin. Door de kracht van Gods daden in schepping en geschiedenis wordt de tijd tot heilstijd geïntensiveerd.

Naas die genoemde aantal feesdae is daar ook ander besondere dae [Ordinansie 5.1.5 (ii)] soos die jaarlikse bid- en dankdae vir die oes (a), verootmoediging, bid-, en dankdae wat van tyd tot tyd aangekondig word (b), Bartholomeusnag waarin die geloof van die martelare gedenk word, op die Sondag naaste aan 24 Augustus (c), Hervormingsondag op die laaste Sondag van Oktober (d), asook ‘n dankdiens op 16 Desember of die Sondag die naaste daaraan met die oog op Geloftedagviering (e). Behalwe bogenoemde kan ook bygevoeg word dat die leer van die Kerk soos vervat in die belydenisse en belydenisskrifte, met besondere verwysing na die Heidelbergse Kategismus, in ‘n siklus van drie jaar aandag geniet in die prediking van die Kerk [Ordinansie 5.1.5 (iii)].

Verdere geleenthede is troues en begrafnisse wat weliswaar privaat aangeleenthede is, maar tog in die vorm van ‘n erediens verloop met Woordverkondiging, gebed en sang en deur die Kerkorde as openbare Woordverkondiging bestempel word (Ordinansie 5.6.1).

Tydens al bogenoemde eredienste en geleenthede van die Kerk word van die Kerkboek gebruik gemaak wat bestaan uit die belydenisskrifte, liturgiese geskrifte en diensordes, Liedboek van die Kerk, kategeseboeke soos deur die Algemene Kerkvergadering vasgestel en die Kerkorde (Ordereël 5.10.1). Daaraan word toegevoeg dat die formuliere van die Kerkboek die gebruike van die Kerk bepaal en die verloop van die liturgie [Ordinansie 5.2.2 (vii)], en dat van predikante verwag word om hulle aan die liturgie van die Kerk te hou (Ordinansie 5.6.2) wat deur die Algemene Kerkvergadering bepaal is [Ordinansie 3.8.2 (ii) (c)].

5.8 Kerklike dissipline

Met verwysing na die bekende Reformatoriese *notae ecclesiae* is dit begryplik dat in die bespreking van die Presbiteriaal-sinodale kerklike reg ook aan die kerklike dissipline aandag geskenk moet word, wat nie as deel van die wése nie, maar van die wélwese van die kerk beskou is. Anders as wat meesal gedink word, is die kerklike dissipline of tug nie net ter sprake in die denke van Calvyn nie, maar ook by ander Hervormers (Plomp 1969: 13 verv.). Reeds is daarop gewys dat die kerklike dissipline by Calvyn in sy Institusie nie as derde merkteken aangedui is nie (Calvyn 1992: 1280), terwyl die erns oor die saak wél in die Institusie, asook uit sy briewe blyk. Die tug as derde merkteken kom wel in die gereformeerde kerkregtelike ontwikkeling daarna ter sprake (Polman sj b: 333; Heppe 1958: 528). Hoewel die kerklike dissipline tog in die Institusie behandel word (Calvyn 1992: 1508 verv.), het die teenoorgestelde egter by Luther en die Lutherane gebeur (Plomp 1969: 128).

In die huidige tydsgewrig waarin die Kerk hom bevind, is dit ‘n vraag of die hedendaagse mens hom wil laat korrigeer, en óf lidmate enigsins op kerklike dissipline reageer. Dit gebeur deesdae selde dat lidmate opgeroep word om voor opsigvergaderings verantwoording te doen oor hulle kerklike verbintenis, lewenswyse en geloof, want in die agtergrond staan die beskouing van die burgerlike owerheid wat die kerk degradeer tot ‘n vrywillige vereniging wat beteken dat as iemand die verbintenis met die kerk beëindig, daarmee ook alle opsig- of tug handelinge deurkruis word (Ordinansie 8.3.11). Waarskynlik is dit ook te wyte aan die sogenaamde post-moderne tyd waarin die kerk hom tans bevind. Formele tughandelinge het egter in ‘n groot mate na sinodale vlak verskuif waar die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gemoeid is met kerklike dissipline oor predikante. Ook hier moet versigtig gehandel word aangesien predikante hulle wend tot burgerlike strukture soos die arbeidshof wanneer onder die indruk dat hulle benadeel is (Scholtz 2001). Dit ten spyte van die kerkordelike bepaling wat sodanige optrede afkeur (Ordereël 8.3.3, 8.5.3; Ordinansie 8.2.9).

Die weerstand word reeds deur Calvyn beleef wanneer hy sê:

> Maar omdat sommige mense dissipline haat en selfs vir die woord terugdeins, moet hulle weet dat as geen gemeenskap, ja, as geen huisgesin, hoe klein dit ook al is, sonder dissipline in orde gehou kan word nie, dissipline nog baie meer noodsaaklik is in die kerk omdat die toestand daarvan so ordelik as moontlik behoort te wees.
>
> (Calvyn 1992: 1522)

Waarskynlik vanweë bogenoemde mening dat die hedendaagse mens krities ingestel is teen enige vorm van objektiewe gesag, word dikwels in die teologiese debat gesoek na bepaalde direkte teksverwysings wat as voorbeelde en bewysplaas moet dien, dat die kerk in elk geval tug mag handhaaf. Calvyn verwys na die regspraak van die eertydse kerk en haal die volgende gedeelte aan: ‘ “Mag is aan ons gegee om skanse te vernietig, om alle hooghartigheid wat hom teen die kennis van God verhef, te verneder; om elke gedagte te onderwerp en gevange te neem tot gehoorsaamheid aan Christus. Ons is gereed om elke ongehoorsaamheid te straf” ’ (Calvyn 1992: 1508). Die aangehaalde gedeelte is ‘n kommentaar op Paulus se uitspraak soos dit opgeteken is in 2 Korintiërs 10: 4-6.

Calvyn gee ook die volgende definisie van die kerklike dissipline, naamlik:

> Dissipline is dus as ‘t ware ‘n toom waardeur diegene wat teen Christus se leer woed, teruggehou en getem kan word. Of dit is soos ‘n prikkel om diegene aan te por wat te min gewillig is. Soms is dit selfs soos ‘n vader se plak om diegene wat ernstiger afgedwaal het, met sagmoedigheid en die vriendelikheid van Christus se Gees te tug.
>
> (Calvyn 1992: 1522)

Calvyn onderskei verskillende vorme van tug waar die eerste stap as die broederlike gesprek beskou kan word wat hy grond op Christus se uitspraak

in Matteus 18: 15: ‘As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is’. Uit die broederlike gesprek volg dat indien iemand nie aan die vermaning gehoor gee nie, nog getuies saam geneem moet word, ‘sodat alles wat gesê word, deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word’ (Matt 18: 16).

> As iemand sulke vermanings òf hardnekkig verwerp, òf deur in sy gebreke te volhard, bewys dat hy dit minag, skryf Christus voor dat hy, wanneer hy vir ‘n tweede keer vermaan is en getuies saamgegaan het, voor die kerk se hof, dit is die vergadering van ouderlinge, gedaag moet word....As hy selfs nie eens so gebreek word nie maar in sy sonde volhard, dan beveel Christus dat hy as ‘n veragter van die kerk uit die gemeenskap van die gelowiges geweer moet word.
>
> (Calvyn 1992: 1523)

Calvyn se uiteensetting is volledig gebaseer op die uitspraak in die Matteus Evangelie waarna reeds verwys is. Hy onderskei verder tussen persoonlike en ander openbare of duidelik openlike sondes. Oor laasgenoemde haal hy Paulus aan wat aan Timoteus sê: ‘Bestraf hom voor almal sodat almal kan vrees’ (1 Tim 5: 20). Met verwysing na Galasiërs 2: 14 sê Calvyn: ‘Dat die apostel Timoteus beveel om diegene wat openlik sondig in die openbaar te bestraf, het hy self in die geval van Petrus gevolg. Toe Petrus trouens so gesondig het dat hy ‘n openbare ergernis geword het, het hy hom nie in afsondering vermaan nie, maar hom ten aanskoue van die kerk te voorskyn gebring’ (Calvyn 1992: 1524).

‘n Woordvoerder soos Bouwman het redelik uitvoerig aandag aan die kerklike tug gegee, asook aan die Skriftuurlike fundering van die kerklike dissipline. Hy verwys na die sleutelmag wat in Matteus 16: 19, en 18: 18 genoem word met die opmerking:

> Wie naar het evangelie zijne zonden belijdt en van de kerk vergeving ontvangt, ontvangt geen vergeving van een mensch,

> maar van God. En wie zich verhardt tegen het evangelie, en door de gemeente wordt veroordeeld, kan er verzekerd van zijn, dat deze veroordeeling van een verachter des Woords in den hemel zal bevestigd worden. De vergeving of het houden van de zonden ligt, ook al spreken de menschen een oordeel uit, niet in de handen van de menschen, maar in de handen des Heeren, die zijn eigen Woord bevestigt.
>
> (Bouwman 1988: 32)

Die sleutelmag kom volgens Bouwman (1988: 32) ook in algemene sin in Johannes 20: 21-23 ter sprake. Verder verwys hy na Romeine 16: 17 waar die gemeente vermaan word om versigtig te wees vir diegene wat verdeeldheid veroorsaak en mense afvallig maak van die leer wat hulle ontvang het (Bouwman 1988: 36). Hy noem ook 1 Korintiërs 5: 2 tot 13 'waar Paulus aan de gemeente beveelt, zich niet te vermengen en geen broederlijken omgang te hebben met de hoereerders, maar dat zij den booswicht, die in schandelijke hoererij leefde, uit hun midden moeten wegdoen' (Bouwman 1988: 37).

Pont handel oor die saak en omlyn die betekenis van die kerklike tug wanneer hy sê:

> As mens nou die betekenis van die woordjie tug nagaan , blyk dit dat dit die betekenis het van **opvoed** en **onderhou** en daarmee saam **die teengaan of teregwysing van die abnormale of verkeerde ontwikkeling**. So kom ons by die betekenis: leiding gee om iemand by die goeie te hou en van die verkeerde weg te hou. Gekoppel aan die begrip **dissipline** kan gesê word dat in die woorde dissipline en tug die gedagte lê van: opvoeding, handhawing van die orde en bestraffing van die sonde.
>
> (Pont 1973: 2)

Op dieselfde bladsy dui hy aan dat die noodsaak van die handhawing van die kerklike dissipline ook Skriftuurlik afgelees kan word met verwysing na

gedeeltes soos Matt 16: 16-19; 18: 15-18; 1 Kor 5; 2 Kor 2: 7; 6: 14; Tit 3: 10-11; 2 Joh 10; Op 2: 14-16. Hy onderskei verskillende vorme van tug wat eerstens gemik is om die geordende lewe van die gemeente sy gang te laat gaan. Die dissipline bestaan verder uit die vermanende, opvoedende optrede teen die sondaars wat die orde en dissipline van die gemeente versteur, en laastens teen diegene in die gemeente wat hulle in leer en lewenswandel so gedra, dat daar nie net van vermaning sprake kan wees nie, maar ook bestraffing.

Dit moet gestel word dat die tug net so kerklik hanteer moet word as wat die Woord bedien word. 'Dit beteken dat die tug deur kerklike ampsdraers bedien moes word, terwyl die enigste maatstaf van die tug die Woord van God is én moet wees' (Pont 1981: 257).

Die saak het ook in die belydenisskrifte van die kerk neerslag gevind, naamlik in vraag en antwoord 83 tot 85 van die Heidelbergse Kategismus, asook in artikel 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Prinsipieel veronderstel die Woord en sy verkondiging die kerklike dissipline. Dit is nie moontlik om te bely dat Jesus die Here is (1 Kor 12: 3), maar tegelyk in onvrede met jou broer te leef nie (1 Joh 4: 20). Daarom is dit onmoontlik dat iemand lidmaat of ampsdraer van die kerk kan wees, maar hom skuldig maak aan hoerery, dobbel, twyfelagtige besigheidspraktyke en so meer nie. Soos in die liturgie, asook met die kerklike orde, is daar geen uitgewerkte kerklike dissipline of tughandelinge in die Skrif gegee nie. Daarom is riglyne ter sprake, en 'n bepaalde manier van doen wat van die burgerlike owerheid onderskei word. Kerklike dissipline funksioneer anders as die van die burgerlike owerheid omdat die kerk nie met die *ius gladii* opereer nie:

> Alleen met het Woord Gods worde de bozen veroordeeld en degenen die zich bekeren, weer in genade aangenomen. Ook hier ontmoeten wij een typisch verschil met de burgerlijke jurisdictie. Deze beschikt over het "ius gladii" om tegen de zonden op te treden (boeten, gevangenisstraf), de kerk alleen over het Woord

> van de Heer....De rechtspleging der kerk is eigenlijk niets anders dan de praktische toepassing van het woord van Paulus in 2 Kor 10: 4 en 5 over de geestelijke macht van de herders: met déze macht worden de bolwerken afgebroken en de hoogten geslecht, die zich tegen de kennis van God verheffen en wordt elk bedenksel onderworpen en als gevangene geleid onder de gehoorzaamheid aan Christus.
>
> (Plomp 1969: 73; kyk ook Smit 1984: 127)

Met bogenoemde inleiding tot die kerklike dissipline in gedagte, word Ordereël 8 in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nader beskou. In die vetgedrukte aanhef word aangedui dat die verkondiging van die Woord self orde en dissipline skep, ‘sodat almal ooreenkomstig die Woord van God glo en leef, en Jesus Christus as enigste Hoof van die kerk erken word’ (Ordereël 8). Die passiewe verpligting waarmee die aanhef dit noodsaak dat Jesus Christus as Hoof van die kerk erken moet word, dui daarop dat kerklike dissipline inderdaad dit wil bereik, naamlik die erkenning dat Jesus Christus Hoof van die kerk en Heer van die wêreld is, en dat díé uitgangspunt vir die lewenswyse van gelowiges gevolge het. Woordverkondiging skep die noodsaak dat diegene aan wie die Woord verkondig word, hulle lewe sal inrig volgens die eise van die Woord en glo soos omlyn deur die inhoud van die belydenisskrifte wat deur die Skrif genormeer is.

In die kerklike dissipline soos geformuleer in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk word onderskeid gemaak tussen dissipline as opsig, en as tug. Opsig is ‘n meer informele handeling wat die oneffenheid waaroor gekla word uit die weg wil ruim sonder formele handelinge. Die aard van die handeling word in Ordereël 8.3.2 aangedui as ‘n verantwoordelikheid van lidmate, ampsdraers en vergaderings om vir mekaar te sorg. Díé sorg spruit uit die barmhartigheid van die Here met die bedoeling om die ware diens aan God te onderhou, die suiwer leer en goeie orde te handhaaf (Ordereël 8.3.1), en daarop neerkom dat almal vir mekaar verantwoordelikheid aanvaar. Hier word aangedui dat lidmate en ampsdraers

hulle nie op die wêreldlike hof beroep met verbygaan van die kerklike opsig (Ordereël 8.3.3) of tug nie (Ordereël 8.5.3). In beide word gestel dat ‘n lidmaat of ampsdraer wat getug word hom nie tot die wêreldlike hof wend, *met verbygaan* van die kerklike opsig of tug nie (eie kursivering). Hiermee kom nogeens na vore dat die kerk en alles wat dit beteken ook kerklike handelinge na vore roep. Die kerklike wyse van optrede is daarom om eers met mekáár te praat (Matteus 18: 15), alvorens ander moontlikhede soos die burgerlike regspleging ontgin word. Wanneer die geestelike karakter van die kerklike tug of dissipline in gedagte gehou word wat daarop ingestel is om die verkeerdheid reg te stel in die lig van die Christelike barmhartigheid, behoort dit vanselfsprekend te wees dat ampsdraers sou verkies om nie deur die burgerlike owerheid verhoor te word nie, maar liewer deur die Kerk.

Die moontlikheid bestaan dat kerklike vergaderings swak besluite kan neem, wat diegene wat verhoor word mag benadeel. Coertzen wys daarop dat dikwels gewerk word met die uitgangspunt *salus animarum suprema lex*. Dit kom daarop neer dat in allerlei konflikte wat in die kerk tussen verskillende partye mag ontstaan, ‘die kerk feitlik op enige manier kan optree solank dit net uiteindelik die saligheid van die siel tot gevolg sal hê’ (Coertzen 1998: 29). Hy beklemtoon die nodigheid om behoorlike reëls vir kerklike ondersoeke te formuleer en daarby te hou, en die gevaar te vermy om voor burgerlike howe gedaag en moontlik skuldig bevind te word.

Naas goed geformuleerde reëls wat by tugverhore geld, kan ook na die volgende verwys word wat mag bydra tot die billikheid, regverdigheid en deursigtigheid van ‘n verhoor, wat sekerlik as maksimum-minimum vereiste gestel kan word:

> Hierdie reëls kom neer op die volgende: (i) *audi alterem partem* (hoor die ander party); (ii) *nemo iudex in propria causa* (niemand kan ‘n regter in sy/haar eie saak wees nie), en (iii) redes moet gegee word vir besluite wat geneem en maatreëls wat getref word....Hoewel dit reëls van natuurlike geregtigheid genoem word,

> kan daar ‘n goeie saak voor uitgemaak word dat dit Bybels gefundeerd is.
>
> (Coertzen 1998: 30; kyk ook Smit 1995)

In aansluiting by laasgenoemde kan na aanleiding van die *audi alterem partem* reël onder andere verwys word na Nikodemus se uitspraak: ‘Volgens ons wet kan ons mos nie sommer iemand veroordeel sonder om eers sy kant van die saak te hoor en vas te stel wat hy doen nie’ (Joh 7: 51).

Gedagtig aan die kerkordelike reël dat niemand hom tot die burgerlike owerheid wend met verbygaan van kerklike strukture nie, wys Scholtz daarop dat die uitspraak van Paulus aan die Korintiërs dit bevestig (1 Kor 6: 1-8), ‘maar dan is dit ook duidelik dat hy dit teen hulle kwelsugtigheid gehad het en die feit dat hulle die kerk in die skande gesteek het deur hulle toevlug tot *heidense* regters te neem’. Verder wys hy daarop dat dieselfde Paulus hom by geleentheid op die hoogste amptenaar van die destydse regering beroep, naamlik die Keiser van die Romeinse Ryk (Handelinge 25: 11). Hy het ook geskryf dat die owerheid, wat die regbank insluit, ‘n instelling van God is wat onreg en kwaad wil teengaan (Rom 13: 1-7) (Scholtz 2001: 190). Die Nederlandse Geloofsbelydenis verwoord ook die feit dat elkeen verplig is, ongeag sy rang of stand, om hom aan die owerheid te onderwerp ‘in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie’ (NHKA 1997: 132).

Kerklike vergaderings het dus die voorreg om korrek te besluit na aanleiding van die eie aard van die kerklike reg, en met die regsreëls van die sogenaamde natuurlike reg daarby inbegrepe. Wanneer iemand benadeel word en hom tot die regbank van die burgerlike owerheid wend, en die kerk skuldig bevind word, veral as die meriete daarvan sonder twyfel blyk, is dit seker begryplik. Sodanige optrede word egter totaal onverstaanbaar as iemand hom tot die regbank wil wend oor voor die hand liggende kerkordelike bepalinge, soos die feit dat verlof net tot ‘n maksimum van twee en veertig dae uitbetaal word (NHKA 2001: 115). Die gemaklikheid waarmee deesdae ‘n beroep op die arbeidshof gemaak word, is eweneens verbasend.

Soos reeds aangedui is tug ‘n meer formele handeling wat die eer van God dien, die geloof van die gemeente beskerm, en diegene wat in ongeloof en ongehoorsaamheid aan die Woord van God volhard, tot bekering te roep (Ordereël 8.4.1).

Lidmate en ampsdraers is aan tug onderworpe, maar kan teen ‘n beslissing appèlleer deur ‘n beroep te doen op ‘n bykomende vergadering (Ordereël 8.5.1 en 8.5.2). By die bevestiging van elkeen van die drie ampte, asook by die bevestiging van nuwe lidmate, word die belofte van onderwerping aan die kerklike vermaninge en tug ingesluit (NHKA 1997: 60, 77, 81).

Soos reeds aangedui bestaan die kerklike dissipline soos omskryf in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk, uit twee dele, naamlik opsig en tug. Opsig word in Ordinansie 8.1 en 8.2 nader bepaal deur eerstens daarop te wys dat opsig plaasvind deur middel van gesprek (8.1.1). Hierin word die broederlike gesprek genoem wat besonder belangrik is in kerklike konteks, en die beginpunt verwoord van alle kerklike opsig en dissipline. Die gesprek gaan oor leer en lewe met die oog op die behoud van die regte geloof en lewenswandel. Die toonaard van die gesprek kan raadgewend, waarskuwend, teregwysend of bestraffend wees, *maar geskied in liefde* (eie kursivering), aangesien nie formele tughandelinge beoog word nie, maar om slegs die toestand waaroor gekla word uit die weg te ruim. Die gesprek vind plaas tussen lidmate, ampsdraers en vergaderings onderling, en wanneer dit so gestel word, is dit duidelik dat hiermee geïmpliseer word dat almal oor mekaar opsig hou, en dat die gesprek tussen alle partye in die Kerk moontlik is (Ordinansie 8.1.2). Die informele trant van die gesprek blyk as bepaal word dat die opsighouer die wyse van die gesprek sal bepaal (Ordinansie 8.1.3).

Met die herskrywing van die Kerkwet wat uitgeloop het op die ingebruikname van die Kerkorde is hier ‘n tweede stap in die opsig ingevoer wat in die Kerkwet nie moontlik was nie. Dit bestaan daarin dat wanneer die redelik informele broederlike gesprek misluk, ‘n meer formele beswaar skriftelik, met ondersteunende getuienis, aan die bevoegde opsighoudende vergadering voorgelê word (Ordinansie 8.1.4).

Die almal oor almal opsig uitgangspunt, kom in Ordinansie 8.2.1-3 duidelik na vore. So hou die ouderlingevergadering opsig oor almal in die gemeente. Die ringsvergadering en sy kommissie oor almal in die gebied van die ring, en die Algemene Kerkvergadering en sy Kommissie hou opsig oor dienaars van die Woord, ringsvergaderings, en oor rade en komitees van die Algemene Kerkvergadering. Die direkte opsig bevoegdheid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor predikante, is ook ‘n bykomende moontlikheid wat in die Kerkwet nie bestaan het nie (Bepaling 100 2; 103). Dit is ‘n vraag of díé bevoegdheid wat aan die Kommissie toegeken is nie daartoe bydra dat die opsig van die ouderlingevergadering op die terrein waar die predikant leef, werk, en die Woord verkondig, nie ‘n verskraling van die opsig van die ouderlingevergadering in die hand kan werk nie. Terselfdertyd kan dit daartoe bydra dat ringsvergaderings, en veral ringskommissies, swak funksioneer met betrekking tot opsig in die ringsgebied.

Die vergadering wat ‘n beswaar ontvang het, skenk binne veertien dae daaraan aandag, en handel soos omskryf in Ordinansie 8.2.4. Indien die poging misluk, word die persoon oor wie gekla word skriftelik opgeroep met vermelding van die redes vir die gesprek (Ordinansie 8.2.5).

Ordinansie 8.2.6 hou in dat die tweede meer formele gesprek suksesvol kan wees en die saak waaroor gekla is in die reine gebring word. Maar die moontlikheid bestaan ook dat die een oor wie gekla word, sonder enige grondige rede versuim om aan die gesprek deel te neem, en daarom volgens Kerkorde aangekla moet word. Dat die prosedure wat in Ordinansie 8.2.7 ‘n klag onder die opsig is, word duidelik wanneer laasgenoemde met Ordinansie 8.3.1 vergelyk word, veral met verwysing na Ordinansie 8.2.7 (ii) en (iii) wat opsigbevoegdheid aan die ouderlingevergadering oor ouderlinge en diakens, asook oor predikante, verleen.

Naas bogenoemde uitbreiding van die opsigmoontlikhede wat deur die Kerkorde bygevoeg is, word andersins nie probleme ondervind met die tug prosedures soos in die Kerkorde uiteengesit nie, behalwe met die huidige

formulering van Ordinansie 8.3.4. Hierin word die moontlikheid geskep dat wanneer so ‘n aanstootlike sonde gepleeg word dat die eer van God, die welsyn van die gemeente, die behoud van die gelowige en die goeie orde aangetas word, die tug toegepas kan word met verbygaan van die kerklike opsig. Die Ordinansie is problematies omdat een situasie uitgesonder word, naamlik wanneer ‘n predikant in ‘n egskeiding betrokke raak. Verder het egskeiding onder predikante ‘n ander dimensie gekry sedert die besluit van die vyf en sestigste Algemene Kerkvergadering: ‘Elke geval word volledig ondersoek en na gelang van die bevinding tree die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering volgens die Kerkorde op’ (NHKA 1998: 36). As motivering van die besluit het onder andere gegeld: ‘Deur alle persone oor dieselfde kam te skeer, skep die maatreël ‘n ongelukkige ruimte om die heilsame werking van die tug vir die Kerk en vir die betrokke persone te ontduik’. Die besluit was daarteen gemik om die kasuïstieke benadering dat alle predikante wat in egskeiding betrokke raak, sonder meer van hulle amp onthef word, uit die weg te ruim sodat elke egskeiding en die omstandighede wat daartoe gelei het, op meriete hanteer kan word (NHKA 1998: 35).

Die besluit het tot gevolg gehad dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bepaalde prosedure besluite moes neem, wat tydens die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering vasgelê is (NHKA 2001d: 186-7). Dit het daarop neergekom dat nie alle predikante wat in egskeiding betrokke is, sonder meer uit die amp onthef word nie, maar dat sommige ampsvoorreg behou met ‘n gepaardgaande tydelike opskorting van ampspligte of herstelperiode (NHKA 2001d: 180). Arbeidsregtelik kom hier twee probleme na vore, naamlik wanneer ampspligte opgeskort word dui dit op sensuur. Die tweede probleem wat deur regsgeleerdes met die Ordinansie ondervind word, is die vraag waarom egskeiding uitgesonder word.

Tydens ‘n vergadering van die Raad vir Regsadvies gehou op 14 Junie 2004, is ‘n wysiging van Ordinansie 8.3.4 (i) voorgelê, wat daarop neerkom dat ‘n vergadering van die ampte, of bykomende vergadering die kerklike voorregte van so ‘n lidmaat, die ampsvoorreg van so ‘n ampsdraer, of die lidmaatskap van lede van so ‘n vergadering kan opskort nadat die lidmaat, ampsdraer of

lede van ‘n vergadering aangehoor is en waar daar redelike gronde bestaan dat so ‘n lidmaat, ampsdraer of lede van ‘n vergadering ‘n aanstootlike sonde pleeg wat die eer van God, die welsyn van die gemeente, die behoud van die gelowige of die goeie orde aantas (NHKA 2004f: 2; 2004g: 469).

Die gevoel is dus dat enige persoon wat een of ander aanstootlike sonde gepleeg het, aangehoor moet word. Daarnaas moet die verwysing na egskeiding in die Ordinansie geskrap word, en is dit verder duidelik dat predikante wat in egskeiding betrokke raak, ampsvoorreg behou, maar vir ‘n afkoelperiode van hulle ampspligte onthef word, nie onder díé Ordinansie hanteer kan word nie. Tydelike opskorting van ampspligte onder sulke omstandighede is nie tughandelinge nie, en sal waarskynlik beter tuisgebring kan word onder verlof [Ordinansie 2.1.7 (i) (e)], wat in die verlofreglement nader gepresiseer word (NHKA 2001: 115-117). Alternatiewelik kan die bepaalde reëling ondervang word deur ‘n uitbreiding van Ordinansie 7 (NHKA 2004f: 3).

Voorts het ‘n werkstuk opgestel deur adv Linda Pienaar, voor die vergadering van 26 Februarie 2004 gedien wat die verskillende tugprosedures wat in Ordereël en Ordinansie 8 van krag is, uit ‘n regshoek beoordeel (NHKA 2004c: 2). Uit die voorgelegde werkstuk kom die mening na vore dat tugkomitees ingevoer moet word omdat die spoedige afhandeling van tug of dispute ‘n erkende regsbeginsel is. Dit word veral gestel met betrekking tot ‘n appèl teen ‘n beslissing van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, na die Algemene Kerkvergadering [Ordinansie 8.3.8 (i) (d)].

Die vergadering het van die inhoud van die werkstuk kennis geneem. Die invoering van komitees is nie aanvaarbaar nie, aangesien die gesag en verantwoordelikheid van regeervergaderings daarmee uitgehol, en die indruk skep dat alles in die Kerk met kleiner kommissies en komitees afgehandel kan word, tot nadeel van die vergaderings van die ampte. Vaste komitees wat ten spyte van die rotasiebeginsel in die praktyk tog sonder rotasie gehandhaaf word, skep bepaalde magsposisies wat vreemd is aan die Presbiteriaal-sinodale kerkregering.

Dat die appèl na die Algemene Kerkvergadering tydrowend, omslagtig en riskant (NHKA 2001: 123; Reglement vir prosedure by tug, 4.8) is, word toegegee. Wanneer egter teologies-kerklik na die situasie gekyk word, skep omgang met die Woord sy eie dissipline, en is dit ‘n vraag waarom lidmate en ampsdraers so ver wíl gaan as selfs ‘n beroep op die Algemene Kerkvergadering. Alhoewel ‘n beroep op die Algemene Kerkvergadering teen ‘n beslissing van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering tydens die drie en sestigste Algemene Kerkvergadering, in sitting vanaf 28 Junie tot 4 Julie 1992, op tegniese gronde geslaag het (NHKA 1992b: 200), was die uitslag vir die klaer klaarblyklik nie genoeg om ‘n lewe as bedienaar van die Woord te verseker nie. Dieselfde geld ook vir predikante wat hulle van regslui laat bedien tydens dispute met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Dat kerklike dissipline deel moet vorm van die wélwese van die kerk, kan sekerlik vanweë die sondigheid van die immanente bedeling nie buite rekening gelaat word nie. Maar met dit gesê, bly dit waar dat erns met die Woord, met die belydenisskrifte in religieuse sin (Graafland 1973: 93), en die kerklike orde, ‘n regskape lewe tot gevolg het, selfs ten spyte van die aaklige werklikheid van die sonde in die lewe van elke gelowige.

5.9 Kerk en owerheid

Die laaste faset van die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip wat aandag geniet is die verhouding tussen kerk en owerheid. Dit is voor die hand liggend dat die situasie in die sestiende eeu drasties verskil van die bedeling wat huidig geldig is. Aan die teokratiese bestel wat in die sestiende eeu geheers het, bring die Franse Rewolusie van 1789 ‘n ingrypende verandering (Pont 1991: 5). Dit beteken die einde van die teokratiese siening van die verhouding tussen kerk en owerheid waarna reeds verwys is. Ten spyte van die drastiese veranderinge sedert die Reformasie, het die verhouding kerk en owerheid bly bestaan, en moet aan die saak aandag gegee word veral met die oog op die huidige situasie wat veral sedert 1994 ingetree het.

In die denke van die Nederduitsch Hervormde Kerk het die verhouding tussen kerk en owerheid soos gesien deur die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 36, bly vassteek. Dit ten spyte van die feit dat die moderne owerheid die kerk sien as ‘n sosiale vereniging soos enige ander sosiale vereniging binne die regsgebeid van die heersende owerheid. ‘In Suid-Afrika het die howe kerke nog altyd gesien as vrywillige verenigings met ‘n grondwet wat in terme van die kontraktereg beoordeel moet word....In Suid-Afrika het dit via die Engelse bewindsoorname in die 19de eeu deel van ons regsbeskouing geword’ (Coertzen 2001: 117).

Ten spyte van díé uitgangspunt beskou die Nederduitsch Hervormde Kerk die owerheid steeds as instelling van God [Ordinansie 5.7.8 (ii)], aan wie getuienisse vanuit die Woord gelewer word oor die Koninkryk, die wil en die gerig van God. Uit díé formulering word ook aangedui dat die getuienisse uit die Woord van God mense tot gehoorsaamheid aan die Woord van God wil lei, wat by implikasie dus ook vir die owerheid aan wie die getuienis gelewer word, geld. Wanneer vervolgens gestel word dat die Kerk vir die owerheid bid, en hulle daarvan verseker [Ordinansie 5.7.8 (iii)], is dit meteen duidelik dat die Kerkorde nie met ‘n neutrale owerheid werk nie. Gebed vir die owerheid is en bly een van die mees kritiese handelinge denkbaar, en sluit neutraliteit uit (Mans 1962: 115). In sy gebed vir die owerheid ‘dank die kerk God dat Hy in

sy genade die sonde aan bande lê deur die instelling en onderhouding van owerhede', 'smeek die kerk God dat Hy deur sy Heilige Gees in sy genade aan die owerheid die gawes van gehoorsaamheid, wysheid en geregtigheid sal verleen wat hom in staat sal stel om sy taak verantwoordelik uit te voer', en 'bid die kerk dat die owerheid in al sy besluite en handelinge gelei sal word deur die Heilige Gees sodat die Naam van God geëer, die ryk van Christus bevorder mag word en die evangelie sy loop mag hê' (Oberholzer 1985: 17-18). Die Kerk se standpunt het oor die aangeleentheid nie verander nie aangesien die owerheid steeds as instelling van God waardeer word aan wie die wil en die gerig van God verkondig word, en as mededienskneg naas die kerk, óók deur die bestaan van God genormeer word.

As gevolg van die vennootskap met die owerheid beywer die Kerk hom vir 'n Christelike lewensorde waarbinne die Kerk sy gang kan gaan, sy lidmate regverdig behandel word, en teen onreg beskerm word. Die Kerk hou naas die owerheid ook die huwelik in stand (Ordereël 7), bedien barmhartigheid aan alle mense en hou saam met die owerheid bepaalde strukture in stand om bejaardes en verwaarloosde kinders te versorg (Ordinansie 2.4.4). Verder voed die Kerk sy kinders op om die owerheid te respekteer en te erken as dienaar van God oor alle mense. Die Kerk verwag van sy lidmate om die owerheid te gehoorsaam, in alles wat nie in stryd is met die Woord van God nie (NGB, Artikel 36).

Wanneer die Kerk in sy Kerkorde Jesus Christus as Hoof van die kerk en Heer van die wêreld bely, is dit ook 'n proklamasie aan die owerheid waardeur aan die owerheid sy plig en sy plek, asook die grense van sy gesag aangedui word (Oberholzer 1985: 14). Aan die owerheid word verkondig dat sy oorsprong in die wil van God setel en dat sy bestaan begrens is. 'Dat die owerheid sy oorsprong het in die wil van God, dat hy 'n plek het binne die genadige bestel van God en dat hy 'n taak het wat hom dienaar van God maak, is 'n wete wat aan die kerk gegee is en deur die kerk aan die owerheid voorgehou moet word' (Oberholzer 1985: 15). Die aangeleentheid kom by uitstek in die verkondiging van die Kerk ter sprake as die mees besondere geleentheid waar die stem van die kerk gehoor word [Ordinansie 5.7.8 (i)].

Pont wys daarop dat die partypolitieke struktuur vir die kerk ‘n dilemma geskep het, juis omdat die partypolitiek met soveel drif gevoer is (Pont 1985: 34). Juis dit het tot gevolg gehad dat die profetiese getuienis van die kerk onder druk gekom het, omdat enige poging daartoe suiwer op politieke gronde beoordeel is. Die Kerk beskou die owerheid op grond van die Woord as dienskneg van God wat onder die heerskappy van God staan. Daarom het die owerheid nie absolute gesag nie, en is die owerheid nie uitsluitlik die gevolg van ‘n keuse wat deur mense in verkiesings aangedui is nie. Dit plaas die owerheid in besondere lig en stel aan hom die verantwoordelikheid om die samelewing in te rig op so ‘n wyse dat ‘n Christelike lewensorde tot stand kom (Oberholzer 1985: 19). Die owerheid is verantwoordelik vir die veiligheid van almal wat binne sy grense woon, teenoor mekaar, asook teenoor gevare van buite (Oberholzer 1984: 26 verv). Die owerheid is ook geroepe om die lewenskwaliteit van sy onderdane te bevorder deur die skepping van arbeid en diens om lewensonderhoud te verdien, versorging van diegene wat nie daartoe in staat is nie, die voorsiening van onderwys en opleiding aan al sy inwoners, beskerming van die huwelik en gesinslewe, beskerming en erkenning van die eie aard en kultuur van volkere en volksgroepe, en die erkenning en beskerming van die vryheid van die individu om binne perke van die gemeenskap ‘n eie lewe te voer (Oberholzer 1984: 30-34).

Wanneer die gesag van die owerheid beperk word deur te stel dat elkeen geroepe is om die owerheid te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord in stryd is nie, kom weerstand teen die owerheid ter sprake, en die vraag welke vorm van weerstand toelaatbaar is. Miskien is die volgende mening hier gepas. ‘Elkeen wat enigsins fisiese optrede oorweeg, sal lank voordat hy dit doen hom eers moet afvra watter inset hyself gelewer het om die toestand waarteen hy in opstand is, te kon verhoed het. Waar die burgery sy taak so sien, sal burgery en staat nie hulle rol as twee teenoormekaarstaandes vervul nie, maar as medeverantwoordelikes’ (Pelser 1986: 532; vgl. Smith 1988: 448).

Dat bepaalde verontrustende tendense in die huidige staatsbestel bestaan wat vir die kerk en sy lidmate kommerwekkend is, kan nie betwyfel word nie.

Hier kan onder andere verwys word na die huidige stand van onderwys, regspleging en die vlaag van misdaad met besondere verwysing na die onophoudelike moorde op plaasboere. Ten spyte van die feit dat daar rede bestaan om oor die huidige owerheid onvergenoegd te wees, is dit nie wys en daarom nie verantwoordelik om teen die huidige regering met wapengeweld in opstand te kom nie. Dit is vir die Kerk en sy lidmate bevrydend om in die sin van Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis met die owerheid om te gaan, en vir die owerheid te bid soos die Kerkorde aandui. Die verwagtinge wat die Kerk aan die owerheid stel, is uit die Skrif geput, en daarom norme wat steeds in die verkondiging en getuienisse aan die owerheid gekommunikeer word.

Ten slotte word kortliks gekyk na die situasie waarin die kerk in Suid-Afrika hom bevind sedert die veranderinge van 1994. ‘Met die inskrywing van die vryheid van godsdiens in die nuwe grondwet het die staat formeel afgestap van die bevoorregting van enige godsdiens’ (Coertzen 2001: 116), wat die vraag na vore bring of die regsposisie van die kerk in Suid-Afrika nie hersien moet word nie, en indien ja, op welke manier? As die kerk volgens die huidige regsbeskouing as ‘n vrywillige vereniging beskou word, word die kerk se saak in ‘n hof dienooreenkomstig hanteer, en kan die vraag gevra word of dit beteken dat die owerheid aan die kerk reeds die regsposisie toegeken het, naamlik net nog ‘n vrywillige vereniging wat op gelyke vlak met ander deur die reg beskou word.

Coertzen wys daarop dat die huidige situasie in Nederland daarin bestaan dat kerke niks anders is nie as privaatregtelike verenigings van persone. Dit beteken dat die kerk sy regspersoonlikheid ontleen aan sy ‘eie kerklike reg en as sodanig nie ‘n kategorie van die Nederlandse reg is nie en ook nie aan die burgerlike reg van Nederland onderworpe is nie’ (Coertzen 2001: 117). Die Betaafse omwenteling in Nederland het alle kerke egter by die verenigingsreg tuis gebring, ‘n situasie wat in Suid-Afrika deur die Engelse bewindsoorname gebeur het. As gevolg van die saak De Vos versus Die Ringskommissie [1952 2 SA 83 (O) 84 93] is in wetgewing daarna aanvaar dat die kerk inderdaad ‘n outonome regspersoon is. ‘Wanneer kerke en

godsdienstige groepe regspersoonlikheid besit, het hulle as sodanig bepaalde regte en verpligtinge as deel van hulle bevoegdheid – soos dat hulle eiendom mag besit, regsgeldige ooreenkomste kan aangaan en ook dat hulle in hulle eie naam as eiser of verweerder kan optree in 'n regsgeding' (Coertzen 2001: 118). Coertzen haal Van der Vyver aan wat stel dat benewens die bevoegdheid wat kerke as regspersone het, hulle volgens hom ook die bevoegdheid het om eie interne reëls en regulasies op te stel en toe te pas op basis daarvan dat dit kontraktueel van aard is. Die implikasies hiervan is dat kerke volgens die verenigingsreg beoordeel word, sonder meer val onder wetgewing en nooit seker is dat hulle eie karakter eerbiedig sal word nie (Coertzen 2001: 118; kyk ook Olivier 2004).

As oplossing van die probleem wys hy op die huidige situasie in Nederland wat daarop neerkom dat kerke 'n regspersoon *sui generis* is, naas die ander vorme van regspersone wat in die burgerlike reg erken word. 'As vereiste in die Nederlandse reg word wel gestel dat kerke deur hulle eie kerkorde geregeer word in soverre dit nie in stryd is met die wet nie' (Coertzen 2001: 120). Dit beteken verder dat wanneer dit gaan oor

> kerkordelike reëlings en besluite wat betrekking het op sake van geloof en belydenis, soos in die geval van kerklike huwelike, vereistes vir ampsdraers, die posisie van mans- en vrouelidmate, bepaalde dogmas, teologiese twispunte, ensovoorts, sal reëlings van kerke in hierdie verband deur die burgerlike regter gerespekteer word omdat die staat as sodanig nie daarby betrokke is nie en dit as die interne reg van die kerk beskou word.
>
> (Coertzen 2001: 121)

Die Nederlandse situasie kom dus daarop neer dat kerke volgens hulle kerkorde kan leef en besluit solank die kerkorde nie in stryd met die landswet is nie. Dit word toegegee dat kerke in Suid-Afrika die bevoegdheid het om hulle eie interne reëls en regulasies op te stel en toe te pas, maar dit is ook so

> dat die eie interne reëls en regulasies toegepas word op basis daarvan dat dit kontraktueel van aard is. Wanneer ‘n saak van die kerk in die hof bereg word, word die kerk deur die reg in Suid-Afrika gesien as ‘n vrywillige vereniging, met sy kerkorde as grondwet en dit word as sodanig bereg. In praktyk kom dit daarop neer dat byvoorbeeld diensverhoudinge in die kerk in terme van die Arbeidswet bereg word.
>
> (Coertzen 2001: 122)

Olivier daarenteen wys daarop dat die feit dat predikante traktement, vakansiebonus en pensioenvoordele ontvang, nog nie beteken dat daar ‘n regsverhouding met betrekking tot die landswet tot stand gekom het nie.

> Therefore, being bound by the terms and provisions of church constitutions and canonical documents does not generally flow from a contractual arrangement to this effect, but from the fact that the minister voluntarily accepts him/herself to the specific ecclesiastical legal framework applicable to the functioning of office-bearers in the particular church.
>
> (Olivier 2002: 533)

Coertzen wys verder daarop dat volgens studies wat oor die kerk en die Wet op Arbeidsverhoudinge en ander verbandhoudende wette gemaak is, die situasie in ander demokrasieë en ook hofuitsprake in Suid-Afrika sowel as ander lande soos Australië, Nieu-Seeland, Engeland en Duitsland, dit geblyk het dat kerke in Suid-Afrika die reg het om sy interne diensverhoudinge met sy predikante te reël (Coertzen 2003: 256). Hy dui in dieselfde artikel aan dat indien verhoudinge volledig op die lees van die Wet op Arbeidsverhoudinge gereël word, alle ander wetgewing en bepalings in verband met arbeidsverhoudinge óók as gevolg daarvan op die kerk van toepassing is (Coertzen 2003: 254).

Moontlik kan die oplossing gevind word in die volgende suggestie as ‘n poging om veilig te vaar deur al die moontlike slaggate waarin die kerk kan beland. ‘n Moontlike oplossing wat gunstig bejeën mag word

> is to incorporate or introduce on a voluntary basis relevant labour law principles into the relationship between clergy and the relevant church structures, even though the basis of the relationship remains outside the realm of labour law. This has the advantage that the church and its office-bearers, in particular clergy, could rely on basic tenets of equity developed over years within the framework of labour law. This should contribute to a view that churches are seen to be sensitive to widely acceptable norms of what constitutes fair treatment of those who work.
>
> (Olivier 2002: 539)

Olivier se volgende stelling is seker in ‘n mate gerusstellend ten spyte van sy voorafgaande opmerking dat ‘the development of constitutional status of churches, their office-bearers, clergy and employees in South African law is still in an embryonic stage’. Met laasgenoemde opmerking in gedagte stel hy die volgende: ‘It is now generally accepted that certain church “workers”, notable clergy or ministers of religion, render services not on the basis of being employees of the church, but on the basis of a particular spiritual relationship. In these cases labour law would, as a matter of principle, not find application’ (Olivier 2002: 541).

Ervaringe van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die meer onlangse verlede, asook die oënskynlike voor die hand liggende neiging om oor aangeleenthede soos opgehoopte verlof die hulp van die Wet op Arbeidsverhoudinge in te roep, dui aan dat die kerk gesien word as ‘n vrywillige vereniging waarop alle tersaaklike wetgewing van toepassing is. Coertzen se suggestie dat kerke moontlik die owerheid gesamentlik moet nader om oor hulle regsposisie uitsluitsel te kry, is waarskynlik nie sonder meriete nie (Coertzen 2001: 115).

Kerkordelik gesproke handhaaf die Nederduitsch Hervormde Kerk steeds die teokratiese siening dat die owerheid ‘n instelling van God is aan wie die volle raad van God vanuit die Woord deur verkondiging, gesprekke en die bekendmaking van die besluite van meerdere vergaderings, ook saam met ander kerke, profeties betuig word. Vanweë die feit dat die owerheid ‘n instelling van God is, word getuienisse gelewer oor die Koninkryk, die wil en gerig van God, deurdat God mense aan Hom gehoorsaam wil maak en deur sy Woord wil laat lei. Die kerk bid vir die owerheid waarmee die owerheid krities en profeties onder die maatstaf van die Woord van God geplaas word. Gebed vir die owerheid is ook priesterlik van aard, daarom dra die kerk die owerheid aan God op om die owerheid genadig te wees en te seën met geloof en goeie insig om goed te regeer (Ordinansie 5.7.8).

HOOFSTUK 6

SAMEVATTENDE NABETRAGTING

By voltooiing van díé studie moet ten slotte tot bepaalde slotsomme geraak word oor die aanvanklike vraagstelling, naamlik in watter mate die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, asóók die kerklike reg wat in die Kerk beoefen word, deur die Reformatoriese kerklike reg bepaal word. Laasgenoemde het ‘n duidelik omlynde agtergrond wat enersyds deur die Bybels-Reformatoriese teologie, maar andersyds deur die Presbiteriaal-sinodale kerkregering, bepaal word. Beide agtergronde is in die verloop van die studie hanteer, asook die huidige stand van die kerklike reg in die Hervormde Kerk aan die hand van die Kerkorde, besluite van vergaderings van die ampte, asook die teologiese debat wat in die Kerk gevoer word.

Aan die hand van die Kerkorde is aangedui dat die kerklike reg in die Kerk uitgaan van die belydende kerkregtelike uitgangspunt, geldend vir alle Reformatoriese kerkreg, naamlik dat Jesus Christus Hoof van die Kerk, en Heer van die wêreld is. In diens van díé uitgangspunt word ook die anti-hiërargiese-, anti-independentistiese-, en die rotasiebeginsel aangetref wat uiting wil gee aan die gestelde belydende uitgangspunt van die Reformatoriese kerklike reg. Verder word ook aangedui dat die ampte gawes en dienste is waardeur God mense wat Hy in Christus verlos, in geloof na Hom bring. Die amp is dus nie ‘n hoë posisie (*officium*) van besondere aansien nie, maar ‘n nederige dienswerk (*ministerium*) wat verrig word deur geroepe ampsdraers. Sodoende is terselfdertyd afgegrens teen die amp as ‘n *character indelibilis*, aangesien die funksionele ampsbeskouing gehandhaaf word dat ‘n ampsdraer ampsvoorreg geniet in soverre hy alles doen wat op die besondere amp betrekking het.

Die Kerkorde stel ook dat die vergaderings van die Kerk regeervergaderings is wat as vergaderings van die ampte byeenkom, om aan die taak uitvoering te gee. Regeervergaderings of vergaderings van die ampte is die ouderlinge-, diakens- en kerkraadsvergadering in die gemeentes van die Kerk. Verder word op ringsvlak die ringsdiakens- en die ringsvergadering aangetref. Op

sinodale vlak funksioneer die Algemene Kerkvergadering en die Algemene Diakensvergadering.

Voorts word die leer, sakramente, kerklike feesdae en geleenthede behandel. Die leer van die Kerk word belangrik geag wanneer met verwysing na die proponentsformule opgemerk word dat die belydenisskrifte van die Kerk op die *quia*-standpunt funksioneer.

Die kerklike dissipline wat bedoel is vir die welwese (*bene esse*) van die kerk en nie deel uitmaak van die wese (*esse*) van die kerk nie, geniet aandag en word onderskei as opsig en tug.

Ten slotte word verantwoordelikheid teenoor die owerheid aanvaar wat plaasvind deur gesprek, getuienis en gebed vir die owerheid waardeur die Kerk sy geloof teenoor die owerheid betuig.

Formeel gesproke kan bevestigend geantwoord word op die vraag, of die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die beginsels verwoord wat deur die Kerk se keuse vir die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip ter sprake kom. Al die basiese uitgangspunte word in die Kerkorde teruggevind wat in ‘n kerkorde van Reformatoriese oorsprong verwag word.

Die invoering van die Kerkorde in 1997, asook die aanvaarding van die gebruiklike aanduiding vir die ordende maatreëls om die kerk te regeer, naamlik *kerkorde*, en die ontslae raak van verskeie figure wat ‘n afwyking verteenwoordig het met betrekking tot die Reformatoriese ampsbeskouing, was ‘n stap in die regte rigting. Daarbenewens het die bevoegdheid aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om oor aangeleenthede te besluit wat op die Algemene Kerkvergadering *moes* gedien het ook verval. Dit het die vooruitsig ingehou dat die Kommissie minder prominent sou funksioneer.

Ten spyte van die formele opmerkings rondom die basiese boustene van ‘n Reformatoriese kerkorde wat in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk aangetref word, volg die volgende kritiese opmerkings.

Hoewel die proponentsformule die handhawing van die belydenisskrifte in die lig van die *quia*-standpunt stel, is dit ‘n vraag of dit deur álmal so beleef word. Anders gestel: of die draagkrag van die ondertekening van die proponentsformule deur elke bedienaar van die Woord, waardeur die inhoud van die belydenisskrifte eietyds gemaak word, werklik aanvaar word. Die aangeleentheid kom nie werklik in die heersende teologiese debat ter sprake nie, behalwe wanneer radikale uitsprake gemaak word wat geen ander keuse laat nie as om te vra na die betekenis van die ondertekening van die proponentsformule, en die gesag wat aan die belydenisskrifte as sodanig geheg word. Die argument waaruit afgelei kan word dat handhawing van die belydenisskrifte belydenisdwang beteken, word soms gehoor en laat die indruk dat leerverskille onder die kombers van belydenisdwang toegemaak word. Uit die huidige situasie kan die vraag gevra word of ‘n bedienaar van die Woord die belydenisskrifte handhaaf omdat (*quia*) hy met die inhoud saamstem en daarin die Skrif hoor meespreek, of omdat hy sy ‘werk’ wil behou. Nogeens moet daarop gewys word dat die debat oor díé saak nie by die Skrif begin nie, maar by die belydenis, en daarvandaan na die Skrif verplaas. Hoe belangrik *sola scriptura* mag wees, is dit kennelik nie genoeg as nagelaat word om belydend te konstateer wat daaronder verstaan word nie. *Sola scriptura* buite belydende verband, is ‘n twyfelagtige uitspraak wat dit moontlik maak om allerlei uitsprake oor die Skrif te maak, sonder dat dit noodwendig deur die geloof bevestig word.

In díé verband kan ook verwys word na die pogings om nuwe formuliere te formuleer en die hantering van die belydenisskrifte wat daarmee ter sprake gekom het, wat selfs tot die indiening van ‘n klag aanleiding gegee het (Die Hervormer 2004: 2; 2004: 4).

‘n Verdere kritiese opmerking word genoop deur die besluite wat die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering oor die amp geneem het. Dit is al as ‘n

uitbreiding van die amp bestempel, maar nader aan die waarheid kom dit waarskynlik op ‘n vervlakking van die amp neer. Met die besluite oor die amp van bedienaar van die Woord word die funksionele ampsbeskouing in beginsel opgehef. Die besluite is geneem om die lewenstog van predikante wat hulle in gemeentes bevind wat slegs tot gedeeltelike vergoeding in staat is te verbeter. Die situasie kom egter in die praktyk daarop neer dat predikante wat ‘n keuse maak om ook in die arbeidsmark buite die Kerk betrokke te raak, dit nou kan doen in eie diskresie, omdat dit mág gebeur. Wesenlik word op die wyse ‘n keuse gemaak vir ‘n ander beroep wat waarskynlik ruimer stoflike voordeel bied, waardeur die dienswerk van die Kerk ‘n sekondêre plek inneem ondergeskik aan ‘n werkgewer buite die Kerk. Normaalweg het dit in die verlede beteken dat ‘n predikant oorgegaan het tot ‘n ander lewenstaat. Tans is die moontlikheid geskep sonder dat die vraag gevra word of die beroep wat die predikant in die arbeidsmark buite die Kerk wil gaan beoefen, met die amp van predikant versoenbaar is.

Die moontlikhede is nog ruimer, aangesien ‘n predikant homself vir ‘n onbepaalde tyd vir redes van sy eie van sy standplaas kan laat losmaak, terwyl hy steeds ampsvoorreg behou.

Dit is ‘n vaag of die voorlegging van ‘n *curriculum vitae* aan ‘n kerkraad met die verwagting om moontlik beroep te word, enige verligting gebring het aan die beweerde probleme wat dominees met hulle amp en hulle dienswerk as sodanig ondervind. Tydens die vergadering van predikante in 2002 het meer as twee honderd predikante aangedui dat hulle grootste probleem in hulle ampswerk, finansieel van aard is. Dieselfde geld ook vir vooraf gesprekke deur kerkrade of beroepskommissies met persone wie se name op groslyste geplaas word. Uiteindelik word die deurslag gegee deur verskeie faktore soos die konsulent, vervoerkoste, en ouderdom van die persoon onder oorweging, omdat dit bepalende faktore is vir die vraag of die gemeente die standplaas sal kan onderhou. Soms word die indruk gekry dat gemeentes die maksimum predikant verwag vir die minimum vergoeding.

Daar hoef nie debat gevoer te word oor die feit dat die kerk nie meer die kerk van Calvyn in die gemeente van Genève is nie. Niemand ontken dat die omstandighede van die kerk in die byderwetse bestel radikaal verander het nie. Die vraag is egter of die wesenlike van die kerk deur die omgewing waarin die kerk hom bevind, bepaal word. ‘n Verdere kritiese vraag is na die inhoud van Skriflesing en gebed met die opening van ‘n beroepsvergadering (of enige ander kerklike vergadering), waardeur die eiesoortigheid van die kerk radikaal op die spits gedryf word. Is daar dus nog ruimte vir die belydende uitgangspunt dat die Here as Hoof van die kerk, gewone mense roep, om buitengewone dinge in die kerk te doen?

Pont wys in 1970, wanneer hy handel oor die vermindering van die ledetal van die Algemene Kerkvergadering, op die kollegiale agtergronde van die kerklike reg wat uit die Algemeen Reglement van 1816, via die Algemeen Reglement van 1824, die Kerkorde wat sover toepasbaar tot 1862 geld vir diegene wat die Kaapkolonie verlaat, in die kerklike reg van die Nederduitsch Hervormde Kerk vanuit Nederland ná 1816, ingevoer is. Dit het die era van klein sinodale vergaderings beteken waar die rotasiebeginsel halfhartig en teësinnig gegeld het, en meegewerk het tot ‘n kerklike oligargie. Verder het die trapsgewyse verteenwoordiging nie in die Kaapse Kerkwet van 1824 of daarna plek gevind nie. Die invloed wat die Nederlandse teologies-kerklike wêreld op Suid-Afrika gedurende die negentiende eeu uitgeoefen het, moet nie onderskat word nie. Daarmee speel ook die demokratiese staats- en die daarmee samehangende parlementêre bestel, geen onbeduidende rol in die kerklike inrigting nie. Dat dit ook in die eie Kerk gebeur het, word in ‘n uitspraak van Engelbrecht in Die Hervormer van 15 Maart 1924 bevestig. Daarin maak hy onder andere die bewering dat aan die Algemene Kerkvergadering meer gehoorsaamheid verskuldig is as aan die kerkraad. So word die Algemene Kerkvergadering gesien as die hoogste en mees gesaghebbende liggaam in die Kerk, omdat alle gemeentes daar demokraties verteenwoordig is.

Die situasie het oor jare heen nie verander nie. Dit is steeds so dat elke predikant, en elke gemeente, op grond van die demokraties

parlementaristiese beginsel sitting neem. Die feit dat nie net die diensdoende predikante nie, maar elke predikant wat ampsvoorreg geniet vanselfsprekend sitting neem, skep die indruk dat die amp van die bedienaar van die Woord belangrik geag word. Die rede waarom die debat oor die verkleining van die Algemene Kerkvergadering by voorbaat afgemaak word, is waarskynlik te wyte aan die indruk dat dit elke gemeente se reg is om in die Algemene Kerkvergadering verteenwoordig te word, en dat die kerk moontlik onbewus steeds gesien word as ‘n vrywillige vereniging, waarvan die hoogste bestuursliggaam so demokraties moontlik saamgestel moet word.

Die verbasende is egter dat aan die verteenwoordiging op die Algemene Kerkvergadering vasgehou word, terwyl díé groot vergadering sy gesag daarna oordra aan ‘n verkose Kommissie van slegs vyftien man wat volledig in die plek van die groot vergadering inskuif wat namens die Kerk kan praat, getuig en optree, wanneer die Algemene Kerkvergadering nie in sitting is nie.

Die prominensie wat so aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verleen word, het tot gevolg dat kommer uitgespreek word oor wie tot die Kommissie verkies word, soos in die redaksionele artikel van die Hervormer van 1 Mei 2002 gestel word. In die artikel word kritiek op die rotasiebeginsel uitgeoefen omdat slegs drie van die predikantslede van die huidige Kommissie, weer verkiesbaar is, asook kommer verwoord oor die leierskorps van die Kerk. Die sorgsaamheid om die regte persone op die Kommissie verkies te kry, het in die verlede groter afmetings aangeneem, en was boonop uitsluitlik op politieke en ‘kulturele’ lees geskoei. Sedert 1994 het die buite-kerklike maatstawwe wat aangelê is om die regte persone verkies te kry, vervaag, maar die prominensie van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het nie afgeneem nie.

Dit is opvallend dat stemming gemaak word teen die rotasiebeginsel wat sedert die Algemeen Reglement van 1816 grootliks uitgefaseer is. Die Hervormde Kerk het in die bedeling tot voor die Kerkorde aan rotasie aandag gegee, maar die konsekwensie daarvan met woorde soos ‘verkieslik’ in praktyk betekenisloos gemaak. Vanuit die geledere van die Algemene

Diakensvergadering, asook deur die redakteur van die Hervormer, word druk op rotasie uitgeoefen. Selfs menings uit die Kommissie self is oortuig dat rotasie verkieslik is, maar wil die uitgangspunt versag, wat in praktyk neerkom dat teruggeval word op die kollegialistiese model. Dit is teleurstellend dat díé standpunt uit die Kommissie gehoor word van wie verwag word om op hoogte te wees van die kerkregtelike verlede van die Hervormde Kerk, en veral waarom rotasie belangrik geag word. Dit was ‘n ouderlingslid van die Kommissie wat tydens die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering argument gevoer het dat ouderlinge wat na die Algemene Kerkvergadering afgevaardig word, nie tot drie jaar beperk word nie.

By herhaling word daarop gewys dat kontinuïteit in die voortgang van die kerklike werk nie gewaarborg word in die kontinuerende voorsitter of sy kommissie nie, maar uitsluitlik gevind word in die Hoof- en Heerskap van Jesus Christus die Here.

Die oplossing lê steeds in ‘n verkleinde Algemene Kerkvergadering wat meer dikwels byeenkom, met ‘n gevolglike verminderde werklas op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering waar rotasie sy normale loop neem.

Die byderwetse neiging om die Kerk te wil bestuur is nie so nuut as wat vermoed mag word nie, aangesien díé intensie reeds in die opskrif van die Algemeen Reglement van 1816 ingeskryf is. Tussen bestuur in laasgenoemde asook hedendaagse verband, én regeer wat in die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 30, in die vooruitsig gestel word, bestaan daar groot verskil. Dit is soos die verskil tussen droom en geloof, of soos om stories oor die kerk te vertel en die evangelie te verkondig.

Skerper beskou, kan waarskynlik gestel word dat die kerklike reg soos dit huidig in die Hervormde Kerk toegepas word, verskraal het en met die Kerkorde geïdentifiseer word. Die kerklike reg het vereng tot die kerkordelike maatreëls in die Kerkorde opgeneem, wat soos ‘n reglementebundel hanteer word, sonder om te vra na die agtergronde en prinsipiële onderbou wat vanuit die Reformatoriese kerkreg voorsien word.

‘n Kerkorde as sodanig waarborg niks nie. ‘n Kerkorde is alleen waardevol as die beginsels wat daarin verwoord is, toegepas word. Dit herinner aan die Noordmans uitspraak wat gewys het op die verband tussen kerkorde en belydenis. Wanneer dit gestel word, kan dit nie anders nie as om te aanvaar dat die relasie tussen Skrif, belydenis en kerklike orde, substansiële betekenis het vir die kerklike lewe, maar slegs in soverre dit waardeer en toegepas word.

Waarskynlik kan die volgende as maksimum-minimum geld vir alle kerkreg in verlede, hede of toekoms: ‘Rechtes Kirchenrecht entsteht (in grossen und kleinen, in allen Dingen!) aus dem Hören auf die Stimme Jesu Christi’ (Barth 1964a: 772).

Bibliografie

Abma, G & de Bruijn, J (red) 1989. *Hoedemaker herdacht*. Baarn: Ten Have.

Afrikaanse Protestantse Kerk. Sinode 1993. Kerkorde 1994. Pretoria: Publikasiekommissie APK.

Ainslie, J L. *The doctrines of ministerial order in the Reformed Churches of the 16th and 17th centuries*. Edinburgh: T & T Clark.

Augustijn, C 1969. *Kerk en belijdenis*. Kampen: Kok.

Balke, W 1973. Calvijn en de doperse radikalen. Proefskrif, Universiteit van Utrecht. Amsterdam: Ton Bolland.

Balke, W 1982. Calvijn en Luther, in Graafland, C et al (red), *Luther en het gereformeerd protestantisme*, 99-117. ‘s-Gravenhage: Boekencentrum.

Balke, W 1985. *Gunning en Hoedemaker samen op weg*. ‘s-Gravenhage: Boekencentrum.

Balke, W 1992. *Omgang met de reformatoren*. De Groot: Goudriaan.

Balke, W & Oostenbrink-Evers, H 1993. *De commissie voor De Kerkorde (1945-1950)*. Zoetermeer: Boekencentrum.

Barnard, A C. *Die erediens*. Pretoria: NGKB.

Bartels, H 1946. Tien jaren strijd om een belijdende kerk. Proefskrif, Universiteit van Utrecht. Den Haag: Stockum & Zoon.

Barth, Karl 1922. *Der Römerbrief*. Veertiende druk 1989. Zürich: Theologischer Verlag.

Barth, Karl 1949. *Die christliche Lehre nach dem Heidelberger Katechismus*. München: Kaiser Verlag.

Barth, Karl 1964a. *Die Kirchliche Dogmatik*, IV/2. Zürich: EVZ.

Barth, Karl 1964b. *Credo*. London: Hodder & Stoughton.

Beukes, M J du P 2003, Kindernagmaal, in Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Omsendbrief 39/2003f as dekkingsbrief vir ingeslote bundel werkstukke, 5 Desember 2003..

Beukes, J 2003. Kultuurkritiek en die Hervormde benadering tot teologiebeoefening : ‘n Gestaltegewing en uitdaging. HTS 59/1, 31-46.

Biesterveld, P & Kuijper, H H 1905. *Kerkelijk Handboekje bevattende de Bepalingen der Nederlandsche Synoden en andere stukken van beteekenis voor de Regeering der Kerken*. Sneek: Stoom-Snelpersdrukkerij

Botha, S J 1963. Die Historiese agtergrond van die Kerkwet van 1862 van die Nederduitsch Hervormde Kerk in de Z.A.R. HTS 19/I&II, 25-35.

Botha, S J 1973. *Die volkskerk*. Pretoria: HAUM.

Botha, S J [1981]. Die Nederduitsch Hervormde Kerk en leervryheid uit die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria. HTS 37/3.

Botha, S J 1989. Die volkskerk, in Botha, S J (red), *Belydende volkskerk*, 1-47, Pretoria: Kital.

Botha, S J 1994. Ortodoks as slagspreuk en liberaal as etiket. HTS 50/1&2, 257-271.

Botha, S J 1997. Belydenis in kerkregtelike verband met besondere verwysing na die konsep Kerkorde 1997, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. HTS 53/4, 1290-1320.

Botha, S J 2000a. Historiese agtergrond en ontwikkeling van die Proponentsondertekeningsformule in die Reformatoriese tradisie. HTS 56/4, 867-884.

Botha, S J 2000b. Die proponentsondertekeningsformule van die Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika. HTS 56/ 4, 885-904.

Botha, S J 2004. Die amp by vier reformatore met die klem op die beskouinge van Johannes Calvyn. Ongepubliseerde lesing gehou by die Kerkreg Werkgemeenskap op 6 en 7 September 2004, Pretoria.

Bouwman, M 1937. *Voetius over het gezag der Synoden*. Amsterdam: Bakker.

Bouwman, H 1985a. *Gereformeerd Kerkrecht*, eerste deel. Kampen: De Groot Goudriaan.

Bouwman, H 1985b. *Gereformeerd kerkrecht*, tweede deel. Kampen: De Groot Goudriaan.

Bouwman, H 1988. *De kerkelijke tucht naar het Gereformeerde Kerkrecht*. Kampen: De Groot Goudriaan.

Brecht, Martin 1983. *Martin Luther: Sein Weg zur Reformation 1483-1521*. Stuttgart: Calwer Verlag.

Breytenbach, A P B [1982]. Die Belydenis in hermeneutiese verband. HTS 38/2&3, 45-51.

Breytenbach, A P B 2001. Huldigingswoord en Curriculum Vitae van Schalk Jacobus Botha. HTS 57/3&4, 721-731.

Bronkhorst, A J 1945. *Op weg naar een nieuwe kerkorde*. Amsterdam: Ten Have.

Bronkhorst, A J 1947. *Schrift en kerkorde*. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Utrecht.

Bronkhorst, A J [1988]. Schrift en kerkorde, in Van 't Spijker et al (red), *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*, 43-58. Kampen: Kok.

Brouwer, A M 1947. *Schrift en Kerkorde, antwoord aan Dr A J Bronkhorst*. Leiden: Sijthoff's.

Brouwer, A M sj. *De kerkorganisatie der eerste eeuw en wij*. Baarn: Bosch & Keuning.

Buitendag, J 2003. Die kerk se korporatiewe identiteit. HTS 59/2, 353-365.

Calvyn, Johannes 1992. *Institusie van die Christelike Godsdiens*, Deel 4. Potchefstroom: CJBF.

Coertzen, P 1991. *Gepas en ordelik: 'n Teologiese verantwoording van die orde vir en in die kerk.* Pretoria: RGN-Uitgewers.

Coertzen, P 1992. Christus se gesag in die kerk. NGTT XXXIII/1, 37-50.

Coertzen, P 1995. Offices in the church: contemporary questions and suggestions (proposals). In die Skriflig 29(3), 371-393.

Coertzen. P 1998. Regsbeskerming in die kerk. NGTT XXXIX / 1&2, 29-38.

Coertzen, P en Du Toit, S 2000. Die herkoms van die legitimasieverklaring. NGTT XXXXI / 3&4, 239-259.

Coertzen, P 2001. Die regsposisie van kerke in Suid-Afrika. NGTT 42/1&2, 115-122.

Coertzen, P 2003. Kerkorde of Arbeidswet: die posisie van predikante en ander persone wat in die NG Kerk werk. NGTT 44/3&4, 248-257.

Dankbaar, W F 1956. Martin Micron. De Christlicke Ordinancien der Nederlantscher Ghemeinten te Londen (1554), in Lindeboom, J et al (red), *Kerkhistorische Studiën behorende bij het Nederlands Archief voor Kerkgeschiedenis,* deel VII. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

Dankbaar, W F 1957. *Calvijn zijn weg en werk*. Nijkerk: Callenbach.

De Jongh, J 1911. De voorbereiding en constitueering van het kerkverband der Nederlandsche Gereformeerde Kerken in de zestiende eeu. Academisch proefschrift, Universiteit van Amsterdam.

De Jongh, J 1918. *Verklaring van de Kerkordening van de Nationale Synode van Dordrecht 1618-1619.* College-voordrachten van Prof. Dr. F L Rutgers over Gereformeerd Kerkrecht, Deel IV. Rotterdam: Libertas.

De Wet, C J H 1921. Die kollegiale kerkreg. Doktorale proefskrif, Vrije Universiteit van Amsterdam.

De Wet, J I, [1980]. Ampsetiek. HTS 36/1&2, 35-44.

De Wilde, W J sj. De *Doleantie*: naar het herstel der Kerk, eerste serie, nummer 3. Wageningen: Veenman & Zonen.

Die Hervormer Oktober 2003. Bybels-Reformatories – met een sprong?, bl 6.

Die Hervormer November 2003. Predikante in krisis, bl 1.

Die Hervormer November 2003. Multimedia, kuns en simbole binne ‘n Hervormde spiritualiteit, bl 4.

Die Hervormer November 2003. Alternatiewe formuliere, bl 6.

Die Hervormer Desember 2003. Waarheen is die kerk op pad?, bl 2.

Die Hervormer Desember 2003. Die kerk se storie vir môre, bl 1 en 8.

Die Hervormer Februarie 2004. Storievertellers, bl 2.

Die Hervormer Maart 2004. Magsmisbruik, bl. 1.

Die Hervormer Maart 2004. Vernuwing en hervorming, bl. 4.

Die Hervormer Mei 2004. Rotasiebeginsel, bl. 4.

Die Hervormer Augustus 2004. Nee vir nuwe formuliere, bl. 2.

Die Hervormer Augustus 2004. Voorgestelde formuliere in die kollig, bl 4.

Dingemans, G D J 1987. *Een huis om in te wonen*. ‘s-Gravenhage: Boekencentrum.

Doornbos, K 1967. *De synode van Dordrecht 1618-1619 getoetst aan het recht der Kerk*. Amsterdam: Buiten & Schipperheijn.

Dreyer, J G M [1980]. Wat is die kerk? HTS 36/1&2, 45-49.

Dreyer, T F J 1989. ‘n Poging tot ‘n herdefinisie van die prediking binne die raamwerk van die Reformatoriese teologie. HTS 45/2, 350-369.

Dreyer, Y 2003a. ‘n Teoretiese inleiding tot narratiewe hermeneutiek in die teologie. HTS 59/2, 313-332.

Dreyer, Y 2003b. Luister na die storie van die kerk: Riglyne vanuit ‘n narratief-hermeneutiese perspektief. HTS59/2, 333-352.

Du Plooy, A le R 1982. Kerkverband. ‘n Gereformeerd-Kerkregtelike studie.

Du Rand, J A 1988. Charisma en amp – ‘n Pauliniese eksegetiese verkenning, in Rossouw P J (red), *Gereformeerde Ampsbediening*, 75-94. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Engelbrecht, B J 1979. *Temas rondom die reformasie*. Pretoria-Kaapstad: HAUM.

Engelbrecht, S P 1953 . *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika*. Pretoria: HAUM.

Engelbrecht, S P 1945. *Neo-calvinisme*. Pretoria: De Bussy.

Exalto, K 1983. De doop bij Luther, in Van ‘t Spijker et al (red), *Rondom de doopvont*, 195-220. Kampen: De Groot Goudriaan.

Fiolet, A 1953. *Een kerk in onrust om haar belijdenis*. Nijkerk: Callenbach.

Fouche, D R 1988. Luther se doopbeskouing soos gebaseer op sy *De Captivitate Babylonica Ecclesiae.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Potchefstroom.

Gereformeerde Kerken in Nederland. Generale Synode van Assen met wijzigingen vanaf 1957 tot 1987. Kampen: Kok.

Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Sinode 1979. Kerkorde 1979. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

Gerssen, S 1990. Het politieke spreken van de kerk, in Van ‘t Spijker, W et al (red), *De Kerk*, 494-504. Kampen: De Groot Goudriaan.

Goumaz, L 1964. *Het ambt bij Calvijn* – een samenvatting naar zijn commentaren op het Nieuwe Testament. Franeker: Wever.

Graafland, C 1973. *Waarom nog gereformeerd?* Kampen: Kok.

Graafland, C 1987. Gereformeerde Scholastiek V. De invloed van de scholastiek op de Gereformeerde Orthodoxie. Theologia Reformata, XXX/1, 4-25.

Graafland, C 1989. *Kinderen van een moeder*. Calvijns visie op de kerk volgens zijn Institutie. Kampen: Kok.

Graafland, C 1999. *Gedachten over het ambt*. Zoetermeer: Boekencentrum.

Haitjema, Th L 1929. *Gebondenheid en vrijheid in een belijdende kerk*. Wageningen: Veenman & Zonen.

Haitjema, Th L 1939. *Het erfgoed der Hervorming*. Wageningen: Veenman & zonen.

Haitjema, Th L 1951. *Nederlands Hervormd Kerkrecht*. Nijkerk: Callenbach.

Haitjema, Th L 1962. *De Heidelbergse Catechismus*. Wageningen: Veenman & Zonen.

Haitjema, Th L 1964. *De nieuwere geschiedenis van Neerlands Kerk der hervorming*. ‘s-Gravenhage: Boekencentrum.

Hendriks, A N 1977. *Kerk en ambt in de theologie van A A van Ruler*. Amsterdam: Buijten en Schipperheijn.

Heppe, H 1958. *Die Dogmatik der evangelisch-reformierten Kirche*. Moers: Neukirchener.

Heyns, J A 1977. *Die kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Heyns, J A 1988. *Inleiding tot die Dogmatiek*. Midrand: N G Kerkboekhandel.

Heyns, L 1993. Die amp in krisis: ‘n terreinverkenning. NGTT XXXIV/3, 354-362.

Hoedemaker, P J 1904. *De kerk en het moderne staatsrecht*. Amsterdam: HAUM.

Hooijer, C 1848. *Kerkelijke wetten voor de Hervormden in het Koningrijk der Nederlanden*. Zalt-Bommel: Noman en Zoon.

Hooijer, C 1865. *Oude kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde gemeenten*. Zalt-Bommel: Noman en Zoon.

Jacobs, Paul 1959. *Theologie Reformierter Bekenntnisschriften in Grundzügen*. Moers: Neukirchener Verlag.

Jansen, Joh 1952. *Korte verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde Kerken*. Kampen: Kok.

Jansen, Joh sj. De bevoegdheid der meerdere vergaderingen, in Grosheide, F W et al (red), *Schild en pijl*, Aflewering 9-10. Kampen: Kok.

Jonker, H sj. *Liturgische oriëntatie*. Wageningen: Zomer & Keuning.

Kaptein, R 1971. De geboorteleden van de Nederlandse Hervormde Kerk. Kerk en Theologie, 22ste Jaargang, 27-38. ‘s-Gravenhage: Boekencentrum.

Kersten, G H 1980. *Kerkelijk handboekje*. Utrecht: De Banier.

Koekemoer, J H 1987. Die volkskerkvoorstelling in die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. HTS 43/1&2, 13-24.

Koekemoer, J H 1994. Die idioom van die Nederduitsch Hervormde Kerk – ‘n Teologiese vraag. HTS 50/1&2, 14-26.

Kohlbrugge, H F sj. *De eenvoudige Heidelberger*. Catechismuspreken, Derde druk. Franeker: Wever

Koopmans, J 1939. *De Nederlandsche Geloofsbelijdenis*. Amsterdam: Holland.

Kuijt, P 1986. *Calvijns levenswerk belicht vanuit zijn brieven*, deel 1. Utrecht: De Banier.

Kuijt, P 1987. *Calvijns levenswerk belicht vanuit zijn brieven*, deel 3. Utrecht: De Banier.

Kuyper, A 1883. *Tractaat van de Reformatie der Kerken*. Amsterdam: Höveker & Zoon.

Kuyper, H H 1899. *De Post-Acta of nahandelingen van de Nationale Synode van Dordrecht in 1618 en 1619 gehouden*. Amsterdam: Höveker & Wormser.

Kuypers, G 1948. Abraham Kuyper over het gezag der synoden (1). Gereformeerd Theologisch Tijdschrift, 49, 16-40.

Kuypers, G 1948b. Abraham Kuyper over het gezag der Synoden (slot). Gereformeerd Theologisch Tijdschrift, 49, 100-129

Langman, H J 1950. Kuyper en de volkskerk. Kampen: Kok.

Lekkerkerker, A F N 1971. *Oorsprong en funktie van het ambt*. ‘s-Gravenhage: Boekencentrum.

Lohman, A F de Savornin & Rutgers, F L 1887. *De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken*. Amsterdam: Wormser.

Mans, C J 1962. Die owerheid in die Nuwe Testament en by die Reformatore. HTS 18/3, 90-115.

Marchal, G W 1985. *Jan Koopmans, Dienaar tot de oogst*. ‘s-Gravenhage: Boekencentrum.

Milner, B C 1970. *Calvin's doctrine of the church*. Leiden: Brill.

Müller, J J P [1981]. Is die kerk volgens kerkregtelike beginsels 'n *universitas* of 'n *societas*? HTS 37/ 3, 38-42.

Nauta, D 1946. Het kerkverband als wezenlijk element voor het bestaan eener Gereformeerde Kerk. Gereformeerd Theologisch Tijdschrift, 47, 129-139.

Nauta, D 1961. *Wezel (1568) en Emden (1571),* in Opera Minora. Kampen: Kok.

Nauta, D 1969. *De verbindende kracht van de belijdenisschriften*. Kampen: Kok.

Nauta, D 1971. *Verklaring van De Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland*. Kampen: Kok.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1951. Kerkwet van die Algemene Kerkvergadering 1951. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1964. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1964. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1967. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1967. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1970. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1970. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1986. Kerkwet van die Algemene Kerkvergadering 1986. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1989. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1989. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1992. Kerkwet van die Algemene Kerkvergadering 1992. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1992. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1992b. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1995. Besluitebundel van die Algemene Kerkvergadering 1995. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1995. Diensboek van die Algemene Kerkvergadering 1995, vyfde hersiene uitgawe 1997. Pretoria: Kital

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Buitengewone Algemene Kerkvergadering 1997. Kerkorde van die Algemene Kerkvergadering 1997. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1998. Besluitebundel van die Algemene Kerkvergadering 1998. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Verklaring van die moderamen van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering na aanleiding van persberigte oor uitsprake van Prof A G van Aarde. Omsendbrief 43/2000, 21 November 2000.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 2001. Kerkorde van die Algemene Kerkvergadering 2001. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 2001. Besluitebundel van die Algemene Kerkvergadering 2001b. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 2001. Agenda van die Algemene Kerkvergadering 2001c. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 2001. Notule van die Algemene Kerkvergadering 2001d. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Raad van Finansies. Inligting aan ringsvergaderings 2001e.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Verklaring van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan lidmate van die Kerk oor Belydenisaangeleenthede, 12 Junie 2002.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Almanak en Bybelse dagboek. Jaargang 96, 2002b. Pretoria: Sentik.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Almanak en Bybelse Dagboek. Jaargang 97, 2003. Pretoria: Sentik.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Raad vir regsadvies. Notule van die komitee vir die herbesinning oor die amp, 24 November 2003b.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Etiese kode vir predikante. Omsendskrywe 14/2003, 7 Oktober 2003c.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Effektiewe funksionering van die Algemene Kerkvergadering. Memorandum in opdrag van die Kommissie van die AKV, Dreyer, W A. Augustus 2003d.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Raad vir Regsadvies. Agenda van ‘n gewone vergadering gehou op 3 November 2003e.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Omsendbrief 39/2003f as dekkingsbrief vir ingeslote bundel werkstukke, 5 Desember 2003.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Kommissie van die Algemene Diakensvergadering. Kerkorde en die diakonaat. Vaartbelyning van die diakonaat, 23 Februarie 2004.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Taakspan reglement soos voorgelê aan die Raad vir Regsadvies tydens sy vergadering van 26 Februarie 2004b.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Raad vir Regsadvies. Agenda van vergadering gehou op 26 Februarie 2004c.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Werkgroep vir Kerkgeskiedenis en Kerkreg. Notule van stigtingsvergadering gehou op 26 Februarie 2004d.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Diakensvergadering. Agenda van die derde Algemene Diakensvergadering, 14-16 Mei 2004e.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Raad vir Regsadvies. Agenda van vergadering gehou op 14 Junie 2004f.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 2004. Agenda van die Algemene Kerkvergadering 2004g. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitse Gereformeerde Kerk. Algemene Sinode 2002. Kerkorde 2002. Wellington: Lux Verbi.BM.

Nederlandse Hervormde Kerk. Generale Synode 1969. Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk 1969. (soos gewysig tot 1985) ‘s-Gravenhage: Boekencentrum.

Nederlandse Hervormde Kerk. Generale Synode 1969b. Wat is er aan de hand met het ambt? Studierapport over het ambt, aangeboden door de Generale Synode van de Nederlandse Hervormde Kerk, krachtens besluit van haar vergadering van 18 Februarie 1969. ‘s-Gravenhage: Boekencentrum.

Niesel, W 1938. *Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen*. Zürich: Zollikon.

Niesel, W 1957. *Die theologie Calvins*. München: Kaiser.

Noordmans, O 1981. *Verzamelde werken, Deel 3*. Kampen: Kok.

Noordmans, O 1984. *Verzamelde werken, Deel 5*. Kampen: Kok.

Nordmans, O 1990. Verzamelde Werken, Deel 8. Kampen: Kok.

Oberholzer, J P 1960. Die apostolaat van die kerk in hierdie tyd ten opsigte van binne- en buiteland, in Van Wyk, D J C (red), *Stemme uit die verlede I*, volkereverhoudings in Suid-Afrika, 175-179. Pretoria: HAUM.

Oberholzer, J P 1984. Die verantwoordelikheid van die burgerlike owerheid. HTS 40/4, 26-34.

Oberholzer, J P 1985. Die taak van die kerk teenoor die owerheid. HTS 41/1, 14-28.

Oberholzer, J P 1993. Die teologiese eie-aardigheid van die Nederduitsch Hervormde Kerk: Vrae en nuanses. HTS 49/4, 870-886.

Oberholzer, J P 1999. Terug op die pad, in Van Wyk, D J C (red), *20ste eeu Hervormde Teologie*, 449-461. Pretoria: Sentik.

Oelofse, J C [1981]. Die kerk *universitas* of *societas*, juridies besien. HTS 37/3, 49-54.

Olivier, M, 2002. The South African Constitution and freedom of religion: some labour law imperatives and implications. NGTT 43/3&4, 530-542.

Olivier, A R. Dienskontrak of roepingsooreenkoms? Besinning oor die aard van die verhouding leraar – kerkvergadering. Ongepubliseerde lesing gehou by die Kerkreg Werkgemeenskap op 6-7 September 2004, Pretoria.

Oorthuys, G 1948. *De eeuwige jeugd van Heidelberg*. Amsterdam: Holland.

Pelser, G M M 1986. Die Christen en die owerheid volgens Romeine 13: 1-7. HTS 42/3, 515-533.

Pelser, G M M 1990. Die bedieninge in die Nuwe Testament . ‘n Ondersoek na historiese wording en prinsipiële regverdigbaarheid. Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Die bedieninge (ampte) in teorie en praktyk 5 (1) 1990, 1-18.

Pelser, G M M 1995. Die kerk in die Nuwe Testament. HTS 51/3, 645-676.

Pelser, G M M 1999. Die vraag na die noodsaaklikheid van ‘n eietydse belydenis: Nuwe Testamenties en hermeneuties beoordeel. HTS 55/2&3, 417-436.

Pelser, G M M 2002. Kerkvorming en –ontwikkeling in die Nuwe-Testamentiese tydvak. HTS 58/4, 1459-1485.

Plomp, J 1967. *Presbyteriaal – episcopaal?* Kampen: Kok.

Plomp, J 1969. De kerkelijke tucht bij Johannes Calvijn. Proefskrif, Vrye Universiteit Amsterdam.

Plomp, J 1971. De kerkorde van Emden, in Nauta, D (red), *De Synode van Emden 1571-1971*, 88-121. Kampen: Kok.

Polman, A D R sj a. *Woord en belijdenis*. Eenvoudige verklaring van de Nederlandse Geloofsbelijdenis, Tweede deel. Franeker: Wefer.

Polman, A D R sj b. *Onze Nederlandshe Geloofsbelijdenis*, Derde deel. Franeker: Wefer.

Pont, A D 1963. Oor die Kerkwet van 1862. HTS 19/I&II, 36-47.

Pont, A D 1969. Aantekeninge oor die toelating tot die amp van dienaar van die Woord van proponente en teologiese studente wat aan die Universiteit van Pretoria voltyds besig is met die dosering van vakke wat as voorbereidend vir die teologiese studie beskou kan word. Memorandum aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

Pont, A D [1970]. Die vermindering van die ledetal van die Algemene Kerkvergadering. HTS 26/1&2, 118-145.

Pont, A D 1973. *Opsig en tug met verwysing na die afsnyding deur die ban*. Pretoria: NHW-Pers.

Pont, A D [1973]. Tydelik-deeltydse predikante. Dedicata S P J J van Rensburg, 97-117.

Pont, A D 1975. *Opsig en Tug met verwysing na die afsnyding deur die ban.* Pretoria: NHW-Pers.

Pont, A D [1976]. Amp en roeping. HTS 32/3&4, 168-180.

Pont, A D [1977]. Skrif en Kerkorde – enkele opmerkings. HTS 33/1&2, 77-90.

Pont, A D [1978]. Waar begin en waar eindig die amp. HTS 34/3, 49-59.

Pont, A D 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*, Deel 1. Pretoria: HAUM.

Pont, A D [1982]. Die betekenis van die meerdere vergaderinge ten opsigte van hulle gesag, funksie en handelinge in die kerk. HTS 38/2&3, 104-135.

Pont, A D 1984. Die priesterskap van die gelowiges en die ampte in die kerk. HTS 40/4, 35-46.

Pont, A D 1985. Die NHK se profetiese verantwoordelikheid teenoor die owerheid in die verlede en vandag. HTS 41/1, 29-48.

Pont, A D [1985]. Thomas Erastus oor die struktuur van die gemeenskap. HTS 41/3, 428-440.

Pont , A D 1985. Die funksie van die belydenis en die dogma in die struktuur van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die implikasies daarvan vir die predikant. HTS 41/4, 519-546.

Pont, A D 1987. Die vrye kerk: Enkele opmerkings oor die herkoms en inhoud van die opvatting. HTS 43/1&2, 25-46.

Pont, A D 1989. Die priesterskap van die gelowiges soos Calvyn dit gesien het. HTS 45/2, 451-460.

Pont, A D 1991. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*, Deel 2. Pretoria: Kital.

Pont, A D 1994. Algemene Kerkgeskiedenis. ‘n Inleiding tot die Nederlandse Kerkgeskiedenis: van die beginjare tot 1795. HTS/Supplementum 6.

Pont, A D 1995. Die Reformatoriese kerkbegrip: Enkele groot lyne op grond van Calvyn se uiteensetting. HTS 51/3, 771-791.

Pont, A D 1999. Die Bybels-reformatoriese teologie: omtrek en inhoud, in Van Wyk, D J C (red), *20ste eeu Hervormde Teologie*, 199-211. Pretoria: Sentik.

Pretorius, S P 1982. Die verhouding kerkraad tot meerdere vergadering met spesifieke verwysing na die Algemene Kerkvergadering, in *Die kerk in die wêreld*, 118-129. Pretoria: Kital.

Prinsloo, W S 1988. Die funksionering van die amp in die Ou Testament: Die sg. klassieke profete, in Rossouw, P J (red), *Gereformeerde Ampsbediening*, 24-39. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Rasker, A J 1981. *De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795*. Kampen: Kok.

Rasker, A J sj. *Christelijke politiek*. Gesprek over de Theocratie. Nijkerk: Callenbach.

Reid, J. K .S (ed) 1954. *Calvin: Theological treatises*, Vol. XXII. Philadelphia: Westminster Press.

Ridderbos, H 1971. *Paulus*. Ontwerp van zijn theologie. Kampen: Kok.

Rieker, Karl 1899. *Grundsätze Reformierter Kirchenverfassung*. Leipzig: Hirschfeld.

Roijaards, H J 1834. *Hedendaagsch Kerkregt bij de Hervormden in Nederland*, eerste deel. Utrecht: Altheer.

Rossouw, P J (red) 1988. *Gereformeerde ampsbediening*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Rullman, J C 1929. *Doleantie in de Nederlandsch Hervormde Kerk der XIXe eeu*. Kampen: Kok.

Rutgers, F L 1901. *Calvijns invloed op de Reformatie in de Nederlanden, voor zooveel die door hemzelven is uitgeoefend*. Leiden: Donner.

Rutgers, F L 1980. *Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw*, tweede druk. ‘s-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

Schaff, P S 1931. *The creeds of christendom with a history and critical notes*, vol 1 tot 3. New York and London: Harper & Brothers.

Scheers, G P 1939. *Philippus Jacobus Hoedemaker*. Wageningen: Veenman.

Schlink, E 1985. *Ökumenische Dogmatik*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Scholtz, A 2001. Die kerk en die regbank – ‘n nabetragting na aanleiding van die Schreuder-saak. NGTT 42/ 1&2, 184-191.

Schotel, G D J sj. *De openbare eredienst der Nederl. Hervormde Kerk*. Leiden: Sijthoff.

Schüle, Charles 1926. *Die Grundlagen des Reformierten Kirchenrechtes*. Basel: Hirzen.

Schwarz, R 1961. *Johannes Calvins Lebenswerk in seinen Briefen*, Erster Band. Moers: Neukirchener.

Slotemaker de Bruine, M C 1934. *Calvijn*. Zutphen: Ruys.

Smit, C J 1984. *God se orde vir sy kerk – 'n beskouing oor kerkorde*. Pretoria: NGKB.

Smit, C J 1995. Die kerkregtelike toepassing van die reëls van 'natuurlike geregtigheid' op grond van die Skrif. In die Skriflig 29/3, 395-412.

Smith, D J 1988. Die verhouding tussen kerk en staat: Enkele modelle met verwysing na die reg van opstand teen die staat. HTS 44/2, 434-449.

Spoelstra, B 1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering*. Handboek by die kerkorde. Pretoria: V&R.

Steenkamp , J J 1984. Calvin on the "State" in the Institutes, in *John Calvin's Institutes his opus magnum*, 353-374. Wetenskaplike bydraes PU vir CHO, Reeks F nommer 28. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies.

Steubing, H 1985. *Bekenntnisse der Kirche*. Wuppertal: Brockhaus.

Storm, J M G 1989. *Die Voortrekkerkerk 1836-1853*. Pretoria: Kital.

Strauss, P 2000. Die Ned Geref Kerk en 'charismatisering': enkele gedagtes rondom die ampte. NGTT XXXXI/1&2, 71-83.

Trimp, C 1990. Het diakonaat van de kerk, in Van 't Spijker, W et al (red), *De Kerk*, 453-471. Kampen: De Groot Goudriaan.

Van Aarde, A G 1994. 'n Redaksionele voorwoord tot die Hervormde Teologiese Studies se Goue Jubileum. HTS 50/1 & 2, 1-5.

Van Aarde, A G & Pelser, G M M 2001. 'n Oop en vry teologiese debat met werklike diepgang. HTS 57/1 & 2, 7-48.

Van de Beek, A [1988]. Hermeneutiek van het Kerkrecht, in Van 't Spijker W en Van Drimmelen, LC (red), *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*, 59-72.

Van Deelen, H C J [1934]. *Volkskerk, belijdeniskerk, vrije kerk*. Naar het herstel der kerk, Derde serie, nummer 1. Wageningen: Veenman & Zonen.

Van den Heuvel, P 1991. *De Hervormde Kerkorde*. Een practische toelichting. Zoetermeer: Boekencentrum.

Van der Graaf, J 1989. De twee regimenten in een postchristelijk tijdperk, in Exalto, K, *Een vaste burcht voor de Kerk der eeuwen*. Opstellen opgedragen aan drs. K Exalto ter gelegenheid van zijn zeventigste verjaardag (11 Junie 1989), 115-128. Kampen: Kok.

Van der Linde, G P L 1965. *Die grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel*. Potchefstroom: Pro Rege.

Van der Linde, 1983. *Die Kerkorde*. ‘n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde. Potchefstroom: PTP.

Van der Linde, S 1968. Vierhonderd jaar Convent van Wezel, 1568-1968. Theologia Reformata Jaargang XI, 210-225.

Van der Linde, S 1971. Van Wezel (1568) naar Emden (1571). Theologia Reformata Jaargang XIV, 181-198.

Van der Walt, J J 1976. *Christus as Hoof van die Kerk en die presbiteriale kerkregering*. Potchefstroom: Pro Rege.

Van der Watt, J 2003. Die gang van die geskiedenis tot vandag, in Van der Watt, J (red), *Die Bybel A-Z*, 905-960. Vereeniging: CUM.

Van der Westhuizen, H G 1989. Volkskerk as normale kerkbeskouing, in Botha, S J (red), *Belydende volkskerk*, 48-85. Pretoria: Kital.

Van der Westhuizen, H G 1990. *Kerk en kerstening*. Pretoria: Kital.

Van der Zee, G sj. De *inrichting van onze Kerk*. Naar het herstel der Kerk, Tweede serie, nummer 1. Wageningen: Veenman & Zonen.

Van Eck, E 1991. ‘n Sosiaal-wetenskaplike ondersoek na die ‘amp’ van die ouderling in die Nuwe Testament. HTS 47/3, 656-684.

Van Itterzon, G P 1958. *Kerkgeschiedenis en Kerkrecht in onderlinge verband*. Wageningen: Veenman.

Van Itterzon, G P 1971. *Belijnd belijden*. Kampen: Kok.

Van Itterzon, G P 1974. *Het kerkelijk ambt in geding*. Kampen: Kok.

Van Leeuwen, P A 1946. *Het kerkbegrip in de theologie van Abraham Kuyper*. Franeker: Wefer.

Van Loon, J C A 1942. Het Algemeen Reglement van 1816. Doktorale proefskrif, Vrije Universiteit van Amsterdam.

Van Meer, B 1892. De Synode te Emden 1571. Doktorale proefskrif, Universiteit van Amsterdam.

Van Niftrik, G C 1951. *Zie, de mens!* Beschrijving en verklaring van de Anthropologie van Karl Barth. Nijkerk: Callenbach.

Van Ruler, A A 1945. *Religie en politiek*. Nijkerk: Callenbach.

Van Ruler, A A 1947. *Droom en gestalte*. Amsterdam: Holland.

Van Ruler, A A 1948. *De belijdende kerk in die nieuwe kerkorde*. Nijkerk: Callenbach.

Van Ruler, A A 1952. *Bijzonder en algemeen ambt*. Nijkerk: Callenbach.

Van Ruler, A A 1958. *Heeft het nog zin, van 'volkskerk' te spreken*? Geschriften betreffende de orde der Ned Herv Kerk, no 8. Wageningen: Veenman & zonen.

Van Ruler, A A 1973. *Theologisch werk*, deel VI. Nijkerk: Callenbach.

Van 't Spijker, W 1972. *Goddelijk recht en kerkelijke orde bij Martin Bucer*. Apeldoornse Studies. Kampen: Kok.

Van 't Spijker, W 1985. *Luther en Calvijn*. Apeldoornse studies 20. Kok: Kampen.

Van 't Spijker, 1985b. De Kerk bij Hendrik de Cock. Apeldoornse studies 21. Kampen: Kok.

Van 't Spijker, W 1987a. *De ambten bij Martin Bucer*. Kampen: Kok.

Van 't Spijker, W et al 1987. *De Synode van Dordrecht in 1618 en 1619*. Houten: Den Hertog.

Van 't Spijker, W 1990a. Episcopalisme, in Van 't Spijker et al (red), *De Kerk,* 301-312. Kampen: De Groot Goudriaan.

Van 't Spijker, W 1990b. Congregationalisme, in Van 't Spijker et al (red), *De Kerk,* 313-325. Kampen: De Groot Goudriaan.

Van 't Spijker, W 1990c. Het presbyteriale-synodale stelsel, in Van 't Spijker et al (red), *De Kerk,* 326-338. Kampen: De Groot Goudriaan.

Van 't Spijker, W et al (red) 1999. *Eschatologie*. Kampen: De Groot Goudriaan.

Van Wyk, B J 1989. Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip met verwysing na die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Van Wyk, B J 1991. *Die Presbiteriaal-sinodale Kerkbegrip*. Pretoria: Kital.

Van Wyk, D J C 1992. Prof dr A D Pont: 'n Waardering van sy lewe en werk. HTS 48/3&4,515-574.

Van Wyk, D J C 1999. Die ander opsie: Kohlbrugge-Hoedemaker-Barth. HTS 55/1, 120-151.

Van Wyk, D J C (jnr) 1999. Jesus die Christus: ‘n Hervormde perspektief, in Van Wyk, D J C (red), *20 ste eeu Hervormde Teologie*, 108-119. Pretoria: Sentik.

Van Zyl, F J 1989. Volkskerk en vryekerk, in Botha, S J (red), Belydende volkskerk, 86-98. Pretoria: Kital.

Van Zyl, F J 1999. Kerklike verkondiging in dialekties-teologiese perspektief. HTS 55/1, 22-47.

University of Pretoria etd – Van Wyk, B J (2005)

DIE KERKODE EN DIE KERKLIKE REG IN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA AAN DIE HAND VAN DIE PRESBITERIAAL-SINODALE KERKBEGRIP

deur

B J van Wyk

Promotor: Prof dr S J Botha

Departement: Kerkgeskiedenis en Kerkreg

Graad: PhD

Samevatting

Die proefskrif lewer ‘n bydrae om die Kerkorde en die kerklike reg geldend in die Nederduitsch Hervomde Kerk van Afrika te meet aan die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip. Laasgenoemde is die kerkregtelike omlyning van die Bybels-Reformatoriese teologie as aanduiding van die teologie wat in die Nederduitsch Hervormde Kerk beoefen word.

Vooraf word histories aandag geskenk aan die ontstaan en ontwikkeling van die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip wat grootliks deur Calvyn in Genève gevorm is, en daarna in Parys, asook in Nederland verder ontwikkel is. Hier word ook verwys na die Algemeen Reglement van 1816, die 1951 Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk, asook die 1951 Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Daarna volg ‘n beskrywing wat onder Bybels-Reformatoriese teologie as 'n openbaringsteologie verstaan word, objektief van aard, wat die mens as sondaar sien wat deur genade in en deur Jesus Christus regverdig is. Die kerk in díé verband is deur God gewil en leef in die verwagting van die voleinding wanneer Jesus Christus alles in almal sal wees.

‘n Uiteensetting van die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip dui die kerk aan wat van die begin af daar was en deur God tot stand gebring, en daarom verbondsmatig van aard is. Ampte word as gawes van God beskou waardeur

God mense wat Hy deur Jesus Christus verlos het, in geloof tot Hom bring. Ampte word deur ampsdraers beklee wat in vergaderings van die ampte byeenkom, om die kerk aan die hand van die Woord van God te regeer.

Die kerk is ‘n belydende kerk wat sy geloof met die kerk van alle eeue bely soos in die ekumeniese belydenisskrifte en die drie formuliere van eenheid saamgevat is. Hier word ook verwys na die sakramente, seremonies en kerklike fees- en gedenkdae. Die hoofstuk sluit af met verwysing na die kerklike dissipline, en die verhouding tussen kerk en owerheid.

Laastens word die Kerkorde en die kerklike reg in die Nederduitsch Hervormde Kerk gemeet aan die voorafgaande omskrywing van die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip.

Presbiteriaal-sinodaal
Verbondsmatige kerkbegrip
Bybels-Reformatories
Skrif-belydenis-kerkorde
Anti-hiërargies
Anti-independentisties
Rotasiebeginsel
Skriftuurlike kerkorde
Teokrasie aan die hand van ‘n ellips
Kerklike denke voorwaarde vir kerkorde

University of Pretoria etd – Van Wyk, B J (2005)

THE CHURCH ORDINANCE AND ECCLESIASTICAL LAW IN THE *NEDERDUITSCH HERVORMDE* CHURCH OF AFRICA IN THE LIGHT OF THE PRESBYTERIAL-SYNODAL CHURCH GOVERNMENT

by

B J van Wyk

Promoter: Prof dr S J Botha

Department: Church History and Church Law

Degree: PhD

Summary

This dissertation presents a contribution to measure the church order and ecclesiastical law in the *Nederduitsch Hervormde* Church of Africa against the Presbyterial-synodal understanding of church government. The latter forms the canonical outline of Biblical Reformative Theology as an indication of the theology currently practiced in the *Nederduitsch Hervomde* Church of Africa.

At the outset a historical overview is given on the origin and development of the Presbyterial-synodal church government that was mainly shaped by Calvin in Geneva and later elaborated upon in Paris, and then further developed in the Netherlands. Reference is also made to the *Algemeen Reglement* of 1816, the 1951 church order of the *Nederlandse Hervormde* Church, as well as the 1951 church order of the *Nederduitsch Hervormde* Church of Africa.

A description is given of what is understood by Biblical Reformative Theology as a revelation theology, which objectively assesses man as a sinner redeemed by grace through Jesus Christ. In this regard the church is willed by God and exists in eschatological expectation when Jesus will be everything in everyone.

An exposition of Presbyterial-synodal church government calls attention to the church's existence from the beginning of time, founded by God, and it is therefore of a covenantal nature. Offices are seen as gifts from God to

mankind to bring those who had been saved by Jesus Christ to faith in Him. Office bearers gather together in an assembly of offices to govern the church according to the Word of God.

The church is a confessing church who confesses its faith with the church of all ages, as summarized in the ecumenical creeds and the three formularies of unity. Reference is also made here to the sacraments, ceremonies, church festivals and days of remembrance. The chapter concludes with a reference to church discipline as well as the relationship between church and state.

Finally the church order and ecclesiastical law in the *Nederduitsch Hervormde* Church of Africa is measured against the previous definition of the Presbyterial-synodal understanding of church government.

Presbyterial Synodal
Covenantal church definition
Biblical Reformative theology
Scripture-creed-church order
Anti hierargical
Anti independentical
Rotation principle
Church Order according to Scripture
Theocracy according to an eclipse
Church Order on condition of ecclesiastical principles